UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GODSBEELDE VAN KLEIN KINDERS MET 'n GEBREKKIGE MANLIKE ROLMODEL: ‘n GELOOFONTWIKKELING BENADERING

Proefskrif voorgelê ter vervulling van
die vereistes vir die MA graad
in Praktiese Teologie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
FAKULTEIT TEOLOGIE

**MELISSA Mc DONALD**

STUDIELEIER: PROF YOLANDA DREYER
2015

© University of Pretoria

**VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Ek, die ondergetekende, verklaar dat hierdie verhandeling, genaamd:

> **GODSBEELDE VAN KLEIN KINDERS MET 'n GEBREKKIGE MANLIKE ROLMODEL: ‘n GELOOFONTWIKKELING BENADERING**

my eie werk is. Daar is akademiese verwysings na alle bronne wat gebruik is. Hierdie verhandeling is nie gedeeltelik of ten volle ingedien by ‘n ander universiteit vir die voltooing van ‘n graad nie.

Melissa Elizabeth Mc Donald (née Deetlefs)

Augustus 2015





© University of Pretoria

## Dankbetuigings

Aan my Hemelse Vader: Dankie dat U my Vriend, Vader en Verlosser is. Dankie dat U my die geleenthede en situasies gun om die wêreld deur ander se oë te beleef. Dankie dat U altyd die beste weet.

Dankie vir my ouers, James en Gerda Deetlefs. Julle is die beste ouers wat enige kind kan vra. Dankie dat julle my liefhet en daarom die regte pad geleer het. Vir al die kilometers wat julle agter my mal projekte aangery het en al die duisende rande wat julle aan my spandeer het. Dis ‘n reuse voorreg om ouers te hê wat my nuuskierigheid en idees nooit ontmoedig het nie, maar ywerig in my passie bly glo het. Dankie dat al *my* kinders ook julle kinders geword het. Dankie ook dat julle in my glo en steeds elke dag vir my bid.

‘n Spesiale woord van dank aan Prof Yolanda vir die raad, hulp en ondersteuning gedurende hierdie reis.

Vir Idet wil ek dankie sê vir die wonderlike sus wat jy is. Jy het die vermoë om my weer moed te gee as ek moedeloos raak; hoop wanneer ek sonder hoop raak en om my dinge altyd weer in perspektief te laat sien. Ook vir my beste maat, Michelle. Dankie dat jy in my glo wanneer ek dit self nie eers meer doen nie. Dankie dat julle my grootste fans is.

Dankie aan oom George Nel, my geestelike mentor. Oom het my die lig laat sien en die kans gegee toe ek dit die nodigste gehad het. Dankie vir die vertroue in en gebede vir my. Dankie ook dat Oom my passie vir kinders as belangrik genoeg beskou het.

Dankie aan al my vriende en familie. Dankie dat julle nie net vir my en my gesin bid nie, maar ook vir al Afrika se stukkende kinders.

Ek wil ook my kollegas bedank! Dankie vir die oggendkoffie wat jy omgestuur het en die briefies en sjokolades op my tafel: julle weet wie so vir my gesorg het. Dankie ook dat julle my afwesigheid by netbaloefeninge, gedurende pouses en my  rooi oë en lang gape geduldig misgekyk het.

Dankie aan die respondente wat hulle stories vir my vertel het. Deur julle oë kon ek ‘n klein stukkie beleef van die seer waarmee so baie kinders moet saamleef.

En simbolies laaste: dankie aan my man, André en dogtertjie, Meané. Julle stap die pad saam met my. Dankie vir begrip, ondersteuning en omgee meer as wat woorde ooit kan sê. Dankie dat jy ook vir *my* kinders lief is. Ek lief julle baie.




© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

**Verklaring van oorspronklikheid** 1
**Dankbetuigings** 2
**Opsomming** 7
**Summary** 8
**Sleutelterme / Key concepts** 9

**Hoofstuk 1**
**Inleiding**
1.1 Agtergrond 10
1.2 Probleemstelling 13
1.3 Doel van ondersoek
1.3.1 Doelstelling 14
1.3.2 Doelwitte 14
1.4 Literatuuroorsig 15
1.5 Verheldering van terme
1.5.1 Godsbeelde 18
1.5.2 Kleiner kinders 19
1.5.3 Gebrekkige rolmodel 20
1.5.4 Vader 20
1.6 Navorsingsmetodologie 21
1.7 Program van ondersoek 26

**Hoofstuk 2**
**Godsbeeld by klein kinders**
2.1 Godsbeeld 28
2.2 Verhouding tussen fantasie en werklikheid 30
2.3 Ontstaan van 'n Godsbeeld 33
2.4 Vorming van kinders se Godsbeeld
2.4.1 Invloed van die ouers 34
2.4.2 Invloed van die woonomgewing 35
2.4.3 Invloed van die gemeenskap 39
2.4.4 Invoed van die geloofsgemeenskap 41
2.5 Geloofsontwikkeling
2.5.1 Inleiding 43
2.5.2 Fowler se geloofsontwikkelingsmodel 43
2.5.3 Westerhoff se geloofsontwikkelingsmodel 47

**Hoofstuk 3**
**Die ontwikkeling van kinders tussen die ouderdom van vyf en agt jaar**
3.1 Inleiding en verheldering van terme 53
3.2 Invloede op ontwikkeling
3.2.1 Interne faktore 56



© University of Pretoria

3.2.2 Eksterne faktore 73
3.2.3 Oorerwing versus omgewing 77
3.3 Terreine van ontwikkeling 78
3.3.1 Liggaamlike ontwikkeling 79
3.3.2 Kognitiewe ontwikkeling 80
3.3.3 Emosionele ontwikkeling 88
3.3.4 Persoonlikheidsontwikkeling 92
3.3.5 Sosiale ontwikkeling 99
3.3.6 Morele ontwikkeling 106

**Hoofstuk 4**
**Die vader as rolmodel**
4.1 Inleiding 119
4.2 Die invloed van die vader 119
4.3 Ouerskapstyle
4.3.1 Inleiding 128
4.3.2 Outoritêre ouerskapstyl 129
4.3.3 Permissiewe ouerskapstyl 130
4.3.4 Gesagvolle ouerskapstyl 131
4.3.5 Onbetrokke ouerskapstyl 132
4.3.6 Oorbeskermende ouerskapstyl 133
4.3.7 Vaderskapstyle 134
4.4 Gesinne met problematiese verhoudings
4.4.1 Inleiding 138
4.4.2 Verwaarlosing 140
4.4.3 Mishandeling 143
4.4.4 Misbruik 144
4.4.5 Onveiligheid 149
4.4.6 Deprivasie 157
4.4.7 Armoede 166
4.5 Aggressie by kinders 168

**Hoofstuk 5**
**Empiriese ondersoek met kinders tussen vyf en agt in die Wes-Kaap**
5.1 Inleiding 189
5.2 Metodologie
5.2.1 Seleksie 189
5.2.2 Insameling van data 191
5.3 Data
5.3.1 Biografiese inligting 192
5.3.2 Huislike omstandighede 193
5.3.3 Inligting oor die vaders 195
5.3.4 Godsdiensbeoefening en Godsbeeld 204
5.3.5 Vrae volgens temas 210



© University of Pretoria

5.3.6 Emosiekaart 214
5.3.7 Rollespel 218
5.3.8 Sketse 225
5.4 Interpretasie van data 230

**Hoofstuk 6**
**Bevindings en aanbevelings**
6.1 Inleiding 233
6.2 Bevindings
6.2.1 Godsbeelde van klein kinders 233
6.2.2 Vader as gebrekkige rolmodel 235
6.2.3 Die invloed van interne en eksterne faktore 236
6.3 Die pad vorentoe 238

**Bibliografie** 240

**Addenda**
Addendum A: Inligtingsbrief aan die skoolhoof 260
Addendum B: Toestemmingsbrief aan die ouers 261
Addendum C: Onderhoudsversoek aan Mnr van Schalkwyk 262
Addendum D: Onderhoudsversoek aan Ds Arné Leuvennink 263
Addendum E: Inligtingsbrief aan die ouers 264
Addendum F: Onderhoudskedule met respondente 265
Addendum G: Onderhoudskedule met opvoedkundige sielkundige 273
Addendum H: Onderhoudskedule met leraar 275
Addendum I: Poppe vir rollespel gebruik 278

**Lys tabelle**:

Tabel 1: Die voedsel situasie in informele nedersettings 38
Tabel 2: Piaget se kognitiewe ontwikkeling 82
Tabel 3: Aspekte van denke 84
Tabel 4: Vygotsky se kognitiewe ontwikkeling 86
Tabel 5: Vergelyking tussen Vygotsky en Piaget 87
Tabel 6: Aspekte van emosionele ontwikkeling 89
Tabel 7: Persoonlikheidsontwikkeling 93
Tabel 8: Temperanmentele patrone 95
Tabel 9: Dimensies van temperament 96
Tabel 10: Relasievorming 99
Tabel 11: Sosiale gedrag 101
Tabel 12 : Erikson se psigologiese ontwikkelingsteorie 108
Tabel 13: Kohlberg se morele ontwikkelingsteorie 112
Tabel 14: Piaget se morele teorie 114
Tabel 15: Eisenberg se presosiale redenering 116
Tabel 16: Dimensies van gesinsfunksionering 128



© University of Pretoria

Tabel 17: Statistiek rakende seskuele geweld teenoor kinders 146
Tabel 18: Stressorskaal 160
Tabel 19: Berekening van Respondent 4 se stresvlak 161
Tabel 20: Eienskappe van weerbaarheid teenoor weerloosheid 163
Tabel 21: Vorme van portuurviktimisering 181
Tabel 22: Gevolge van portuurviktimisering 183
Tabel 23: Effek van televisiegeweld op kinders 185
Tabel 24: Biografiese inligting 192
Tabel 25: Vaderfiguur se verwantskap 196
Tabel 26: Eienskappe van die vader 198
Tabel 27: Belewing van vader se optrede 201
Tabel 28: Blootstelling aan geloofsaktiwiteite tuis 204
Tabel 29: Eienskappe van God 208
Tabel 30: Rollespel karakters 219
Tabel 31: Rollespel gesprekke 220

**Lys van grafieke**:

Grafiek 1: Voorkoms van seksuele molestering in gesinsverband 147
Grafiek 2: Eienskappe van vader 200
Grafiek 3: Eienskappe van God 210
Grafiek 4: Hoe ek oor my pa voel 211
Grafiek 5: Hoe my pa teenoor my optree 211
Grafiek 6 Hoe my pa is 212
Grafiek 7: Hoe ek oor God voel 213
Grafiek 8: Hoe ek oor God dink 214
Grafiek 9: So voel ek oor Pappa 216
Grafiek 10: So voel Pappa oor my 216
Grafiek 11: So voel ek oor God 217
Grafiek 12: So voel God oor my 217

**Lys van skematiese voorstellings**:

Skematiese voorstelling 1: Bronfenbrenner se ekologiese teorie 105
Skematiese voorstelling 2: Kringloop van magteloosheid 162
Skematiese voorstelling 3: Voortgesette aggressiewe gedrag 170

**Lys van sketse**:

Skets 1: Skets van die menslike brein 173
Skets 2: Emosiekaart 215
Skets 3: Respondent 1 se skets oor hom en sy vader 226
Skets 4: Respondent 6 se skets oor hom en sy vader 227
Skets 5: Respondent 10 se skets oor haar en haar vader 228
Skets 6: Respondent 4 se skets oor hom en God 229



© University of Pretoria

## Opsomming

**Godsbeelde van klein kinders met 'n gebrekkige manlike rolmodel: 'n Geloofontwikkeling benadering.**

Een van die mees belangrike geloofskonsepte wat by klein kinders ontwikkel, is hulle Godsbeeld. Die korrelasie tussen die beeld van hulle vader en hulle Godsbeeld is reeds in studies uitgewys (Rizzuto 1979:50, 52; kyk Day 1975:172, 173, 175). Die doel van hierdie studie is om die invloed wat die gebrekkig, onbeholpe of swakker vaderfiguur op die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld het, te ondersoek. Die term "vader" verwys in hierdie studie na: biologiese vader, stiefvader, lewensmaat van die moeder, grootvader, of enige ander volwasse manlike persoon wat by die gesin inwoon.

Vanuit 'n geloofontwikkeling benadering word kleiner kinders se Godsbeeld ondersoek. Die kinders wat aan hierdie studie deelneem se ouderdomme wissel tussen vyf en agt jaar. 'n Rolmodel oefen 'n spesifieke invloed op ander uit. Volwassenes se invloed is beduidend aangesien kinders volwasse gedrag naboots. Die voorbeeld wat deur die rolmodel gestel word, kan voor- of nadelig wees.

'n Gebrekkige rolmodel voed kinders op 'n gebrekkige manier op. Die kwaliteit van die opvoeding kan van mindere waarde wees en kan tot 'n agterstand in die kind se ontwikkeling lei. Die gedrag van sommige vaderfigure is gevaarlik en kan tot die nadeel van beide kinders se fisiese as emosionele welstand lei. Hierdie gedrag sluit dan ook misdade in.

Kinders word holisties benader. Alhoewel voorsiening daarvoor gemaak word dat individuele kinders hulle eie gedrag bepaal, speel talle faktore 'n rol in hulle gedrag. 'n Holistiese benadering sluit ook 'n spirituele perspektief in, naamlik dat kinders as unieke skepsels van God gesien word. Om 'n meer breedvoerige prentjie van die kind te hê, word alle areas van ontwikkeling ondersoek en ingesluit. Volgens 'n holistiese benadering sal kinders word as meer as hulle fisiese karaktereienskappe benader word. Daar is 'n wisselwerking tussen kinders se fisiese en psigiese sye. Hulle ervaar hulle wêreld in totaliteit en reageer ook in totaliteit daarop.

Die verskillende ontwikkelingsareas moet in berekening gebring word wanneer kinders se Godsbeeld ondersoek word. Geloof ontwikkel nie as 'n alleenstaande entiteit nie, maar vorm deel van kinders se morel-normatiewe ontwikkeling.



© University of Pretoria

**Summary**

**Images of God of small children with an inadequate male role model: A Faith development approach.**

One of the most important faith concepts for small children to develop is their Image of God. The correlation between the image of their father and the Image of God has already been shown in previous studies (Rizzuto 1979:50, 52; see Day 1975:172, 173, 175). The aim of this study is to determine what influence the father figure, who can be described as ‘n inadequate role model, may have on the child’s Image of God. The term “father” includes: biological father, stepfather, life partner of the mother, grandfather or other men who are living with the family.

From a development of faith perspective, young children’s Image of God and the idea they have of who God is, would be investigated. The children are between the ages of five and eight. A role model has an influence on others especially on children as they imitate adult behaviour. The example set by the role model can be uplifting or destructive.

An inadequate role model raises children in an inadequate way. The quality of this manner in which the child is raised, can sometimes be of less value and can lead to a backlog in the child’s development. The behavior of some of the father figures are dangerous to the child’s physical and emotional well being. This behavior includes various malpractices.

The children are approached holistically. Although the individual children can choose their own behavior, various factors play a role on their actions. An holistic approach wil also include a spiritual perspective, namely that they are seen as individuals, uniquely created by God. In order to get a broader picture of the children’s development, all areas of development are included. Children are seen as more then the total of their physical characteristics, according to a holistic approach. There is interaction between a child’s physical and psychological aspects. They experience their world in total and then act upon it.

The different developmental areas need to be taken into consideration when the Image of God is investigated. Faith does not development as a entity on its own but forms part of a child’s moral-normative development.



© University of Pretoria

**Sleutelterme**

Godsbeeld

Klein kinders

Gebrekkige rolmodel

Vaderfiguur

Ontwikkeling

Fantasie

Nabootsing

Modellering

Ouerskapstyle

Problematiese verhoudings

**Key concepts**

Image of God

Small children

Inadequate role model

Father figure

Development

Fantasy

Imitation

Modelling

Parenting skills

Problematic relationships



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Een van die belangrikste geloofskonsepte wat klein kinders ontwikkel, is hulle Godsbeeld. Die korrelasie tussen die beeld van die aardse vader en die van die hemelse Vader is reeds in navorsing uitgewys (Rizzuto 1979:50, 52; vlg Lawrence 1997:214-224; kyk Day 1975:172, 173, 175). Hierdie studie het ten doel om te ondersoek watter invloed ‘n vader, vaderfiguur of manlike versorger wat ‘n *gebrekkige rolmodel* vir ‘n kind is, op die ontwikkeling van die kind se Godsbeeld het. Vir die doeleindes van die studie sluit "vaderfiguur" in: biologiese vader, stiefvader, die lewensmaat van moeder, grootvader of ander inwonende manlike persone soos broers of neefs van die moeder.

'n Rolmodel leef op ‘n manier wat 'n bepaalde invloed het op die kinders in sy of haar sorg. Die voorbeeld wat 'n rolmodel aan kinders stel, kan opbouend of afbrekend wees. Die opvoeding van 'n versorger wat 'n gebrekkige rolmodel is, is dikwels van 'n swakker gehalte en kan lei tot 'n agterstand in die kinders se ontwikkeling. Sommige manlike versorgers van kinders se optrede is afbrekend en dit hou ‘n gevaar vir kinders se fisiese en emosionele welsyn in. Hierdie gedrag sluit die ekstreme van mishandeling, seksuele uitbuiting en verwaarlosing in.

Mishandeling en verwaarlosing is traumaties vir kinders en het ’n invloed op hulle fisiese, psigiese, sosiale en emosionele ontwikkeling (kyk Briere 1992:9). Jong kinders wat aan mishandeling blootgestel word, ervaar dit meesal intens. Ook al word kinders nie self mishandel nie, is blootstelling daaraan, soos byvoorbeeld wanneer dit ‘n moeder of ander kinders aangedoen word, eweneens traumaties. Die kinders word dus getraumatiseer ook al word hulle nie self mishandel nie. "Mishandeling" sluit fisiese en emosionele mishandeling, boelie-gedrag en seksuele molestering in (De Witt en Booysen 1995:139-140).

Hierdie studie fokus op kinders se emosionele ervaring, gedrag en hantering van negatiewe situasies soos mishandeling, verwaarlosing, drankmisbruik, dwelmmisbruik en kriminele gedrag van vaders of manlike rolmodelle. Die doel van die studie is om te ondersoek hoe die kinders se verhouding met hulle vader of manlike rolmodel hulle verhouding met God beïnvloed. Vanuit ’n geloofontwikkeling



© University of Pretoria

perspektief sal kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar se verhouding met God en die idee wat hulle van God het, nagespeur word. Hierdie spesifieke fase in die kinders se ontwikkeling is gekies, omdat hulle nie meer kleuters is nie en ook nog nie pre-adolessent oftewel "tweens" nie. Hierdie fase staan dan ook bekend as die klein kind fase.

Die uitgangspunt van die studie is dat kinders holisties benader word. Die verskillende ontwikkelingstadia staan nie los van mekaar nie, maar is interafhanklik en interaktief. Hoewel individuele kinders hulle eie gedrag kies, is daar bepaalde invloede wat daartoe bydra (De Witt en Booysen 1995:5). 'n Holistiese benadering tot kinders sal ook 'n spirituele perspektief insluit, naamlik dat kinders unieke skepsels van God is. Volgens 'n holistiese benadering word kinders gesien as meer as die somtotaal van hulle fisiese eienskappe. Hulle het ook emosies en 'n psigiese sy. Tussen die psigiese en die fisiese aspekte van kinders se menswees vind daar interaksie plaas, wat meebring dat kinders hulle ervaringswêreld as totale mens beleef en as totale mens daarop reageer. Dit volg dus dat prikkels van buite en hoe dit ervaar word, 'n uitwerking het op persone se geloofsisteem.

Om enige aspek van kinders se ontwikkeling in 'n spesifieke lewensfase te ondersoek, moet die ontwikkelingstadia in berekening gebring word. Dit geld ook vir hierdie studie wat die geloofsaspek van kinders se Godsbeeld en hoe dit ontwikkel, ondersoek. Die verskillende aspekte van die ontwikkeling van kinders sluit in: groot en fyn motoriese, kognitiewe, emosionele, sosiale, sedelik-normatiewe en persoonlikheidsontwikkeling. Alhoewel hierdie verskillende ontwikkelingsterreine oënskynlik onafhanklik funksioneer, is hulle interafhanklik van mekaar en interaktief. Die vermoë om te sit ('n groot-motoriese vaardigheid) is afhanklik van die kognitiewe ontwikkeling om met vasberadenheid te kan konsentreer. Verder is die emosionele ontwikkeling van nuuskierigheid en die behoefte om die versorgers tevrede te stel, nodig (De Witt en Booysen 1994:3). Geloofsontwikkeling en die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld is onlosmaaklik aan mekaar verbonde (kyk Denton 2005:9). Geloof ontwikkel nie as 'n losstaande entiteit nie, maar vorm deel van kinders se sedelik-normatiewe ontwikkeling (vlg Piaget 1932:292; De Witt en Booysen 1994:33). Geloof kan nie ontwikkel sonder dat kinders 'n idee of beeld het van wie God is en hoe God is nie.

Die kern van die sosiale leerteorie, volgens Bandura (1977:194) en Anzelmo (1987:15), is opgesluit in die beginsel dat gedrag bepaal en beïnvloed word deur



© University of Pretoria

verskeie faktore. Meyer *et al* (1988:234) identifiseer die volgende faktore wat, volgens die sosiale leerteorie, gedrag beïnvloed:

- omgewingsinvloede;
- genetiese faktore;
- klassieke en instrumentele kondisionering;
- waarnemingsvermoë;
- simboliese prosesse soos denke en verwagtings;
- selfregulerende gedrag soos beplanning en ordening van die omgewing, asook die kind se evaluering van sy eie gedrag (dit wil sê: selfstraf en selfversterking).

Vir die doeleindes van hierdie studie word veral gefokus op omgewingsinvloede, genetiese faktore en waarnemingsvermoë omdat hierdie aspekte van besondere belangis vir die kinders wat geselekteer is vir die studie.

In die konteks van die Overberg-omgewing bevind kinders hulle dikwels nie in gunstige omstandighede nie en word blootgestel aan gebrekkige rolmodelle. Benewens die primêre versorgers, is ander volwassenes in hulle omgewing ook nie altyd betroubaar, stabiel of navolgingswaardig nie. Hulle leef in 'n konteks waar geweld, drankmisbruik, dwelmmisbruik en kriminele gedrag aan die orde van die dag is. Faktore wat die geselekteerde studiegroep negatief beïnvloed, is die blootstelling aan drank- en dwelmmisbruik deur hulle ouers asook die kultuur van geweld en sedeloosheid. Die meeste kinders wat aan hierdie studie deelneem, is uit tienerswangerskappe gebore. Hulle moeder was dikwels ook die kind van 'n adolessente-moeder. Die kinders se vader is dikwels ook nog 'n adolessent wat nie verantwoordelikheid aanvaar vir die kinders wat hy verwek het nie. Die moeders kry in die algemeen geen finansiële ondersteuning van die vader nie en wend hulle tot staatstoelae. Jong meisies misbruik soms hierdie toelae en wend dit nie vir die versorging van hulle kinders aan nie, maar beskou dit as 'n bron van persoonlike inkomste. Die ouers is nie altyd opgewasse vir die ouerskaptaak nie en die ouerleiding wat die kinders ontvang, is gebrekkig.

Kinders leer deur waarneming en deur die gedrag van volwassenes na te boots. Die verhouding wat kinders met hulle ouers het, vorm die bloudruk vir alle ander



© University of Pretoria

verhoudings (kyk De Witt en Booysen 1995:8). Wanneer hulle blootgestel word aan 'n negatiewe voorbeeld en die swak keuses van hulle ouers, volg hulle dit dikwels na, want dit is al wat hulle ken. Die vader of ander manlike figuur in die kinders se lewe wat 'n gebrekkige rolmodel is, leer kinders onwetend om sy kriminele gedrag, mishandeling van afhanklikes, drank- en of dwelmmisbruik, geweld of aggressie na te boots. Hierdie studie fokus op wat die uitwerking wat 'n vader of manlike rolmodel is, indien hy wel fisies teenwoordig is, maar afwesig is in die kind se *opvoeding*. Benewens die aspek van "teenwoordige afwesigheid" is 'n verdere vraag wat die effek van 'n negatiewe rolmodel op kinders se geloof en die vorming van hulle Godsbeeld sal wees. Kinders se sosialisering vind primêr in gesinsverband plaas. De Witt (1995:17) wys daarop dat, aangesien die gesin die basis vorm van primêre interaksie, kinders leer om hulle aan te pas binne hulle gesinsituasie. Kinders neem die ouers se norme, waardestruktuur en gewoontes aan en daarom ook die swak voorbeeld van die ouers. Die vader of manlike rolmodel se invloed en gewoontes word byna vanselfsprekend deur die kinders aangeneem. Dit sluit negatiewe gedrag in. Die vraag wat hierdie studie ondersoek, is hoe die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld en verhouding met God beïnvloed word deurblootstelling aan 'n vaderfiguur of ander manlike rolmodel wat nie 'n navolgenswaardige voorbeeld bied nie.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Tydens die twintigste eeu was dit 'n redelik algemene siening in hoër- en middelklas gemeenskappe dat die man die primêre broodwinner behoort wees (kyk Bengtson *et al* 2005:341). Histories is van sulke vaders verwag om verantwoordelik op te tree en om in hulle kinders se behoeftes te voorsien. Die toename in vroue in alle strata van die samelewing wat 'n loopbaan buitenshuis volg, asook veranderinge in mans se werkstruktuur en toenemende werksdruk, het 'n effek op die tradisionele vaderbeeld. Richter en Morrell (2006:293; kyk Bengston *et al* 2005:342; Flouri 2005:1) wys daarop dat studies toenemend fokus op die rol wat die vader in kinders se lewens, ook vanweë die feit dat die aantal vaders wat nie in dieselfde huis as hulle kinders woon of enigsins in hulle kinders se lewens betrokke is nie, steeds meer algemeen word. Baie kinders word deesdae groot sonder die teenwoordigheid van hulle biologiese vader en word opgevoed deur 'n stiefvader, moeder se lewensmaat of 'n grootvader. Sommige kinders word sonder enige manlike gesagsfiguur groot (Richter



© University of Pretoria

en Morell 2006:6-7). Die afgelope tien jaar is steeds meer aandag geskenk aan die rol van die vader in gesinne, grotendeels vanweë die snelle pas van gesinsverandering, met ander woorde die afname van die tradisionele gesinsvorm van ‘n enkele broodwinner en die toename in wedersyds deelnemende huishouding (kyk Bengtson *et al* 2005:1).Die rol van manlike gesagsfigure in die lewens en opvoeding van kinders het 'n verskuiwing ondergaan vanaf die tradisionele rol van broodwinner na 'n dikwels fisies afwesige vaderfiguur. Die rol van die biologiese vader word dikwels oorgeneem deur 'n stiefvader, die lewensmaat van moeder, 'n grootvader of 'n ander inwonende manspersoon soos 'n broer of neef van die moeder. Hierdie studie fokus spesifiek op die invloed van ‘n negatiewe manlike rolmodel, in die besonder om vas te stel hoe die kinders se Godsbeeld gevorm word en ontwikkel wanneer hulle aan ‘n vaderfiguur of ander manlike rolmodel blootgestel word wat nie verantwoordelik of volgens goeie eties-morele standaarde optree nie.

## 1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

### 1.3.1 Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om met behulp van kwalitatiewe navorsing die Godsbeeld en verhouding met God van ’n geselekteerde groep kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar te ondersoek. Hierdie kinders word daagliks aan ‘n vaderfiguur of ander manlike rolmodel blootgestel wat hulle aan wanpraktyke soos dronkenskap, dwelmmisbruik, mishandeling of geweld skuldig maak. Sommige van hierdie rolmodelle pleegmisdade soos die besit van en handel in perlemoen, bedreigde visspesies en narkotika. Die geselekteerde groep kinders se vaders of manlike rolmodelle kan getipeer word as 'n gebrekkige rolmodel of as iemand wat ‘n destruktiewe invloed op die kinders het. ‘n Verdere doel is om te bepaal hoe die Godsbeeld van die kinders vorm aanneem binne hierdie lewensomstandighede en of, en indien wel, hoe dit met hulle beeld van die vaderfiguur korreleer.

### 1.3.2 Doelwitte

Doelwitte vir hierdie ondersoek sluit die volgende in:

- om die funksionering van 'n Godbeeld by klein kinders, tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar te ondersoek;



© University of Pretoria

- om bestaande navorsing ten opsigte van van die Godsbeeld by kleiner kinders wat in gunstige huislike omstandighede groot word, te ontgin en te vergelyk met die fokusgroep van hierdie studie;
- om te ondersoek wat die korrelasie tussen die Godsbeeld en die vaderbeeld is, van kleiner kinders wat aan gebrekkige manlike rolmodelle blootgestel is.

## 1.4 Literatuuroorsig

Insigte uit dissiplines soos die psigologie (kyk Freud 1925; Jung 1945:50-79; Erikson 1968:13-76), sosiologie (Weber 1958:1-11), opvoedkunde (Piaget 1972:1-12) en antropologie (Benedict 1934:251-278) wat vir hierdie studie ter sake is, word toegepas op die spesifieke teikengroep van hierdie studie. Veral insigte uit die opvoedkunde (Piaget 1972:1-12; De Witt 1994; 1995; 2014) ten opsigte van kinderontwikkeling is vir die studie van besondere belang.

Kinders is groeiende individue, wat elkeen teen hulle eie tempo ontwikkel. Kinders ontwikkel holisties, dit wil sê as totale mens. Die een ontwikkelingsterrein kan nie los van die ander ondersoek word nie. Die hooffokus van hierdie studie is om die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld te ondersoek. Die ontwikkeling van hierdie sedelik-normatiewe aspek hou verband met kognitiewe, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling. Die modelle wat in hierdie studie ten opsigte van die ontwikkelingsfases benut word, bou op die werk van Piaget (1969;1972:1-12), Meyer *et al* (1988), Louw (1990; 1994; 2014) en De Witt (1994; 1995; 2014).

Jean Piaget (kyk De Witt 1994:100; 2014:106; Louw 2014:25,109) word as een van die invloedrykste ontwikkelingspsigoloë van die twintigste eeu beskou. Sy beskrywing en bestudering van kinders se kognitiewe ontwikkeling vorm die teoretiese grondslag van die studie. Piaget (1969:158) het die verband en interafhanklikheid tussen emosie en kognisie beskryf. Sy teorie ten opsigte van die onskeibaarheid van emosie en kognisie is veral vir hierdie studie ter sake. De Witt (1994:20-21; 2014:26-26) se beskrywing van verskillende emosies wat deur kleiner kinders ervaar word, is verder relevant vir die studie. Ouers as die primêre versorgers, is by uitstek die persone wat rigting gee aan kinders se lewens (kyk Louw 1994:215-217). Hierdie aspek van sosiale en persoonlikheidsontwikkeling word in die studie uitgewerk met behulp van die werk van Louw (1994; 2014).

Piaget se werk word steeds as teoretiese grondslag vir hedendaagse studies gebruik. Suid-Afrikaanse akademici werk vanuit 'n Suid-Afrikaanse konteks met Suid-



© University of Pretoria

Afrikaanse situasies. Daarom is dit belangrik vir hierdie studie om die werk wat vanuit ‘n Suid-Afrikaanse konteks gedoen is, te gebruik as rigtinggewers. In die werk van Grobler (2006), “Manlike identiteit: ‘n Begeleidingsraamwerk vir vaders en hul seuns”, word aangedui dat vaders ‘n beduidende invloed op die vorming van seuns se identiteit het. Volgens Grobler (2006:160) vorm die waardes en norme van seuns veral onder die invloed van die voorbeeld wat die vader stel. Hoewel hierdie studie nie fokus op die ontwikkeling van manlike identiteit nie, is daar bruikbare raakpunte met die oogmerk van hierdie studie oor die Godsbeeld van kleiner kinders wie se vader ‘n negatiewe rolmodel is. Raakpunte sluit in:

- dat kinders se verhouding met hulle vaders hulle verhouding met God beïnvloed (kyk Grobler 2006:52, 80-85, 91);
- dat vaders se voorbeeld dikwels harder spreek as hulle woorde (kyk Grobler 2006:113-114);
- dat vaders soms onwetend skade aanrig aan hulle kinders se Godsbeeld (kyk Grobler 2006:113).

'n Suid-Afrikaanse studie (Denton 2005) oor die ontwikkeling van adolossente se verhouding met God en die uitwerking wat mishandeling op hulle Godsbeeld het, is ter sake vir hierdie studie omdat die dinamiek ten opsigte van mishandeling ooreenstem, of dit nou adolessente is of klein kinders. Talle van die kinders wat vir die studie geselekteer is, word ook aan mishandeling, hetsy fisiese, emosionele, seksuele of verbale mishandeling, onderwerp. Resultate van Denton (2005) se studie toon dat die Godsbeeld van mishandelde jongmense dikwels verwronge is en dat hulle God dikwels probeer manipuleer of beïndruk, of God se bestaan en werking heeltemal ontken. 'n Verdere Suid-Afrikaanse ondersoek, Hoepfner (2009) se studie oor die betekenis van die vaderskap van God in die pastorale begeleiding van aangenome kinders, toon dat adolessente en jong volwassenes se kinderbelewing van ‘n vaderfiguur wat ‘n gebrekkige rolmodel was, hulle beeld van God as vader negatief beïnvloed het. Dit word as “’n ongunstige vaderbeeld” beskryf (Hoepfner 2009:79). Die ervaring van kinders word dikwels op God geprojekteer. Die studie bied insigte ten opsigte van die aspekte van emosionele skade en Godsbeeld, wat vir hierdie studie ter sake is.



© University of Pretoria

Vaderlike afwesigheid en die invloed daarvan op kinders in die middelkindjare is ondersoek in die studie van De Jager (2009). Die fokus is op vaders wat afwesig is weens werksomstandighede, asook op emosionele afwesigheid en onbetrokkenheid. Die resultate is bruikbaar vir hierdie studie omdat beide fokus op: jonger kinders; vaders wat emosioneel afwesig is, beide seuns en meisies se belewinge, en die effek wat die voorbeeld van die vaderfiguur op kinders het.

Bestaande literatuur kom grootliks uit ander kontekste as Suid-Afrika en veral Amerikaanse literatuur is goed verteenwoordig. Die meeste studies fokus op adolessente of studente. Hierdie studie het spesifiek kleiner kinders in die oog wat met 'n vaderfiguur saamleef wat 'n negatiewe rolmodel is. Hierdie studie fokus ook op ‘n spesifieke gemeenskap in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse samelewing is divers. Nie net wat kultuur, tradisie, geloof of waardes betref nie, maar ook wat gemeenskapdinamika betref. Gemeenskappe verskil drasties van mekaar, nie net wat sosio-ekonomiese strata betref nie, maar ook ten opsigte van godsdiens. Christen-gelowiges behoort tot verskillende denominasies, huldig verskillende uitgangspunte selfs binne een denominasie en ander leef onverbonde aan geloofsgemeenskappe. Die gemeenskap waarbinne die studie onderneem word, is 'n hegte gemeenskap, maar nie altyd in die positiewe sin van die woord nie. Gemeenskapslede sal mekaar ondersteun en beskerm selfs wanneer ernstige misdrywe, soos dwelmhandel, kindermishandeling of moord, begaan is. Die geselekteerde studiegroep leef in ‘n gemeenskap wat weinig waarde heg aan geloof of persoonlike verhoudings met God. Individue wat wel gelowig is, word dikwels gespot. Die mense van die gemeenskap behoort grootliks tot dieselfde kultuurgroep. Hulle verskil van soortgelyke naburige gemeenskappe in hoe hulle misdadigers beskerm, ook teen die polisie. Die gemeenskap is eksklusief en verwelkom nie juis buitestaanders in hulle midde nie. Die lede van die gemeenskap leef in simbiotiese verhoudings met mekaar. Mense is bewus van wat in ander se huise gebeur en aanvaar mede-verantwoordelikheid vir mekaar se kinders. Kinders sal byvoorbeeld by enige huis iets te ete kry en sal deur enige volwassene in die gemeenskap tereggewys word. Die gemeenskap leef in noue verhoudings met mekaar en die lede van die gemeenskap ken en ondersteun mekaar.



© University of Pretoria

## 1.5 VERHELDERING VAN TERME

### 1.5.1 Godsbeeld

Met die term "Godsbeeld" word bedoel hoe 'n persoon God verstaan. Volgens Dingemans (1991:127) sal Godsbeelde en geloofsbegrippe by kinders wissel na gelang van hulle ouderdom. Namate kinders ouer word, probeer hulle om antwoorde te vind op geloofsvrae en in die proses ontwikkel hulle eie waardes, godsdienstige oortuigings en lewensfilosofieë (kyk Collins 2005:187). 'n Persoon se Godsbeeld is sy of haar Godsvoorstelling, Godsbeskouing, Godsbegrip, Godsidee, of siening van God.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die term "Godsbeeld" verkies omdat "beeld" goed pas by die ontwikkelingsvlak van kleiner kinders. Tussen die ouderdom van vyf en agt jaar is kinders se kognitiewe ontwikkeling nog nie voltooi nie. Hulle ervaring is ook beperk en hulle beskik nie oor die woordeskat om ervaring akkuraat te verwoord nie. Denke is gebaseer op primêre abstraksies. Daar is 'n sinsamehang tussen kinders se voorstellings en hulle ervaringsbesit. Kinders se gedagtes en ervarings word uitgespeel. Hulle leef die voorstellings of fantasieë van die beleefde werklikheid uit deur dit in kinderspel na te boots (De Witt 1994:53). Fantasering by klein kinders vervul 'n noodsaaklike funksie. Deur fantasering herleef kinders hulle werklikheid en hoe hulle daaroor dink en voel, kom in hulle fantasieë na vore. Klein kinders sal byvoorbeeld bang wees vir die geluid van wind en dit dan in fantasiespel tot uitdrukking bring as 'n leeu of 'n monster. Klein kinders maak sin uit hulle denke met behulp van bekende beelde. Net so sal klein kinders 'n "beeld" van God hê eerder as 'n meer volwasse "beskouing" of "begrip". Klein kinders se verstaan van God behels nie net 'n vae begrip van God nie, maar hulle het 'n definitiewe beeld van God in hulle fantasiewêreld (vgl Sonnekus en Ferreira 1979:123; De Witt en Booysen 1994:53-57; Du Toit en Kruger 1991:47). Klein kinders se Godsbeeld word beïnvloed deur bepaalde interne en eksterne faktore soos ouers, godsdiensonderrig, blootsteliing aan religieuse aktiwiteite en die samelewing. Dit word verder bepaal deur hulle ouderdom en ontwikkelingsvlak of -fase. Godsbeeld hou dus verband met ŉ Godsbeskouing wat met die proses van ontwikkeling korreleer.



© University of Pretoria

### 1.5.2 Kleiner kinders

Kinderontwikkelingsfases word verskillend gekategoriseer. Weens die kompleksiteit van menslike ontwikkeling is dit nie moontlik om duidelike grense of presiese ouderdomme aan fases te koppel nie (kyk De Witt en Booysen 1994:9; Schickedanz, Schickedanz en Forsyth 1982:48). Vir die doeleindes van hierdie studie word gekies vir 'n indeling wat 'n kombinasie is van die werk van De Witt en Booysen (1994:9– kinders tot en met 8 jaar); Louw en Louw (2014:177) en Schickedanz, Schickedanz en Forsyth (1982:22). Dit bestaan uit die volgende:

- die neonatale fase: vanaf geboorte tot vier weke;
- die suigelingfase: vanaf geboorte tot en met een jaar;
- die peuterfase: vanaf twaalf tot dertig of soms ses-en-dertig maande;
- die kleuterfase: van drie tot vyf jaar;
- die klein kinderfase: van vyf tot agt jaar;
- die pre-adolessente fase of sogenaamde "tween": die fase voor adolessensie, ongeveer van agt tot twaalf jaar;
- adolessensie: van dertien tot agtien jaar;
- die jong volwasse fase: die drie jaar, vanaf agtien tot een-en-twintig jaar;
- die volwasse fase: een-en-twintig jaar en ouer.

Hierdie studie fokus op kleiner kinders, dus kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar. Die rede vir hierdie keuse het veral te doen met die kinders se kognitiewe en emosionele ontwikkeling. In hierdie stadium is die denke van kinders nog intuïtief en is woorde sowel as beelde 'n integrerende deel van hulle denkproses (De Witt en Booysen 1994:15). Wat emosionele ontwikkeling betref, kan kleiner kinders reeds onafhanklik van hulle moeder funksioneer en kan hulle reeds onderskei tussen feite en fantasie (kyk De Witt en Booysen 1994:25). Die sosiale ontwikkeling van kinders in hierdie fase word gekenmerk deur die besondere hegtheid van die relasies. Die eerste en belangrikste relasies wat die kinders vorm, is met hulle ouers. Hurlock (1980:138) stel dit soos volg: "Perhaps the most important condition influencing the kind of adjustment young children will make, both personal and social, is the type of parent-child relationship there is during the childhood years". Kinders in hierdie fase kan hulle eie gedrag tipeer as aanvaarbaar of onaanvaarbaar. Wangedrag sal nie as



© University of Pretoria

sodanig herken word indien dit ooreenkom met die van ‘n ouer nie. Kinders pas hulle gedrag aan in navolging van die voorbeeld van ouers. Indien ouers onaanvaarbare gedrag as voorbeeld stel, sal kinders dit as norm aanvaar en naboots (De Witt en Booysen 1994:28). Kinders is nie instaat om sosiaal onaanvaarbare en wangedrag as sodanig te tipeer, indien hulle nie in hulle ouerhuise daaroor ingelig en onderrig word nie.

### 1.5.3 Gebrekkige rolmodel

‘n Rolmodel kan beskryf word as “persoon wat iemand as model beskou om te volg” (Odendal *et al* 1994:867). ‘n Rolmodel na wie opgesien word, kan eerstens op die *karakter* van die persoon betrekking hê en tweedens dui op die verwagte *rol* wat die persoon vervul. ‘n Goeie rolmodel is 'n persoon wat navolgenswaardig is. Die verhouding tussen die rolmodel en die navolger gaan dikwels gepaard met die een of ander gesagsposisie. Persone wat ingesagsposisies aangestel is, kan ‘n ouer, ‘n opvoeder of afrigter wees. Van ‘n persoon wat so ‘n posisie beklee, word verwag om gepas op te tree. Die tradisionele *rol* van mans in die samelewing is byvoorbeeld om vir gesinne te voorsien, hard te werk, hulle gesin liefdevol te beskerm en om ‘n morele voorbeeld te stel. Dit word van hulle verwag. Die *model* dui op die norm of aanvaarde standaard. Vir klein kinders is hulle ouers die mense na wie hulle opsien om waardes te leer en om te leer wat in die samelewing van hulle verwag word (De Witt en Booysen 1995:8). Ouers tree as natuurlike rolmodelle vir hulle kinders op, omdat kinders in goedertrou aanneem dat hulle ouers die beste voorbeeld is om te volg. Dit is egter nie altyd waar nie. Ouers stel meermale ‘n negatiewe of gebrekkige voorbeeld. Wanneer ‘n vader of manlike rolmodel ‘n verkeerde voorbeeld stel of negatiewe invloed op kinders het, kan hy beskryf word as ‘n "gebrekkige rolmodel" vir kinders.

### 1.5.4 Vader

Die rol van ouers sluit in om kinders tot emosionele volwassenheid te begelei. Emosionele volwassenheid hou verband met gesonde psigiese funksionering (Suveg *et al* 2005:145-146). Vaders speel ’n bepalende rol in die ontwikkeling van goeie en eerbare karaktereienskappe by kinders (Parke *et al* 2004:309). Die teendeel is dan ook waar. Vaders kan ‘n afbrekende rol speel in die ontwikkeling van hulle kinders se



© University of Pretoria

karakter. Kinders wat voortdurend aan vernederende opmerkings blootgestel word, ervaar verwerping en 'n gevoel van minderwaardigheid (Louw en Louw 2014:430). Volgens Vey (1984:81) word ‘n goeie ouer-kind-verhouding gekenmerk deur liefde, geborgenheid, oorgawe, aanvaarding, vertroue en agting. Indien empatie tussen ouer en kind bestaan, is toenadering ‘n kenmerk van so ‘n verhouding (Vey 1984:81). Dit kan ook van toepassing gemaak word op die vader-kind-verhouding. Vaders vervul ’n rol wat ’n geslagsunieke bydrae tot die opvoeding van hulle kinders, of die kinders in hulle sorg, verteenwoordig (Richer en Morrell 2006:162). Vaders se rol verskil van die van moeders. Kinders ervaar moeders en vaders se rolle verskillend. Alhoewel die moeder dikwels as die versorger ervaar word, kan die vaders ewe-eens die rol van die vertrooster inneem. Wanneer 'n vaderfiguur aktief deelneem aan die opvoeding van kinders, funksioneer hulle as positiewe rolmodel. Hierdie studie fokus spesifiek op die invloed wat die vader op kinders en die ontwikkeling van hulle Godsbeeld het. Die vaders van die kinders wat aan die studie deelneem, verteenwoordig ‘n gebrekkige rolmodel en vervul nie die rol van ‘n liefdevolle en verantwoordelike ouer nie. Die kinders word aan manlike rolmodelle blootgestel wat nie ‘n positiewe bydrae lewer ten op sigte van hulle welstand nie.

## 1.6 METODOLOGIE

Die epistemologie van hierdie studie is postmodern. Die kwalitatiewe benadering bied binne die gekose paradigma die ruimte om die ondersoek met openheid en sonder vooraf bepaalde teoretiese aannames, te benader (Patton 2002:129). Vanuit 'n postmoderne perspektief kan die realiteit nooit ten volle vasgevang of weergegee word nie (De Vos *et al* 2009:7-8). Die doel van die studie is nie om te veralgemeen nie. Die doel is om vas te stel of daar ‘n verband bestaan tussen ‘n geselekteerde groep kinders se Godsbeeld en die invloed wat hulle vaders daarop het en indien wel, om die aard daarvan te beskryf en verklaar. Die doelwit is nie om universele waarheidsaansprake te maak nie, maar om die geloofsontwikkeling van ‘n *spesifieke* groep kleiner kinders binne ‘n *bepaald*e konteks te ondersoek.

Epistemologie verwys na vrae soos: “Hoe weet ons?” of “Wat weet ons?”. Die vrae: “hoe" en "wat” funksioneer interafhanklik van mekaar. Ricoeur (1991:79; kyk De Vos 2009:8) wys daarop dat taal maar ‘n gebrekkige kommunikasiemiddel is. Menslike kommunikasie is afhanklik van taal. Taal is feilbaar in die sin dat ware



© University of Pretoria

gevoelens, belewenisse, oortuigings en gewaarwordinge nie altyd akkuraat beskryf kan word nie. Die hoorder kan derhalwe ook nie altyd die spreker se emosies akkuraat interpreteer nie. Kinders se taalvermoë is nog nie goed ontwikkel nie en dikwels is hulle nie in staat om hulle emosies onder woorde te bring nie. ‘n Postmoderne epistemologiese benadering bied ruimte vir die gebrekkigheid van taal. Dit is dus geskik vir hierdie ondersoek.

In geloofsonderrig behoort kinders gelei te word om God se liefde te ontdek (vgl Fowler 1985:50). Die studie bou op die teoretiese grondslag van psigoanalitiese teorieë wat fokus op die ouers se rol in persoonlikheids- en morele ontwikkeling (bv Freud 1925) en Fowler (1981) se geloofsontwikkelingsteorie. Verder word Kolhberg (1976) se morele ontwikkelingsteorie en Piaget (1953) se kognitiewe ontwikkelingsteorie benut.

Die idee dat daar ‘n verband tussen ‘n persoon se geloof in God en sy of haar gesin bestaan, is reeds deur Aristoteles (ongeveer 350 v.C.) na vore gebring (kyk Day 1975:172). Freud (1927:34-37) het hierop gebou. Ana-Maria Rizzuto (1979:15; 91; 202; 208) lê spesifiek 'n verband tussen mense se Godsbeeld en hulle verhouding met hulle vader. Die vader blyk ‘n groter rol te hê in die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld en morele waardes as die moeder (Rizzuto 1979:15; 91; 202; 208; vgl Rizzuto 1991:47-60; kyk Day 1975:172).

Fowler (1981) se geloofsontwikkelingsteorie is ontwerp as ‘n meer dimensionele beskrywing van die menslike soeke na sin en waardes vir hulle lewe. Hy het sewe fases vir die ontwikkeling van geloof geïdentifiseer. Hierdie fases is gebaseer op die manier waarop mense met hulleself, hulle omgewing, hulle leefwêreld en met ander omgaan. Geloof is nie net ‘n stel reëls nie, maar gaan oor die manier waarop en die inhoud van wat gedink word. Die sewe fases strek vanaf die eerste maande van kinders se lewe tot in hulle volwasse jare (kyk Brueggeman 1990:243; Putman 1998:195; Burr 2002:139).

Fowler se teorie is wyd gekritiseer. Sommige kritici het dit teen die feit dat hy geloof as ‘n inklusiewe term gebruik wat alle gelowe insluit. Geen onderskeid word gemaak tussen die Christelike geloof en ander gelowe nie. Ander beskou Fowler se teorie is ook te modernisties, met te definitiewe afbakenings (kyk Dykstra 1986:56; Avery 1992:127; Nelson 1992:63-64; Osmer 1992:141). Volgens Heywood (2008:270) bevat Fowler se model teenstrydighede en is die gestruktureerde, absolute vlakke verouderd. Verdere besware is dat die geloofsontwikkelingsmodel



© University of Pretoria

van Fowler op Westerse insigte en 'n manlike identiteit gegrond en is daarom eksklusief van aard. Dit hou nie rekening met die postmoderne uitdagings soos die individualiteit van mense en die individuele behoeftes van enkelinge nie (Heywood 2008:2). Kinders ontwikkel elkeen teen hulle eie tempo en daarom sal hulle geloof sekerlik ook teen hulle eie pas ontwikkel. Die geloofsontwikkelingsmodel van Fowler (1981) skeer alle kinders as't ware oor dieselfde kam. Ontwikkeling dui op die veranderinge wat persone gedurende hulle leeftyd sal ondergaan (Louw 1994:4). Geloof ontwikkel nie noodwendig by alle persone nie, net soos dit nie teen dieselfde tempo sal ontwikkel nie. Blootstelling aan geloofsisteme en geloofsonderrig is nodig vir kinders se geloof om te begin ontwikkel. Kinders uit verskillende kulture en uit verskillende huislike omstandighede se geloof sal daarom nie teen presies dieselfde pas ontwikkel nie. Tog is Fowler (1981) se model waardevol. Redes waarom Fowler se model vir hierdie studie van waarde is, berus op die in agneming van die ontwikkeling van kinders. Fowler het die ontwikkelingsvlakke wat in aanmerking geneem is vir die model; die teoretiese grondslag van beide kognitiewe as morele ontwikkeling is in aanmerking geneem. Die onderskeie stadia van die model gebruik die ontwikkelingsmylpale as riglyn. Volgens Parker (2009:41) is dit prysenswaardig dat die model vlakke van geloofsontwikkeling differensieer en beskryf eerder as om geloofsinhoud te probeer bepaal (Parker 2009:41). Sy model kan gebruik word om te bepaal op watter geloofsontwikkelingsvlak die individuele kinders funksioneer, sonder om 'n waarde oordeel te fel. Die doel sal wees om te bepaal of en in watter mate geloofsontwikkeling wel by hulle plaasgevind het.

Fowler (1981) het onder andere Piaget (1953) en Kolhberg (1976) se werk gebruik om sy geloofsontwikkelingmodel te ontwerp. Fowler (1991:31) beskryf geloof as 'n "universele eienskap van mense wat betekenis aan hul lewe te gee". Geloof gee betekenis aan die lewe deurdat mense hulle vertroue in 'n persoonlike godheid en/of 'n waardestelsel plaas (Fowler 1991:31). Die stadia van geloofsontwikkeling is volgens Fowler (1981:20-21):

- ongedifferensieerde geloof;
- intuïtief-projektiewe geloof;
- mistiek-letterlike geloof;
- sinteties-konvensionele geloof,



© University of Pretoria

- individualiserend-reflektiewe geloof;
- paradoksaal-konsoliderende geloof;
- universaliserende geloof.

Hierdie model sal later meer breedvoerig bespreek word.

Kolhberg het in 1973 ‘n teorie oor die *morele* ontwikkeling van kinders ontwerp. Alhoewel hierdie teorie gekritiseer word omdat dit nie die verskille tussen die geslagte in ag neem nie maar die manlike benadering tot morele besluitneming as die norm aanbied (kyk Gilligan 1993) en ook uitsluitlik vanuit ‘n Westerse perspektief kom, is dit tog bruikbaar vir hierdie studie. Redes hiervoor is dat Kohlberg die verband tussen kognitiewe ontwikkelingstadia, morele beredenering en morele gedrag bevestig. Verder het hy die invloed wat ouers op hulle kinders se gedrag en ontwikkeling het, onderskryf. Volgens hierdie teorie vind kinders se morele ontwikkeling in drie fases plaas: eerstens op ‘n pre-konvensionele vlak; tweedens op ‘n konvensionele vlak en laastens op ‘n post-konvensionele vlak.

Die *pre-konvensionele fase* strek vanaf geboorte tot op ongeveer nege jarige ouderdom. Tydens hierdie fase is kinders op hulleself gefokus. Twee aspekte word in hierdie fase onderskei: eerstens gedrag waarmee kinders straf probeer vermy en tweedens word die vervulling van hulle eie behoeftes as goed en aanvaarbaar beleef (Kolhberg 1976:43). Die *konvensionele fase* strek vanaf ongeveer negejarige ouderdom tot adolessensie. Die fokus verskuif nou vanaf die self na die ander. Tydens hierdie fase begin kinders verstaan wat van hulle verwag word deur ouers en onderwysers en pas hulle gedrag aan sodat hulle aan die verwagtinge kan voldoen (Kolhberg 1976:44). Die *post-konvensionele fase* word tydens die volwasse jare bereik. ‘n Hoër vlak van moraliteit word nou moontlik. Sommige volwassenes verstaan dat verskille groepe en individue verskillende opinies, gelowe of waardes kan hê en respekteer dit so. Moraliteit word verstaan as die handhawing van ‘n persoon se eie waardes. By sommige persone lei dit tot die beoordeling en veroordeling van ander, omdat ander se gedrag aan die eie waardestelsel gemeet word (Kolhberg 1976:45).

Kognitiewe ontwikkeling is vir hierdie studie van belang omdat alle ander ontwikkelingsterreine afhanklik is van kognitiewe funksionering. Jean Piaget (1953) word beskou as die baanbreker op die gebied van veral die kognitiewe ontwikkeling van kinders. Voor Piaget (De Witt 1994:12; kyk De Witt 2014:13-16) is aanvaar dat



© University of Pretoria

kinders beperkte breinkrag het en nie selfstandig kan dink om idees en opinies te vorm nie. Hierdie studie gaan van die uitgangspunt uit dat kinders self kan redeneer, logies dink en besluite neem, hoewel anders as volwassenes (kyk Inhelder en Piaget 1958:337). Piaget (1953:7-22) se teorie identifiseer fases van kognitiewe ontwikkeling. Dit fokus op die progressiewe proses van ontwikkeling van die brein. Modellering van gedrag is ‘n bewustelike kognitiewe vaardigheid wat kinders aanwend om sin van hulle omgewing te maak.

Piaget (1972:20) se model word kortliks hier verduidelik en word later in die studie verder uitgewerk. Die vier fases van ontwikkeling is: die sensoriese fase (geboorte tot en met twee jaar), die pre-operasionele fase (twee tot sewe jaar), die konkreet-operasionele fase(sewe tot elf jaar) en die formeel operasionele fase (elf jarige ouderdom tot adolessensie). Elkeen van hierdie fases word verder onderverdeel (kyk De Witt en Booysen 1994:13-16; Sonnekus en Ferreira 1986:150-157). Die groep kinders wat aan hierdie ondersoek deelneem funksioneer op die *pre-konvensionele fase* (Kohlberg) en op die pre-operasionele fase (Piaget). Volgens Freud (1925:614-620) se Gestruktureerde Persoonlikheidsmodel funksioneer die onbewuste reeds van geboorte af. Die grondslag vir 'n kind se emosionele en kognitiewe ontwikkeling word gelê in interaksie met betekenisvolle persone in die kind se lewe. Freud (1925) het die mening gehuldig dat slegs die ouers en gesin veral in die eerste vyf jaar van 'n kind se lewe die grootste impak op sy persoonlikheid het. Die kinders wat vir hierdie studie ter sake is, se morele ontwikkeling mag gebrekkig wees, weens die gebrekkige verhouding met hulle ouers. Die onbewuste registreer verwerping as negatiewe element en ervaar die ouers as ontoereikend. Die morele ontwikkeling word geknou. Kinders se Godsbeeld hou verband met hulle morele ontwikkeling.

Die doel van hierdie studie is om met behulp van kwalitatiewe navorsing die Godsbeeld en verhouding met God van ’n geselekteerde groep kinders, tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar te ondersoek.Die empiriese metode van ondersoek sal bestaan uit gestruktureerde een-tot-een onderhoude. Die metode vir die insameling van data is gekies omdat dit geskik is daarvoor om die teikengroep se belewing, idees en denke oor die onderwerp na te speur (kyk Greef 2009:296). Die soepelheid van die metode maak dit geskik vir gebruik met kinders. Deur onderhoude te voer, kan die ondersoeker moontlik ook meer inligting bekom as wat voorsien is. Kinders sal aangemoedig word om meer te sê oor die betrokke sake sodat in-diepte



© University of Pretoria

data bekom kan word (kyk Greef 2009:292). Die studie ondersoek ‘n fenomeen wat op emosionele vlak ervaar word en daarom kan dit vir kinders moeilik wees om daaroor te praat. Semi-gestruktureerde onderhoude sal die doel van die ondersoek die beste dien, naamlik om agtergrondinligting in te win. Dit sal die ondersoeker in staat stel om met omsigtigheid en empatie met die kinders in hulle omstandighede om te gaan .

Met behulp van kwalitatiewe narratiewe onderhoudvoering word na die verhale van die kinders geluister en temas wat verband hou met die fokus van hierdie studie, geïdentifiseer. Ook vanuit ‘n interpretatiewe paradigma word gewerk. Die doel van hierdie onderhoude is om die ervaring en belewenisse van die deelnemers te verstaan en insig te verkry in hoe hulle betekenis toeken aan die ervaring (kyk Greef 2009:292-293). Die doel is om die Godservarings van ‘n geselekteerde groep kinders binne ‘n spesifieke sosiale konteks wat blootgestel word aan ‘n vaderfiguur wat ‘n negatiewe voorbeeld stel en ‘n gebrekkige rolmodel vir hulle is, beter te verstaan. Die kwalitatiewe benadering het spesifiek ten doel om die respondente binne hulle sosiale konteks te verstaan. Data word holisties geïnterpreteer (kyk Fouché en Delport 2009:74). Hierdie kenmerk van kwalitatiewe ondersoek is vir die studie van besondere belang, aangesien met kinders waarvan die meeste op die een of ander manier getraumatiseer is, omgegaan word. Die doel is dus om die sosiale milieu en die betekenisse wat mense aan hulle alledaagse ervaring heg, te begryp.

Die data wat verkry word, sal bydra tot 'n beter begrip vir en meer diepgaande insigte ten opsigte van die uitkomste in die lewens van kleiner kinders wat aan die invloed van negatiewe en gebrekkige rolmodelle onderwerp word. Volgens 'n 2002 studie (Richter en Morrell 2006:63) was sowat 57% van Suid-Afrikaanse vaders in die tyd afwesig in hulle kinders se opvoeding (kyk Richter en Morrell 2006:63). Hierdie studie is spesifiek geïnteresseerd in die effek van emosionele eerder as fisiese afwesigheid. Dit ondersoek hoedanig kinders geraak word deur vaders en ander sentrale manlike figure in hulle lewens wat as rolmodel 'n negatiewe eerder as positiewe invloed het.

## 1.7 PROGRAM VAN ONDERSOEK

Die studie bestaan uit ses hoofstukke. In hoofstuk twee word gefokus op die Godsbeeld van klein kinders. Die ontstaan en ontwikkeling van kinders se Godsbeeld



© University of Pretoria

word ondersoek aan die hand van Fowler (1981) se Geloofsontwikkelingsmodel en die werk van Westerhoff (1976). Westerhoff (1976) het 'n geloofsontwikkelingsmodel ontwerp wat spesifiek op die Christelike geloof gegrond is. Westerhoff fokus op die rol wat volwassenes speel in die ontwikkeling van kinders se geloof. Hierdie studie het ten doel om 'n gebrekkige manlike rolmodel te ondersoek, daarom kan Westerhoff se model met vrug gebruik word.

In hoofstuk drie word gefokus op die ontwikkeling van kinders op verskillende terreine. Die Kognitiewe Ontwikkelingsmodel van Piaget (1972), Freud (1925) en Erikson (1968) se ontwikkelingspsigologiese teorieë en Kolhberg (1963) se model vir morele ontwikkeling word benut as teoretiese grondslag vir die studie.

Hoofstuk vier fokus op vaderfigure en ander manlike rolmodelle wat 'n negatiewe voorbeeld is vir kinders in die huis. Onvoldoende ouerskapstyle en die invloed daarvan op kinders, word ondersoek. Die ondersoek van Hoge *et al* (1982:577) wat fokus op ouers se invloed op dogters se geloofsvorming, word benut, asook Larney en Lotter (2005:661-683) se werk ten opsigte van die invloed van ouers op die vorming van kinders se waardestelsel.

Hoofstuk vyf bied 'n beskrywing en interpretasie van die empiriese ondersoek.

Hoofstuk ses word die bevindings van die studie en enkele aanbevelings aangebied.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# GODSBEELD BY KLEIN KINDERS

## 2.1 GODSBEELD

Hierdie hoofstuk fokus op die ontstaan, vorming en ontwikkeling van 'n Godsbeeld by kinders. Die teologiese uitgangspunt is dat mense geskape is na die beeld van God, dat God die Skepper is van alle lewe en dat God bemoeienis maak met God se skepping, insluitende die mensheid as geheel en individuele mense, groot en klein.

Met die term *Godsbeeld* word bedoel: wie God vir 'n persoon is, naamlik hoe die persoon dink oor wie en wat God is, oor geloof en die sin van die lewe. Denke oor God en 'n verstaan van God word gegrond op die idee of "beeld" wat die persoon van God het (Simmons 1974:32). Kinders se Godsbeeld en begrip van geloof wissel na gelang van hulle ouderdom (kyk Dingemans 1991:127). Kinders probeer, namate hulle ouer word, om antwoorde te vind op geloofsvrae. Hierdeur ontwikkel hulle eie waardes, godsdienstige oortuigings en 'n lewensfilosofie (Collins 2005:187). 'n Persoon se Godsbeeld is sy of haar Godsvoorstelling, Godsbeskouing, Godsbegrip, Godsidee of siening van God. Vir die doeleindes van hierdie studie word die term "Godsbeeld" verkies. Kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar se denke is nog konkreet van aard, daarom sal hulle eerder 'n beeld of prentjie van God in hulle gedagte sien as om 'n abstrakte konsep van wie God is, te vorm. Juis vanweë kinders se konkrete denke, is die vorming van 'n Godsbeeld van belang in hulle geloofsontwikkeling. Die beeld wat kinders van God het, bepaal hoe hulle oor God voel, hoe hulle oor God praat en ook hoe hulle in verhouding tot God staan. Namate hulle kognitiewe vermoëns toeneem, ontwikkel hulle begrip oor wie God is (kyk Van Zyl 2007:66).

Op die ontwikkelingsvlak waar die kinders van die ouderdomsgroep wat gekies is vir hierdie studie hulle bevind, dink hulle aan God in terme van dinge wat God *doen*. God maak byvoorbeeld alles. So 'n God is die Skepper, sorg vir mense en is derhalwe die Versorger, help mense en is derhalwe Helper. God is dikwels vir hulle Jesus se vader en Jesus is God se kind (Van Zyl 2007: 46-47). God as Vader en Seun word as twee aparte persone verstaan. Kinders van die leeftyd het egter meesal geen begrip van die Heilige Gees nie sal na God as "Jesus" verwys, ongeag die situasie.



© University of Pretoria

Kinders interpreteer of vertolk God binne hulle konkrete omstandighede, probleemveld, krisis of die lewe waarin hulle hulle bevind. Hulle ontwikkel ‘n bepaalde beeld of voorstelling van hoe God lyk en is (Louw 1999:111). Aangesien die denke van kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar nog konkreet is, maak hulle gebruik van konkrete voorwerpe om hulle gedagtes oor te dra. Kinders se denke hou verband met konkrete dinge wat aan hulle bekend is. God worddikwels vergelyk met ‘n konkrete bekende persoon. So vorm kinders se Godsbeeld. Afhangende van hulle konkrete omstandighede sal sommige kinders se Godsbeeld die wees van ‘n liefdevolle Vader, terwyl ander God as ‘n kwaai man voorstel wat ander wil straf (Benson en Spilka 1973:298). Kinders wat God as liefdevol verstaan, het waarskynlik‘n gesonde selfkonsep,of het ervaring van liefdevolle en gelowige ouers, of albei (kyk Carrier 1965:123-124; Benson en Spilka 1973:299-300).

‘n Studie wat in die 1980’s in Amerika gedoen is, het bevind dat sewejarige kinders reeds 17000 woorde ken, maar self slegs 7000 gebruik (Deist 1991: 26). Dit kan beteken dat selfs al sou kinders ‘n breër begrip en kennis van God hê, hulle nie noodwendig by magte is om dit te verwoord nie. Daarom sou dit nie altyd moontlik wees vir kinders om hulle Godsbeeld akkuraat weer te gee nie. Vir ondersoekers is dit nie altyd duidelik wat kinders met sekere woorde bedoel nie.

Kinders se Godsbeeld word primêr deur hulle ouers beïnvloed (kyk Day 1975:175). So word  ouers se oortuigings oor en perspektiewe op God aan kinders oorgedra. Volgens Vergote *et al* (1969: 79) is kinders se Godsbeeld meer die van 'n vader as die van 'n moeder. Aristoteles het reeds ‘n verband tussen Godsbeeld en ouers gelê, maar dit was Freud wat met sy psigoanalitiese teorie 'n direkte verband gelê het tussen kinders se Godsbeeld en hulle vader. Later in die studie sal aangetoon word hoe van Freud se psigoanalitiese insigte ter sake is vir hierdie ondersoek. Hierdie studie neem dit as uitgangspunt dat daar ‘n verband bestaan tussen kinders se beeld van hulle vader en hulle Godsbeeld. Dit is reeds genoegsaam in bestaande ondersoeke aangetoon.

Omdat kleiner kinders se denke nog nie ten volle ontwikkel is nie, gebruik hulle spesifieke onbewuste tegnieke om kennis in te win en te verwerk (De Wiit en Booysen 1994:51-54). Dit kan beskryf word as ‘n eenheidshandeling. Ses sulke leerwyses kan onderskei kan word. Individuele kinders span soms twee of drie tegnieke gelyktydig in om te leer. Ander kere word slegs een metode gebruik. Soms sal ‘n sekere leerwyse slegs selde gebruik word (Landman 1982:48-51). Hoewel die



© University of Pretoria

kinders onbewustelik ‘n bepaalde metode aanwend om kennis te verkry, is die aktiewe leer wat plaas vind, bewustelik (Sonnekus en Ferreira 1986:107).

Klein kinders leer deur *gewaarwording* en *waarneming* (Sonnekus en Ferreira 1986:115). Klein kinders kan 'n gewaarwording hê wat vaag en onduidelik is. Deur aktief waar te neem en aandag te gee, kan die gewaarwording kognitief verwerk en sin daaruit gemaak word (Sonnekus en Ferreira 1986:115). Waarneming is ‘n beleefde ervaring waardeur sin en betekenis aan die werklikheid toegeken word (De Witt en Booysen 1994:52). Gewoontes wat deur middel van waarneming aangeleer is, moet doelbewus afgeleer word, om dit te kan verander (Dingemans 1991:89).

Vir die verstaan van die Godsbeeld by klein kinders is veral die manier waarop hulle fantaseer en hoe hulle voorstellings maak van dinge, van belang. Wanneer 'n voorstelling gemaak en gefantaseer word, is die waargenome objek nie werklik aanwesig nie, maar word gerepresenteer deur die voorstelling. Voorstelling en fantasering is onlosmaaklik deel van die kinders se ervaringswêreld en verleen inhoud aan wat hulle beleef (Sonnekus en Ferreira 1986:122-123). Om van iets wat nie sigbaar is nie, 'n voorstelling te maak, moet kinders op hulle kognisie sowel as hulle fantaseringsvermoë, verbeelding dus, staatmaak om die onsigbare sigbaar te maak. Dit is dieselfde tegniek wat klein kinders aanwend om ‘n beeld van God te vorm. God is onsigbaar, daarom moet hulle uit hulle ervaringsveld beelde haal, hulle verbeelding inspan en hulle kognisie gebruik om God te kan voorstel. Dit is logies dat kinders bestaande beelde, soos byvoorbeeld van hulle ouers, as rolmodelle sal gebruik.

## 2.2 VERHOUDING TUSSEN FANTASIE EN WERKLIKHEID

Die teikengroep van hierdie ondersoek bereik dikwels hulle mylpaal later as ander kinders. Die rede hiervoor is die agterstand wat opvoeding betref, die gesinsdinamika, onvoldoende sorg en ook die blootstelling aan gebrekkige rolmodelle. Hoe kinders fantasie uitleef en hulle begrip van die werklikheid is van belang vir hierdie studie. ‘n Pionier op die terrein, Charlotte Bühler (1938), het bevind dat kinders deur eksplorasie leer en die aangeleerde kennis toepas in hulle gedrag. Haar insigte met betrekking tot die "realiteitsfase" word vandag nog grootliks gehandhaaf. Sy het uitgewys dat kinders van ongeveer hulle sesde jaar reeds in ‘n mate kan onderskei tussen fantasie en realtiteit en dat hulle stelselmatig die fantasiewêreld agterlaat en meer in die realiteit funksioneer (kyk Sonnekus en



© University of Pretoria

Ferreira 1981:148-150). Tog blyk dit uit latere studies dat ouer kinders steeds in hulle fantasiewêreld leef en dat fantasiespel dae of weke lank kan voortduur (kyk De Witt 2014:136). Veral getraumatiseerde kinders blyk makliker na fantasiespel oor te skakel ten einde hulle omstandighede te kan hanteer. Ook beweeg kinders na fantasiespel wanneer traumatiese gebeure herroep word. Die teikengroep kan as getraumatiseer beskou word vanweë hulle omstandighede. Dit is dus te verstane dat hulle na fantasiespel sal beweeg wanneer hulle onder druk geplaas word.

Fantasiespel skep geleentheid tot probleemoplossing. Spel is by uitstek die wyse waarop kinders hulle wêreld eksploreer. Dit is ‘n medium waardeur ontdek en geskep word. Dit bevorder konsentrasie, ontwikkel redenasievermoë, konstruktiewe sosialisering en empatie. Terwyl kinders speel, vind emosionele katarsis plaas en hulle bemeester angs, konflik, stres en traumatiese ervarings. Fantasering oorskry die grense van die werklikheid, kan as die bron van kreatiewe denke beskou word en speel ‘n belangrike rol in leer. Die gehalte van die fantasering is afhanklik van die rykdom van ‘n kind se ervaringsbesit, aangesien dit nie moontlik is vir klein kinders om 'n voorstelling te maak van iets wat vir hulle totaal onbekend is nie. Sommige kinders kan dit gevolglik moeilik vind om iets in hulle verbeeldingswêreld te skep en het aanmoediging nodig. Wat kinders teken, kom uit drie bronne: hulle *herinnering*, *verbeelding* en *werklikheid* (Schirmacher 2006:108-110). Fantasiespel is altyd teenwoordig by kinders. Daar is geen bepaalde afsnypunt wat ouderdom betref nie (kyk De Witt 1994: 53; 122-125; Malchiodi 1998:20; Frisch 2006:76-77).

Spel betrek ‘n kind in totaliteit. Dit bevorder kreatiewe denke en geheue. Spel is ‘n integrerende deel van klein kinders se lewens (De Witt en Booysen 1994:56). Kinderspel is die boustene vir die leerervarings. Kinders leer deur te speel en beeld hulle ervaringswêreld en denke deur middel van spel uit (De Witt en Booysen 1994:56). Alles wat met kinders gebeur, alles wat hulle sien, hoor, of doen is ‘n leerervaring. Kleiner kinders boots volwassenes na (Du Toit en Kruger 1991:82). Hierdie nabootsing word veral sigbaar in kinderspel. Deur die nabootsing van volwassenes gee kinders uitdrukking aan verworwe kennis. Klein kinders kan nie onderskei tussen goeie of slegte gedrag van volwassenes of dit interpreteer nie. Hulle boots dit na omdat dit as voorbeeld voorgehou word. Tydens fantasiespel kry kinders die geleentheid om verskillende rolle te vertolk. Hoe ouer die kinders is, hoe meer divers sal hierdie spel wees. Fantasiespel is die hoogste vorm van spel (De Witt en Booysen 1994:125).



© University of Pretoria

Benewens die trauma wat gepaard gaan met onverwagte gebeurtenisse soos die dood van 'n ouer of 'n roof, word kinders in disfunksionele gesinne meer dikwels aan trauma blootgestel. Dit sluit in: verbale mishandeling; seksuele trauma; 'n ontoereikende verhouding tussen ouer en kind; fisieke mishandeling; misbruik; verwaarlosing; uitbuiting; ekstreme armoede en dakloosheid; geweld teenoor ander gesinslede; misdaad; dronkenskap en chemiese afhanklikheid. ‘n Disfunksionele of problematiese gesin kan beskryf word as ‘n gesin waarin die liefdesbande tussen ouers en kinders beskadig of gebreek is (Stoop en Masteller 2004:43). Wanneer ‘n klein kind byvoorbeeld toekyk hoe die moeder deur die vader mishandel word, ervaar die kind die aggressie van die vader, geweld, die gespanne atmosfeer, die eie angs en die angs van die moeder. Kinders probeer dan sin maak van wat hulle gesien en beleef het. Hierdie proses word "waarneming" genoem. Die klein kind leer iets uit die ervaring. Traumatiese ervarings word diep ingeëts in kinders en bly hulle lank by.

Kinders boots die waargenome aksies na deur dit te teken, uit te speel of iewers in die geheue te bêre. Kinders wat trauma ervaar, verwerk dit eintlik nooit heeltemal nie. Dit is dan onverwerkte trauma en simptome daarvan sal sigbaar word (Coetzer 2007:1). Die ouers is dikwels ook slagoffers van ‘n disfunksionele gesin en die siklus word bloot voortgesit (Coetzer 2007:1). Gesonde gesinne het die vermoë om na ‘n krisis terug te keer na hulle daaglikse gesonde lewenspatroon, terwyl dit nie by disfunksionele gesinne die geval is nie (Benton 2007:2). In disfunksionele gesinne is die trauma dikwels chronies en kinders word nie konsekwent behandel nie. Die negatiewe patrone van die ouerlike gedrag is dikwels ook aanwesig in die kinders se gedrag (Coetzer 2007:2). Herhalende patrone, met ander woorde 'n dinamika wat van geslag na geslag voortgesit word, veroorsaak latere probleme (Stoop en Masteller 2004:120).

Anna Freud (1967:225-230) het bevind dat kinders deur fantasering en rollespel hulle vrese uitspeel. Kinders boots juis dikwels die persone vir wie hulle bang is, soos ‘n geweldadige vader, na in hulle spel. Daardeur eien hulle vir hulleself die mag toe en ontsnap hulle hulpeloosheid (Freud 1967:225-230; kyk Butler-Bowden 2007:107). Hulle neem die beheer oor en herwin so hulle eiewaarde. Op hierdie werk van Anna Freud is verder gebou en vandag is daar konsensus daaroor dat kinders wat mishandel of aan geweld blootgestel word, dikwels self ook geweldenaars word (kyk Gills 1999:143; Mash en Wolfe 1999:528; Cross-Tower



© University of Pretoria

2002:114; Collins 2005:365). Disfunksionele gedrag soos dwelmafhanklikheid, alkoholisme, seksuele losbandigheid of misbruik word dus dikwels van een generasie na die volgende oorgedra. Kinders word groot binne 'n kultuur van, byvoorbeeld, geweld en aanvaar dit as die norm. Kinders word aan geweld blootgestel, leef dit in spel uit, boots die volwasse rolmodelle na en, wanneer die kinders volwasse is, wend hulle hulle ook tot geweld.

**2.3 ONTSTAAN VAN 'N GODSBEELD**

Kinders word nie met ‘n Godsbeeld gebore nie. Hulle ontwikkel ‘n beeld van God na aanleiding van hulle primêre verhoudings. In die klein kind jare is die primêre verhoudings gewoonlik met hulle ouers. Hieroor is reeds in die vroegste fases van die vakgebied van kinderontwikkeling geteoretiseer. Volgens Bovet (1928:191-200), byvoorbeeld, ervaar kinders aanvanklik hulle ouers as perfek en daarom is ouers kinders se "eerste gode". Soos kinders ouers word, sien hulle hulle ouers se onvolmaaktheid en gebreke raak. Volgens Bovet (1923:198-200) verlang kinders na die volmaakte en verskuif dan hulle fokus weg van hulle ouers en fokus eerder op God. Piaget (1932:13-14) sluit aan by Bovet en fokus spesifiek op die belang van emosie in die ontwikkeling van ‘n Godsbeeld by kinders. Piaget (1932:13) het ouers se rol in die ontstaan van kinders se Godsbeeld beklemtoon. Hy meen dat kinders nie ‘n inherente besef van reg of verkeerd het nie en op hulle ouers vertrou vir leiding (Piaget 1932:13). Later het Elkind (1970:35-36) gefokus op identiteit. Volgens hom is alle mense, kinders sowel as volwassenes, opsoek is na ‘n identiteit. Geloof gee kinders ‘n gevoel van “behoort tot ‘n groep”. In sy klassieke studie oor die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld, bevind Vergote (1969) dat dit aanvanklik geskoei word op die beeld wat kinders van hulle ouers het (hoe die ouers *is*) en eers daarna verder ontwikkel aan die hand van hoe ouers praat en vertel oor God en geloof (wat ouers *sê)* (Vergote 1969:170). Die Godsbeeld geskoei op die ouers noem hy geheuebeelde (*memory images*) en daarnaas word die beelde wat uit die samelewing en kultuur verkry word simboliese beelde (s*ymbolic figures*) genoem (Vergote 1969:170-172). Die gesin vorm dus 'n soort bloudruk of simboliese beeld wat kinders se toekomstige verhoudings sowel as hulle Godsbeeld beïnvloed (Vergote 1969:275). Kinders se Godsbeeld ontstaan daarom na aanleiding van die beeld van die ouers, alhoewel daar invloede van elders kan wees (kyk Day 1975:173). Die Godsbeeld het 'n affektiewe sowel as 'n kognitiewe komponent.



© University of Pretoria

Godsbeelde kan ook verwronge wees en 'n negatiewe uitwerking op kinders hê (kyk Simmons 1974:23-33). So 'n negatiewe Godsbeeld is ook nie net die gevolg van hoe ouers, die gesin en onderrig ervaar word nie, maar word beïnvloed deur die totaliteit van kinders se verhoudings (Simmons 1974:33).

## 2.4 VORMING VAN KINDERS SE GODSBEELD

### 2.4.1 Invloed van ouers

In 'n ondersoek met vier-en-dertig middeljarige persone van albei geslagte, bevind Justice en Lambert (1986:166-167) dat beide mans en vroue se Godsbeeld geskoei is op die beeld van hulle vader. Die studie het aan die lig gebring dat die vroue wat seksueel of fisiek mishandel is deur hulle vader, se Godsbeeld besonder negatief was. Dit het gelei tot die vraag of dit geïsoleerde gevalle was en of dit ‘n algemene verskynsel sou wees dat ‘n vader ‘n bepalende invloed op ‘n kind se Godsbeeld het. Verdere ondersoek het wel ‘n verband aangetoon. Al die respondente (100%) het ‘n vertroebelde verhouding met hulle vader of moeder gehad en al die respondente het ‘n swak of negatiewe beeld van God gehad (Justice en Lambert 1986:170). Simmons (1974:32) verduidelik dat, wanneer die beeld van die ouers vertroebel is deur negatiewe ervarings, dit moeilik sal wees vir mense om ‘n positiewe beeld van God te hê. Dit het geblyk dat die respondente se Godsbeeld reeds as kinders gevorm is en nie beduidend verander het tydens hulle volwasse jare nie. Die ondersoekers kom tot die gevolgtrekking dat die persoonlikhede van die ouers ‘n groter bydrae lewer tot die vorming van die Godsbeeld as mense se blootstelling aan formele kerklike leerstellings.

Die bekende werk van Ana-Maria Rizzuto (1978) oor die Godsbeeld van kinders bevestig die bevinding dat kinders se Godsbeeld in hulle ouerhuise gevorm word en dat hulle die reeds gevormde beeld behou ten spyte van blootstelling aan formele kerklike sienings en leringe (Rizzuto 1979:8). Hulle Godsbeeld word dus nie deur die kerk of geloofsonderrig gevorm nie en word selde herstruktureer deur die kerk (Rizzuto 1979:8). Volgens Coles (1990:2) gebruik kinders hulle familiekonteks en persoonlike ervaring om hulle idees oor God te verwoord. Drie afsonderlike studies oor ouer-kind verhoudings en Godsbeelde is deur Dickie *et al* (1997) onderneem met seuns en meisies tussen vier en tien jaar. Uit hierdie studies blyk dat kinders se Godsbeeld min verander het, maar tog ontwikkel het namate hulle ouer



© University of Pretoria

geword het. Daar was geen aanduibare verskil tussen die Godsbeelde van die twee geslagte nie (Dickie *et al* 1997:42). Die grootste gedeelte van die respondente, naamlik 70% van die kinders, het gemeen dat God meer soos 'n man as soos 'n vrou is (Dickie *et al* 1997:42). Hulle bevestig hiermee Vergote (1969:79) se bevinding dat kinders se Godsbeeld meer vaderlik is as moederlik.

Die aanduiding uit bestaande navorsing is dus dat kinders se Godsbeeld primêr deur hulle ouers se persoonlikheid en voorbeeld gevorm word eerder as deur wat hulle of ander instansies, soos die kerk of skool, die kinders leer. Kinders se Godsbeeld wat sterker op die vader modelleer as die moeder, sal dus meer beïnvloed word deur die optrede, persoonlikheid en leefwyse van die vader as die van die moeder. Die rede hiervoor is waarskynlik die heersende stereotipe in die kultuur en godsdiens van God as manlik eerder as vroulik.

**2.4.2 Invloed van die woonomgewing**

Kinders se ervaring van hulleself, hulle verhouding tot die omgewing en hulle Godsbeeld word mede-bepaal deur hulle leefomstandighede. Uit 'n sosiale perspektief kan gestel word dat mense se waardes en norme negatief beïnvloed word deur negatiewe omstandighede (Crosson-Tower 2002:68). Waar bekostigbare behuising plek moet maak vir winkelsentrums en hoë koste veiligheidskomplekse, waar swak finansiële besluite van ouers gesinne dwing om na laekoste en informele behuising te soek en waar diepgaande armoede bestaan, bevind kinders hulle dikwels in 'n minder positiewe omgewing en word blootgestel aan mense wat nie 'n goeie rolmodel vir hulle is nie. Moeilike omstandighede plaas addisionele spanning op die gesin.

Die ideaal van beter behuising het na die aanbreek van demokrasie vir baie in Suid-Afrika nog nie 'n werklikheid geword nie. Informele nedersettings huisves landwyd sowat sewe miljoen mense. Hierdie situasie gaan nie in die afsienbare tyd verander nie (kyk Van Eeden 2000:1). Faktore wat onder andere aanleiding gee tot die situasie van informele behuising in die land, is onder andere 'n behuisingstekort en ekonomiese probleme (De Witt 2014:309). Probleme ten opsigte van informele behuising sluit die volgende in: gesondheidsrisiko, swak higiëne, veiligheid, haglike leeftoestande, onvoldoende riolering en wasgeriewe. Volgens De Witt (2014:309) woon daar gemiddeld ses persone per huis, maar daar is gevalle gerapporteer waar



© University of Pretoria

tot tien mense in klein informele hutte wat bestaan uit 'n enkelvertrek, woon. Agterplaaspondokke huisves gewoonlik drie tot vier persone (De Witt 2014:309 ).

Die verslag van *Housing Development Agency of South Africa*, genaamd *Informal housing*, wat in 2012 vrygestel is, onderskei tussen spontane informele behuising en eiendoms- en diensskemas (2012:4-5). Spontane informele behuising sluit drie tipes in, naamlik: agterplaaspondokke of krotte; losstaande informele huise of skuilings, algemeen bekend as "plakkerskampe" en verspreide informele huise. Tog moet duidelike onderskeid gemaak word tussen informele nedersettings en plakkerskampe. ‘n Plakker is iemand wat onwettig grond beset en ‘n plakkerskamp per se is dus ‘n onwettige besetting van grond, teenoor ‘n informele nedersetting wat nie noodwendig onwettige besetting van grond is nie (Pienaar en Bouillon 2002: 163).

Met agterplaaspondokke word verwys na houthuise, plankstrukture, sinkplaathutte of selfs woonhuise wat in iemand anders se erf opgeslaan is. Alhoewel die dorpshuis deel van die wettige, formele dorpsgebied uitmaak, is die oprig van sulke pondokke nie wettig nie en vorm nie deel van die formele dorpstruktuur nie (De Witt en Booysen 1995:119; kyk De Witt 2014:309-310). Die bywoners het gewoonlik toegang tot die woonhuis se bad- en toilet geriewe of het toegang tot ‘n buite-toilet en wasbak. Die elektrisiteit word van die woonhuis met verlengingskoorde aangelê of geen elektrisiteit is beskikbaar vir die gesin nie. Die gesin wat in die agterplaaspondok woon, betaal gewoonlik ‘n minimale huur aan die eienaar van die woonhuis.

‘n Paar losstaande informele huise vorm saam ‘n informele nedersetting. Hierdie strukture word opgerig met materiaal soos sinkplate, planke, plastiek, karton, draad, asbesplate, klei, riete en stompe. Geen bad- of toiletgeriewe is beskikbaar nie en meesal is daar ook geen lopende water nie. Elektrisiteit word of onwettig van oorhoofse kabels getap of geen elektrisiteit is beskikbaar nie. Die voorsiening van dienste vind baie stadig plaas. Die vraag na dienste is hoog. Die voorsiening en opgradering van dienste vind eerder by informele nedersettings as by plakkerskampe plaas. Die verskaffing van dienste aan informele nedersettings word dikwels beïnvloed deur die ligging van hierdie nedersettings. Ander faktore wat die verskaffing van dienste beïnvloed, is die digtheid van die informele nedersetting en die grootte van die gemeenskap. Baie van die informele nedersettings, veral op die platteland en in die tradisionele gebiede, is geleë op plekke wat nie oor die



© University of Pretoria

infrastruktuur beskik om die voorsiening van dienste moontlik te maak nie. Veral die voorsiening van water en elektrisiteit is in hierdie gevalle besonder moeilik (Pienaar en Bouillon 2002:171).

Statistiek rakende informele nedersettings in Suid-Afrika is nie bemoedigend nie. Volgens die *Community Survey* van 2007 (HDA 2012:34) het slegs 38% van die inwoners toegang gehad tot krane of lopende water, 42% van huishoudings is van elektrisiteit voorsien en maar 22% het toegang tot ‘n spoeltoilet gehad. ‘n Ondersoek wat ook in 2007 gedoen is, die *General Household Survey 2007,* het onder andere werkloosheid, die beskikbaarheid van staatstoelaes, vervoer na skole, van beskikbaarheid van en vervoer na mediese dienste, asook toegang tot voldoende voedsel ondersoek. Vir die doeleindes van die verslag, dui “tradisionele huise” binne ‘n informele nedersetting op huise wat van tradisionele materiaal soos riet en klei gebou is, asook houthuise (Wendy’s) en hutte. Informele nedersettings sluit wettige nedersettings sowel as plakkerskampe in (HDA 2012:7). Oor werkloosheid word die volgende gerapporteer: 8% van persone wat woon in ‘n kamer, 16% in ‘n huis, woonstel of kamer agter in iemand anders se erf, 26% in ‘n pondok of krot agter in iemand se erf, 32% in informele nedersettings of plakkerskampe, 40% in tradisionele wonings in informele nedersettingsis werkloos (HDA 2012:39). ‘n Verdere 25% persone wat in die huise woon wat deur die staat se Heropbou-en-ontwikkelings-plan gebou en aan die mense voorsien is, is werkloos (HDA 2012:39). Hierdie huise staan algemeen bekend as HOP-huise. Staatstoelaes word ontvang deur 12% van mense wat agter in iemand se erf in ‘n pandok oon, 14% in informele nedersettings en 23% in HOP-huise. Die hoë persentasie van 52 van staatstoelaes word ontvang deur mense wat in tradisionele huise binne die informele nedersetting woon (HDA 2012: 41). Die laer persentasie toelaes aan persone in plakkerskampe kan daaraan toegeskryf word dat hulle immigrante, hetsy wettig of onwettig, is. Baie persone wat in HOP-huise woon, verdien meer as die minimum-loon en is dus nie geregtig op ‘n toelaagnie.

Volgens die verslag gaan 85% oftewel 561 787 kinders tussen vyf en sewentien jaar te voet skool toe. Van hulle loop 483 137 meer as vyftien minute na die skool (HDA 2012:52). Wat mediese dienste betref, het 77% toegang tot ‘n staatskliniek en 14% tot ‘n staatshospitaal. Van hulle bereik 67% hierdie dienste te voet, terwyl 29% van ‘n taxi gebruik maak. Dit neem 79% van die persone langer as vyftien minute om die mediese dienste te bereik (HDA 2012:49).



© University of Pretoria

Inligting oor toegang tot voedsel word vervolgens in tabelvorm weergegee (HDA 2012:43):

*Tabel 1: Die voedsel situasie in informele nedersettings of plakkerskampe:*

| Beskrywing van die voedselsituasie in 2006 in informele nedersettings of plakkerskampe | Agterplaaspondok | Pondok of krot | Tradisionele huis of hut | HOP-huis |
|---|---|---|---|---|
| Kos wat opgeraak het of dae wat daar geen kos in die huishouding was nie | 25% | 29% | 36% | 30% |
| Beperkte kos vir kinders in die huishouding | 24% | 30% | 32% | 37% |
| Onvoldoende kos vir kinders in die huishouding | 22% | 26% | 28% | 31% |
| Kinders wat soms honger gaan slaap het | 19% | 19% | 20% | 24% |

Hoe hierdie inligting ter sake is vir die ondersoek na kinders se Godsbeeld, is dat woon in plakkerskampe, informele nedersettings, agterplaaspondokke, HOP-huise en ‘n kamertjies agter in ‘n erf kinders se milieu vorm wat hulle menslike ervaring op alle vlakke beïnvloed of selfs bepaal. Kinders word geraak deur die omstandighede waarin hulle woon. Behuising en die omstandighede waarin hulle grootword, beïnvloed ook hulle sedelik-normatiewe en emosionele ontwikkeling. Indien gesinne moeilik oorleef, het dit dikwels tot gevolg dat opvoedingswerk agterweë bly. Die gesin is die primêre ruimte waar kinders se basiese liggaamlike, emosionele, sosiale, kulturele en geestelike behoeftesbevredig behoort te word. Hoewel enige gesin van tyd tot tyd probleme ervaar ten opsigte van aspekte soos gesinsverhoudings, die opvoeding van kinders, gesondheid, voorsiening in lewensmiddele en wedywering met die buitewêreld, kan gesinne wat kultureel, geestelik en materieel toereikend toegerus is, alledaagse lewensprobleme meesal bevredigend oplos. Wanneer ‘n gesin hulle in die subkultuur van informele nedersettings bevind, is die gesin saam met die gemeenskap dikwels vasgevang in die uitsigloosheid van die milieu en kom gesinslede se basiese behoeftes soos voedsel, kleding, huisvesting, veiligheid, gesondheid, werksgeleentheid, opvoeding



© University of Pretoria

en onderwys in gedrang. Dit veroorsaak groot stremming op die gesin (kyk Papalia & Olds 1989:194; Brand 1995:83). Onstabiele behuising maak kinders kwesbaar, want hulle voel nie veilig en gekoester nie. Emosionele onstabiliteit in die gesin verhoog deur stresfaktore soos woningnood, werkloosheid en onveiligheid. Gesinslede wat op gespanne voet verkeer, ervaar dikwels interpersoonlike verhoudingsprobleme, kommunikeer swak en vertoon negatiewe gedrag soos aggressie en verwerping (Brand 1995:83).

**2.4.3 Invloed van die gemeenskap**

Verskeie invloede werk mee aan die religieuse vorming van kinders. Die hele gemeenskap dra by tot ‘n kind se opvoeding (Boyatzis en Janicki 2003:252). Die ouer-kind-verhouding bly die mees betekenisvolle verhouding waarbinne kinders gevorm word. Hulle verdere verhoudings word op hierdie ervaring geskoei. Voordat die kind in aanraking kom met die samelewing en blootgestel word aan samelewingsinvloede, leer hulle in hulle ouerhuise hoe om te sosialiseer. Kinders word deur sosiale strukture beïnvloed en leer verder in die gemeenskap hoe om te sosialiseer. Uit die empirisme van John Locke (1690) en die behaviourisme van John Watson (1913) kom die insig dat instellings soos die gesin, die sosiale klas waartoe mense behoort en oorgelewerde kultuurgebruike ’n rol speel in die proses waardeur individue lewenservaring verwerf (kyk Windmiller 1980:4). Indien kinders hulle bevind in ’n lewensituasie wat gekenmerk word deur armoede, onstabiele verhoudings, kultuurkonflik, ‘n lae opvoedkundige peil en ‘n swak woon omstandighede soos oorvol wonings, misdaad en ander sosiaal-patologiese verskynsels, het dit ‘n bepaalde invloed op hulle vorming en welsyn. Indien die manlike rolmodel in hulle lewe self nie daarin slaag om weg te breek uit verslawing of geweldspleging nie, word hierdie wantoestande in die omgewing ook in hulle eie huis aangetref. Hoe hierdie vaders en manlike volwassenes leef en die invloed wat dit op kinders het, moet binne die konteks van die woonomstandighede, woonomgewing, kultuur en gemeenskap waarin die gesin leef ondersoek word (Crosson-Tower 2002:70).

Volgens die ekologiese benadering word individue beskou as deel van, en interaktief met, die omgewing. Die uitgangspunt is dat gedrag altyd in ‘n sekere konteks plaasvind, deur die konteks beïnvloed word en ook die konteks beïnvloed. Gedrag behoort dus nie net as ‘n saak van die individu gesien te word nie, maar as



© University of Pretoria

deel van die gemeenskap (Naidoo *et al* 2003:430). Een van die funksies van die gesin is om waardes en norme aan kinders oor te dra. Waar sosiale verwaarlosing in die vorm van onderdrukking en diskriminasie voorkom, kry kinders nie voldoende geleentheid om met die begeleiding van volwassenes konstruktiewe sosiale vaardighede in te oefen nie. In gemeenskappe waar praktyke soos dwelm- of drankmisbruik as die norm beskou word, sal dit so aan kinders oordra. Indien geweld teenoor kinders en vroue, oneerlikheid, misdaad, bende-bedrywighede, werkloosheid en leeglêery algemeen in 'n gemeenskap voorkom, is dit nie net die ouers wat as rolmodel te kort skiet nie, ook die gemeenskap. Kinders wat in normlose gemeenskappe sonder positiewe waardes grootword, word daagliks aan ongeoorloofde en afbrekende praktyke blootgestel (kyk De Witt en Booysen 1995:154) en raak dikwels self daarby betrokke. Miller (1967:58) beskryf dit soos volg: “They become involved in ‘games’ that are not play, and ‘fun’ that is forbidden”.

Gemeenskappe waar kinders nie net aan direkte bure bekend is nie, maar aan die breër gemeenskap, vorm hegte gemeenskappe waar die volwassenes onderling na mekaar se kinders omsien. Die kinders wat die teikengroep van hierdie studie vorm, is deel van so 'n milieu waar die gemeenskap in die geheel deel het aan hulle vorming en opvoeding. Naidoo *et al* (2003:435) beskryf die implikasies hiervan soos volg: wanneer lede van ‘n gemeenskap voel dat hulle tot ‘n groep behoort en dat hulle belange deur die groep op die hart gedra word en wanneer hulle voel dat na hulle omgesien word, neem die lede hulle onbewustelik dieselfde waardes as die groep aan. Hegte gemeenskappe, net soos hegte gesinne, het egter nie altyd 'n positiewe innerlike dinamiek nie. Kinders wat in hegte gemeenskappe aan ongewensde gedrag blootgestel word, beleef dit van naby. Die ander volwassenes wat tot hulle vorming bydra, is dan negatiewe eerder as positiewe rolmodelle. Die kinders wat in hegte gemeenskappe groot word, voel verplig om die gemeenskap se gedrag na te boots (vlg Orford 1992:222; Naidoo *et al* 2003:430) .

Omdat kinders deel is van ‘n gemeenskap en die gemeenskap hulle vorming op alle vlakke beïnvloed, word vervolgens gefokus op wat spesifiek vir hierdie studie van belang is, naamlik hoe die gemeenskap op kinders se algemene godsdienstige ontwikkeling en spesifiek op die vorming van hulle Godsbeeld inwerk. Gemeenskappe help vorm kinders se Godsbeeld deurdat die gemeenskap ‘n positiewe of negatiewe siening van God openbaar. Kinders boots die gemeenskap se houding jeens God na en ontwikkel later dieselfde siening of benadering as die



© University of Pretoria

res van die gemeenskap (Bjarnason 1998:741). Dit beteken dat die geloofsgemeenskappe ‘n positiewe invloed op kinders sou kon hê (Larney en Lotter 2005:673). Godsdienstige opvattings kan deur kinders gebruik word om sin te gee aan hulle leefwêreld en die werklikheid. Volgens Larney en Lotter (2005:674) help gemeenskapsbetrokkenheid mense om hulle identiteit te vind en dit bied ook 'n raamwerk van sinsamehange wat bydra tot hulle welsyn. So 'n positiewe effek is egter net moontlik indien die gemeenskap as ’n sinvolle eksterne realiteit waargeneem word. As die gemeenskap se rol nie as sinvol ervaar word nie, tree vervreemding in. Dit beteken nie net dat mense van die gemeenskap vervreem raak nie, maar ook dat hulle hulle onttrek aan die gemeenskap (Larney en Lotter 2005:674; kyk Bjarnason 1998:743). Gemeenskaplike godsdiensbelewing kan ’n voorspelbare eksterne realiteit vir kinders wees wat stabiliteit in hulle lewe verskaf. Duidelike grense word ook deur so 'n gemeenskap neergelê. Kinders leer die reëls en hou daarby (Larney en Lotter 2005:674). Sodoende leer kinders 'n konstruktiewe waardestelsel en die norme wat daarmee gepaard gaan, aan.

Kinders beleef God in die wyse waarop hulle ouers teenoor hulle optree. Wanneer ouers kinders liefdevol versorg en ondersteun, sal die kinders God ook as liefdevolle Versorger beleef. Die reëls van die ouerhuis word ook dikwels as gelyk aan die “reëls” gesien (Larney en Lotter 2005:673-674). Wanneer 'n positiewe beeld van God nie deur die ouers of gemeenskap weerspieël word nie, sal die kinders moeilik 'n eie geïntegreerde positiewe Godsbeeld kan vorm.

### 2.4.4 Invloed van die geloofsgemeenskap

Vir kinders is die kerk "Jesus se kerk" of "Jesus se woonplek". Dit is die plek waar hulle van Jesus gaan leer. Op sosiale vlak is die kerk ook die plek waar hulle met vriende sosialiseer en mag speel (kyk Van Zyl 2007:53). Geloofsonderrig werk dikwels volgens 'n uitgewerkte kurrikulum wat ten doel het om sover moontlik die inhoud van die hele Bybel te dek. Die leerplan beoog om die Bybel en Christelike geloofsleer logies en sistematies te behandel, sowel Bybelse inhoude as die Christelike geloofsleer. Deist (1991:4) is 'n voorstander van die benadering dat geloofsondderrig by die kind en sy leefwêreld sal aansluit en nie vanuit volwasse perspektiewe afgedwing behoort te word nie. Hy pleit vir ‘n “ander benadering” (Deist 1991:4), wat daarop dui dat die benadering om sistematies deur die Bybel te werk, nie na wense is nie. De Vries (2001:162) sluit hierby aan en meen dat



© University of Pretoria

geloofsonderrig nie op die kind as sulks fokus nie, maar op die kind se potensiaal om ‘n volwassene te word. Hy wys daarop dat te min klem op kinders en hulle denke, ontwikkeling en potensiaal geplaas word en te veel klem op die inhoud van die onderrig (De Vries 2001:165-167).

Groepe binne geloofsgemeenskappe se siening is dikwels dat geloofsonderrig primêr die funksie van die ouers is. Volgens Nel (1998:22) behoort liefdevolle ouer-kind- verhoudings aan kinders ‘n verstaan te skenk van wie God is. Die tye waarin ons leef, vra volgens Nel (1998:21) besondere sensitiwiteit vir die krisis van families. Hierdie omstandighede van families moet in die kerk se bediening aan, saam met, en deur kinders ten volle verreken word. Geloofsgemeenskappe aanvaar dikwels dat kinders wat eredienste of die kinderbediening bywoon reeds ‘n basiese kennis van God het, terwyl dit dikwels nie die geval is nie. Die bediening aan kinders word op veronderstelde kennis gebou en die kinders verstaan nie die konteks daarvan nie (vlg James *et al* 1998:28; Archard 2004:25-27; Prout 2005:110-111). Wanneer kinders toegelaat word om aktief deel te neem aan die onderrig, sal hulle geloof in God as sinvol beleef (Dingemans 1986:241). Die doel is om kinders in kontak te bring met die evangelie, met Christus, met die kerk en die breër geloofsgemeenskap. Deur kinders aktief te laat deelneem aan die geloofsonderrig kom hulle self aan die woord kom. Kinders ontdek in hulle latere lewe dat hulle eie geloofsoortuigings gevorm is deur interaksie met ander gelowiges. Hierdie benadering laat die fokus skuif van die inhoud na die kind (Pieterse 1993:10).

‘n Sinvolle benadering behoort te fokus op die geestelike ontwikkeling van kinders. Onderrig moet by hulle leefwêreld en hulle probleme aansluit. Die doel is nie in die eerste plek om die kurrikulum by kinders se kognitiewe vermoë aan te pas nie, maar by hulle geestelike behoeftes (Deist 1991:4-5). Aangesien tye verander het en daar dikwels nie met die geestelike behoeftes van kinders rekening gehou is nie, skiet geloofsgemeenskappe se invloed op kinders se morele ontwikkeling en Godsbeeld te kort. In werklikheid speel geloofsgemeenskappe ‘n baie klein rol in kinders se vorming van hulle Godsbeeld speel.



© University of Pretoria

## 2.5 GELOOFSONTWIKKELING

### 2.5.1 Inleiding

Geloof is nie ‘n eenmalige gebeurtenis nie, dis ‘n dinamiese proses wat immer ontwikkel en verander (Dykstra 2005:34, 46). Dis ‘n ervaring eerder as ‘n gebeurtenis. Geloof groei nie soos die kind groei nie. Geloof ontwikkel deur middel van invloede en voorbeelde van buite. Geloof is nie ‘n leer wat geklim moet word nie, maar eerder ‘n pad wat gestap word (Dykstra 2005:35). Kinders word nie as gelowige wesens gebore nie, maar hulle word gebore met die potensiaal om moreel te ontwikkel. Die potensiaal om na God te soek en geloof in God te ontwikkel, is aangebore. Geloof is ’n universele verskynsel en het te doen met die mens se soeke na sin en betekenis (Atkinson 1995:369). Geloofsontwikkeling is die studie wat te doen het met die soeke om geloof beter te verstaan. Kennis van die onderskeie fases van geloofsontwikkeling is nodig om die geselekteerde kinders van hierdie studie te verstaan. Hoe geloof ontwikkel, word vervolgens aan die hand van twee modelle verduidelik, naamlik *Fowler se geloofsontwikkelingsmodel* en *Westerhoff se geloofsontwikkelingsmodel*.

### 2.5.2 Fowler se geloofsontwikkelingsmodel

Fowler het se geloofsontwikkelingsmodel bou op die werk van Kohlberg (1975:671), Piaget (1932:18). Fowler (1981:20-201) identifiseer 7 fases of vlakke van geloofsontwikkeling. Dit word vervolgens bespreek.

- **Vlak 0: Ongedifferensieerde geloof (geboorte tot 2 jaar)**

Hierdie is ‘n pre-vlak wat die grondslag vir latere ontwikkeling vorm. Weens kinders se onvermoë om op hierdie leeftyd te kommunikeer en sinvol en logies te redeneer, word die waarde van so 'n vlak bevraagteken (kyk Parker 2009:42). Fowler (1981:119) meen dat kinders op hierdie ouderdom vertrouensverhoudings op grond van hoe hulle fisies en emosioneel versorging vorm (kyk Erikson 1950).

- **Vlak 1: Intuïtief-geprojekteerde geloof (2-6 jaar)**

Tydens hierdie stadium vind snelle ontwikkeling op kognitiewe, emosionele, motoriese, sosiale, sedelik-normatiewe en persoonlikheidsvlak plaas. Kinders vorm hulle eerste en mees elementêre Godsbeeld deur die betekenisvolle volwassenes in



© University of Pretoria

hulle lewe, waar te neem. Hulle projekteer wat hulle waarneem op God. Hierdie geloofsvorming is intuïtief en instinktief (Fowler 1981:148). Fantasie speel ‘n groot rol in kinderspel en die kinders se belewenis van die wêreld rondom hulle. Daarom is verbeelding, beelde en simbole van belang vir hierdie kinders se ervaring van geloof (Fowler en Dell 2006:38). Hulle vind aanklank by verhale wat goed en kwaad kontrasteer.Die primêre gevoelens, vrees en liefde kan aan religieuse beelde gekoppel word.

Oorsaak en gevolg speel ‘n groot rol in kinders in hierdie vlak se denke en optrede. Vanaf ongeveer vyf jarige ouderdom begin kinders onderskei tussen reg en verkeerd, maar kinders is inherent gehoorsaam en maak die regte keuses waarskynlik bloot om straf te vermy (De Witt 1994:33).

- **Vlak 2: Mities-letterlike geloof (6 tot vroeë adolessensie)**

Kinders raak op hierdie leeftyd besonder bewus van die wêreld om hulle en verstaan oorsaak en gevolg goed (Fowler en Dell 2006:38). Narratiewe help hulle om sin te maak van hulle ervaring en omgewing. Hulle is in staat om situasies te beredeneer en oplossings vir probleme te vind. Tog funksioneer hulle sterk gevoelsmatig. Emosies is nie konstant nie en die uitlewing daarvan nie gelykmatig nie (Fowler 1981:154-161; kyk Van der Merwe 2013:36-37). God word nie persoonlik ervaar nie, maar meer kosmies (Fowler en Dell 206:38-39).

Kinders van hierdie ouderdom hou van orde en glo dat die goeie beloon en die slegte gestraf sal word. Namate hulle ouer word en die einde van die vlak nader, kan hulle geskok word in hulle geloof in God en in die orde van die wêreld, veral wanneer hulle teleurstellings ervaar en geen sin kan maak van oorsaak en gevolg nie (Fowler 1981:159; kyk Van der Merwe 2013:37). Hulle begin besef dat slegte dinge ook met goeie mense kan gebeur. Kinders wat aan geweld of mishandeling bloot gestel word, kan hierdie ontdekking vroër in hulle lewe maak.

In hierdie fase begin kinders onderskei tussen werklikheid en fantasie en begin abstrakte denke uit die tot dusver konkrete denke ontwikkel. Hoewel hulle denke tussen abstrak en konkreet wissel, word alles wat hulle glo letterlik geïnterpreteer (Fowler 1981:161). Geloof en gebeurlikhede word dus steeds meesal letterlik verstaan. Wat die morele betref, is die fokus steeds op beloning en straf, maar nou ook op die bevrediging wat hulle van iets kan kry. Die goedkeuring van ander, veral hulle tydgenote, vir word toenemend belangriker (Van Zyl 2007:78-83).



© University of Pretoria

- **Vlak 3: Sinteties-konvensionele geloof (adolessensie)**

Wanneer kinders vroeë adolessensie bereik, het die portuurgroep 'n groot invloed en hulle ervaar die druk om aan 'n bepaalde groep te moet behoort (Parker 2009:43). Die interpersoonlike aspek van hulle lewe is nou sentraal, hulle is selfbewus en besonder ingestel op ander se optrede teenoor en opinie van hulle (Fowler 1981: 173; kyk Van der Merwe 2013:38). Hulle geloof moet die uitdagings van hierdie leeftyd kan deurstaan. Omdat hulle oop is vir nuwe of opwindende idees, is hulle vatbaar vir verwronge idees oor God en geloof (Fowler 1981:173; kyk Van Zyl 2007:82; Parker 2009:42-44). Parker (2009:43) wys daarop dat adolessente in sinteties-konvensionele daarvan oortuig kan wees dat hulle 'n roeping het en oor-familiêr met God kan wees. Indien die verhouding met 'n geloofsrolmodel, soos 'n jeugwerker of kategeet, vertroebel word, kan hulle dit besonder intens ervaar en selfs as verraad beleef. Geloof word te midde van en ook deur hierdie interpersoonlike verhoudings gevorm. Eie geloofsoortuigings word met die van ander vergelyk en daarby aangepas. Geloof word dus, veral in hierdie fase, gevorm deur die belangegroep waartoe die kind behoort (kyk Endres 2008: 113).

- **Vlak 4: Individuatief-reflektiewe geloof (laat-adolessensie tot vroeë volwassenheid)**

Die hoofkenmerk van hierdie vlak is die besef dat mense verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulleself en hulle eie lewe. Hulle dink dikwels meer krities na oor die lewe en die sin van die lewe (Fowler 1981:177; kyk Parker 2009:43 ). Die vestiging van die eie identiteit onafhanklik van die familie of groep, is sentraal op hierdie vlak. Mense vestig hulle eie waardes en geloofswaardes (Louw 1999:516; kyk Van der Merwe 2013:39). Hulle kyk meer krities na hulleself. Dit bring persoonlike groei mee, maar is ook pynlik aangesien eie waardes en eie identiteit soms verskil van die van die onmiddellike naastes (Van der Merwe 2013:39-40). Eie geloofsisteme en waardes word geëvalueer (Fowler 1981:177). Persoonlike oortuigings ontwikkel en hulle aanvaar verantwoordelikheid vir hulle geloof, wat dit ook mag behels (Fowler 1981:177-178; Louw 1999:516). Die kritiese self-ondersoek wat laat-adolessent en jong volwassenes doen, het die funksie om by 'n persoonlike oortuiging uit te kom.



© University of Pretoria

- **Vlak 5: Paradoksaal-konsolidarende geloof**

Fowler se term *conjunctive faith* word in Afrikaans vertaal deur Endres (2008:113) met *paradoksaal-konsoliderende* geloof, terwyl Louw (2005:426-428) en Van der Merwe (2013:40) die term met *konjunktiewe geloof* vertaal. Konjuktief kan verstaan word as die samevoeging van objekte (Odendal *et al* 1994:565). Fowler noem dat elke mens sy of haar "eie taal praat" (Fowler 1981:185) en hierdie eiesoortige interpretasie van idees lei tot ‘n dieper begrip. Idees word dus nie bloot saaamgevoeg nie, maar geïnterpreteer en geëvalueer. Hierdie studie kies die term "paradoksaal-konsoliderende geloof" omdat op hierdie vlak konflikterende geloofsoortuigings saamvoeg kan word om ‘n dieper geloofsoortuiging te vorm. Paradoksaal dui op die teenstrydigheid van idees (Odendal *et al* 1994:783) terwyl konsolideer verwys na die bevestiging of versterking van iets (Odendal *et al* 1994:566). Geloofsoortuigings wat voorheen dus as onaanvaarbaar of nutteloos ervaar is, kan dus nou by bestaande idees gevoeg word, derhalwe die geloof te versterk (Fowler 1981:185). Op hierdie vlak gaan dit oor volwasse persone, hoewel dit nie soos die vroeër fases aan ouderdom gekoppel is wat weer met ontwikkeling verband hou nie. Volwassenheid is nodig om konflikterende sienings te kan integreer op 'n sinvolle en gesonde wyse. Gelowiges wat hierdie vlak bereik het, het die vermoë om verskillende sienings, stellings, idees, argumente en ontwikkelinge aangaande geloof aan te hoor, te respekteer, te evalueer en te interpreteer (Van der Merwe 2013:40).

- **Vlak 6: Universaliserende geloof**

Die laaste vlak in Fowler se model word deur min gelowiges bereik. Gelowiges op hierdie vlak het sterk transendente morele waardes, 'n visioenêre idee oor byvoorbeeld inklusiwiteit, geregtigheid en 'n wêreld waar uniekheid in verskeidenheid raakgesien word (Fowler 1981:200). Hierdie vlak word gekenmerk deur selfloosheid en 'n diepgaande respek en het waardering vir ander en wat hulle glo. Ras, geslag, ouderdom, politieke ideologieë en geloofstradisies is nie van belang nie (Fowler 1981:200).

Fowler se model is intussen al deur verskeie vakkundiges geëvalueer. Vir Rick Osmer (1990:218) is die bydrae van die geloofsontwikkelingsmodel van Fowler dat dit insig bied in mense se reaksies en hulle proses van tot geloof kom. Hierdie insigte is van belang vir geloofsonderrig want dit toon onder andere hoe en waarom mense



© University of Pretoria

verskillend oor morele aspekte redeneer. Dat Fowler se model geloof aan bepaalde ontwikkelingsvlakke koppel, is vir Gribbon (1993:25), wat meen dat geloof nie aan ouderdom gekoppel kan word nie, onaanvaarbaar. Fowler se model is geskoei op geloof as ‘n waarneembare empiriese verskynsel. Volgens Louw (1999:369) sou 'n postmoderne benadering dit nie eens wees met die idee dat meer oor *geloof* verstaan kan word deur menslike *gedrag* te bestudeer nie.

Fowler reageer op kritiek teen sy model in 'n 2006 artikel waarin hy die dertig jaar dat die model gebruik word, in oënskou neem. Gegewe die vele veranderlikes wat ter sprake is, behoort die model volgens hom nie in isolasie gesien of as 'n absolute aanvaar te word nie (Fowler en Dell 2006:36). Sulke veranderlikes sluit in: motoriese, emosionele en kognitiewe ontwikkeling, asook ras, geslag, die rol van godsdiens-kulturele simbole, betekenisse en gebruike. Fowler (Fowler en Dell 2006:36) wys daarop dat mense nie noodwendig bly ontwikkel van die een vlak na die volgende nie. Volwassenes kan hulleself byvoorbeeld steeds op vlak twee bevind, terwyl kinders of adolessente hulle reeds na vlak vier ontwikkel het. Faktore soos persoonlikheid, volwassenheid en blootstelling aan stimuli sou 'n rol kon speel in of ontwikkeling plaasvind of nie en, indien wel, hoe vinnig dit gebeur. Vir die doeleindes van hierdie studie word die waarde van Fowler daarin gesien dat dit insig verleen in die geloofsontwikkeling van kinders, wat weer verband hou met die ontwikkeling van hulle Godsbeeld.

### 2.5.3 Westerhoff se geloofsontwikkelingsmodel

Westerhoff (1976) se bydrae is op die vlak van teorieë oor die geloofsontwikkeling van kinders asook ‘n geloofsontwikkelingsmodel. Westerhoff (1976) fokus op die invloed wat ander persone op kinders se geloofsontwikkeling kon hê. Juis omdat die invloed van gebrekkige manlike rolmodelle ondersoek word, word die werk van Westerhoff vir hierdie studie gebruik. Hy fokus verder op die ontwikkeling van Christelike geloof. Die model noem hy "geloofsgemeenskapsinkulturasie". Aanvanklik identifiseer hy vier stadia of fases maar verminder dit later na drie. Hierdie studie kies om al vier stadia in te sluit, aangesien die eerste stadium *ervaarde geloof*, juis van toepassing is op die teikengroep. Ervaarde geloof verwys na die geloof wat ‘n kind vanaf geboorte ontwikkel, hoofsaaklik deur betekenisvolle volwassenes na te boots. Die einddoel van geloofsopvoeding is volgens hom geloofsvolwassenheid.



© University of Pretoria

Die proses van geloofsopvoeding hou derhalwe in dat kinders begelei word om die keuse uit te oefen om in ‘n persoonlike verhouding tot Christus te lewe.

Westerhoff se werk verskil van die van Fowler wat verskeie aspekte betref. Eerstens is Fowler se geloofsontwikkelingsmodel universeel, terwyl Westerhoff se model eksklusief op die Christelike geloof gerig is. Tweedens fokus Westerhoff op die rol van die opvoeder of volwassene wat kinders begelei terwyl Fowler fokus op die ontwikkelingsvlakke van die kinders. In hierdie model speel die invloed van volwassenes nie juis 'n rol nie. Hoewel Fowler se model algemeen in kerke toegepas word met hulle kinderbediening, sou Westerhoff se model ‘n ook 'n besondere bydrae kon lewer, veral ten opsigte van die aspek van die invloed wat volwassenes op kinders se geloofsvorming. Dit is juis hierdie aspek van sy model wat van besondere belang is vir hierdie studie. Die fases van Westerhof (1976) se model is die volgende:

- **Ervaarde geloof**

Die eerste fase strek vanaf geboorte tot en die vroeë kinderjare wanneer kinders aktief deelneem aan geloofsaktiwiteite, sonder om noodwendig te verstaan waarmee hulle besig is. Volwassenes of ander kinders of jongmense word nageboots. Dit laat die kinders voel deel van die groep, wat vir hulle 'n aangename ervaring is. Hulle identifiseer nie noodwendig die groep as 'n *geloofs*gemeenskap nie.

- **Geaffilieerde geloof**

Namate kinders ouer word, begin hulle meer met die potuurgroep as met volwassenes identifiseer. Dit is die fase van die laat kinderjare en vroeë adolessensie. Die gevoel van deel wees word byvoorbeeld ervaar in die kategesegroep, die kinderkerk of jeugaksie. Die gedrag van die groep word nageboots. Die goeie gevoel wat dit vir hulle meebring, staan steeds sentraal.

- **Soekende geloof**

Laat-adolessente begin krities dink. Hulle bevraagteken stellings en waardes. Hierdie kritiese denke is van groot belang virdie ontwikkeling van geloof omdat wegbeweeg word van gemeenskaplike geloof na persoonlike oortuiging. Dan eers kan geloof werklik toegeëien word. Die jongmense kan begin verstaan waaroor die geloof in God gaan, teologiese kwessies begryp en die betekenis van die geloof vir hulle eie



© University of Pretoria

lewe insien. In hierdie fase word wegbeweeg van die goeie gevoel wat aanbidding bring en na kennis gestreef. Kinders vra in hierdie stadium: wat glo ek?

- **Persoonlike geloof**

Die laaste fase van Westerhoff word "persoonlike geloof" of "volwasse geloof" genoem. Dit is wanneer mense nie meer vra wat hulle glo nie, maar weet wat hulle glo. 'n Soekende geloof groei in 'n persoonlike geloof. Dit kan in vroeë volwassenheid bereik word. Persone wat hierdie fase bereik, het vaste oortuigings en het 'n sterk, persoonlike verhouding met God opgebou.

Westerhoff se eerste werke fokus op 'n evaluasie van die opvoeding en onderwys van sy tyd. Die Dewey stelsel van 1916, wat bestaan uit slegs die formele onderrig van alleenlik akademiese kennis en waar geen tyd ingeruim word vir informele leergeleenthede nie, is volgens hom uitgedien. Vir Westerhoff (1970:50-54) is dit nie swak onderwys wat die probleem is nie, maar die kurrikulum self. Sy doel was nie om 'n geloofsontwikkelingmodel te ontwikkel nie (Westerhoff 2000:xiii), maar om 'n oplossing te soek vir 'n "gebroke ekologie". Volgens hom is die tradisionele gesin, skool, kerk en die breër samelewing onherroeplik verander deur 'n pluraliteit van godsdienstige en sekulêre oortuigings. Dit het gelei tot 'n gebroke ekologie (Westerhoff 1976:13). In 'n poging om 'n oplossing te bied, beskryf hy in sy boek: *Will our children have faith?* (Westerhoff 1976), hoe kinders tot geloof gebring kan word deur "inkulturasie". Die term benoem die sosialiseringsproses waardeur iemand nie net "aanpas" by die kultuur nie, maar geheel en al deel word daarvan. Kinders word gewoonlik as die passiewe leerders van waardes, normes, idees en doelwitte gesien. Die bedoeling van sy inkulturasiemodel is dat kinders kultuurwaardes nie net aan kinders "oorgedra" word nie, maar dat hulle sal deelneem aan die vorming, evaluering en verbetering daarvan (Westerhoff 1976:80). Inkulturasie is 'n proses waar persone van alle ouderdomme as gelykes met mekaar in interaksie tree (Westerhoff 1976: 80). Almal neem deel aan die interaksie vanuit hulle eie ervaring en agtergrond.

Op die terrein van die geloof tree mense by uitstek met mekaar in interaksie in die liturgie. Kinders wat leer om die liturgie van die Christelike lewe te verstaan, word so voorberei om aktief, opreg en bewustelik deel te neem aan geloofsgemeenskap (Westerhoff 1980:17). Deur ritueel vertel mense hulle verhale. Waar ouers en kinders saam aanbid en saam sing, leer kinders geloof (Westerhoff 2000:58). Ook Hanekom



© University of Pretoria

(2000:57) beklemtoon die belang rituele. Volgens hom help dit kinders om te verstaan waarom sekere dinge op sekere maniere gedoen word en wat verskillende handelinge, soos sakramente, beteken (Hanekom 2000:57). Religie is oor die eeue deurgegee van geslag tot geslag deur gebruik te maak van rituele, simbole en die vertel van mites en legendes omdat simbole en rituele mense toegang gee tot werklikhede wat nie anders maklik gekommunikeer kan word nie (Hanekom 2000:57).

Wat geloofsonderrig of kategese betref, identifiseer Westerhoff (2004:80-100) die volgende sewe aspekte:

- Dit bestaan uit die twee verwante prosesse van vorming en opvoeding.
- Dit sluit die aspekte van versorging en bekering in. Daarmee saam gaan aanvaarbare gedrag, reëls vir die geloof, aanbidding en kennis van die Christelike leer.
- Dit is ‘n proses, ‘n sirkelgang van konkrete ervarings, deelname en refleksie.
- Die inhoud van die kategese moet korreleer met die vlak van kinders se gereedheid, eerder as dat sekere inhoude op sekere tye onderrig word. Inhoud moet gepas wees vir die kinders se ouderdom.
- Wanneer kategese voltooi is, behoort die kinders reeds ‘n leefstyl ontwikkel het. Dit sluit in dat hulle denkende sal omgaan met lewenservarings, goeie keuses sal uitoefen en empatie met ander sal hê.
- Dit is ‘n persoonlike pelgrimstog van die kinders saam met die gemeente.
- Dit behoort aan te sluit by die liturgiese lewe van die geloofsgemeenskap.

Die geloofsgemeenskap vervul nie net die rol van formele prediking nie, maar speel ook ‘n rol in die opvoeding en onderrig van kinders. Die gemeente is die opvoedende gemeenskap. Verskuilde agendas in gemeentes het dikwels ‘n groter invloed op kinders as die formele leerplan van die kategese (Westerhoff 200:15). Deur middel van effektiewe morele vorming van mense in die geloofsgemeenskap kan die kerk daartoe bydra dat die gebroke ekologie herstel kan word. Kerke behoort volgens Westerhoff (1983:258) die primêre sosiale bymekaarkomplek vir kinders te wees want die geloofsgemeenskap is by uitstek die plek waar kinders leer om te sosialiseer, vriendskapsbande te sluit, kennis te verwerf en hulle geestelike waardes



© University of Pretoria

daadwerklik uit te leef. Binne die veilige ruimte van die geloofsgemeenskap kan kinders lewensvaardighede aanleer en toegelaat te word om foute te begaan. Gemeentes behoort hulle taak as gemeenskap waarin kinders se geloofsvorming plaasvind, met groter erns en verantwoordelikheid te bejeën en doelbewus na te dink oor die invloed daarvan op kinders (vgl Grobbelaar 2008:465). Gemeentes behoort 'n uitgebreide familie te word, waarin die waarde van beide volwassenes en kinders gerespekteer word. Dit kan slegs gebeur as die kinderbediening so ingerig word dat sinvolle interaksie moontlik is tussen kinders en volwassenes. Volgens Grobbelaar (2008:441) behoort kinders deel te hê aan alle fasette van die gemeente en behoort nie aan die rand van die geloofgemeenskap te funksioneer nie. Met die term "tussen-gemeenskap" dui Westerhoff (2004:9) daarop dat die ideaal is dat die kerk die skakel tussen die gesin en die breër gemeenskap sal te wees.

Die doel van geloofsopvoeding, onderrig en geestelike begeleiding is om kinders tot geestelike volwassenheid te lei. Dit is nie 'n proses wat outomaties plaasvind waar kinders aan Christelike waardes en lering blootgestel word nie. Aktiewe deelname aan die geloofslewe is nodig sodat kinders, namate hulle ouer word en hulle kognitiewe vaardighede verder ontwikkel, sodanig ingeoefen sal wees in 'n Christelike lewe dat hulle ingeligte besluite rakende hulle geloof kan neem. Kinders behoort aktiewe deelnemers in die geloofsgemeenskap te wees en behoort self die keuse te kan maak om God te aanbid (kyk Westerhoff 1976:21-22; 2000:21; Deist 1991:71-81; Hanekom 2000:88-94).

Westerhoff verkies die metafoor van geloofsopvoeding as 'n pelgrimstog. Geloof en geloofsontwikkeling is 'n moeisame pad wat saam aangedurf behoort te word. Dit verg durf en moed om dit enduit te stap. Een tree volg op die ander totdat die einde bereik word. Hierdie metafoor laat ook ruimte vir die betrokkenheid van die Heilige Gees by die pelgrimsreis. Dit verg tyd, geduld, liefde, versorging en deursettingsvermoë om kinders geestelik te versorging. Die proses vind oor jare plaas. As die grondslag nie goed gelê word nie, kan daar nie verder gebou word nie. Kinders kan nie 'n persoonlike keuse vir Christus maak as hulle nie eers 'n soekende geloof ondervind het nie. Daaruit groei geestelike volwassenheid, wat kennis en 'n standvastige geloof behels (Westerhoff 1981:299-302).

Verdere aspek wat Westerhoff se idee van geloofsinkulturering ondersteun, is die verskynsel van modellering en nabootsing. Nabootsgedrag word reeds vanaf 'n jong ouderdom by kinders aangetref. Volgens De Witt (1994:14) kan die eerste



© University of Pretoria

tekens van doelbewuste nabootsing van volwasse gedrag reeds op die ouderdom van vier maande by kinders waargeneem word. Hoewel 'n groot verskeidenheid faktore kinders se geloofsontwikkeling beïnvloed, is modellering deur belangrike volwassenes in die kind se lewe waarskynlik een van die wat die swaarste weeg. Hanekom (2000:32) beklemtoon die belangrikheid van die voorbeeld wat volwassenes stel, omdat kinders nie net hulle voorbeeld volg nie, maar ook die volwassene se geloofgetuienis aan hulle gedrag aflees. Sodoende beïnvloed die voorbeeld wat volwassenes stel, die beeld wat kinders in hulle ontwikkelingsproses besig is om van God te vorm.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS VAN VYF TOT AGT JAAR

## 3.1 INLEIDING EN VERHELDERING VAN TERME

Wannneer die ontwikkelingsproses van kinders, die invloede van hulle opvoeding en omgewing, asook oorerwingsfaktore in ag geneem word, is dit duidelik dat kinders komplekse wesens is. Kerke het vir baie lank nie die ontwikkelingsproses van kinders in aggeneem wanneer kinderdienste of geloofsonderrig geskied het nie. Kerke het die kompleksiteit van kinders en hulle geestelike behoeftes ontken of misverstaan.

Postmoderniteit kan gesien word as ‘n oorgangsfase vanaf eksklusiwiteit na globalisering (Hermans 2003:53). Die uitdaging vir die praktiese teologie, en die kerk as sulks, is om die skuiwe wat binne-in die denkkultuur moet kom, moontlik te maak. Hierdie skuiwe behels die verandering van denke rakende kinders. Kinders moet gesien word as denkende, leergierige en aktiewe lidmate, sodat die leerinhoud by die kinders se behoeftes kan aanpas. Die veranderende patroon van onderrig binne-in die kerk  gaan nie net individue beïnvloed nie, maar kan uitkring om die breër gemeenskap te raak. Praktiese teologie het die taak om die eietydse gees en lewensgevoel van die samelewing te interpreteer. Alhoewel globalisering aanvanklik vreemd is vir kerke om te interpreteer, kan verandering en vernuwing steeds plaasvind  gemaklike manier plaasvind (vgl Hermans 2003:335). Verandering word bewerkstellig deur op ‘n innoverende manier die huidige denkpatrone en tradisies geleidelik met ‘n nuwe kultuur te vervang.

Tydens die apartheidsera in Suid-Afrika (1948-1994) het groot verskille, met betrekking tot opvoedings- en onderriggeleenthede; toegang tot hulpdienste; regte en geleenthede, tussen die kinders van verskillende kulture ontstaan. Dit het negatiewe opvoedkundige en verwante invloede op die langtermyn gehad. Kinders het min regte gehad en kinders van kleur is dikwels geleenthede ontsê op grond van ras. Een van die eerste dinge wat die nuwe demokratiese regering van Suid-Afrika gedoen het, was om kinderregte te bevorder. In 1996 het Suid-Afrika die VN se konvensie oor kinderregte onderskryf (Louw en Louw 2014:6). Deur hierdie konvensie te onderskryf het die Suid-Afrikaanse regering hom verbind tot die bevordering, maar ook tot die toepassing van kinders se regte. Kinders van verskillende kulture word egter in die praktyk steeds verskillend behandel. Dit is die taak van die kerk om toe te



© University of Pretoria

sien dat alle kinders billik behandel word en die geleentheid sal kry om binne ‘n geloofsgemeenskap op te groei.

In hierdie hoofstuk word gebruik gemaak van die insigte uit die ontwikkelingspsigologie. Enkele terme wat benut sal word, word vervolgens verhelder:

- **Ontwikkeling**

“Ontwikkeling” dui op ‘n reeks veranderinge wat oor ‘n tydperk plaasvind. Dit begin by bevrugting en duur tot en met die afsterwe van die organisme (De Witt en Booysen 1994:1).Volgens Louw (1994:4) dui ontwikkeling op al die veranderinge wat persone tydens hulle lewe sal ondergaan. In die geval van menslike ontwikkeling, verskil die ontwikkeling van kind tot kind. Verskeie faktore, hetsy ekstern of intern, beïnvloed hierdie verandering. *Eksterne faktore* sluit in: opvoeding, onderwys, sosio-ekomomiese omstandighede, voeding, huislike onstandighede, behuising en versorging. *Interne faktore* kan onderskei word in genetiese en nie-genetiese faktore. Genetiese faktore dui op oorerflikheid, soos byvoorbeeld die geneigdheid tot vetsug. Nie-genetiese interne faktore dui op probleme tydens die swangerskap of geboorte; siektes wat die moeder aan haar ongebore kind oorgedra het, of gestremdheid as gevolg van dwelms, alkohol of medisyne wat die moeder gebruik het (Kapp 1991:253; vgl Steenkamp en Steenkamp 1992:1-4; Alvy 1994:23). Die eksterne en interne faktore word later in die studie volledig bespreek.

Vir die doel van hierdie studie word die term “ontwikkelingsvlak” gebruik, om die vlak aan te dui waarin kinders op ‘n gegewe tydperk in hulle lewe funksioneer. “Ontwikkeling” dui op ‘n geleidelike, maar waarneembare proses waardeur kinders gaan.

- **Ryping**

Die rypingsteorie van Arnold Gesell (1913:11-16) het ‘n beduidende invloed gehad op die teorieë van ontwikkeling. Volgens hom is ryping ‘n biologiese proses, wat deur ‘n spesifieke, voorafbepaalde skema binne die liggaam plaasvind (Gesell 1913:11-16; kyk Louw en Louw 2014:17). Ryping vind voortdurend plaas. Dis een van die aspekte van die ontwikkelingsproses (De Witt en Booysen 1994:2). Ryping word veral aan genetiese faktore toegeskryf. Dit impliseer dat die fisiese ontwikkeling van die onderskeie organe en hulle funksionering, deur oorerflikheidsfaktore beïnvloed



© University of Pretoria

word (Gouws *et al* 1979:264). Volgens Meyer (1990:6) is ryping die gewone geneties-bepaalde ontwikkelingsplan wat nie deur omgewingsfaktore beïnvloed word nie. Voeding speel byvoorbeeld hier geen rol nie. Geneties-bepaalde ontwikkeling het te doen met veranderinge soos: motoriese ontwikkeling (byvoorbeeld staan en loop); die volgorde waarin tande uitkom en veranderinge in die liggaamlike proporsies (Meyer 1990:6).Voorts word ryping gedeel in die proksimodistale en sefalokoudale ontwikkelingsfases. Volgens die proksimodistale ontwikkelingsfase ontwikkel die liggaam motories vanaf die sentrale liggaamsas, die ruggraat, na die ledemate. Die arms en bene sal dus voor die individuele vingers of tone kan beweeg. Die sefalokoudale ontwikkelingsfase bepaal dat 'n organisme vanaf die kop na die stertkant, dus onderste punt van die rugstring, ontwikkel. Die nekspiere sal eerste ontwikkel, en die vermoë om te staan en te loop, laaste (De Witt en Booysen 1994:2; kyk De Witt 2014:5).

- **Groei**

Van al drie die kinderontwikkelingskomponente, is "groei" die mees waarneembare. Ryping en ontwikkeling kan dikwels ongesiens verbygaan. Groei verwys na die kwantitatiewe verandering in kinders, wat 'n toename in lengte, gewig, grootte en struktuur meebring (Hurlock 1980:22). Volgens De Witt (1994:2) dui "groei" op die wyse waarop die biologiese en liggaamlike strukture in grootte en kompleksiteit toeneem, asook die verandering van liggaamsfunksies wat die groter liggaam ondersteun.

Alhoewel sekere algemene eienskappe in alle dimensies van groei waargeneem kan word, groei individue teen hulle eie tempo. Groei vind agtereenvolgend plaas: die volgende fase kan nie bereik word alvorens die vorige fase bereik is nie. Met ander woorde: die vermoë die om lees kan nie ontwikkel voordat die vermoë om verskillende klanke te sien en te hoor, ontwikkel het nie (Smart en Smart 1969:631; vgl Gallahue 1982:11-12; De Witt 1994:2). Genetiese faktore speel 'n rol wat betref liggaamsbou, gewig en lengte. Tog, anders as by ryping, speel eksterne en sowel as die nie-genetiese interne faktore 'n rol met betrekking tot groei.

Die drie kinderontwikkelingskomponente verskil van mekaar, maar is interafhanklik van mekaar: groei kan nie plaasvind sonder ryping nie en ewe-eens



© University of Pretoria

kan ryping nie plaasvind sonder groei nie. Soms is die komponente so vervleg dat geen duidelike onderskeid tussen dit gemaak kan word nie.

## 3.2 INVLOEDE OP ONTWIKKELING

### 3.2.1 Interne faktore

Interne faktore is faktore binne kinders self wat hulle vermoë of gestremdheid bepaal. Kinders word gebore met sekere oorgeërfde eienskappe soos lengte, kleur van hare en oë, bloedtipe en gelaatstrekke. Kinders kan egter ook sekere siektes oorerf. Dit is dus nie slegs fisiese attribute wat oorgeërf word nie, maar ook attribute wat beperkend kan inwerk op die normale ontwikkeling van kinders (Steenkamp en Steenkamp 1992:2). In ‘n poging om selfs ten opsigte van oorerwing voorkomend op te tree, is gesinsbeplanningsprogramme en genetiese voorligting deesdae beskikbaar (Berkson 1993:69).

Tydens swangerskap ontwikkel ‘n enkele eiersel wat bevrug word as sigoot, later in ‘n embrio en later in ‘n fetus. Hierdie ontwikkeling duur ongeveer veertig weke. Die verandering en ontwikkeling vind baie vinnig plaas deur middel van chemiese en hormonale fluktuering. Omdat hierdie ontwikkeling so vinnig plaasvind, is die organe wat deur oorerwingsfaktore geraak word, besonder kwesbaar (Berkson 1993:70). Die ontwikkelingstadia kan onderskei word in die prenatale, perinatale en postnatale fases. Tydens al die fases is daar faktore wat tot beperkinge in kinders kan aanleiding gee. Die fases en beperkings word vervolgens kortliks bespreek (Krüger *et al* 1999:9-13):

- **Prenatale fase**

Die prenatale fase verwys na die tydperk vanaf bevrugting tot net voor die geboorte. *Genetiese faktore* dui op oorerflikheid. Dit kan insluit: ‘n geneigdheid (bv tot vetsug), ‘n siektetoestand (bv hartsiektes, hoëbloeddruk en cholestrol), ‘n gestremdheid (bv soos blind- of doofheid) en intellektuele vermoëns. *Genetiese afwykings* verwys na enige siekte of sindroom wat van geslag tot geslag oor gedra word (Kapp 1991:253; vgl Steenkamp en Steenkamp 1992:1-4; Alvy 1994:23). Voorbeelde van genetiese afwykings is albinisme, kleurblindheid, spierdistrofie en hemofilie (kyk Van Elfen en Du Toit 2001:212). ‘n Verdere genetiese faktor is die oorerflikheid van allergieë. Allergieë wat oorerflik is, is onder andere hooikoors, asma, ekseem en ook



© University of Pretoria

gevoeligheid vir medisyne soos penisillien (kyk Van Elfen en Du Toit 2001:16-19). *Genetiese aandoenings* word onderskei van ander genetiese afwykings. Genetiese aandoenings dui op toestande wanneer ‘n enkele faktor ‘n afwyking veroorsaak het (bv Down-Sindroom). Dit staan ook bekend as enkel-faktor genetiese aandoenings. Vir die doel van hierdie studie gaan dit nie volledig bespreek word nie. Twee genetiese faktore wat relevant is vir hierdie studie, naamlik agnese en premature geboorte, word vervolgens bespreek.

*Agnese* dui op ŉ gebrek aan ontwikkeling. Die fetus ontwikkel nie volledig nie en het abnormaliteite tot gevolg. Oorerwing of vroeë destruktiewe prosesse speel gewoonlik ‘n rol (Krüger *et al* 1999:10). Adolessente moeders se babas het ‘n groter kans om voortydig gebore te word en het in die algemeen ‘n laer geboortegewig. Adolessente moeders se liggame en voortplantingsorgane is nog nie volledig ontwikkel nie, daarom het hulle ook ‘n groter kans om aan ‘n baba met sakrale agnese geboorte te gee (Louw en Edwards-Meyer 2011:102). Weens die beperkte ruimte in die baarmoeder, het die fetus nie genoeg plek om volledig te ontwikkel nie.
‘n Nie-genetiese oorsaak van agnese is ‘n onvoldoende hoeveelheid foliensuur in die plasenta (Van Elfen en Du Toit 2001:204; kyk Louw en Edwards-Meyer 2011:102).‘n Hoë inname van foliensuur word vir verwagtende moeders aanbeveel. Weens finansiële probleme, onbekombaarheid van medikasie by die plaaslike kliniek of onkunde, neem moeders dit nie. Dit is nie altyd moontlik om te onderskei tussen geneties oordraagbare agnese en agnese wat deur ‘n nie-genetiese invloed veroorsaak is nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word agnese onder genetiese faktore bespreek. Een van die kinders wat aan die studie deelgeneem het, het ‘n misvormde ruggraat wat volgens mediese rekords vermoedelik aan agnese toegeskryf kan word. Die kind se moeder was ‘n adolessent van vyftien jaar ten tye van sy geboorte.

Wanneer babas by geboorte minder as twee kilogram weeg, word hulle as risiko babas beskou. Daar is ŉ duidelike verband tussen premature babas en gestremdheid gevind. Omdat die bloedvate nog onderontwikkel is en maklik kan skeur, kan bloeding op die brein voorkom. Omdat die skedel nog dun en broos is, kan die brein maklik beskadig word (Krüger *et al* 1999:10). Van Elfen en Du Toit (2001:490) wys daarop dat in veertig persent van gevalle van voortydige geboorte, daar geen mediese toestand by die moeder waargeneem kon word nie. Studies het wel getoon dat moeders wat tabak rook, alkohol gebruik, ‘n adolessent is of groot



© University of Pretoria

hoeveelhede kafeïen inneem, ‘n groter moontlikheid het om aan ‘n premature baba geboorte te skenk (Louw en Edwards-Meyer 2011:120; vgl Krüger *et al* 1999:10; kyk Van Elfen en Du Toit 2001:206).

Agt van die twaalf kinders wat aan die studie deelgeneem het, is prematuur gebore. Die moeders van premature babas word gewoonlik vroeër as die babas ontslaan. Baie van hierdie ouers het nie die finansiële vryheid of geleentheid om die baba gereeld in die hospitaal te besoek nie. Die babas het dus in die algemeen min kontak met hulle ouers. Weens kulturele redes weier die moeders dikwels om die sogenaamde kangeroe-tegniek (Kangaroo mother care oftewel KMC) toe te pas, naamlik om die baba vir lang tye vel teen vel met die moeder te plaas. Die kangeroe-tegniek is vir die eerste keer in 1978 deur dokter Edgar Rey bekendgestel. Studies het getoon dat hierdie metode pasgebore babas se harklop reguleer. Omdat die moeder se vel en reuk vir die baba bekend is, laat dit die baba veilig voel. Hiermee ontwikkel 'n band tussen ma en kind. Sosiale en emosionele ontwikkeling word ook hierdeur bevorder. Babas ervaar stres, wat hulle hartklop en bloeddruk verhoog en suurstof-inname verminder, wanneer hulle vir ‘n langtydperk van die moeder weggeneem word. Die nasionale gesondheidsdepartement het reeds in 1995 voorgestel dat hierdie praktyk in staatshospitale landswyd aangewend word (Bain *et al* 2010:235-238).

*Nie-genetiese faktore* dui op ‘n enkele faktor of verskeie faktore wat die fetus negatief beïnvloed, maar wat nie ‘n oorerflikheidsfaktor is nie. Daar is dus nie ‘n abnormale geen of mutasie in die DNS nie. Enkele voorbeelde word vervolgens kortliks bespreek.

Blootstelling van die moeder aan bestraling kan lei tot breinskade of misvormdheid van die fetus (Krüger *et al* 1999:9). Wanneer die moeder aan mishandeling blootgestel word, kan die fetus ook beskadig word (vlg Louw en Edwards-Meyer 2011:169-171). Gegewe die sosiale omstandighede waaraan die kinders wat aan die studie deelgeneem het, blootgestel is en word, is dit moontlik dat van hulle aan sulke mishandeling onderworpe was. Dit was egter nie moontlik om die vermoede te bevestig nie. Infeksies wat die moeder opdoen tydens swangerskap, soos byvoorbeeld Duitse masels of polio, kan ernstige gevare inhou vir die fetus se ontwikkeling. Gevolge is moontlike blindheid, serebrale verlamming, epilepsie, misvormdheid of breinskade (Kapp 1991:253).



© University of Pretoria

Die Rhesus-faktor is ‘n nie-genetiese faktor wat redelik algemeen voorkom. Dit dui op die onverenigbaarheid tussen die moeder en vader se bloedgroepe. Sou die fetus en moeder se bloed vanweë ʼn defekte plasenta vermeng raak en die fetus se bloedgroep van die moeder s’n verskil, word teenliggaampies in die moeder se liggaam gevorm. Wanneer die teenliggaampies die fetus se bloed bereik, kan ernstige geelsug voorkom. Breinskade, gehoorverlies en ook serebrale gestremdheid kan gevolge van hierdie tipe geelsug wees (Krüger *et al* 1999:10; kyk Van Elfen en Du Toit 2001:204).

Infeksies wat ongebore babas kan aantas, sluit in: rubella (Duitse masels), parotisklierontsteking (pampoentjies), meningitis (breinvliesontsteking), sifilis en herpes genitalis (Van Elfen en Du Toit 2001:204; kyk Louw en Louw 2014:79). Laasgenoemde twee infeksies is albei sekueel oordraagbaar. Hierdie infeksies is vir hierdie studie belang, aangesien ‘n seksueel loslandige lewenswyse ‘n negatiewe rolmodel vir kinders bied. Die teikengroep word blootgestel aan die losbandige gedrag van hulle ouers.

Sifilis kan aanleiding gee tot verskillende abnormaliteite, soos blind- en doofheid, verstandelike gestremdheid en premature geboorte. Tot 40% van moeders met sifilis, se babas sterf. Dit gebeur deur spontane aborsie (miskraam), stilgeboorte of ‘n baba wat kort na geboorte sterf as gevolg van abnormaliteite. Fetusse is die vatbaarste vir infeksies tydens die eerste trimester van die moeder se swangerskap. Met sifilis is die fetus egter tussen vier en vyf maande die vatbaarste vir die infeksie. Die rede hiervoor is dat die aanvanklike buffer wat die plasenta teen die infeksie gebied het, die sifilitiese organismes nie meer kan weerstaan nie. Alhoewel die infeksie die fetus deur die plasenta kan bereik, vind die meeste oordrag tydens die geboorteproses plaas. (Van Elfen en Du Toit 2001:560; kyk Louw en Louw 2014:79).

*Herpes genitalis*, ook genoem *herpes simplex*, tas die vel en senuweestelsel aan. Dit word gekenmerk deur sere en blase op die geslagsorgane. Die infeksie, veral wanneer dit nie behandel word nie, dring deur die plasenta en val die fetus aan. Die gevolg is dikwels spontane aborsie of stilgeboorte. Net soos by sifilis, vind die oordrag gewoonlik tydens geboorte plaas. Die infeksie veroorsaak ernstige breinskade (Louw en Louw 2014:79; kyk Van Elfen en Du Toit 2001:253). Louw en Louw (2014:79) wys daarop dat tot 50% babas van geïnfekteerde moeders die infeksie tydens geboorte opdoen en dat 25% van hierdie kinders ernstige breinskade opdoen. Vroue behoort nie normaal geboorte te gee indien hulle met die herpes-virus



© University of Pretoria

besmet is of vir ten minste twee jaar nadat die infeksie opgeklaar hetnie(Van Elfen en Du Toit 2001:253).

Menslike Immuno-gebreksvirus en Verworwe Immuniteitsgebreksindroom, oftewel MIV en VIGS, bly steeds die mees gevreesde en mees algemene infeksie wat voor geboorte opgedoen word. ‘n Gesonde persoon se CD4 telling is 1200 selle/mm. Sowat twee tot ses weke na infektering daal die telling tot 900 selle/mm. Anti-retrovirale middels dra daartoe by dat die viruslading nie verhoog nie deurdat dit seldeling van die MI-virus onderdruk. Indien die CD4 telling minder as 200 selle/mm is, word daarna as VIGS verwys. Die MI-virus het die liggaam sodanig afgetakel dat omgesit het in VIGS (Morris en Cilliers 2010:89-94). Die moeder kan die virus aan haar fetus oordra, veral as sy nie anti-retrovirale middels neem nie. Die viruslading in die moeder se bloed beweeg deur die plasenta en naelstring en die fetus word aan die virus blootgestel (Van Elfen en Du Toit 2001:402). VIGS takel die immuniteitstelsel van die moeder én baba af en sodoende dring die vigsvirus die plasenta binne (Louw en Louw 2014:78). In so geval sal die kind reeds in die baarmoeder MIV opgedoen het en dus MIV positief gebore word. Volgens Louw en Louw (2014:78) vind minstens 50% van die oordrag van MIV tydens die normale geboorteproses plaas. Die rede hiervoor is dat die moeder se bloed in kontak kom met die baba se bloed wanneer die naelstring van die plasenta skei. ‘n Verder faktor is skeure, barsies of seerplekke van die moeder wat bloei tydens die geboorteproses. ‘n Keisersnee verminder die kans dat die virus aan die baba oorgedra word. Tog is hierdie opsie nie so geredelik in staatshospitale beskikbaar nie en word ‘n keisersnee net in uiterste omstandighede gedoen (Khomanani 2007:37). Verder is daar ‘n duidelike patroon dat premature babas, wat voor 37 weke gebore word, ‘n groter kans het daarop om die virus tydens geboorte op te doen (Coovadia 2010:205). Tussen 15% en 50% van babas wie se moeder VIGS het, sal MIV-positief gebore word. Dit beteken dat ongeveer een uit elke drie MIV-positiewe moeders hulle babas met die virus kan besmet (Coovadia 2010:201; kyk Khomanani 2007:5,36; Louw en Louw 2014:78-79).

Hoewel nie alle MIV-positiewe moeders die virus tydens swangerskap of geboorte aan hulle babas oordra nie, het studies aangetoon dat daar ‘n groter risiko is wanneer MIV in die moeder reeds oorgegaan het tot VIGS en, tweedens, wanneer die moeder reeds swanger was, toe sy die MI-virus opgedoen het (Coovadia 2010:201-202; kyk Khomanani 2007:5).



© University of Pretoria

Kulturele kwessies wat die situasie kan vererger, is onder meer die volgende: die gebruik van alternatiewe medisyne soos kruie; die volkswysheid van ouer volksgenote en tradisonele genesers; die ontkenning dat MIV en VIGS nie werklik bestaan nie en wantroue in westerste gebruike. Die siekte word dikwels ontken uit vrees vir verwerping en stigmatisering. Sommige Suid-Afrikaners weier medikasie om geloofsredes. Hulle reken op die hulp van geloofsgenesers, pastore of evangeliste om die “MIV-demoon” uit hulle uit te dryf en hulle te genees.

Alternatiewe medikasie wat die oordrag van moeder na baba drasties verminder, is beskikbaar vir swanger vroue, maar as hulle nie eerlik is oor hul MIV status nie ontvang hierdie vroue nie die korrekte medikasie nie. Pasgebore babas van MIV positiewe moeders ontvang volgens wet, ook binne drie dae ‘n dosis nevirapine (Khomanani 2007:37; kyk Aidsinfo 2013).

Persone wat wel anti-retrovirale middels ontvang, neem dit nie altyd volgens voorskrif nie, aangesien dit newe-effekte het, soos naarheid en braking, seer en geswolle bene, hoofpyn, diaree, nagmerries en veluitslag (Khomanani 2007:31). Die medikasie is slegs effektief indien dit elke dag op dieselfde tyd geneem word (Khomanani 2007:28). Alkohol onderdruk die werking van anti-retrovirale middels en verswak die immuniteitstelsel verder.

Hoewel voldoende kliniese getuienis ontbreek, word algemeen in mediese kringe aanvaar dat anti-retrovirale middels tog ‘n negatiewe uitwerking op die fetusse het (kyk Aidsinfo 2014), omdat die moeder se liggaam ‘n weerstand daarteen opbou en die middel gereeld aangepas moet word (Coovadia 2010:213). Sommige babas wat aan anti-retrovirale middels blootgestel was, toon soms fisiese abnormaliteite na geboorte. Hierdie aandoenings sluit in: klein koppe in verhouding tot die res van die liggaam; prominente voorkoppe; skleras (wit van die oog) wat blou is asook onderontwikkelde oë (Louw en Louw 2014:79). Volgens Avert (2014) was daar in 2012, ongeveer 6,1 miljoen geïnfekteerde mense in Suid-Afrika. Verder is daar ‘n geskatte 410 000 kinders met MIV/VIGS, terwyl 2,1 miljoen kinders geen ouers het nie as gevolg van VIGS-verwante sterftes. Byna die helfte van alle sterftes in Suid-Afrika is VIGS-verwant. ‘n Gemiddeld van 950 persone sterf daagliks daaraan. Die VIGS-pandemie het ‘n negatiewe effek op die lewens van kinders en ander familielede. Kinders wat aan die studie deelgeneem het kom uit omstandighede waar MIV/VIGS en die gevolge daarvan ‘n beduidende rol speel.



© University of Pretoria

Hierdie studie is in die Wes-Kaap onder ‘n bruin vissersgemeenskap gedoen. Dit is derhalwe nodig om insae te verkry in die bruin kultuur. Drankmisbruik is ‘n beduidende sosiale probleem onder die landelike bevolking in die Wes-Kaap en ‘n hoë persentasie kinders ly aan fetale alhokolsindroom (Viljoen 2001:67). Statistiek ten opsigte van veral die Noord- en Wes-Kaap is heelwat hoër as wat in ander provinsies aangetref word. ‘n Moontlike rede hiervoor blyk te wees dat bruin mense meer alhokol misbruik as ander bevolkingsgroepe. Hierdie gewoonte word nie tydens swangerskap gestaak nie. Bruin mense woon ook hoofsaaklik in die Noord- en Wes-Kaap. Sommige ondersoekers beskou die sogenaamde “dop-stelsel” as ‘n aanleidende oorsaak vir die hoë insidensie van drankmisbruik en gevolglike alkoholisme veral op plase in die Wes-Kaap (May *et al* 2000:1906; kyk Viljoen 2001:71; Glasser 2002:1). Veral Glasser (2002:2) beskryf die kultuur van drankmisbruik onder bruin mense, as diep gewortel. Hy voer die begin van die dop-stelsel terug na Jan van Riebeeck wat beveel het dat slawe ‘n dop brandewyn en later ‘n bottel wyn as vergoeding ontvang. Dit het meegebring dat die slawe en arbeiders elke dag drank ontvang het en derhalwe verslaaf geraak het daaraan. In 1928 is die dop-stelsel onwettig verklaar, maar Viljoen (2001:71) voer aan dat dit steeds algemeen voorkom. In Januarie 2011 berig *Die Burger* dat Carl Opperman, uitvoerende hoof van Agri Wes-Kaap sulke bewerings afmaak (Smith 2011). Volgens Opperman is daar getuienis dat boere opheffings- en bewusmakingsprogramme onder plaaswerkers loods, juis om fetale alkoholsindroom, drankmisbruik en geweld teen te werk. Opperman beskou staatstoelaes as die probleem omdat hierdie geld gewoonlik aan drank en dwelms bestee word. In reaksie hierop het Patricia de Lille in Desember 2010 gesê die voortslepende drankmisbruik in die Wes-Kaap ‘n negatiewe effek het op maatskaplike ontwikkeling en dat die provinsie “deurdrenk is van die alkohol” (Smith 2011). In *Die Burger* van Januarie 2011 bevestig Glynis Rhodes, koördineerder van WFP (Women on Farms Project), dat drankmisbruik op plase steeds ‘n groot probleem is. Sy wys nie die dop-stelsel nie, maar bakkie-sjebiens uit as die oorsaak van die probleem. ”Bakkie-sjebiens” is voertuie wat van plaas tot plaas, van nedersetting na nedersetting beweeg en onwettig drank verkoop (Smith 2011). Leana Olivier, uitvoerende hoof van FARR (Stigting vir Alkoholverwante Navorsing) noem dat sommige swanger vroue ‘n sosiale drankie vervang het met groot hoeveelhede goedkoper drank, wat dikwels van swak gehalte is (Smith 2011).



© University of Pretoria

Die meeste van die ouers van die kinders wat aan die studie deelgeneem het, koop drank by plaaslike en bakkie-sjebiens. Hulle koop goedkoop gebroude drank wat in eenliter, tweeliter en vyfliter hoeveelhede verkrygbaar is en vir ongeveer R10 tot R15 per liter verkoop word. Die sjebiens, ook bekend as “smokkelhuise” of “jaarts”, verkoop drank aan enigiemand, ook minderjarige kinders, swanger vroue en mense wat reeds onder die invloed van drank is. Mense koop op skuld en raak dan uitgelewer aan die smokkelbase. Wanneer mense hulle staatstoelaes ontvang, konfiskeer die smokkelbase se handlangers die geld. Op hierdie manier bly die vissersgemeenskap in die kringloop van drank en skuld vasgevang.

In *Die Burger* van 19 Maart 2011 berig Colin Hendricks dat daar ‘n geskatte 25 000 onwettige sjebiens in die Wes-Kaap is, dat 90% van alle ongevalle by die Tygerberg hospitaal alkoholverwant is en dat 60% van slagoffers van misdaad, se bloedalkoholvlakke te hoog is. In dieselfde berig word die verwaarlosing van kinders deur hulle beskonke ouers uitgewys as een van die hoofoorsake van geweldsmisdade teenoor kinders. Volgens Paticia de Lille, die burgemeester van Kaapstad, in ‘n onderhoud met Hendricks van Die Burger (2011) bestee die armstes van die armstes hulle hele loon aan drank. Volgens haar het drank die Wes-Kaap in ‘n “siek samelewing” verander en is dit veral kinders wat daaronder ly.

In 2004 het die ISS (Instituut vir Sekerheidstudie) ‘n omvattende studie onderneem om te ondersoek waarom die bruin gemeenskap al verder in die spiraal van selfvernietiging vasgevang raak (Brits 2004). Volgens die studie word 106 uit elke 100 000 bruin mense vermoor, teenoor die gemiddeld van 48 uit elke 100 000 vir ander rassegroepe. Hierdie moorde is hoofsaaklik bendeverwant en word in rusies of in dronkenskap gepleeg. Bruin mense word hoofsaaklik deur ander bruin mense wat aan hul bekend is, vermoor. Messe en skerpgemaakte voorwerpe word is die voorkeurwapens in bruin gemeenskappe en vuurwapens word slegs in 4% van die gevalle gebruik. Sedert 1990 het die gebruik van vuurwapens as gekose wapen vir moord egter na 41% gestyg. Werkloosheid onder bruin mense het sedert 1994 met 35% toegeneem, veral in landelike gebiede wat die vissersgemeenskappe raak. Drankmisbruik dra by tot die probleem. Die studie toon aan dat die bloedalkoholvlak van 68% van bruin  wat sterf, te hoog is. Luidens die verslag “leef die mense op die rand van die samelewing en maak hulle eie reëls oor hoe om op te tree. Dié subkultuur beskou geweld as normaal en is meer gewillig om geweld te gebruik”, as enige ander kultuurgroep in Suid-Afrika (Brits 2004).



© University of Pretoria

Steyn en Kamper (2009:692) beskryf die bruin laermiddel-inkomstegroep en werkersklas as “moedeloos” met ‘n algemene gevoel dat hulle slegter daaraan toe is na 1994. Werkloosheid onder bruin mense neem toe, veral as gevolg van regstellende aksie, asook kwynende werksgeleenthede, veral op die platteland. Regstellende aksie het ‘n negatiewe effek op bruin mense, aangesien swart mense, wat dikwels van ander provinsies afkomstig is, bo hulle in poste aangestel word. Bruin mense is dikwels Afrikaanssprekend en nie volledig tweetalig nie. Dit bemoeilik ook die kans om ‘n betrekking te bekom. Steyn en Kamper (2009:692-693) opper die moontlikheid dat bruin mense hulle primêre identiteit verkry deur ‘n enkulturasieproses. Volgens die enkulturasieproses identifiseer bruin mense hulle met wat hulle beskou as ‘n minderwaardige of gestigmatiseerde groep en ervaar dan gevoelens van skaamte en minagting vir hulleself en ander. Steyn en Kamper (2009) bevestig dat werkloosheid onder bruin mense toegeneem het. Volgens Steyn en Kamper (2009:693) het armoede onder alle Suid-Afrikaners tussen 1990 en 2000 afgeneem, teenoor die styging daarvan onder bruin mense. Volgens die algemeen aanvaarde norm van $1 per dag as die sogenaamde “broodlyn”, leef 4,2 miljoen bruin mense in 2005 onder die broodlyn in vergeleke met slegs 1,9 miljoen in 1996.

Steyn en Kamper (2009) het ‘n empiriese ondersoek met 432 bruin leerders tussen die ouderdom van 16 en 17 jaar geloods. Die studie het bevind dat slegs 8,7% van die leerders gemeen het dat goeie menseverhoudings tot Suid-Afrika se voordeel is. Net 5,9% het aangedui dat hulle bereid sou wees om ‘n diens aan sy medemens te lewer. Hiervolgens blyk dat die bruin jeug ook ‘n algemene gevoel van moedeloosheid en geïsoleerdheid ervaar. Die studie het ook bevind dat die bruin jeug nie ‘n besef het van die maatskaplike nood in Suid-Afrika nie (Steyn en Kamper 2009:699-700). Verder het 34,9% aangedui dat MIV/VIGS Suid-Afrika se grootste probleem is teenoor die 28,9% leerders wat geweldsmisdaad as die grootste probleem beskou en ‘n verdere 28,6% wat armoede as die vernaamste rede aandui. Hierdie bevinding staaf ook vorige studies (Steyn en Kamper 2009:699-700)oor die moedelose, hopelose situasie waarin bruin gemeenskappe hulself bevind in ‘n kultuur van alkoholmisbruik, geweldsmisdaad, werkloosheid, armoede en bendebedrywighede, veral in die Wes-Kaap. Dit is die konteks van die kinders wat deelgeneem het aan hierdie studie.

Die kinders wat aan die studie deelgeneem het, word blootgestel aan ‘n kultuur van alkoholmisbruik, geweldsmisdaad, werkloosheid en armoede. Die



© University of Pretoria

rolmodelle in die kinders se lewe misbruik ook medikasie en dwelmmiddels. Middelmisbruik verwys na oor-die-toonbank medisyne wat misbruik word. Die meeste medisyne is nadelig vir ‘n fetus. Aspiriene, kodeïen, anti-histamiene en oormatige vitamiene A en D is in die besonder skadelik. ‘n Groot probleem onder verwagtende moeders in die bruin gemeenskap is dat hulle ‘n mengsel van bier en aspiriene as “regmaker” gebruik. Gesondheidsdienste plaas ‘n al groter klem op die gesondheidsorg van moeder en fetus. Voorgeboorte klinieke maak verwagtende moeders gedurig bewus van die gevare wat medikasie, dwelms en drank vir die fetus inhou. Die moeder het die reg om keuses rondom haar gesondheid uit te oefen en om ingeligte keuses oor die gebruik van of weerhouding van medikasie, te maak (Dickason *et al* 1994:11). Tog blyk al die bewusmakingsveldtogte onsuksesvol te wees, aangesien die voorkoms van Fetale alkoholsindroom (FAS) styg. Steyn en Kamper (2009:699-700) blameer die kultuur van alkoholmisbruik wat onder baie bruin gemeenskappe voorkom.

Talle verwagtende moeders is ook van een of ander substansie afhanklik, soos byvoorbeeld nikotien, hookah-pyptabak, oftewel “flavours”, hoesmedisyne, asook voorskrifmedisyne soos kalmeermiddels, anti-depressante en slaappille. Fetale nikotiensindroom, of FNS, kom dus wyd voor in die gemeenskap. Babas het ‘n te lae geboortegewig en ly aan swak sig, het swakker kognitiewe vaardighede, ondervind motoriese probleme en kan selfs misvorm gebore word (Van Elfen en Du Toit 2001:605; kyk Louw en Louw 2014:80; vlg Beck 1985:43; Papalia en Olds 1990:15; Amos *et al* 2012:238-24).

Volgens UNODC (2012) is die hoogste sterftesyfer wêreldwyd toe te skryf aan die een of ander substansiemisbruik. Tabak of nikotien eis steeds die meeste slagoffers (67% van mense wat sterf), terwyl 30% van sterftes verband hou met alkohol en slegs 3% met onwettige dwelmmisbruik (UNODC 2012).

Nikotien dring die plasenta binne, belemmer die suurstofinname van die fetus en die toksiene veroorsaak ‘n vertraging in ontwikkeling en groei (Louw en Louw 2014:80). Die sogenaamde Oosterse waterpyp, ook genoem die hookah-pyp, okka-pyp, “hubbly bubbly” of deelpyp, is ‘n verdere instrument wat misbruik word, deur verwagtende moeders. Die pype is oorspronklik in die Oosterse lande gebruik om opium mee te rook. Hierdie pype word met water gevul en gegeurde tabak word gerook. Die geure (“flavours”) sluit veral vrugtegeure, kruie- en speserygeure asook blomgeure in. Tydens ‘n partytjie of besoek word die pyp uitgehaal en mense rook



© University of Pretoria

om die beurt daarmee. Die geure is ‘n manier is om die dagga, tik, heroïen of mandrax te verdoesel. Die water word ook soms met wyn vervang. Die hoeveelheid rook wat ingeasem word, bevat tot 36 maal meer teer as ‘n enkele sigaret (Gatrad 2007:20). Die rooksessie duur ook langer as wanneer ‘n enkele sigaret gerook word. Anders as wat dikwels gemeen word, neutraliseer die water nie die nikotien nie. Die water word nie ingeasem nie en het weinige effek op die teer en nikotien-inhoud van die rook. Omdat verskillende mense dieselfde pyp gebruik, dra dit by tot die verspreiding van hepatitis, tuberkulose, herpes en derglike siektes (Gatrad 2007:20; kyk Williams 2009:1-3).

Die gevare verbonde aan die misbruik van voorskrifmedisyne is ewe gevaarlik vir ongebore babas. Slaappille, anti-depressante en kalmeermiddels kan breinskade en verstandelike gestremdheid veroorsaak (Van Elfen en Du Toit 2001:578,699; kyk Louw en Louw 2014:79). Moeders gaan soms so ver as om familielede of vriende se medikasie en voorskrifte te steel om in hulle vraag te voorsien. Medikasie word dikwels deur plaaslike klinieke voorsien sonder regulering of voldoende beheer.

Dwelmmisbruik word afsonderlik van die misbruik van medikasie bespreek, aangesien dit ‘n probleem is wat wyer voorkom. Dwelms, soos methamphetamien, oftewel tik, raak toenemend ‘n probleem in die Wes-Kaap (Harker *et al* 2008:4). Die verslag, “Substance abuse in the Western Cape” (Harker *et al* 2008) dui aan dat tik in 2002 vir 0,3% van die gevalle (oftewel 4 uit 1 608 persone) die voorkeurdwelm was, teenoor die 49% in 2007. Tik word in 78,2% van die gevalle, saam met of benewens ander dwelms gebruik. Tussen 71% en 76% mans het aandui dat hulle tikverslaafdes is, teenoor 24% tot 29% vroue (Harker *et al* 2008:12). Die rasgroep waar afhanklikheid van tik die hoogste is, wat reeds rehablitasie ontvang het vir tikafhanklikheid of rehablitasie nodig het, is bruin mense (92%) (Harker *et al* 2008:12). Soveel as 38% gebruikers neem daagliks tik. Die dwelm breek inhibisies af en gebruikers toon dikwels riskante seksuele gedrag met verskeie persone (Harker *et al* 2008:12-14; kyk Wechsberg *et al* 2008:133).

Kinders wie se moeders dagga en/of tik gerook het, tydens swangerskap, se simptome stem baie ooreen met kinders met Fetale Alkoholsindroom (FAS). Kinders wat aan dagga en tik blootgestel is, vertoon kenmerkende gelaatstrekke. Hulle ervaar dikwels leerprobleme en kan selfs soms as verstandelik gestrem geklassifiseer word. ‘n Baba van ‘n moeder met ‘n dwelmprobleem, word as‘t ware met onttrekkingsimptome gebore. Hierdie simptome sluit asemhalingsprobleme en



© University of Pretoria

konvulsies in. Onttrekking kan selfs tot die dood lei (Louw en Louw 2014:81). Van Elfen en Du Toit (2001:13-16; 651-654) is van mening dat daar ‘n duidelike verband tussen die effek van alkohol en die effek van dwelmmiddels op ‘n fetus is. Babas van moeders wat aan dwelms blootgestel is, kan moontlik met breinskade, soortgelyk aan FAS, gebore word, kan asemhalingsprobleme hê, kan prematuur of met ’n lae geboortegewig gebore word. Misvormdheid of abnormaliteite kan voorkom. Leerprobleme kan ondervind word en geestesversteurdheid kan voorkom.

Fetale Alkohol Sindroom (FAS) is eers in 1973 deur Jones en Smith (Croxford en Viljoen 1999:962) geïdentifiseer. Die studie wat 127 babas van moeders met alkoholisme ondersoek het, het bevind dat daar ‘n definitiewe patroon van misvorndheid voorkom (kyk Croxford en Viljoen 1999:962).

Palmer (1985:779-780) het in 1985 ‘n twaalf maande lange ondersoek gedoen na babas wat met FAS gebore word by die Somerset Wes-hospitaal. Die resultaat was dat 1 uit elke 281 kinders wat by die spesifieke hospitaal gebore word, aan FAS gely het.

Tussen Mei 1995 en Julie 1996 het Croxford en Viljoen ‘n studie in die Wes-Kaap onderneem na die alkoholverbruik van swanger vroue in laer sosio-ekonomiese gebiede. Resultate dui daarop dat 42,8% van die 636 vroue wat aan die studie deelgeneem het, voortgegaan het om alkohol te gebruik, wetende dat dit ‘n gevaar vir die baba inhou (Croxford en Viljoen 1999:962-963). Die inname van drank tydens swangerskap was nie net by geleentheid nie, maar op ‘n deurlopende grondslag met toename in gebruik oor naweke. Van die 272 vroue wat alkohol ingeneem het, was 86,3% bruin vroue (Croxford en Viljoen 1999:962-963).

Tydens ‘n bewusmakingsveldtog in Worcester op 9 September 2010, het die destydse provinsiale minister van gesondheid, Theuns Botha, daarop gewys dat 1 uit elke 10 kinders wat in die provinsie gebore word, aan FAS ly. Hy het uitgewys dat Wellington die hoogste persentasie FAS-lyers ter wêreld het (Gerber 2010:11).

‘n Jaar later berig *Die Burger* dat ‘n geskatte 25 000 babas jaarliks met FAS gebore word. In landelike gebiede is die syfer tot 12,2 %, volgens Denis Viljoen (2011:11-12) van die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing in Suid-Afrika. Volgens hom, ly ongeveer ses miljoen mense in Suid-Afrika aan FAS. Dit beteken dat ongeveer 12% van die Suid-Afrikaanse bevolking geestelik of sosiaal ongeskik is (Gerber 2011:11-12). Die volgende is gevolge van FAS (Gerber 2011:12; vgl FASfacts; Farrsa):



© University of Pretoria

- geestesgesondheidsprobleme;
- probleme met konsentrasie, redenasievermoë, logiese denke en tydsbestuur;
- impulsiewe optrede en ‘n onbegrip van oorsaak en gevolg van optrede nie;
- indien kinders met FAS nie spesiale skoolopvoeding ontvang nie, verlaat hulle die hoofstroom-onderwysstelsel met minimale kennis;
- aangesien kinders met FAS dikwels nie hulle skoolopleiding voltooi nie, verval hulle in armoede en werkloosheid;
- persone met FAS raak maklik by misdaad betrokke as gevolg van hulle goedgelowigheid, beïnvloedbaarheid en ‘n onvermoë om oorsaak en gevolg te onderskei;
- persone met FAS het geen inhibisies nie en raak maklik die slagoffers van misbruik;
- enige alkoholgebruik deur ‘n FAS lyer, lei tot meer skade.

Hoewel FAS ongeneeslik is, is dit voorkombaar. Die helfte, ses uit twaalf, van die kinders wat aan hierdie studie deelgeneem het, toon tekens van FAS.

- **Perinatale fase**

Die perinatale fase is die tyd van die geboorte (Krüger *et al* 1996:9-13). Faktore wat die perinatale fase kan beïnvloed, sluit in die geboorteligging van die baba, verlengde kraam, keisersnee asook narkose of pynverdowing (Kapp 1990:258). Verdere faktore wat ‘n negatiewe invloed op die baba mag hê, is: die verandering in atmosferiese druk tydens geboorte of ‘n breuk wat die baba tydens geboorte mag opdoen (Kapp 1990:258; kyk Van Elfen en Du Toit 2001:203).

Fetale nood of serebrovaskulêre ongeluk is die toestand wat ontstaan wanneer bloed na die brein afgesny word, om welke rede ookal (Van Elfen en Du Toit 2001:553). Fetale nood ontstaan vanweë, onder andere, bloedvatbreuke of die verstopping van bloedvate. Wanneer die baba ’n te kort aan suurstof het, verswak dit die wande van die bloedvate en bloed begin daardeur te sypel. Bloedtoevoer na gedeeltes van die brein word verstop en breinskade kan volg. So ‘n gebrek aan suurstof word gewoonlik veroorsaak deur ‘n moeilike kraamproses, ‘n tang- of suigverlossing of wanneer die baba besonder groot is en in die geboortekanaal vassit (Kapp 1990:258; Van Elfen en Du Toit 2001:182). Breinskade wat op die wyse



© University of Pretoria

opgedoen word, is blywend en serebrale verlamming of gestremdheid is die gevolg (Van Elfen en Du Toit 2001:553).

Een meisie wat aan die studie deelgeneem het, se moeder is tydens haar geboorte oorlede. Volgens die kliniekkaart was die moeder onder die invloed van drank of dwelms tydens die geboorte en het die baba fetale nood ervaar omdat die moeder nie voldoende kon druk nie. Dit was ‘n tangverlossing en die kind toon tekens van ataktiese serebrale gestremdheid. Ataktiese serebrale gestremdheid het gewoonlik lompheid, onvastheid op die voete, ‘n waggellende stappie, sleepvoete of ‘n wydsbeenstappie tot gevolg. Breinfunksies word aangetas, wat leerprobleme tot gevolg het (Van Elfen en Du Toit 2001:553).

Verlengde kraam, ‘n problematiese ligging van die baba by geboorte en longdefekte kan tot versmoringaanleiding gee. Versmoring veroorsaak ‘n gebrek aan suurstof wat onherstelbare breinskade tot gevolg kan hê. Hoewel fetale nood en versmoring ooreenkomste toon, is dit nie dieselfde nie. Versmoring kan stilgeboorte tot gevolg hê, terwyl fetale nood die kind gestrem laat. Anders as versmoring, kan fetale nood voortydig met behulp van ‘n elektroniese fetale hartmonitor geïdentifiseer word en die hospitaalpersoneel kan die geboorte bespoedig (Kapp 1990:258; kyk Van Elfen en Du Toit 2001:45,183).

Prematuur geboorte kan lewensbedreigend wees vir die baba. “Prematuur” is wanneer ‘n baba voor 38 weke gebore word. Van Elfen en Du Toit (2001:491) identifiseer die komplikasies hiervan as die volgende:

- ‘n verhoogde kans op geboortebeserings;
- respiratoriese probleme;
- herhaalde asemnood of –stilstand;
- geelsug;
- infeksies;
- anemie;
- swak temperatuurregulasie;
- breinbloeding;
- inflammasie;
- lae bloedsuiker.



© University of Pretoria

Moeders met ‘n probleem van substansie-afhanklikheid, is meer geneig tot premature geboorte. Adolessente moeders het ook ‘n groter kans om aan ‘n premature baba geboorte te skenk.

Aangebore infeksies is die wat reeds voor geboorte opgedoen is en wat tydens die geboorte verdere skade veroorsaak. MIV is die mees gevreesde infeksie. MIV is nie noodwendig ‘n aangebore infeksie nie. Dit kan ook tydens geboorte opgedoen word. Hoe die virus oorgedra word tydens swangerskap en geboorte, is reeds bepreek. Weens die konfidensialiteit rakend kinders en ouers wat MIV positief is, kan vir die doeleindes van hierdie ondersoek net gemeld word dat van die geselekteerde groep kinders wel óf geïnfekteer (self MIV positief) óf geaffekteer (ouers geïngekteer is, reeds VIGS het of reeds gesterf het as gevolg van vigs) is.

Menslike babas is hulpeloos met geboorte en benodig intensiewe versorging. Ontoereikende sorg kan baie nadelig wees vir die baba. Die baba moet beskerm word teen besering en infeksies. Die baba moet teen die elemente beskerm word en moet genoegsame voeding, slaap en liefdevolle aanraking ontvang. ‘n Fenomeen wat algemeen voorkom is die verwerping van ‘n pasgebore baba. Dit behels dat die moeder die baba doelbewus van sorg ontneem, sodat die baba sterf en sy haar verpligting kan ontduik. Ontwatering hou gevaar in vir die baba. Dit kan breinskade of die dood veroorsaak (Kapp 1990:258;kyk Louw en Louw 2014:90-103).

- **Postnatale fase**

Die postnatale fase dui die tydperk na geboorte tot om en by vier weke, aan. Dit staan ook as die neonatale tydperk bekend en daar word na die kind as ‘n neonaat eerder as ‘n baba verwys (De Witt en Booysen 1994:9). Die faktore wat neonate bedreig, word meestal deur nalatigheid of onkunde veroorsaak.

Neonate se skedel en kop is besonder broos. Bo-op die kop van ‘n pasgebore kind is ‘n opening wat as die fontanel bekend staan. Babas se skedelbene het nog nie aan mekaar vasgegroei nie. Dit funksie hiervan is dat die bene tydens geboorte oor mekaar moet kan skuif om deur die geboortekanaal te kom. Tydens die neonatale fase beweeg die skedelbene sodat ‘n ovaal kop gevorm word en die bene groei stelselmatig aan mekaar vas (Van Elfen en Du Toit 2001:570). Neonate se nekspiere is swak en die kop en nek moet deurentyd ondersteun word. Stampe of houe teen die kop kan aanleiding gee tot‘n gewas op die brein, breinbloeding, breinskade en die dood (vlg Krüger *et al* 1996:12).



© University of Pretoria

'n Verskynsel wat toenemend voorkom, is *shaken baby syndrome.* Hierdie sindroom, wat ernstige breinbesering vir kinders tot gevolg kan hê, word veroorsaak wanneer 'n neonaat of ouer baba geskud, geruk, neer gegooi, vinnig rond geswaai, of hardhandig behandel word. Die neonaat se brein is nog los in die skedel en dryf in 'n jellieagtige stof. Wanneer die neonaat geskud word, stamp die brein teen die skedel. Dit kan ernstige breinbeserings meebring en kan selfs die dood veroorsaak (Blumental 2002:732-733).

Ontoereikende sorg kan as verwaarlosing getipeer word (De Witt 2014:327-328). Jenkins *et al* (1979:22) onderskei tussen chroniese en periodieke verwaarlosing. Periodieke verwaarlosing is wanneer babas of kinders slegs vir sekere tye, alleen gelaat of nie gevoed, versorg of beskerm word nie (Jenkins *et al* 1979:22). Die volgende is risiko-faktore wat aanleidig kan gee tot verwaarlosing of mishandeling (Belsky 1980:321; De Witt en Booysen 1995:142; Louw en Edwards-Meyer 2011:167):

- wanneer babas prematuur gebore word;
- wanneer babas koliek het;
- wanneer babas sieklik is of heelwat sorg nodig het;
- wanneer babas baie huil, knieserig is of veeleisend is;
- wanneer babas gestremd is;
- wanneer 'n baba as gevolg van verkragting of molestering gebore is;
- onbeplande babas;
- babas of kleuters wat buite die verhouding verwek is;
- hiperaktiewe kleuters;
- verstandelik gestremde kinders;
- babas wie se geslag nie volgens die ouers se voorkeur was nie.

Kinders wat besonder begaaf is, is dikwels ook die slagoffers van mishandeling. Kinders wat buitengewoon goed presteer in byvoorbeeld 'n sportsoort of akademies baie sterk is, word soms deur ouers as 'n bedreiging beskou. Begaafde kinders word ook meer dikwels verwaarloos, aangesien die ouers dink dat hulle na hulself kan omsien (Louw en Edwards-Meyer 2011:167).



© University of Pretoria

Twee infeksies wat van moeder na die baba oorgedra kan word, is MIV/VIGS en tuberkulose. Tuberkulose (TB of tering) is, anders as MIV, geneeslik en kinders kan ten volle daarvan herstel. Wetgewing vereis dat babas teen tuberkulose geïmmuniseer word (Van Elfen en Du Toit 2001:630-631). Tog kom TB nog heelwat voor en veral in die Wes-Kaap. Dit wil voorkom asof die TB oordrag van moeder na baba deur borsmelk verhoog word wanneer die moeder ook MIV positief is (Khomanani 2007:33).

Benewens die oordrag van die MI-virus deur die plasenta of bloed van die moeder, kan dit oorgedra word deur borsvoeding (Coovadia 2010:212; kyk Khomanani 2007:37). Anti-retrovirale middels kan die lading in die borsmelk sodanig reduseer dat oordrag nie sal plaasvind nie. Dikwels is moeders onkundig of nalatig ten opsigte hiervan en vind oordrag van die virus steeds plaas. Volgens Coovadia (2010:202-203) is die helfte van sterftes onder kinders jonger as vyf jaar, VIGS-verwant. In ontwikkelende lande, soos Suid-Afrika, word borsvoeding weens die beskikbaarheid, gerief, kulturele aanvaarbaarheid en finansiële implikasies daarvan, dikwels verkies. Oordrag deur borsmelk is verantwoordelik vir tussen 30% en 45% van infekterings (Coovadia 2010:203).

Koors dui die liggaamsteperatuur aan. Normale liggaamstemperatuur is 36,5-37 C (Van Elfen en Du Toit 2001:340). Aanhoudende koors of hoë koors van 40 C of meer, kan koorsstuipe veroorsaak. Koorsstuipe is soms skadelik en gevolge kan wees dat oortromme bars, inwendige skade aan ore wat permanente doofheid tot gevolg kan hê, epilepsie, konvulsies, breinbloeding of serebrovaskulêre toestande (kyk Kapp 1990: 258; Van Elfen en Du Toit 2001:338-339).

Asemnood by neonate word deur twee faktore veroorsaak. Eerstens deur respiratoriese toestande en tweedens deur versmoring of verwurging. Soms verwurg of versmoor ouers of versorgers babas in ‘n poging om hulle stil te kry. Soms het die ouer die doel om kinders te beseer en soms doen hulle dit onwetend omdat hulle onder die invloed van een of ander middel verkeer. Versmoring en verwurging kom redelik algemeen voor (kyk Kotzé *et al* 2007:15-19).

Mediese toestande wat asemnood kan veroorsaak, is respiratoriese probleme soos asma, beskadigde of onderontwikkelde longe (veral by premature babas), longontsteking, erge sinusitis of allergiese reaksies (Van Elfen en Du Toit 2001:45; 520). Asemnood kan tot breinskade, hartdisfunksie, asemhalingprobleme en selfs die dood lei (kyk Kapp 1990:258 en Krüger *et al* 1996:12).



© University of Pretoria

### 3.2.2 Eksterne faktore

Eksterne faktore verwys na faktore van buite kinders self wat aanleiding kan gee tot beperkinge in kinders se ontwikkeling. Faktore wat kinders kan strem en verhinder om hulle optimale potensiaal te kan bereik, sluit in: swak onderwys, verwaarloosde opvoeding, swak sosio-ekonomiese omstandighede en emosionele mishandeling (Krüger *et al* 1996:13). Die faktore kan as verwaarlosing getipeer word en kan voorkom word deur die korrekte intervensie. Eksterne faktore wat kinders negatief kan beïnvloed en waaroor die ouers nie beheer het nie, sluit in: sosio-ekonomiese faktore, industrialisasie, migrasie, verstedeliking, veranderinge in maatskaplike verhoudinge, kerkvervreemding, toenemende sosiale mobiliteit en veranderinge in die aard van sosiale beheer (Pretorius 1998:44). De Witt en Booysen (2014:292-294) voeg hierby ook die invloed wat massakommunikasie, soos rekenaars en televisie, op kinders kan hê.

Die debat oor die invloed van omgewing versus oorerwing versus opvoeding is so oud soos studies oor ontwikkeling self. John Locke het reeds in die sewentiende eeu die invloed van ervarings en die omgewing ondersoek en die term *tabula rasa* gebruik om aan te dui dat die mens soos 'n "skoon papier" is waarop ervarings "geskryf word". So word 'n persoon gevorm (Papalia en Olds 1990:73). Aanhangers van die idee dat mense bepaal word deur hulle omgewing, minimaliseer die rol van oorerwing op kinders se ontwikkeling en op menselike gedrag. Voorstaanders van hierdie teorie meen dat bykans alles aangeleerde gedrag is. Kinders leer vaardighede aan deur die ouers se voorbeeld te volg, om aan die verwagtings van die gemeenskap te voldoen en om vergoeding vir aanvaarbare gedrag te ontvang (De Witt 2014:7-8). Die invloed van die omgewing, word later in die studie aan die hand van Bronfenbrenner se teorie verduidelik. Hieruit blyk dat die omgewing, saam met ander faktore, 'n beduidende invloed op kinders se ontwikkeling het.

Daar is 'n korrelasie tussen sosio-ekonomiese status en onderwysprestasie. Faktore wat 'n invloed het, sluit in die atmosfeer in die gesin, die woonbeurt en omgewing asook die gehalte van die onderwys (Louw en Louw 2014:255-256). Ouers wat in staat is om 'n huis in 'n goeie woonbuurt te bekostig, is ook dikwels die wat gesteld is op gehalte onderwys, gehalte opvoeding, veiligheid en sulke ouers het 'n meer akademiese ingesteldheid. Daarteenoor word kinders uit 'n swakker of laer sosio-ekonomiese omgewing negatief beïnvloed deur die omgewing (Louw en Louw 2014:256).



© University of Pretoria

Volgens die NCSNET-verslag (1997) kan sosio–ekonomiese struikelblokke lei tot ‘n gebrek aan toegang tot basiese dienste, armoede, gebrekkige ontwikkeling en kinders kan blootgestel word aan kindermishandeling, verwaarlosing. Louw en Louw (2014:256, 444) wys daarop dat skole en klaskamers in laer sosio-ekonomiese gebiede dikwels oorvol en ontoereikend is. Kinders se vordering kan benadeel word as gevolg van ‘n gebrek aan leermateriaal, oorvol klasse, swak skoolopleiding, honger, armoede of ongunstige huislike omstandighede. Die teendeel is ook waar. Sosio-ekonomiese omstandighede waarborg nie sukses nie, maar die hulpbronne wat beskikbaar is, is van deurslaggewende belang.

Opvoeding verwys na die intermenslike proses waardeur volwassenes leiding, hulp en ondersteuning aan kinders verskaf op hulle unieke pad na volwassenheid (Sonnekus en Ferreira 1986:25-26). Opvoeding kan dus gesien word as die aktiewe ingrype deur volwassenes om kinders te leer, te onderrig, te begelei om vaardighede te ontwikkel, kennis op te bou en om self besluite te neem en keuses uit te oefen. Drie dimensies van opvoeding kan onderskei word, naamlik: die affektiewe dimensie, die kognitiewe dimensie en die normatiewe dimensie (De Witt 2014:42; kyk De Witt en Booysen 1994:38).

Die *affektiewe* dimensie dui op kinders se gevoel van geborgenheid in die opvoedingsproses. Kinders word ondersteun, aanvaar en vertroue ontwikkel tussen die kind en die versorger. Die *kognitiewe* dimensie van opvoeding het te doen met die stimulasie tot kennis en nuuskierigheid om te wil weet en te verstaan. Die *normatiewe* dimensie het ten doel om kinders waardes by te bring en hulle te begelei om die keuse van redelike optrede uit te oefen, sodat volwassenheid en verantwoordelikheid bereik kan word (De Witt 2014:42; kyk De Witt en Booysen 1994:38).

Opvoeding kan ‘n positiewe of negatiewe uitkoms hê. Diana Baumrind (1969) het ondersoek wat kinders help om optimaal te ontwikkel. Sy het vier aspekte geïdentifiseer (Baumrind 1967:43-88), naamlik: warmte en koestering, konsekwente beheer, verwagtings en kommunikasie. Eerstens het sy bevind dat kinders met warm, versorgende ouers in die algemeen meer geborge voel en op alle terreine beter ontwikkel as kinders met koue of afsydige ouers. Kinders van ouers wat ferm en konsekwent optree is minder ongehoorsaam en uitdagend. Wanneer ouers straf sover moontlik vermy en ‘n rede verskaf vir hulle optrede, ontwikkel kinders beter. Kinders wie se ouers hoër verwagtings aan hul stel, vaar in die algemeen beter,



© University of Pretoria

omdat hulle daarna streef om aan die verwagting wil voldoen. ‘n Omstrede uitspraak waarmee Baumrind in die laat sestigerjare baanbrekerswerk gedoen het, is dat kinders nie aangespreek moet word nie, maar dat daar ook na geluister moet word. Sy het oop, eerlike kommunikasie tussen ouers en kinders aanbeveel, omdat dit bydra tot sosiale en emosionele volwassenheid (Baumrind 1967:43-88). Al vier hierdie aspekte moet teenwoordig wees om positiewe opvoeding tot gevolg te hê.

Baumrind het ook drie ouerskapstyle onderskei. Hierdie style word volledig in Hoofstuk 4 bespreek.

‘n Ontoereikende gesin kan beskryf word as die tipe gesin waar kinders nie hulle volle potensiaal kan bereik nie en waar kinders nie ten volle veilig of versorg is nie. Baie faktore kan aanleiding gee tot ontoereikende gesinsfunksionering en gesinsbande. Slegs die wat van toepassing is op hierdie studie word bespreek. Ontoereikende gesinstipes kan insluit: rigiede gesinne, moderne stadsgesinne, enkelouergesinne, disharmoniese gesinne, ongeroetineerde gesinne, verwaarloosde gesinne, asook gesinne waar misbruik of geweld voorkom (vlg De Witt en Booysen 1995:27-28; Louw en Edwards-Meyer 2011:162-171 ).

In *verwaarloosde gesinne* word daar nie voldoende voorsien in die kinders se vraag na voedsel, kleding, higiëne, orde, roetine, mediese sorg en liefde nie. Hierdie gesinne voorsien slegs in onmiddellike behoeftes. Emosionele verwaarlosing is ‘n gevolg hiervan en kinders leer van jongs af om self te oorleef. Die ouers is dikwels fisiek afwesig of met hulle eie belange besig. Alhoewel verwaarloosde gesinne nie noodwendig in armoede leef nie, kom verwaarlosing binne ‘n gesinstruktuur meer algemeen onder laer sosio-ekonomiese huishoudings voor (Louw en Louw 2014:427,433; kyk De Witt en Booysen 1995:27-28). Die daaglikse krisisse waarmee gesinne wat swaarkry gekonfronteer word, het ‘n invloed op alle gesinslede. Negatiewe gevoelens, vyandigheid en geïrriteerdheid is van die gevolge van hierdie soort omstandighede (Louw en Louw 2014:433).

*Ongeroetineerde gesinne* neig na albei kante van die spektrum. Aan die een kant word kinders aan hul eie lot oorgelaat sodat hulle kan kom en gaan soos hulle wil. Daar heers ‘n algemene gevoel van wanorde en ongestruktureerdheid in die gesin. Aan die ander kant word kinders oorbeskerm en ouers laat hulle nie toe om enigiets vir hulleself doen nie (De Witt en Booysen 1995:28). Oorbeskermde kinders het probleme daarmee om sosiaal aan te pas, kan nie selfstandig funksioneer nie en



© University of Pretoria

word dikwels die slagoffers van boelies (kyk Louw en Edwards-Meyer 2011:172-174). Kinders uit ongeroetineerde gesinne voel nie veilig nie.

Waar daar *disharmonie* is in gesinne is daar voortdurende spanning tussen gesinslede. Emosionele uitbarstings kom dikwels voor en ernstige onderlinge verskille kom voor (De Witt en Booysen 1995:28). Hierdie soort gesin is vir die studie van belang, aangesien dit dikwels voorkom in die gemeenskap wat ondersoek word, dat gesinne saam met ander gesinne in een huis woon. Spanning is ook voortdurend aanwesig as gevolg van die onvoorspelbaarheid wat met dwelm- en drankmisbruik gepaard gaan.

Mouton (2013:4) wys daarop dat nege-en-veertig uit elke honderd kinders in 2003 grootgeword het by hulle moeder en vader, teenoor slegs ses-en-dertig uit elke honderd in 2013. Hedendaagse families bestaan nie meer hoofsaaklik uit kerngesinne nie, maar is dikwels meer uitgebreide families wat bestaan uit grootouers, voogde en ander familiestrukture. Wat lank gegeld het as “die ideale gesin”, naamlik ‘n getroude ouerpaar met kinders, weerspieël nie meer die werklikhede in die samelewing nie. Geweld is volgens Mouton (2013:4) ‘n aanleidende oorsaak waarom ‘n groot aantal kinders deesdae in enkelouergesinne grootword en onder spanning verkeer binne die gesin. Geweld verklaar deels waarom steeds groter getalle kinders se vaders vroeg en op onnatuurlike wyse sterf. In 2007 was meer as ’n derde van nie-natuurlike sterftes aan geweld te wyte. Van hierdie geweldslagoffers was 87% manlik. Kinders wat sonder vaders groot word, weet dikwels glad nie wie hulle vader is nie. In Suid-Afrika word die meeste kinders deur sy of haar moeder in ’n enkelouer-huishouding opgevoed. Statitiek van die Suid-Afrikaanse Instituut vir rasseverhoudings het in Maart 2011 aangetoon dat 41% bruin kinders vaderloos groot word. Die meeste kinders leef in huishoudings waar die volwassenes werkloos is. Die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op families word gesien aan die toenemende hoeveelheid kinders wat sonder ouers grootword en huishoudings met kinders aan die hoof (Mouton 2013:4-5).

In gesinne waar alkohol- of dwelmisbruik plaasvind, is ‘n spesifieke dinamiek teenwoordig. Wanneer een of albei ouers alkoholiste is, ervaar die kinders gedurig spanning, angs, gevoelens van verwerping, waardeloosheid en verdriet (Stafford 1992:43-45). Kinders word vir lang tye alleen gelaat, wat dikwels allerhande ongelukke en ander problematiese situasies tot gevolg het. Kinders van alkoholiste word meer dikwels die slagoffers van seksuele misbruik, mishandeling of



© University of Pretoria

verwaarlosing (kyk Stafford 1992:143-150; September 2004:305-310). Die rede hiervoor is die afwesigheid van ouerlike toesig en onvermoë van ouers om verantwoordelik op te tree. Wanneer een of albei ouers onder die invloed van drank of dwelms verkeer, kan die ouer self die geweldenaar wees. Vriende wat saam met die ouer kom drink of dwelms gebruik, is ook dikwels die wat die kinders misbruik. Kinders word aan hulle eie lot oorgelaat. Geweld en misdaad kom meer geredelik voor in gesinne waar daar drankmisbruik is. Kinders uit disfunksionele families is geneig om geweld, hetsy fisies of verbaal, as ‘n gewone alledaagse vorm van interaksie te sien. Geweld kom algemeen binne naby verhouding en in die familie self voor (Mouton 2013:5).

### 3.2.3 Oorerwing versus omgewing

Die transaksionele teorie, waarvan Piaget en Vygotsky eksponente is, gaan daarvan uit dat ontwikkeling dinamies is. Kinders is nie ‘n somtotaal van hulle oorerwingsfaktore nie. Hulle is ook nie slegs ‘n produk van die omstandighede of die omgewing nie. Die uitgangspunt van hierdie benadering is dat kinders self ‘n aktiewe rol speel in hulle eie ontwikkeling. Individuele ontwikkeling is moontlik en word grotendeels verwerf deur ervaring. Kinders ervaar verskillende stimuli en reageer verskillend daarop. Hulle interpretasie daarvan en reaksie daarop is uniek tot elke kind (kyk Day 1983:88; De Witt en Booysen 1994:6; De Witt 2014:8).

Die vlak van ontwikkeling, die ouderdom en die eie vermoëns van kinders bepaal hoe hulle dinge ervaar en daarop reageer. Hierdie prosesse is interaktief en interafhanklik. Oorerwing is nie losstaande van omgewing nie, maar die vermoë om op stimuli te reageer berus op beide genetiese (oorerwing) faktore en die omgewingsinvloede (kyk Day 1983:88).

Die ontwikkeling van kinders kan nie gefragmenteerd bestudeer word nie. Die drie hoof fokuspunte, oorerwing, omgewing en ervaring, werk saam in die ontwikkelingsproses. Die verweefdheid hiervan moet in ag geneem word. Verskeie faktore, soos bespreek, kan verreikende gevolge inhou vir die ontwikkeling van kinders. Die ontwikkeling van kinders en die invloede en uitwerking van ‘n wye verskeidenheid faktore daarop, is kompleks.



© University of Pretoria

### 3.3 TERREINE VAN ONTWIKKELING

In die vorige afdeling is prenatale, perinatale en postnatale fases bespreek. Die ontwikkeling van kleiner kinders word vervolgens bepreek. Die eerste fase is die *baba-fase*, wat net na geboorte tot ongeveer twaalf maande strek. Hierdie fase word ook soms die suigeling-fase genoem (De Witt en Booysen 1994:10). Vir Louw (1994:30; 2014:101) strek die babafase tot aan die einde van die tweede lewensjaar. De Witt (2014:11-12) ondersteun die siening dat die duur tot en met twee en 'n half jaar of dertig maande. Louw inkorporeër egter hierdie fase by die babafase en sien die peuterfase nie as 'n aparte fase nie. Vir die ontwikkelingskundiges wat wel die peuterfase onderskryf, is dit die tyd wanneer kinders leer loop en praat. Teen die einde van hierdie fase bereik peuters die helfte van hulle volwasse lengte (De Witt en Booysen 1994:11; De Witt 2014:12). Die *kleuterfase* strek van ongeveer dertig maande (twee en 'n half jaar) tot en met twee-en-sewentig maande of ses jaar (vlg Louw 1994:30; Louw 2014:162-164). Dit is tradisioneel die jaar waarin die kleuter aan semi-formele onderrig (in Suid-Afrika Graad R) blootgestel word.

Vanaf ongeveer vyf tot agt jaar is die *kleinkindjare*. Hierdie tydperk sluit 'n gedeelte van die kleuterfase en 'n gedeelte van die na-kleuterfase in. Die kleinkindjare gaan die *middelkindjare* vooraf. Dit is die tydperk wat in die postmoderne tyd bekend geword het as "tweens", die tyd tussen kindwees en puberteit. Die kleinkindjare sluit Graad RR, Graad R, Graad 1 en Graad 2 in. Baie kinders in Suid-Afrika woon egter nie skool by wanneer hulle skoolpligtig geword het nie. Kinders is skoolpligtig in die jaar waarin hulle sewe word. Al nege die provinsiale onderwysdepartemente moedig ouers aan om hulle kinders vir graad R in te skryf, vir die jaar waarin hulle ses word. Dit is egter nog nie verpligtend nie.

Die middelkindjare of "tweens" begin ongeveer vanaf nege jaar en duur tot op twaalfjarige ouderdom (Louw 2014:239-240). Na die middelkindjare volg *adolessensie*, wat ongeveer vanaf dertien tot en met agtien jaar duur (Louw 2014:320-321). Wanneer kinders agtien jaar oud word en die skool verlaat, word na hulle as *jong volwassenes* verwys. Nadat hulle mondig geword het, of die ouderdom van een en twintig jaar bereik het, word na *volwassene* verwys.

Die ontwikkelingsterreine van kinders sluit die volgende in:

- liggaamlike of motoriese ontwikkeling (ook fisiese ontwikkeling genoem);



© University of Pretoria

- kognitiewe ontwikkeling;
- emosionele ontwikkeling;
- sosiale ontwikkeling;
- morele ontwikkeling (ook sedelik-normatiewe ontwikkeling genoem);
- persoonlikheidsontwikkeling.

Die onderskeie ontwikkelingsterreine gaan vervolgens bespreeek word. Wanneer ‘n ondersoek oor kinders se gedrag of die vorming van ‘n sekere konsep gedoen word, moet kinders se ontwikkelingsfase in ag geneem word. Hoewel kinders almal teen hulle eie pas ontwikkel, is daar sekere universele mylpale wat in ag geneem moet word. Deeglike kennis van kinderontwikkeling is nodig, voordat ‘n studie geloods word.

### 3.3.1 Liggaamlike ontwikkeling

Liggaamlike of motoriese ontwikkeling behels die ontwikkeling van kinders se liggaamlike funksionering. Hierdie groei en ontwikkeling is die duidelikste waarneembaar omdat kinders fisies groei, langer word, hulle liggame verander en groter word (kyk Meyer 1990:11; Louw 1994:11).

Kleiner kinders onderskei nog nie tussen hulle liggame en hulle denke nie. Hulle ís hulle liggaam en hulle liggaam ís hulle. Hulle gebruik hulle hele liggaam om te ondersoek en ontdek, te ervaar, te beleef, te leer, te verstaan en uiteindelik om sin te maak van die wêreld rondom hulle. Groot motoriese vaardighede, soos om buite te speel, te hang, te rol en balspeletjies behoort in hierdie tyd ontwikkel te word. Fyn motoriese vaardighede, soos om klei te manipuleer, wat die vingers en hande se spiere laat ontwikkel, behoort ook aandag te geniet.

Die aanvanklike vinnige toename in lengte en gewig, begin afneem in die middelkindfase. Kinders is meer stabiel op hulle voete en kan met gemak hardloop, spring, balanseer, huppel, swaai en rol. Kinders behoort in die kleinkindjare toenemend selfstandig en onafhanklik te raak. Take soos self aantrek, toiletroetine, self eet, self probleme oor hoogte, afstand, spoed kan uitwerk en skooltake behoort met gemak bemeester te word (De Witt en Booysen 1994:62-70; vlg Turner en Helms 1995:236; Louw en Louw 2014:162-164; 239-241).



© University of Pretoria

### 3.3.2 Kognitiewe ontwikkeling

Kognitiewe ontwikkeling verwys na die ontwikkeling van kinders se breinfunksie, intelligensie, redenasievermoë, geheue, denke, memorisering van idees en die skep van nuwe idees. Vyf funksies word geïdentifiseer wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van kognisie (McCandless en Trotter 1977:548-549; vgl McGraw 1978:379-413; Meyer en Van Ede 1990:51, 80; De Witt en Booysen 1994:12-13; De Witt 2014:14):

- intelligensie;
- skemas en kognitiewe struktuur;
- assimilasie en akkommodasie;
- ekwilibrium en
- metakognisie.

Intelligensie verwys nie net na kinders se vermoë om reeds aangeleerde vaardighede te herroep nie, maar ook om konstant by die veranderende omgewing te kan aanpas. Intelligensie is ‘n aktiewe, dinamiese proses van ordening, organisasie en aanpassing op die vorming van denkprosesse (De Witt en Booysen 1994:12)

Skemas verwys na die mees basiese patrone om handelinge te herhaal. Die suigrefleks of -skema is die refleksiewe handeling om alles wat die neonaat in die hande kry, te suig. Kognitiewe skemas en strukture ontwikkel wanneer omgewingsinhoude by bestaande skemas geïnkorporeer word (Meyer en Van Ede 1990:80). Skemas kan gesien word as kategorieë van verwante gebeurtenisse, voorwerpe en kennis. Namate die kognitiewe vermoë ontwikkel en verbeter, raak die skemas ook meer abstrak en uitgebreid (Louw en Louw 2014:26-27).

Assimilasie en akkommodasie, ook “aanpassing” genoem, bou op skemas. Dit beteken dat kinders die nuwe inligting wat hulle verwerf, moet kan verwerk en inpas by reeds aangeleerde skemas. Assimilasie dui op die vermoë om nuwe inligting by die huidige skema in te pas en deur middel van die reeds aangeleerde skema te interpreteer. Akkommodasie dui op die vermoë om die skema aan te pas, te verander of nog skemas by te voeg, ten einde nuwe inligting te verwerk (De Witt en Booysen 1994:12; kyk Louw en Louw 2014:27).



© University of Pretoria

Piaget was dit eens met die denke van sy tyd dat daar altyd ‘n strewe na balans in ‘n organisme is, oftewel “ekwilibrium”. Wat klein kinders betref, interpreteer hy die soeke na ekwilibrium as die individuele kind se poging om probleme op te los deur van kognitiewe prosesse sowel as stimuli uit die omgewing gebruik te maak. Wanneer inkonsekwenthede in kinders se kennis voorkom, sal hulle gemotiveerd wees om hulle denke aan te pas en te verander om die balans tussen assimilasie en akkommodasie terug te vind (Meyer en van Ede 1990:51; kyk De Witt 2014:14; Louw en Louw 2014:27). Metakognisie is ‘n doelbewuste poging deur kinders om hulle kognitiewe vermoëns te beheer. Kinders weet dus hulle dink en kan dink en moet dink om probleme op te los, probleme te formuleer, strategieë te volg, reëls te formuleer en te handhaaf en om geheue in te span (Berk 1991:284).

- **Modelle van kognitiewe ontwikkeling**

Jean Piaget (1972) was die voorloper op die gebied van kognitiewe ontwikkeling van kinders. Hoewel kritiek teen sy teorieë en modelle ingebring is, het dit die grondslag gelê vir hedendaagse kennis oor kinderontwikkeling en is steeds van belang. Piaget se ondersoek wat in drie fases verloop het, is steeds die mees uitgebreide studie oor die kognitiewe ontwikkeling en -funksionering van kinders. Die drie komponente van sy ondersoek was eerstens die proses van intellektuele ontwikkeling, tweedens die biologiese ontwikkelingsproses (soos in 3.3.2 bespreek) en derdens die toepassing op die opvoeding van kinders.

Piaget se kognitiewe ontwikkelingsmodel kan in vier fases, met verskeie onderafdelings onderskei word (Piaget 1972:10, 20, 42, 63; kyk Maier 1978:31-47; Sonnekus en Ferreira 1986:151-157; Bee 1992:255; De Witt en Booysen 1994:13-16; Louw en Louw 2014:25-27, 108, 167, 191, 243, 341, 364, 403):



© University of Pretoria

*Tabel 2: Piaget se kognitiewe ontwikkelingsmodel*

| **Fase** | **Ouderdom ongeveer** | **Eienskappe of kernmerke** | **Onderafdelings of stadia** |
|---|---|---|---|
| Sensories-motories. | Geboorte tot 2 jaar. | Reflekse.<br>Gebruik sintuie.<br>Gebruik beweging.<br>Herhaal handelinge.<br>Voorwerp-permanensie ontwikkel.<br>Koördinasie ontwikkel.<br>Eksplorasie.<br>Ondekking. | 1. Refleksiewe bewegings;<br>2. primêre sirkulêre reaksies;<br>3. sekondêre sirkulêre reaksies;<br>4. koördinaring van sekondêre skemas;<br>5. tersiêre sirkulêre reaskies en<br>6. simboliese voorstelling en ontdekking. |
| Pre-operasioneel. | Twee tot ses of sewe jaar. | Gebruik taal in spel en ekspressie.<br>Denke is animisties.<br>Egosentriese denke.<br>Nabootsing.<br>Ervarings is óf kwalitatief óf kwantitatief.<br>Syferbegrip bestaan nie. | 1. Pre-konseptuele denke en<br>2. intuïtiewe denke. |
| Konkreet-operasioneel. | Sewe jaar tot elf jaar. | Logiese denke ontwikkel.<br>Abstrakte denke nog beperk.<br>Omkeerbare denk-handelinge ontstaan.<br>Hiërargie van klasse word verstaan. | |
| Formeel-operasioneel. | Twaalf jaar en ouer. | Hipoteties-deduktiewe redenering. | |



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Proposisionele denke.<br>Kombinatoriese analise.<br>Relativistiese denke. | |

Die tweede fase, naamlik die *pre-operasionele fase* is in die besonder vir hierdie studie van belang, veral die tweede stadium van die fase, naamlik intuïtiewe denke. Die teikengroep se kinders is in hierdie fase en gebruik taal in hulle spel om uitdrukking aan idees, gewaarwordinge en gevoelens te gee. Hulle denke is animisties en die wêreld draai om hulle eie belewing daarvan. Nabootsing van betekenisvolle volwassenes is op hierdie stadium van kognitiewe ontwikkeling 'n belangrike aspek. Die nabootsing van volwasse gedrag word in hierdie studie ondersoek. Kinders maak 'n simboliese of rasionele voorstelling deur logiese denke. Die vernaamste aanduiding dat kinders die intuïtiewe stadium binnegaan is die kenmerkende "hoekom"-vraag. Kinders begin  elementêr redeneer. Hulle soek na antwoorde op skynbaar onbenullige vrae. Deur antwoorde te soek, vervul hulle die basiese behoefte na kennis. Die skade wat 'n afjak of sarkastiese antwoord op hierdie hoekom-vrae, kan aanrig, is onberekenbaar. Hoewel kinders hulle eie idees, intuïtief vorm, soek hulle na bevestiging van hulle idees (Louw en Louw 2014:168). Drie belangrike aspekte kom tydens hierdie fase na vore. Die eerste hiervan is uitgestelde nabootsing. Dit behels die oproep van 'n beeld, handeling of persoon wat nie meer teenwoordig is nie. Hierdie aspek is veral belangrik vir hierdie studie. Die nabootsing van gedrag of persone is 'n kognitiewe handeling. Kinders se nabootsing van hulle vaders is 'n natuurlike proses. 'n Verdere aspek is simboliese voorstelling of fantasering Dit is wanneer kinders 'n werklike situasie met denkbeeldige voorwerpe vervang, of vice versa. Die laaste aspek is die verwerwing van taal. Voordat taal ontwikkel, vind denke slegs deur aksies plaas, maar namate taal ontwikkel, vind die denke eerder deur voorstellings plaas. Die vermoë om taal te verstaan en te gebruik, verbreed 'n kind se wêreld (De Witt en Booysen 1994:16, 56, 60, 61, 100; kyk Louw en Louw 2014:168).

By die denke van kinders tussen vyf en agt jaar is  daar 'n aantal aspekte wat nog nie ten volle ontwikkel het nie. Insig hierin is nodig om kinders se denke ten opsigte van die skep van Godsbeelde te verstaan.  Dit word kortliks bespreek, aan



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die hand van die werk van Mussen *et al* (1984:227), Muller *et al* (1992:57), Oats (1994:47) De Witt en Booysen (1994:15-18) en Louw en Louw (2014:169-171).

*Tabel 3: Aspekte van denke:*

| **Aspek** | **Implikasie** |
|---|---|
| Perseptuele sentering | Kan slegs aan een eienskap aandag skenk. Gewig sal bepaal word in terme van grootte in plaas van deur dit te weeg. Bv ‘n Leë ontbytgraanboks sal as swaarder gesien word as ‘n vol 1ℓ melkboksie . |
| Konversasie | Kan nie insien dat inhoude dieselfde kan bly, maar die uiterlike vorm kan verander nie. Bv: ‘n lang glas en ‘n kort, breë glas met dieselfde hoeveelheid vloeistof, sal nie as dieselfde verstaan word nie. |
| Onomkeerbaarheid | Kan nie ‘n situasie of probleem omkeer nie. Bv: die logika dat 2+3, gesien kan word as 5-2 nie. Dieselfde geld vir situasies. As water op grond gegooi word, maak dit modder. Hul sal sukkel om te verstaan dat die grond ook in die water gegooi kan word. |
| Egosentrime | Kinders beleef die wêreld in relasie tot hulself. Bv: my ma en pa bestaan om vir my te sorg; ek wil slaap, daarom word dit aand. |
| Animistiese denke | Die neiging om vir alle dinge, lewend of nie, menslike eienskappe te gee. Bv: die son slaap, as my hond blaf, praat hy met my, my maag is honger. |
| Transduktiewe redenering | Dis die neiging om onverwante situasies aan mekaar te verbind, op ‘n tipe oorsaak-gevolg-manier. Bv: ek maak dansies en die mense op die TV lag vir my.Of: ek was stout, daarom word my ma siek. |
| Klassifikasie en kategorisering | Kinders kan tydens die pre-operasionele fase (veral in die pre-konseptuele stadium) nie voorwerpe op meer as een eienskap klassifiseer of kategoriseer nie. Bv: sal voorwerp volgens kleur of vorm versamel, nie albei nie. |
| Gebrekkige syferkonsep | Kan nie ordinaliteit insien nie. Dit sluit in vergelyking van getalle, meer as, minder as, groter as, kleiner as. |
| | Kan ook nie kardinaliteit insien nie. Dit is om getalle in geheel |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| | te verstaan. |
| | Getal-transformasies wat basiese optel en aftrek insluit. |
| | Skatting. Dis nie moontlik vir kleiner kinders om te raai hoeveel voorwerpe daar is, sonder om dit te tel nie. |

‘n Belangrike regstelling op Piaget se teorie in later jare is dat kinders nie so egosentries is, as wat hy gemeen het nie. Verdere studies het ook aan die lig gebring dat kinders heelwat vroeër wiskundige en syferkonsepte begryp, as wat Piaget aanvanklik bevind het (kyk Sonnekus en Ferreira 1986:163-164; Louw en Louw 2014:171-172, 244-245, 344-346). Tog is die teoretiese onderbou van Piaget se werk vandag steeds van belang. Hierdie studie wil met behulp van Piaget en die wat op sy werk gebou het insig verkry in kinders se denke oor God. Twee konsepte wat vir hierdie studie van toepassing is, is eerstens die van “uitgestelde nabootsing” en tweedens  dat kinders tydens die intuïtiewe stadium nog op ‘n transduktiewe wyse redeneer. Met behulp van hierdie tipe redenering verbind kinders skynbaar onverwante situasies oorsaaklik met mekaar. Dit verklaar waarom kinders God in hulle vader sien en hulle vader in God. Vaderlike optrede word direk aan God gekoppel. In die empiriese komponent van hierdie studie kan hierdie dinamiek duidelik waargeneem word.

Lev Vygotsky (1896-1934), Piaget se tydgenoot, het van Piaget verskil ten opsigte van die invloed van kultuur op kognitiewe ontwikkeling. Vygotsky se fokus was op hoe oortuigings, gebruike en vaardighede aan kinders oor gedra word (Louw en Louw 2014:28-29). Kultuuroordrag raak nie net kognitiewe ontwikkeling nie, maar ook alle aspekte van kinders se ontwikkeling. Kinderontwikkeling behoort in geheel teen die agtergrond van kultuuroordrag gesien te word.  Hierdie klem op die kulturele invloed is vir die studie van groot belang en derhalwe word die insigte van Vygotsky (1962:38-39) gebruik om die insigte van Piaget aan te vul en te verfyn. Vygotsky (1962:38-39; vgl Vygotsky 1978:39-40; kyk Van der Spuy 2000:14; Hermans 2003:270-283; Louw en Louw 2014:178-180  se insigte ten opsigte van kulturele gewoontes en sienings aangaande leer, kan daartoe bydra om kinders binne ‘n spesifieke kultuur, in die geval van hierdie studie kinders van die bruin kultuur in Suid-Afrika, beter te verstaan.

Volgens Vygotsky (1962:38-39)  ontwikkel kinders wel intrinsiek, maar dit kan net optimaal gebeur met behulp van die begeleiding van volwassenes en die



© University of Pretoria

instrumente wat die kultuur verskaf (Louw en Louw 2014:178). Hierdie kulturele instrumente moet verwerf word. Hierin lê die besondere waarde van sy ontwikkelingsteorie.

*Tabel 4: Vygotsky se kognitiewe ontwikkelingsmodel:*

| **Konsep** | **Wat beteken dit** | **Waarde van konsep** |
|---|---|---|
| Sone van proksimale ontwikkeling. | Dit verwys na die die verskil in prestasie met en sonder volwasse leiding. Dit word onder andere bereik deur wenke, vrae, modellering, aanmoediging en verduidelikings. | Groter klem word op kinders se potensiaal geplaas as op hulle vermoëns. |
| Steierwerk. | Dit beteken dat hulp verskaf word aan kinders wanneer hulle met 'n aktiwiteit of vaardigheid besig is, wat net bo hulle vermoë is. | Deur die nodige ondersteuning (steier) te gee, ontwikkel kinders self die vermoë en word verdere steiers of vlakke daarop gebou. |
| Begeleide deelname. | Hierdie konsep is algemene praktyk. Onderwysers of ouers neem deel aan 'n aktiwiteit deur saam te speel, tel, sing, lees, ens. Kinders leer onwetend deur saam te speel of te werk. | Informele onderrig en noodsaaklike vaardighede word vinniger bereik. |
| Taalontwikkeling. | Denke word deur taal gekonstruktureer. Sonder taal is geen denke moontlik nie. | Taal raak die uitlaatklep vir denke. |
| Spraak. | Logiese denke is die gevolg van self- of binnespraak. Hy lê groot klem op die waarde wat selfspraak op die kognitiewe ontwikkeling het. | Selfspraak verbeter denke, kommunikasievaardighede, kognitiewe groei en sosiale aanpasbaarheid. |
| Dialektiese proses van tese, antitese en sintese. | 'n Idee of probleem ontwikkel.<br>'n Ander opponerende idee of bykomende probleem verskyn.<br>'n Oplossing word gevind. | Hierdie uitwerk van probleme, lei tot konsepvorming op 'n hoë kognitiewe vlak. Konflik en oplossing is van groot waarde en noodsaaklik vir |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | kognitiewe groei. |

Vervolgens word Vygotsky (1962:38-39) se vermaanste verskille met die van Piaget vergelyk (Van der Spuy 2000:14; Louw en Louw 2014:171-172,178-180,244-245,344-346). Vygotsky(1962:38-39) het die kinders se ontwikkeling en vorming as die resultaat van sy eie belewing van die wêreld rondom hulle gesien. Vygotsky (1962:38-39) lê klem op kinders se nuuskierigheid en die ywer waarmee kinders volwassenes naboots. Nabootsing is ‘n belangrike aspek van hierdie studie se uitgangspunt. Dis nodig om die verskille tussen Piaget en Vygotsky (1962:38-39) se werk in ag te neem, wanneer kinders se pre-konseptuele denke en intuïtiewe denke bestudeer word.

*Tabel 5: Vergelyking tussen Vygotsky en Piaget:*

| **Vygotsky** | **Piaget** |
|---|---|
| Sosiale konteks om proksimale sone (sien vorige tabel) te bereik. | Vermoë om logies te redeneer. |
| Sosiaal-kulturele oordrag speel groot rol in die kognitiewe ontwikkelingsproses. | Omgewing en biologiese proses bepaal ontwikkeling. |
| Kinders se nuuskierigheid en ywer van die volwassenes om leer te laat plaasvind, is deurslaggewend. | Sien kinders as intrinsiek gemotiveerd om te leer. |
| Oordrag van kennis vind plaas deur onderrig, modellering en leiding. | Kennis word verkry deur kognitiewe ryping. Funksioneer onafhanklik van onderrig. |
| Aspekte wat veranderlik is in die begeleidingsituasie, sluit in: die aard en kwaliteit van volwassene-kind interaksie en die interaksie tussen die kinders self. | Veranderlikes wat ontwikkeling kan beïnvloed is: die kind seredenasie vermoë; omgewingsfaktore wat die kognisie negatief raak. |

Een van die vernaamste verskille tussen Piaget en Vygotsky is Piaget se teorie dat kinders sonder onderrig onafhanklik kan funksioneer, teenoor Vygotsky se teorie dat kinders deur onderrig, modellering en leiding leer. Hierdie studie ondersteun die uitgangspunt dat kinders deur modellering gedragspatrone aanleer.



© University of Pretoria

### 3.3.3 Emosionele ontwikkeling

Emosies dui op ‘n komplekse toestand wat deur die aktivering van die sentrale en outonome senustelsels, gevoelens en ingewandsreaksies gekenmerk word. Gevoelens sluit in vrees, woede, vreugde, angs, medelye, afkeer of geborgenheid (De Witt 2014:6). Emosie meer is as blote gevoelens.

Alhoewel die basiese emosies reeds by geboorte teenwoordig is, ontwikkel dit stadig en as ‘n proses (Berk 1991:398). Piaget (1969:158) het kognisie en emosie beskou as onskeibaar, terwyl Freud (1949) gemeen het dat emosie uit sosiale verhoudings ontwikkel (kyk Clarke-Steward *et* al 1985:276). Faktore wat emosionele ontwikkeling beïnvloed, sluit in: sosio-kulturele milieu, opvoedingspraktyke, gemeenskapskodes en vergoedingsisteme (De Witt en Booysen 1994:20-21; kyk De Witt 2014:24).

Volgens Louw en Louw (2014:174-176,197) moet kinders eers ‘n psige-teorie ontwikkel voordat hulle emosies kan ervaar, uitdruk en verstaan. ‘n Psige-teorie is ‘n stel menings wat kinders as grondslag gebruik om ander se idees, oortuigings, behoeftes en gedrag te verstaan en te verduidelik (Louw en Louw 2014:174). Dit ontwikkel min of meer soos volg: kinders raak bewus van hulle behoefte en kommunikeer dit; later verstaan hulle die verskil tussen fisiese en psigiese entiteite (die werklike objek en die gedagte daaraan); ten slotte ontwikkel hulle ‘n psigiese staat. Die psigiese staat word bereik wanneer kleuters woorde soos “onthou”, “dink”, “weet”, “glo”, “besef” of “begryp” begin gebruik. Dit beteken dat hulle bewus is van hulle eie denke, behoeftes en gevoelens, maar ook besef ander mense denke en gevoelens het en dat dit van hulle eie verskil (Louw en Louw 2014:176).

Tydens die kleinkindjare tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar word emosies meer gevarieerd ervaar as voorheen. Emosies wat in hierdie fase ervaar word, sluit skaamte, skuld en trots in (vgl ook Erikson se psigologiese ontwikkelingsteorie wat onder 3.3.6 bespreek word). Die volgende vyf aspekte van emosionele ontwikkeling is van belang by kleiner kinders en word vervolgens bespreek, naamlik: kinders se begrip van emosies; die uitdrukking van basiese emosies; die uitdruk van emosies teenoor die self; die uitdruk van emosies teenoor ander en emosie-regulering (De Witt en Booysen 1994:22-25; kyk Turner en Helms 1995:265; Denham 1998:9, 11, 14, 16, 19, 26-29; Louw en Louw 2014:196-204).



© University of Pretoria

*Tabel 6: Aspekte van emosionele ontwikkeling:*

| **Aspek** | **Positiewe of pluspunte** | **Negatiewe of nog nie ten volle ontwikkel nie** |
|---|---|---|
| Kinders se begrip van emosies. | Raak toenemend bewus daarvan dat denke en emosies verwant is. | Kan nie kontrasterende emosies beleef of ander s'n verwoord nie. Bv: tegelykertyd kwaad en teleurgesteld. |
| | Hulle probeer ander se negatiewe emosies verminder deur te troos, 'n drukkie te gee, lomp te probeer help. | Kinders wat uit disfunksionele gesinne kom, toon minder emosionele begrip. |
| | Beskik oor vermoë om ander se emosies te interpreteer, te voorspel en te verander. | Meer negatiewe emosies, soos woede en skuld, kom by kinders uit disfunksionele gesinne voor. |
| Kinders se uitdrukking van basiese emosies. | Geluk: Kinders kan nou op meer spontane wyses emosies uitdruk: soos hande klap, gil, lag, drukkies gee, ens. Hoe ouer kinders word hoe groter raak die besef dat verskillende sitausies, verskillende emosies vereis. Ook dat daar soms vereis word om emosies te beheer. Bv: om nie hard te lag in die kerk nie, maar dat dit in orde is by die speelpark. | Vrees: Dit word veroorsaak deur kinders se temperamente, persoonlikheid en konteks bepaal. Jonger kinders is meer geneig om vrees te ervaar vir wilde diere, die donker, harde geluide en skeiding van ouers. Ouer kinders se vrese is meer realisties. Hulle is bang vir fisieke beserings, slegte mense, om alleen te wees en ook soms nog die donker. Die ouers en sosio-kultuur beïnvloed dikwels vrees. |
| | | Woede: Hoe ouer kinders word hoe beter behoort hulle |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | woede te kan hanteer. Kinders moet aktief geleer word dat woede normaal is, maar dat dit reg gekanaliseer moet word. Kinders wat openlik aan woede uiting gee, is óf nooit gelei tot redelike oplossing van konflik nie óf volg die volwasse voorbeeld wat aan hom of haar voorgehou is, na. |
| Emosionele uitdrukking ten opsigte van die self. | Trots, tevredenheid en geborgenheid: Wanneer kinders iets regkry en hulle geprys word ervaar hulle 'n positiewe gevoel van trotsheid. Hierdie positiewe emosie inspireer hulle om die gedrag te herhaal. | Naywer en jaloesie: Kinders ervaar 'n mate van jaloesie teenoor ander sibbe en teenoor hulle ouers. Hulle moet doelbewus geleer word om aandag te deel en dat niemand aan hulle "behoort" nie. |
| | | Skuld en skaamte: Wanneer kinders verkeerd opgetree het en die ouer teleurgesteld reageer, ervaar hulle 'n gevoel van skaamte en skuldgevoel. Die gedrag sal gewoonlik gestaak word, nie omdat hulle noodwendig besef waarom die gedrag self verkeerd was nie, maar omdat die skuld/skaamte emosie onaangenaam is. |
| Emosionele uitdrukking ten opsigte van ander mense. | Empatie: Dit is 'n belangrike emosie wat natuurlik ontwikkel. Ouers behoort hulle kinders op die nood van ander attent te maak, en | Selfsug en ongevoeligheid: Wanneer kinders nie reggehelp en geleer word om die natuurlike empatie te ontwikkel nie, leer hulle om |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | emosies van empatie prys. | selfsugtig te wees. |
| Emosie-regulering. | Vermydingstategieë: Kinders bedink strategieë, soos om speelgoed weg te steek vir die baba of ore toe te druk vir ‘n lawaai, ten einde ‘n sekere emosie te ervaar of nie te ervaar nie. | |
| | Taalstrategieë: Kinders beoefen selfspraak of binne gesprekke, veral in angswekkende situasies om hulle self te kalmeer of moed in te praat. | |
| | Kognitiewe strategieë: Dis wanneer kinders doelbewuste pogings aanwend om nie ‘n sekere emosies te ervaar nie. Bv: om op die tande te byt om nie te huil nie of om aan aangename dinge te dink wanneer hy of sy bang of hartseer is. | |
| | Voorgee strategieë: Dis wanneer kinders ander gedrag openbaar as wat hulle voel. Bv: glimlag as hulle geval en seer gekry het. | |
| | Emosie-afrigtingsbenadering: Ouers leer hulle kinders dat emosies normaal is en om negatiewe emosies as steierwerk te gebruik. | Emosie-afwysende benadering: Ouers ontken kinders se emosies en verduur geen tekens van onbeheersde emosie nie. |

In (veral) Westerse samelewings word kinders grootgemaak om sogenaamde “negatiewe emosies” soos jaloesie, vrees, woede en aggressie te onderdruk. Wanneer kinders in ‘n situasie verkeer waarin hierdie emosies gepas sou wees, reageer hulle deur te onttrek, die erns van die situasie  te ontken of deur onvanpas op te tree. In Afrika-kulture word kinders nie aangemoedig om emosies te beheer of te toon nie. Kinders behoort begelei te word om emosionele vaardighede aan te leer, om die emosies wat hulle ondervind, te verstaan en bestuur. Dit is nie aanvaarbaar om vir kinders te sê dat hulle iets nie mag voel nie, aangesien dit tot misplaaste skuldgevoelens lei. Wanneer kinders nie gegun word om bepaalde emosies te voel en te wys nie, sukkel hulle later in hulle volwasse verhoudings om uiting te gee aan hulle emosies (vlg Louw 1994:285; Denham 1998:9-28; Louw en Louw 2014:32-34).

Geslagsverskille blyk ook ‘n rol te speel met betrekking tot emosies. Seuns is meer geneig om sterk aan woede uiting te gee, teenoor meisies wat in dieselfde



© University of Pretoria

omstandighede eerder met verdriet of skok sal reageer. Verskillende kinders se emosies verskil in intensiteit, frekwensie, tydsduur en hoe hulle daaraan uiting gee. Studies (kyk Goldman 1995; De Klerk en Le Roux 2003) dui toenemend daarop dat emosionele ontwikkeling, soos kognitiewe ontwikkeling, sterk beïnvloed word deur oorerwing enersyds en die sosiale konteks waarin die kind leef andersyds. Die konteks sluit die interaksie met die ouers en die huislike lewe in die ouerhuis asook die kulturele erfenis in (vlg Pretorius 1998:119; Collins en Laursen 1999:39).

### 3.3.4 Persoonlikheidsontwikkeling

Vir sommige ondersoekers soos Carl Jung (1953:188), is die persoonlikheidsontwikkeling van kinders ‘n biologiese proses wat voltrek sonder invloede van buite. Vir Freud (1895:225) en Erikson (1968:13-76) word ontwikkeling wel deur eksterne elemente beïnvloed. Freud het gemeen dat kinders reeds oor ‘n volledig ontwikkelde persoonlikheid beskik, terwyl Erikson gemeen het dat persoonlikheidsontwikkeling ‘n dinamiese proses is wat lewenslank duur (kyk Meyer *et al* 1988:15-16). Vir Allport (1961:459-460) is persoonlikheid die dinamiek in die psige wat denke en gedrag bepaal kyk (Gouws *et al* 1979:230). Louw en Louw (2014:124) bou hierop en voeg daaraan toe dat persoonlikheid die unieke, relatief konstante manier is waarop individue optree, voel en dink. Daar is nog geen uitsluitsel oor waar presies persoonlikheidsontwikkeling inpas by die terreine van ontwikkeling nie. Suid Afrikaanse ondersoekers verskil ook hieroor. Opvoedkundiges soos Engelbrecht (1982; 1986) en De Witt (1994; 2014) plaas persoonlikhiedsontwikkeling as die laaste terrrein van kinderontwikkeling. Louw (1994; 2014) beskou emosionele ontwikkeling as ‘n onderafdeling van kinders se persoonlikheidontwikkeling. Aangesien selfkonsep ‘n voorwaarde vir persoonlikheidsontwikkeling is en selfkonsep met emosionele ontwikkeling verband hou, kies ek om persoonlikheidsontwikkeling as ‘n terrein opsigself te hanteer, ná emosionele ontwikkeling en vóór sosiale ontwikkeling.

Ten einde ‘n raamwerk vir die persoonlikheidsontwikkeling van kleiner kinders te skep, word aandag gegee aan geslagsrolidentiteit en die selfkonsep gegee word (De Witt en Booysen 1994:36-37; vgl De Witt en Booysen 1995:45-52; De Witt 2014:38-39, 159-160).



© University of Pretoria

*Tabel 7: Persoonlikheidsontwikkeling:*

| **Begrip** | **Begripsverheldering** | **Implikasie vir kinders** |
|---|---|---|
| Geslag. | Verwys na manlik of vroulik soos deur die biologiese faktore bepaal. | In sommige kulture is meisies van minder waarde, en word hulle emosioneel of fisiek verwaarloos. |
| Geslagsrol. | Dui op die tipiese, stereotipe rolle wat aan bepaalde geslagte toegeken word. | Kinders leer hulle geslagsrol aan deur die wyse waarop mense teenoor hulle optree, die naam wat hulle genoem word asof die speelgoed waarmee hulle speel. |
| Geslagkonstantheid. | Kinders aanvaar spontaan die geslag waarmee hulle gebore word en aanvaar dat dit konstant sal bly vir die res van hulle lewe. | Reeds tydens die eerste lewensjaar,tree kinders volgens sy of haar tipiese geslag op. Teen ongeveer dertig maande weet kinders dat hulle óf manlik óf vroulik is en dat dit 'n permanente staat is. |
| Geslagsrolidentiteit. | Dit behels die inkorporering van gedrag wat deur die gesin of gemeenskap as tipies manlik of tipies vroulik beskou word. | Die mees kritieke tydperk vir geslagsrolidentiteit is tussen twee en drie jaar. Onbewustelike nabootsing van dieselfde geslag rolmodelle neem 'n aanvang. |
| Selfkonsep. | Dit is die kennis, gevoel en evaluering wat kinders van hom- of haarself het. Ook selfbeeld genoem. | Kinders leer hulle self evalueer as slim, mooi, oulik, selfstandig, skaam, ywerig, stout, ens deur wat ander mense (hoofsaaklik ouers) vir hulle sê, hoe hulle teenoor die kinders optree en wat die kinders aanvoel die ouers van hulle dink. |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| Geslagsrolidentifikasie. | Alhoewel dit verband hou met geslagsrolidentiteit, verskil dit in die opsig dat kinders nou doelbewus met volwassenes identifiseer. Nie noodwendig volwassenes van dieselfde geslag nie, en doelbewus daardie volwassenes naboots. | Kinders boots geslagsrolle van volwassenes nou doelbewus na. Bv: ‘n seuntjie wat kamma skeer soos sy pa, of ‘n dogtetjie wat hoëhakskoene wil dra. Dit is veral belangrik dat kinders uit enkelouergesinne of kinders wat dieselfde geslag ouers het, in kontak gebring word, met volwasse rolmodelle van die ander geslag (soos ‘n grootvader, grootmoeder, broer, suster of vriende). |

Sekere persoonlikheidstrekke is reeds vroeg in ‘n kind se lewe sigbaar en kan toegeskryf word aan oorerwing (Berns 1994:374). Veral emosies, sosialisering en gedrag word deur oorerwing geraak. Temperament is die inherente wyse waarop ‘n kind op stimuli reageer (Louw en Louw 2014:133). Dit hou verband met kinders se energievlakke en hoe vinnig hulle op situasies reageer. Sosialisering verwys na kinders se behoefte om saam met ander mense te wees (Berns 1994:374). Elke mens het ‘n eie unieke oorgeërfde temperament wat ŉ invloed op ontwikkeling uitoefen. Kinders se temperament is in hulle gene vasgelê en word beïnvloed deur voorgeboortelike ervarings, veral die wat verband hou met voeding en die gesindheid van die moeder. Vanaf geboorte is kinders se temperament al sigbaar en binne die volgende paar maande van kinders se lewe word die temperament gevestig (kyk Louw en Louw 2014:133-136).

Die sosiale konteks waarin kinders hulle bevind asook hulle ondervindings beïnvloed die aard en manier waarop hulle uitdrukking gee aan hulle temperament (Berger en Thompson 1996:265). Kinders se temperament is bepalend vir hulle optrede, reaksies en ook die mate van beheer wat hulle het oor hulle eie optrede. Die omgewing waarin die kinders grootword, maak hulle nie eenders nie, soos duidelik blyk uit die bestudering van tweelinge. Wat wel ŉ invloed op die ontwikkeling van



© University of Pretoria

kinders uitoefen, is hoe dit waarmee hulle daagliks gekonfronteer word, ervaar word (Rutter en Hay 1994:128).

Kinders wat maklik aanpas by hulle omgewing, wat nie gou ontsteld word as hulle roetine verander nie, wat gefokus kan bly, wat kan aanhou ten spyte van probleme en wat ‘n aangename geaardhede, word beskryf as kinders met ‘n “maklike temperament”. Temperamenteel moeilike kinders word daaraan geken dat hulle hulle moeilik onderwerp aan dissipline, nie beskik oor uithouvermoë nie, baie negatief is, moeilik is om te troos, gou geïrriteerd is, moeilik fokus en konsentreer en impulsief is (Scramella en Leve 2004:94). Hierdie temperament-eienskappe van kinders het ŉ diepgaande invloed op hulle lewe. Kinders met ŉ moeilike temperament loop die risiko om ‘n negatiewe reaksie uit te lok veral by ouers wat self ‘n probleem het met woede en wat altyd in beheer wil wees. Sogenaamde “moeilike kinders” word makliker afgeknou en mishandel as “maklike kinders” (Scramella en Leve 2004:94; kyk De Witt en Booysen 1995:140-144; Louw en Edward-Meyer 2011:166-168; Louw en Louw 2014:427-430; De Witt 2014:328-329).

Thomas en Chess (1977) het pionierswerk gedoen oor temperamentontwikkeling by veral babas. Twee van die vernaamste insigte was dat temperament ’n groot rol speel in kinders se latere psigo-sosiale aanpassing en dat ’n kombinasie van ‘n kind met ‘n moeilike temperament en ontoereikende ouerskap, die moontlikheid van swak psigo-sosiale aanpassing by die kind verhoog (Thomas en Chess 1977:54-67, 171, 196). Hulle het drie temperament-patrone geïdentifiseer, naamlik die “maklike kind”, die “moeilike kind” en die kind wat stadiger op dreef kom, oftewel die *slow-to-warm-up-child* (Tomas en Chess 1977:61, 70, 75).

*Tabel 8: Temperamentele patrone:*

| **Die maklike kind.** | **Die moeilike kind.** | **Die stadiger-op-dreef-kom-kind.** |
|---|---|---|
| Toon gematigde intensiteit. | Intense gemoed. | Gematigde tot intense gemoed. |
| Gewoonlik positief | Negatief. Huil maklik, baie en hard. | Wissel tussen negatief en positief, afhangende van die situasie. |
| Reageer goed op | Reageer swak op | Reageer stadig op |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| verandering. | verandering. | verandering, maar pas later ten volle aan. |
| Ontwikkel vinnig slaap- en eetpatrone. | Slaap en eet ongereeld. Slaap tot in latere klein kindjare nog nie deur nie. | Slaap en eet meer gereeld as moeilike kind, maar minder as maklike kind. |
| Aanvaar nuwe smake maklik. | Kieskeurige eter. Vol fiemies oor kos. Eet soms vir dae lank nie, en ooreet dan weer. | Kieskeurige eter. Het soms aanmoediging nodig, maar aanvaar dan sommige nuwe smaak. |
| Glimlag baie en glimlag ook vir vreemdes. | Vertrou nie vreemdes nie. Tree agterdogtig op teenoor mense wat vriendelik is. | Tree soms effe wantrouig op, maar ontdooi mettertyd. |
| Pas maklik aan by nuwe omstandighede. | Pas swak of stadig by nuwe omstandighede aan. | Pas geleidelik aan. |
| Aanvaar uitdagings met min of geen protes. | Reageer met emosionele uitbarstings. | Ontwikkel mettertyd aanvaarding. Toon selfs genot na ‘n ruk. |
| Pas gou aan by nuwe roetine. | Pas stadig aan. | Pas geleidelik aan. |
| Aanvaar reëls van speletjies of sport met gemak. | Onttrek van speletjies en sport wanneer hy of sy nie hul sin kry nie. | Pas geleidelik aan, maar sal aanhou probeer en nie dadelik onttrek nie. |

Konsensus is bereik oor drie kern dimensies, wat vervolgens opgesom word (Rothbart 2007:207-210).

*Tabel 9: Dimensies van temperament:*

| **Dimensie van temperament.** | **Laer orde dimensies.** | **Beskrywing van dimensies.** |
|---|---|---|
| Moeitevolle beheer. | Aandagbeheer. | Kan aandag vestig en verskuif wanneer nodig. |
| | Geïnhibeerde kontrole. | Kan toekomstige aksies beplan en ontoepaslike response onderdruk. |
| | Perseptuele sensitiwiteit. | Waarneming van veraf geluide of |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | steurnisse in die omgewing. |
| | Lae intensiteit plesier. | Genot word verkry uit aktiwiteite wat lae intensiteit, tempo, nuwighede, verandering, teenstrydighede of kompleksiteit insluit. |
| Negatiewe affektiwiteit. | Frustrasie. | Toon negatiewe respons wanneer take onderbreek of doelstelling verhoed word. |
| | Vrees. | Toon negatiewe respons wanneer stres ervaar word. |
| | Ongemak. | Toon negatiewe respons teenoor aktiwiteite wat lae intensiteit, tempo, nuwighede, verandering, teenstrydighede of kompleksiteit insluit. |
| | Hartseer. | Toon negatiewe respons teenoor lyding, verlies of teleurstelling. |
| | Troosbaarheid. | Dui op tempo van herstel na opwinding of ontsteltenis. |
| Ekstraversie of opwelling. | Aktiwiteit. | Vlak van groot motoriese aktiwiteite. Ook dans. |
| | Laer skaamheid. | Toon inhibisie teenoor uitdagings, nuwighede of op sosiale vlak. |
| | Hoë intensiteit plesier. | Genot word verkry uit aktiwiteite wat hoë intensiteit, nuwighede, verandering, teenstrydighede insluit. |
| | Lag en glimlag. | Genot word verkry en vrylik getoon uit aktiwiteite wat hoë tempo, teenstrydighede of kompleksiteit insluit. |
| | Impulsiwiteit. | Spoed van aanvang van respons. |
| | Positiewe vooruitsig. | Positiewe opgewondenheid en antisipeer genotvolle verwagte uitkomste. |
| | Affiliasie. | Behoefte aan warmte, nabyheid van ander. |

- **Benaderings tot persoonlikheidsontwikkeling**

Daar word tussen vyf perspektiewe of modelle onderskei. Elkeen word kortliks bespreek. Kennis van persoonlikheidsontwikkeling dra by tot die holistiese verstaan van kinders. Vir hierdie studie was dit belangrik om die verskeie benaderings te bestudeer. Die studie maak gebruik van die *geïntegreerde* benadering, aangesien



© University of Pretoria

geen enkele of reeks faktore genoegsaam kan verklaar hoe persoonlikheid ontwikkel nie.

Volgens die *biologiese* benadering word persoonlikheid uitsluitlik deur genetiese en fisiologiese patrone vasgelê. Jung was ‘n eksponent hiervan. Volgens *die leerteoretiese* benadering word kinders se persoonlikheid beïnvloed en ook versterk deur die modellering van ander. Kinders ontwikkel stelselmatig ‘n selfkonsep van bekwaamheid, wat beteken dat hulle selfvertroue en dryfkrag in hulle self begin herken. Freud (1895:225) se *psigoanalitiese* benadering gaan kinders deur ‘n aantal stadia waarin konflik ervaar word as gevolg van die botsing tussen die biologiese drange van die kind en sosiale verwagtings. Erikson (1968:13-76) se *psigiologiese* benadering meen dat ontwikkeling regdeur ‘n mens se lewe plaas. Daar is in elke fase ‘n ontwikkelingskrisis wat opgelos moet word ten einde volwassenheid te kan bereik. Freud en Erikson se benaderings word in hierdie studie onder morele ontwikkeling bespreek.

Die *etologiese* benadering beklemtoon die belangrikheid van die versorgings- en gehegtheidsverhouding tussen die kind en die ouers of primêre versorgers. Hiervolgens word kinders gebore met die instink om te huil of te glimlag. Wanneer babas uiting gee aan hierdie instinkmatige gevoelens, word dit óf liefdevol beantwooord óf geïgnoreer. Kinders wie se ouers liefdevol reageer op hulle behoeftes, is meer geneig om ‘n hegte band te vorm met hulle ouers en om ‘n meer stabiele persoonlikheid te ontwikkel.

Die *geïntegreerde benadering* gaan van die standpunt uit dat geen enkele of reeks faktore genoegsaam kan verklaar hoe persoonlikheid ontwikkel nie. Volgens hierdie benadering moet biologiese, omgewings- en kulturele aspekte almal ‘n regmatige plek vind in die bestudering van die ontwikkeling van persoonlikheid (De Witt en Booysen 1994:36; kyk Louw en Louw 2014:125-126). Genetiese faktore en omgewingsinvloede het albei ŉ kragtige uitwerking op kinders se ontwikkeling (Berger en Thompson 1996:92). Tydens elke fase van ontwikkeling vind daar wisselwerking tussen oorerwings- en omgewingsfaktore plaas. Hierdie interaksie of wisselwerking is kompleks. Tydens die kind se grootwordproses is daar verskeie faktore wat die kind se sosiale en persoonlike ontwikkeling beïnvloed, soos die ouers en gemeenskap. Die interaksie tussen kinders en ander betrokkenes beïnvloed hulle persoonlikheid. Kinders leer dus sekere vaardighede aan, terwyl hulle kennis toeneem en persoonlikheidsontwikkeling onwetend plaasvind. Hierdeur word kinders



© University of Pretoria

in staat gestel om op 'n effektiewe en verantwoordelike wyse deel te word van die groep of samelewing waarin hulle hulleself bevind (Berns 1994:377).

### 3.3.5 Sosiale ontwikkeling

Sosiale ontwikkeling verwys na kinders se innerlike behoefte aan menslike kontak en die ontwikkeling van sosiale vaardighede, wat die proses behels waardeur die kinders leer om aan morele standaarde, rolverwagtings en die eise vir aanvaarbare gedrag te voldoen (De Witt 2014:27). Hulle verhoudings met verskillende persone verander in die proses (Louw en Louw 2014:218).

Weer eens word sosiale ontwikkeling beïnvloed deur eksterne faktore. Wat sosiale ontwikkeling betref, speel genetiese faktore nie 'n besondere rol nie. Die enigste genetiese faktore wat bepalend vir kinders se sosiale ontwikkeling kan wees, is temperament en persoonlikheidstipes, soos byvoorbeeld 'n geneidgheid tot introversie of ektroversie (vlg Berns 1994:377; De Witt en Booysen 1994:26-27; Berger en Thompson 1996:265; kyk Bandura 1977:194; Meyer *et al* 1988:233-234).

Sosiale vorming vind primêr in gesinsverhoudings plaas. Alle toekomstige verhoudings bou op die grondslag wat hier gelê is. Die verhoudings wat kinders aangaan, is intensief en emosioneel (De Witt 2014:30-32; kyk De Witt en Booysen 1994:27-29; Louw en Louw 2014:218). Sosiale ontwikkeling kan onderskei word in relasievorming en sosiale gedrag. Albei word vervolgens in verdere besonderhede in tabelvorm aangedui. Die insigte van Hurlock (1980:126-139), Vey (1984:21-23,81-84), Papalia en Olds (1990:366-380), De Witt en Booysen (1994:27-30), De Witt (2014:27-32) en Louw en Louw (2014:218-232) word hiervoor aangewend. Eerstens word besonderhede ten opsigte van relasievorming aangegee.

*Tabel 10: Relasievorming:*

| **Relasie.** | **Kenmerke van positiewe verhouding.** | **Kenmerke van negatiewe verhouding.** |
|---|---|---|
| Moeder. | Liefde, geborgenheid, aanvaarding, koestering, vertroue, agting, warmte. | Bitterheid, woede, angs, wantroue, swak kommunikasie. |
| Vader. | Liefde, sekuriteit, beter selfbeeld, aanvaarding, veiligheid, vertroue, | Bitteheid, woede, angs, wantroue, kind ignoreer of vermy die |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | agting, warrmte. | vader. Gevoelens van mislukking. |
| Sibbe. | Dispute wat help om probleemoplossing en konflikhantering te ontwikkel. Vertroeteling,geborgenheid, leer om te deel enander in ag te neem. | Dispute wat in geweld ontaard,haat, selfsug onverdraagsaamheid en eensaamheid. Gevoelens van minderwaardigheid of waardeloosheid. |
| Grootouerstree as ouers op. | Liefde, geborgenheid, selfstandigheid, samewerking en selfvertroue. | Onverdraagsaamheid, bitterheid, gevoel van verlies, vermy of ignoreer grootouer. |
| Grootouers as tipiese grootouers op. | Verborgenheid, verdraagsaamheid, geduld, liefde, warmte, aanvaarding en selfvertroue. | Selfvertroue, selfagting, geduld, liefde, warmte, ambisie, positiewe selfbeeld en verdraagsaamheid. |
| Portuurgroep. | Leer om te: verdra, domineer, beskerm,verantwoordelikheid te aanvaar, beurte te neem, ander se standpunte respekteer en ontwikkel 'n realistiese beeld van eie vaardighede. | Is geneig om meer te: huil, vinger te wys, weg te kruip en skram, weg te hardloop en ander te blameer. |
| Die self. | Positiewe selfbeeld. | Negatiewe selfbeeld. |
| Onderwyser. | Kommunikeer met selfvertroue, voel gemaklik, spontaan, nuuskierig, leergierig. | Onttrek van onderwyser, skeidingsangs, neem nie deel aan aktiwiteite, wantroue, ontwrig ander. |

Vervolgens word besonderhede ten opsigte van sosiale gedrag in tabelvorm aangegee:



© University of Pretoria

*Tabel 11: Sosiale gedrag:*

| **Pro-sosiale gedrag:** | **Anti-sosiale gedrag:** |
|---|---|
| Dui op positiewe gesindhede. Navorsing het al bewus dat hierdie gedrag in die volwasse jare voortgesit word. | Dui op negatiewe, destruktiewe gesindhede. TV het 'n definitiewe invloed op anti-sosiale gedrag. Studies is nog onvoldoende om te beslis of hierdie gedrag voortduur tot in volwassenheid. |
| Empatie: toon begrip vir ander se gevoelens en tree dienooreenkomstig op. Wil en kan ander help en ondersteun. | Negatiwiteit: Onwilligheid om deel te neem, te deel, aan te pas of om nuwe uitdaging aan te pak. |
| Altruïsme: Begin natuurlik teen twee tot drie jarige ouderdom om met ander te wil deel of te troos. Wanneer hierdie gedrag nie geprys of aangemoedig word nie, ontwikkel dit nie verder nie. | Aggressie: Vyandigheid en nie-intrumentele aggressie lei tot wangedrag en botsing met gesagsfigure. (Aggressie is reeds bewys om stabiel te bly, dit wil sê tot in volwassenheid voort te duur.) |
| Samewerking: Gewillig om in vrede saam te werk en saam te speel. | Baasspelerigheid:Geneigdheid om ander te wil oorheers of verkleineer. |
| Hulpvaardigheid: Hulp word aangebied sonder om daarvoor gevra te word. | Selfsug: Onwilligheid om te deel en blameer ander maklik. |
| Vriendelikheid: Aanvaar ander en pas by ander aan sonder vooroordeel. | Egoïsme: Onwilligheid om ander se gevoelens in ag te neem. |
| Gehegtheid: 'n Gevoel van behoort aan groep, lei tot spangees, beter samewerking, lojaliteit en getrouheid. | Destruktiewe gedrag: dit sluit rassisme, seksisme, selfmutilasie of misdadige gedrag in. |

Geweldsdade en aggressiewe optrede is deel van die teikengroep se leefwêreld. Hulle word daagliks aan geweld en aggressie blootgestel. Die invloed van omgewingsgeweld asook gesinsgeweld is direk op die teikengroep van toepassing. Benaderings aangaande aggressie word ondersoek en meer uitgebreid in Hoofstuk 4 bespreek.

- **Teorieë van sosiale ontwikkeling**

Alfred Adler (1930:395-404) het die totale omgewing waarin kinders groot word as deurslaggewend vir kinders se sosiale ontwikkeling beskou. Tog het hy later meer



© University of Pretoria

aandag aan die gesinskonstellasie gegee en die gesin as belangrikste komponent van sosialisering beskou (Adler 1930:404). Karen Horney (1950:15) het ouers ook as die deurslaggewende persone in kinders se sosiale ontwikkeling gesien. Volgens Horney (1945:41) kan ouers óf positief op kinders se behoeftes reageer en sodoende help om die kind optimaal te laat ontwikkel óf die ouers kan onverskillig teenoor die kind optree wat tot vyandigheid en angs by kinders kan lei. Erich Fromm (1948:58) het 'n ander invalshoek gebruik, naamlik dat verskillende karatertipes verskillend op die omgewing en opvoeding sal reageer. Hy (1948:58) lê min klem om die ouers se rol in sosiale ontwikkeling. Harry S Sullivan (1953:141) het die verhouding van kinders en ouers as die primêre invloed op sosiale ontwikkeling gesien. Sy teorie het berus op die biologiese ryping van kinders en was van mening dat geen gedrag aangeleer kon word voordat die kind nie ryp is daarvoor nie (Sullivan 1953:141). Albert Bandura (1977:194) se leerteorie staan midde in die behavioristiese tradisie waar omgewingsfaktore die belangrikste bepalers van gedrag is. Bandura het groot klem op modellering van gedrag gelê (Bandura 1977:194). Bogenoemde persone het sosiale ontwikkeling van kinders ondersoek en uitgebou. Hulle het waardevolle insette gelewer om sosiale ontwikkeling beter te verstaan (Booysen 1994:26-27). Hoewel kennis geneem is van hierdie teorieë word dit nie as uitgangspunt vir hierdie studie gebruik nie.

Alhoewel Freud se psigoanalitiese teorie en Erikson se psigologiese ontwikkelingsteorie, sowel as sosiale ontwikkelingteorieë as emosionele ontwikkelingsteorieë gesien kan word, word volstaan met die keuse om dit by moreel-etiese ontwikkeling te integreer. Vygotsky se sosiale ontwikkelingsteorie is van belang vir hierdie studie, aangesien hy klem lê op die invloed wat die gemeenskap en kultuur op kinders se sosiale ontwikkeling het. Die teikengroep leef binne 'n bruin vissersgemeenskap, waar die gemeenskap na mekaar se kinders omsien. Die kinders word dus nie net deur hulle eie ouers beïnvloed nie, maar deur die hele gemeenskap se volwassenes. Bronfenbrenner (2005:44-45) se ekologiese teorie word ook bespreek, aangesien hy kinders se ontwikkeling ook in terme van ander verhoudings plaas. Vygotsky (1967:38) en Bronfenbrenner (2005:44-45) se teorieë is as uitgangspunt gebruik weens die klem wat beide op die gesin en gemeenskap as sosiale ontwikkelingskomponente gelê word. Vervolgens word Vygotsky (1967:38) se sosiale ontwikkelingsteorie en Bronfenbrenner (2005:44-45) se ekologiese teorie bespreek.



© University of Pretoria

Vygotsky (1967:38; 1977:45; vgl Van der Spuy 2000:18) gaan van die uitgangspunt uit, dat kinders mense is wat nog nie hulle volle potensiaal bereik het nie. ‘n Kind se potensiaal lê opgesluit in ‘n “bloudruk” en word verwesenlik indien optimale ontwikkeling die bloudruk kan ontsluit. Vygotsky beklemtoon die invloed van kultuur en die sosiale omgewing op die verwesenliking van die of beperkinge op die potensiaal. Volgens Hermans (2003:278) bied Vygotsky se insigte ‘n goeie grondslag vir die verstaan van die ontwikkeling van menslike dinkprosesse. Alhoewel Vygotsky se benadering hoofsaaklik behavioristies is, ondersoek hy tog wel die breër invloed van die sosio-kulturele omgewing. Hy vind die suiwer genetiese oorerwingsteorie te simplisties. In interaksie met ander en met die omgewing vind sekere ontwikkelingsprosesse plaas. Hierdie interaksie tussen kinders en hulle omgewing lei tot reaksies en gedrag wat eie is aan die bepaalde sosio-kulturele konteks (Vygotsky 1967:38).

Kinders beskik oor die vermoë om hulle eie simbole te skep. Hierdie simbole bied alternatiewe moontlikhede wat kinders instaat stel om ‘n relasie te vorm en op situasies te reageer uit hulle eie sonder stimulus van buite. Die interaksie transendeer dan die vlak van blote oorsaak en gevolg. Interaksie word meer kompleks vanweë die verryking meegebring deur die eie, unieke simbole van elke kind. Hoe ouer kinders word hoe meer bedrewe raak hulle met die skep van tussengangersimbole. Dit is simbole wat hulle help om tussen oorsaak en gevolg te onderskei en derhalwe op ‘n meer komplekse wyse met stimuli om te gaan as net op die vlak van oorsaak en gevolg (Vygotsky 1978:39). Hierdie nuwe simbole help kinders om sin te maak uit hulle leefwêreld en om paslik op te tree. Elementêre reaksies word vervang met ‘n komplekse proses van interaksie tussen die kind, die tussengangersimbool en die eksterne stimulus (Vygotsky 1978:40). Die onmiddellike impuls om te reageer op die eksterne stimulus word geïnhibeer en die kind reageer op die alternatiewe stimulus wat intern geskep word. Kinders leer deur middel van sulke plaasvervangende stimuli om hulle gedrag te beheer en bestuur.

Vir Vygotsky (1978:45) is leer ‘n sosiale aktiwiteit waartydens kultuurgoedere oorgedra en gedeel word. Geloof ontstaan binne 'n geloofsgemeenskap. Geloofsgemeenskap en geloofsonderrig vind plaas waar mense met dieselfde kultuur saamkom. Dingemans (1986:119) noem die proses sosialisering. Sosialisering is nie die einddoel van leer nie, maar die middel waardeur effektiewe leeroordrag plaasvind. Vygotsky(1978:92-95) het ook die rol van interaksies in kinderspel



© University of Pretoria

ondersoek. Sosiale funksies gaan kognitiewe funksies vooraf. Kinders ontwikkel dus eers op sosiale niveau voordat hulle op kognitiewe vlak sal ontwikkel. Kinders neem hulle ouers fyn waar. Hulle luister nie net na wat die ouers sê nie, maar ook na hoe die ouers dit sê. Deur spel boots hulle na wat hulle gesien en gehoor het. Hulle neem verskillende rolle aan, gebruik verskillende stemtone, en toonhoogtes, probeer selfs ander tale. Kinders ondersoek alle moontlike maniere om hulle innerlike lewe tot uitdrukking te bring. Hierdie spel dra by tot sosiale en kognitiewe ontwikkeling (Vygotsky 1978:92-95; kyk Bodova en Leong 2012:1).

Vygotsky het veral die kontekstuele aspek van onwikkeling beklemtoon. Dit word verder geneem deur Urie Bronfenbrenner (2005:44-45) met sy ekologiese perspektief op kinderontwikkeling. Kinders is komplekse wesens en vorm deel van 'n reeks komplekse samelewingsisteme (Bronfenbrenner 2005:44-45; vgl Louw en Louw 2014: 29). Kinders ontwikkel te midde van 'n web van verbindings met hoofsaaklik vier sisteme: die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteme.

Die *mikrovlak* oefen die mees direkte en sterkste invloed uit op kinders. Dit verteenwoordig die kind se ouerhuis en familie. Die *mesovlak* verteenwoordig die wedersydse interaksie tussen twee of meer mikrosisteme waarvan die kind deel is. 'n *Mesosisteem* is byvoorbeeld 'n kombinasie van die skool, portuurgroep, sport aktiwiteite en gemeenskap in. Die *ekosisteem* waarin kinders hulle bevind, is die sosiale omgewing waarby hulle nie direk betrokke is nie, soos die ouers se werk, sosiale netwerke, maatskaplike dienste, gesondheidsorg en ook die geloofsgemeenskap. Die ekosisteem beïnvloed die mikro- en mesosisteem en oefen daardeur 'n indirekte invloed uit op kinders. *Makrosisteme* het te doen met die breër gemeenskap, kultuurgebruike, tradisies, waardes en norme. Hierdie sisteem oefen 'n invloed op kinders se ontwikkeling uit, aangesien die mikro-, meso- en ekostelsels hierin veranker lê (Bronfenbrenner 2005:44-45; kyk Forrest *et* al 2005:183-190; Louw en Louw 2014:28-29). Hierdie sisteme kan skematies voorgestel word soos volg:



© University of Pretoria

Skematiese voorstelling 1:

Bronfenbrenner se ekologiese teorie (aangepas uit Louw en Louw 2014:30).




| |
|---|
| *Dampkring 1: Mikrosisteem:* interaksie tussen die kinders en hulle ouers<br>*Dampkring 2: Mesosisteem:* interaksie met portuurgroep by die skool, dagsorg, buitemuurse aktiwiteite.<br>*Dampkring 3: Ekosisteem:* interaksie met gemeenskap, sosiale netwerke en ouers se vriendekring en kollegas.<br>*Dampkring 4*: *Makrosisteem*: interaksie met die breër kultuur. |

Later in Bronfenbrenner (2005:44-45) se loopbaan, het hy 'n verdere sisteem toegevoeg, naamlik die chronosisteem. Hiermee word beklemtoon dat kinders se ontwikkeling nie staties is nie. Die makrosisteem verander ook gedurig, veral weens sosio-kulturele en sosio-historiese gebeure. Verandering vind gedurig plaas: kinders verhuis, ouers skei, die skool brand af, die onderwysers wissel. "Chronosisteem" verwys na tyd, want met die verloop van tyd verander alles (Bronfenbrenner 2005:44-45; vgl Forrest *et al* 2005:190-192; Louw en Louw 2014:29).



© University of Pretoria

### 3.3.6 Morele ontwikkeling

"Moraliteit" verwys na die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei (Louw en Louw 2014:232). Kinders word nie gebore met 'n begrip van reg of verkeerd nie. Hulle het egter die potensiaal om dit aan te leer. Hulle kan aanleer wat sedelik, eties of godsdienstig aanvaarde gedrag is. Ouers voed hulle kinders op om dieselfde norme, waardes en geloofsoortuigings as hulle te hê (De Witt en Booysen 1994:32). Omdat ouers se waardestelsels verskil, sal wat hulle kinders bybring, ook verskil.

Luidens Piaget (1932:27) is daar 'n verband tussen normatiewe gedrag en die interaksie met volwassenes. Dit beteken dat kinders beter en gemakliker met volwassenes oor die reg sal kom, wanneer hulle moraliteit ontwikkel is. So sal kinders ook beter by hulle portuurgroep inpas en sosiaal-aanvaarbare gedrag openbaar (kyk Rathus 1988:14). Piaget (1932:18) is verder van mening dat daar 'n verband tussen die kognitiewe ontwikkeling en die normatiewe denke is. Hy (1932:18) gaan van die uitgangspunt af uit dat hoe beter kinders kognitief ontwikkel is, hoe beter sal hulle moraliteit ontwikkel wees (kyk Rathus 1988:14-15).

Volgens Louw en Louw (2014:303-304) moet onderskei word tussen moraliteit, morele ontwikkkeling en morele opvoeding. *Moraliteit* verwys na die waardestelsel waarvolgens individue onderskei tussen wat vir hulle reg en verkeerd is. *Morele ontwikkeling* dui op die proses waarvolgens kinders hulle kultuur, geloofsgemeenskap, gesin, samelewing, skool, en familie se waardes ten opsigte van goed en kwaad aanleer en hulle gedrag daarvolgens rig. *Morele opvoeding* impliseer die leiding wat aan kinders gegee word om spesifieke waardes en norme aan te leer. *Morele opvoeding* verwys ook na die handhawing van sosiale orde, met ander woorde die nakoming van sekere ongeskrywe sosiale reëls.

Morele waardes en standaarde verskil van kultuur tot kultuur. Gemeenskappe en gesinne se morele waardes verskil van mekaar. Kinders ontvang morele opvoeding om konstruktiewe burgers te kan wees in die samelewing waarin hulle leef (Louw en Louw 2014:303).

- **Benaderings tot morele ontwikkeling**

Drie benaderings tot morele ontwikkeling kan onderskei word, naamlik die perspektiewe van morele emosies, morele gedrag en morele beredenering onderskeidelik. Freud (1895:225) se psigoanalitiese teorie en Erikson (1968:13-76) se psigososiale teorie is voorbeelde van die morele emosie-benadering. 'n



© University of Pretoria

Eksponent van die morele gedrag-benadering is Albert Bandura (1977:194) van wie se sosiaal-kognitiewe teorie in die studie gebruik gemaak sal word. Eksponente van die morele beredenering-benadering sluit in Kohlberg (1975:671), Piaget (1932:18) en Eisenberg (1986:24-28). Vervolgens word die drie benadering kortliks uiteengesit.

Die uitgangspunt van die *morele emosies-benadering* is dat morele besluitneming op emosionele evaring berus. Kinders tussen die ouderdom van vyf en agt jaar verstaan dat hulle met onaanvaarbare gedrag teleurstelling kan veroorsaak. Hulle emosionele reaksie op sosiaal-morele gebeure is dus 'n belangrike stap in hulle morele ontwikkeling (Louw en Louw 2014:304). Kinders kan soms onverwags altruïsties optree en ook soms teleurstel. Dit word hoofsaaklik veroorsaak deur drie morele emosies, naamlik (Louw en Louw 2014:305):

- 'n gevoel van verantwoordelikheid: byvoorbeeld om 'n maat of 'n gesinslid te help;
- 'n gevoel van bevoegdheid: kinders sal help wanneer hulle voel hulle kan;
- 'n goeie gemoedstoestand: wanneer kinders gelukkig voel, sal hulle meer geneig wees om ander te wil help.

Volgens die psigoanalitiese insigte van Sigmund Freud (1895:225) gaan kinders deur 'n aantal stadia waarin konflik ervaar word as gevolg van die botsing tussen die biologiese drange van die kind en sosiale verwagtings (kyk Berk 1997:15). Om te kan ontwikkel, moet kinders 'n manier vind om hierdie konflik op te los. Wanneer hulle die vermoë ontwikkel het om hierdie innerlike konflik op te los, kan hulle ook leer om met ander oor die weg te kom en om spanning te hanteer. Volgens Freud (1974:77-78) verskuif die fokus van seksuele impulse deur die loop van die kinderjare. Vroeë seksuele gevoelens gaan deur vyf ontwikkelingstadia, naamlik: die orale, die anale, die falliese, die latente en die geslagsgebiede van die liggaam (Freud 1974:77-78).Tydens elke fase moet ouers sensitief beweeg tussen te veel toelaat of te min aan kinders se behoeftes voldoen. Enige van die twee uiterstes kan veroorsaak dat kinders se psigiese energie fikseer in 'n spesifieke fase (Freud 1974:77-78). Beloning vir alles maak kinders onwillig om na 'n volgende fase van gedrag te beweeg. Te min aanmoediging veroorsaak weer dat kinders bly bevestiging of aandag soek. Wanneer ouers daarin slaag om 'n balans te vind, kan kinders ontwikkel en groei tot verantwoordelike volwassenes (Freud 1974:77-78).



© University of Pretoria

Freud se werk het 'n beduidende invloed ontwikkelingsteorieë gehad. Hy en het die kliniese metode as die mees effektiewe manier beskou om inligting oor kinderontwikkeling te versamel. In hierdie denkskool is min ruimte gelaat vir die verskille in kinders se persoonlikhede, temperament, asook vir die invloed van oorerwing en die omgewing (Nicholas 2003:392-393).

Volgens Erikson (1968:55) vind ontwikkeling regdeur 'n mens se lewe plaas. Daar is in elke fase 'n ontwikkelingskrisis wat opgelos moet word. Indien dit suksesvol gedoen word, vind groei plaas en indien nie, regressie. Die krisis is die draaipunt van die bepaalde lewensfase. Besluite wat in hierdie krisis tye geneem word, is bepalend vir 'n mens se lewe. Wanneer die krisis nie opgelos is nie, vervul 'n persoon nie die ontwikkelingstaak vir 'n bepaalde fase nie. Ontwikkeling is nooit staties nie. Die psigososiale ontwikkelingsfases word in die volgende tabel uiteengesit (Erikson 1968:13-76; kyk Beautris 2002:77; Corey 2005:62-64).

*Tabel 12 : Erikson se psigologiese ontwikkelingteorie:*

| **Ouderdom in jare:** | **Psigo-sosiale fase:** | **Betekenis van die fase:** | **Negatiewe aspek (wanneer kinders se ontwikkeling geïnhibeer word).** |
|---|---|---|---|
| 0-2 jaar: Babajare. | Vertroue teenoor wantroue.<br>Deug wat ontwikkel: **Hoop.** | Vertroue ontwikkel wanneer daar in die baba se basiese behoeftes voldoen. | Wanneer basiese behoeftes nie aangespreek word of op gereageer word nie, leer die baba om die wêreld te wantrou en veral om in die interpersoonlike verhoudings wantrouig en agterdogtig op te tree. |
| 2-4 jaar: peuter. | Outonomie teenoor skaamte en twyfel.<br>Deug wat ontwikkel: **Wilskrag.** | Daar heers voortdurende stryd tussen selftwyfel en –vertroue. Kinders moet eksperimenteer, fouteer en grense toets. | Wanneer ouers nie toelaat dat kinders kanse waag, eksploreer en onafhanklikheid leer nie, word kinders se selfvertroue geknou. |



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4-6 jaar: kleuter. | Inisiatief teenoor skuld.<br>Deug wat ontwikkel: **Doel.** | Tydens hierdie fase begin kinders 'n sin van inisiatief en kreatiwiteit ontwikkel. Kinders moet toegelaat word om self aktiwiteite te kies wat vir hulle betekenis inhou, dit laat positiewe selfkonsep verder uitbou. | Wanneer kinders nie toegelaat word om besluite te neem nie, ontwikkel skuldgevoelens agv hulle kreatiewe idees. Hierdie kinders is meer geneig om keuses aan ander oor te laat en weg te skram van verantwoordelikheid. |
| 6-12 jaar: laerskool-kind. | Arbeidsaamheid teenoor minderwaardig-Heid.<br>Deug wat ontwikkel: **Bekwaamheid.** | Om 'n sin vir arbeidsaamheid te ontwikkel, moet kinders in staat wees om persoonlike doelwitte te stel en te verwesenlik. Dit word verkry deurdat hulle begrip vir die wêreld moet verbreed, hulle geslagsidentiteit steeds bly ontwikkel en deur suksesvol op skool te vorder. | Kinders voel minderwaardig wanneer daar teen hulle gediskrimineer word, om welke geval ookal. Ook wanneer hulle mislukkig op skool, sport, interpersoonlike verhoudings of op persoonlike vlak ervaar. |
| 13-18 of 20 jaar: adoles-sensie. | Identiteit teenoor rolverwarring.<br>Deug wat ontwikkel: **Getrouheid.** | Adolessensie is die oorgang tussen kindwees en volwassenheid. Tydens hierdie fase is dit belangrik dat adolessente grense sal toets, toenemend onafhanklik raak, en hulle eie identiteit ondek en vestig. | Hierdie fase word gekenmerk deur konflik tussen ouers en adolessente: wanneer ouers adolessente nie toelaat om binne perke te eksperimenteer, keuses te maak, mislukkings te smaak, doelwitte na te streef nie, raak adolessente rebels omdat hulle nie weet watter rol om te vertolk nie. |
| 21-35 jaar: jong volwas-senheid. | Intimiteit teenoor isolasie.<br>Deug wat ontwikkel: **Liefde.** | Tydens hierdie fase het jong volwassenes 'n behoefte aan nabyheid, verhoudings, liefde, vriendskap en ook aan intieme verhoudings. | Wanneer 'n jong volwassene se behoefte aan liefde of intieme verhoudings nie bevredig word nie, lei dit tot isolasie. |



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| 36-60 jaar: middel-jare. | Produktiwiteit teenoor stagnasie.<br><br>Deug wat ontwikkel: **Versorging.** | 'n Behoefte ontstaan om by die volgende generasie betrokke te raak. Tydens hierdie fase raak volwassenes bewus van onvervulde drome en onbereikte doelwitte. | Wanneer 'n sin van produktiwiteit nie bereik word nie, lei dit tot sielkundige sowel as emosionele stagnasie. |
| 60 + jaar: die latere lewe. | Integriteit teenoor wanhoop.<br><br>Deug wat ontwikkel: **Wysheid.** | Wanneer op die lewe teruggekyk word, ervaar die volwassene verwyte sowel as 'n gevoel van selfwaarde. Wanneer die volwassene gelukkig voel met sy lewe ervaar hy of sy 'n gevoel van integriteit. | Wanneer die volwassene op sy lewe terugkyk en 'n lewe van verspeelde kanse, mislukkings of verwyte sien, ervaar hy of sy gevoelens van hulpeloosheid, hopeloosheid, selfverwyt, skuld en wanhoop. |

Die kinders wat aan die studie deelgeneem het, bevind hulle in Fase 3, waar die krisis die is van inisiatief teenoor skuld en deels in Fase 4, waar die krisis die is van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. In die fase van arbeidsaamheid word kinders meer kreatief en neem meer eie inisiatief in situasies. Hulle begin om na hulle innerlike stem luister. Dit help hulle om hulle foute te herstel en dra by tot die ontwikkeling van selfvertroue (Erikson 1968:30-40).

Inisiatief is die eienskap wat kinders in staat stel om nuwe take of speletjies te beplan, aan te pak en suksesvol te voltooi. Leer vind in hierdie stadium deur spel plaas (Erikson 1968:119). Kinders put genot daaruit om oor mag te fantaseer en verbeeld dit dikwels in hulle spel. Geslagsverskille is prominent en kinders van verskillende geslagte speel nie graag met mekaar nie. Identiteit is verweef met hulle emosies endie vlak van hulle vaardighede. Die liggaam is onlosmaaklik deel van kinders se identiteit. Hoe beter kinders oor hulle liggaam en liggaamlike vermoë voel, hoe positiewer is hulle gevoel van eiewaarde (Erikson 1968:30-40, 255; vgl Corey 2005:63).

Onrealistiese skuldgevoelens, selfverwyt en 'n swak selfbeeld kan die gevolg wees van die emosionele afwesigheid van die vader of 'n vader wat die kind gedurig afkraak of beledig. Juis vanweë die fantaseringselement in die kinders se denke tydens hierdie tydperk, dig hulle soms oordrewe eienskappe aan die vader, wat die



© University of Pretoria

gebrekkige rolmodel is, toe. Kinders kan die negatiewe eienskappe oordryf, byvoorbeeld wanneer die vader die kind tereg wys, sal die kind dit as totale verwerping ervaar. Tog verromantiseer kinders ook die vaderfiguur se optrede. As gevolg van die gevoel van skuld, skaamte en innerlike trots soek kinders dikwels die fout by hulleself. Byvoorbeeld: "my pa slaan my ma, omdat ek ongehoorsaam is", of "as ek iets gering verkeerd gedoen het, gaan my pa my uitmatig straf". Dit kan lei tot verwarring en skuldgevoelens (vlg Louw en Louw 2014:304).

Erikson se insigte ten opsigte van morele ontwikkeling bou op die van Freud. Volgens Erikson leer kinders morele reëls hoofsaaklik by hulle ouers leer (Louw en Louw 2014:304).

- **Morele gedrag**

In die Behaviorisme word gedrag hoofsaaklik gesien as aangeleer op grond van omgewingsinvloede. Volgens Skinner (1974:38, 63, 68) leer kinders in reaksie op prikkels uit die omgewing. Moreel-aanvaarbare gedrag word beloon, dikwels deur die ouers. Onaanvaarbare gedrag word gestraf. Kinders het 'n inherente behoefte om positiewe reaksies van die omgewing te verkry. Deur positiewe gedrag te beloon, word hierdie behoefte verder versterk. Hierdie kondisionering lei dan tot gesonde morele gedrag (Skinner 1974:38, 63-68).

Volgens Albert Bandura (1977:194) leer kinders deur ander persone waar te neem. Hulle boots volwasse persone of ouer kinders se gedrag na, en wanneer ander gestraf word, besef hulle dat dit onaanvaarbare gedrag is (Louw en Louw2014:305). Modellering en nabootsing, sowel as die sosiaal-kognitiewe benadering van Bandura word in Hoofstuk 4 bespreek.

- **Morele redenering**

Morele beredenering behels die kognitiewe oordeel of sekere gedrag reg of verkeerd is (Louw en Louw 2014:305). Volgens Lawrence Kohlberg (1963:11-30) is daar drie vlakke van morele ontwikkeling wat elk in twee fases onderverdeel kan word. In elke fase word sekere aspekte van moraliteit geëien en sekere beginsels en waardes word toegepas. Kinders van Christelike ouers se beginsels en waardes word gevorm deur onder andere hulle geloof (Louw en Edwards 2003:483-484). Kohlberg se insigte word in tabelvorm kortliks soos volg opgesom (Kolhberg 1963:11-33):



© University of Pretoria

*Tabel 13: Kohlberg se morele ontwikkelingsteorie:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Prekonvensionele vlak** | | | |
| Stadium een. | Straf en gehoorsaamheidsoriëntasie. | Betekenis. | Gedrag word baseer op straf of vergoeding. Neem nie ander persone in ag nie. Kinders is gehoorsaam omdat ouers gesag het. |
| Stadium twee. | Individualisme, instrumentele doelwitte en uitruiling. | Betekenis. | Kinders begin reëls nakom as dit aan hulle eie behoeftes voldoen. Kinders is bewus daarvan dat ander mense ook behoeftes het. Kinders besef ander mense se belange kan van hulle s'n verskil en konflik tot gevolg hê. |
| **Konvensionele vlak** | | | |
| Stadium drie. | Wedersydse interpersoonlike verwagtinge, verhoudings en interpersoonlike konformiteit. | Betekenis. | Kinders wil graag ander mense plesier. Om soet te wees is belangrik. Soet kinders is goed, luister na volwassenes, lojaal, betroubaar, dra ander se belange op die hart en het goeie intensies. |
| Stadium vier. | Sosiale stelsel en gewete. | Betekenis. | Kinders bepaal reg en verkeerd op grond van take waarmee hulle gemaklik is en bereid is om uit te voer. Morele aksies word deur breër gemeenskap aanvaar en kinders pas daarby aan. |
| **Postkonvensionele vlak** | | | |



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stadium vyf. | Sosiale kontrak of bruikbaarheid en individuele regte. | Betekenis. | Reëls en waardes word as relatief gesien en kan verander word. Reëls word nagekom vir orde. Morele waardes word as die beste vir die breër gemeenskap gesien. |
| Stadium ses. | Universeel etiese beginsels. | Beteke-nis. | Kinders ontwikkel volgens hulle eie etiese beginsels. 'n Eie waardestelsel is in plek. |

Kohlberg was 'n baanbreker ten opsigte van die morele ontwikkeling van kinders. Vyf belangrike punte van kritiek is teen sy teorie ingebring, onder andere dat Kohlberg net mans in sy studies gebruik het. Carol Gilligan (1982:13) het met inagneming van die geslagsaspek voortgebou op Kohlberg se werk. Sy het ondersoek hoe seuns en meisies se morele ontwikkeling verskil. Gilligan se kritiek op Kohlberg se werk is dat vroue se unieke lewenservaringe en die effek daarvan op hulle ontwikkeling nie deur Kohlberg in ag geneem is nie. Volgens Gilligan is vroue se morele dade meer gefokus op sorg en verantwoordelikheid, terwyl mans geneig is om te fokus op regte. Volgens Gilligan kom morele probleme voor as gevolg van botsende verantwoordelikhede eerder as botsende regte. Om dit op te los is denke wat kontekstueel en narratief is, nodig eerder as denke wat slegs formeel en abstrak is (Gillian 1982:13-19). Gillian se werk het ook heelwat kritiek ontlok (Louw en Louw 2014:402).

Taylor (1978:169) wys daarop dat morele groei 'n geleidelike of stadige proses is en nie in spronge kan plaasvind nie. Hy verwerp Kohlberg se siening dat morele ontwikkeling in opeenvolgende vlakke plaasvind (Taylor 1978:169). Hy (1978:169) voer verder aan dat Kolhberg geen veranderinge of ontwikkeling binne 'n geheelstruktuur voorsien nie en dat die vlakke as't ware na die volgende spring. Hersh *et al* (1980:123) dui ook aan dat Kohlberg se teorie alle kulture op dieselfde wyse hanteer. Geen ruimte word gelaat vir kulturele tradisies nie. Hulle (Herch *et al* 1980:123) meen dat Kolhberg alle persone as dieselfde beskou, sonder om ruimte te laat vir individualistiese, tradisionele of gebruike eie aan kulture. 'n Universele perspektief is nie moontlik met morele ontwikkeling nie (Herch *et al* 1980:123). Hierdie kritiek teen Kolhberg se werk hou water. Green (2004:255) kritiseer Kohlberg



© University of Pretoria

se studie vir die feit dat dit hoofsaaklik op adolessente fokus, terwyl gevolgtrekkings veralgemeen word. DeRoche *et al* (1998:9) kritiseer Kolhberg se werk vir die feit dat daar geen voorsiening gemaak word vir die ontwikkeling van basiese waardes en deugde. Hulle (1998:9) betoog dat morele ontwikkeling nie kan plaasvind alvorens sekere waardes en norme aangeleer is nie. Hoewel daar heelwat kritiek op Kohlberg se teorie is, is sy bydrae dat hy die verband tussen kognitiewe ontwikkelingstadia, morele beredenering en morele gedrag bevestig het. Ander het vrugbaar op sy werk voortgebou (kyk Taylor 1978:169; Herch *et al* 1980:123; DeRoche *et al* 1998:9; Green 2004:255). Jean Piaget, wat op talle terreine van kinderontwikkeling as 'n baanbreker beskou word, het ook die weg gebaan vir verdere ondersoek oor die morele ontwikkeling van kinders. Kohlberg het byvoorbeeld op die werk van Piaget voortgebou. Piaget se bydrae word kortliks in tabelvorm opgesom (Piaget 1932:19-32):

*Tabel 14: Piaget se morele teorie:*

| **Ouderdom:** | **Eienskappe:** | **Betekenis:** |
|---|---|---|
| Jonger as vyf jaar. | Pre-moreel. | Kinders verstaan nog nie reëls nie en verbreek dus nie met opset reëls nie. Wen of verloor is nie van belang nie. Om beurte te maak en pret te beleef is belangriker as die uitkoms. |
| Vyf tot tien jaar. | 1.Morele realisme.<br>2. Morele absolutisme.<br>3. Inherente geregtigheid. | 1. Reëls raak nou baie belangrik. Aangesien reëls deur 'n hoër gesag daargestel word, is dit onveranderbaar en ononderhandelbaar. Hulle dink dat oortredings gestraf behoort te word.<br>2. Geen versagtende omstandighede kan gevind word vir oortredings nie.<br>3.Die siening word gehandhaaf dat kinders inherent goed en deugdelik is. Kinders sien straf as vanselfsprekend.Wanneer hy of sy sal seerkry, |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | iets verloor, teleurgesteld wees, word dit as straf beleef. |
| Ouer as tien jaar. | Morele relativisme. | Kinders dink nou minder egosentries. Toon groter morele buigsaamheid, redes word vir gedrag ingesien. Kinders verstaan meer en behoort minder gedissiplineer te word. Ook word benadruk dat kinders, namate hulle ouer word, toegelaat moet word om met ouers te onderhandel |

Vir ondersoekers vanuit ‘n strukturalistiese dinkskool soos Piaget en Kohlberg, gaan morele ontwikkeling hoofsaaklik met die kognitiewe gepaard (Larney en Lotter 2005:665-666). Hulle (2005:665-666) ondersoek hoe morele kwessies beredeneer en hoe tot waarde-oordele gekom word. Volgens hulle bepaal kinders se kognitiewe ontwikkeling hulle morele ontwikkeling. Namate kognitiewe strukture meer kompleks word, sal ’n meer komplekse beredenering ten opsigte van morele sake moontlik word. Piaget en Kohlberg skenk nie veel aandag aan die invloed van kulturele norme op morele beredenering en gedrag nie. Ook word die rol wat ouers speel in die morele ontwikkeling van kinders word grootliks tersyde gestel (Larney en Lotter 2005:666; kyk Windmiller 1980:3; Walker 1999:261). Die fokus op die invloed van portuurgroepe weerspieël iets van die optimisme van hierdie benadering. Piaget (1932:46) meen dat interaksie met gelykes morele insig en volwassenheid as ’t ware spontaan sal laat ontwikkel (kyk Lotter en Larney 2005:666). Piaget (1932:46) se siening dat kinders jonger as vyf jaar geen morele begrip het nie en sy aanname dat kinders tussen vyf en tien jaar tot volle morele ontwikkeling kom, is skerp gekritiseer (kyk Louw en Louw 2014:307).

Nancy Eisenberg (1986:24-28; 2011:543-583), ‘n hedendaagse ondersoeker, fokus op die prososiale morele gedrag van kinders. Dit is naamlik wanneer kinders altruïstiese, empatiese of  helpende gedrag by kinders. Haar onwikkelingsvlakke van prososiale redenering word vervolgens in tabelvorm aangebied (Eisenberg 1986:24-28; Siegler, Deloache en Eisenberg 2011:543-583; kyk Louw en Louw 2014:309-310).



© University of Pretoria

*Tabel 15: Eisenberg se presosiale redenering:*

| **Ouderdom:** | | **Vlak:** | **Betekenis:** |
|---|---|---|---|
| Geboorte tot om en by sewe jaar. | Vlak 1. | Hedonistiese oriëntasie. | Kinders is ingestel op hulle eie behoeftes. Hulp word slegs aangebied indien dit voordeel of beloning inhou. Hulp word tog aan geliefde persone, soos ouma of juffrou, gegee. Hulp word ook inruil vir hulp aangebied. |
| | Vlak 2. | Behoefte-gebasseerde oriëntasie. | Kinders raak bewus van ander se behoeftes. Ander se behoeftes veroorsaak soms konflik met eie behoeftes. Konflik word aangespreek, sonder bewyse van empaties, rolneming, trots of skuld. |
| Om en by sewe jaar tot en met adolessensie, min of meer 15 jaar. | Vlak 3. | Erkenning en (of) stereotiperende oriëntasie. | Kinders wil graag deur die groep aanvaar word. Hulp word meer geredelik aangebied. Soms sal hulle erkenning wil kry vir die hulp wat hulle aanbied. Besluite word op reg of verkeerd òf goed of sleg gebaseer. |
| Vroeë adolessesie (14 jaar +) en party jong volwas-senes (18-21 jaar). | Vlak 4 a. | Self-reklekterende empatiese oriëntasie. | Kinders toon toenemend selfregulerende simpatie met ander en hulle omstandighede. Rolneming en simpatie met persone wat minder bevoorreg is kom na vore. Skuld word ervaar wanneer hulp nie aangebied word nie, en selftrots wanneer hulp wel aangebied word. Wel bewyse van geïnternaliseerde waardes en verantwoordelikhede. |



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| Jong volwassenes (18- 21 jaar). | Vlak 4 b. | Oorgangsvlak | Individualisme kom al meer na vore. Hulpverlening vind plaas as gevolg van persoonlike waardes, normes, aanna-mes, verpligting, verantwoordelikheid of deug.Individue raak bewus van ander mense se regte en waardigheid en probeer so optree om dit te beskerm. Sommige toon verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap. Hierdie ideale is egter vaag. |
| Baie selde by adolessente (18 jaar en jonger) of jong volwassenes (21 jaar of jonger. | Vlak 5. | Sterk geïnternaliseerde waarde- oriëntasie | Slegs individue is bewus van hulle geïnternaliseerde waardestelsel en tree altyd volgens hierdie oortuigings op. Hulle toon ook ‘n sterk behoefte om individue en die gemeenskap te verbeter. Hulle toon geloof in waardigheid, regte en gelykheid van alle mense. |

Die insigte van Freud, Erikson, Bandura, Kohlberg, Piaget en Eisenberg dra almal by tot ‘n beter verstaan van kinders se persoonlike, sosiale en morele ontwikkeling. Vanuit ‘n hedendaagse perspektief sou die beswaar ingebring kon word dat die individualiteit van kinders en die invloed van die opvoedingsproses nie voldoende verdiskonteer word in die ouer teorieë nie. Kultuur en opvoeding speel myns insiens ‘n beduidende rol in die vorming van morele waardes. Eisenberg se eerste twee vlakke en die teorie van Banbura, wat op modellering neerkom, is ‘n sinvolle aanvulling tot die werk van die baanbrekers op die terrein van kindersontwikkeling en word in hierdie studie nuttig gebruik vir die ondersoek oor hoe die Godsbeeld by kleiner kinders met ‘n vaderfiguur wat ‘n gebrekkige rolmodel is, ontwikkel.

Kinders behoort in totaliteit en nie in kompartemente nie, bestudeer te word (kyk De Witt en Booysen 1994:3; De Witt 2014:6). Kinders se ontwikkelings is eenheidsgebeure en vind plaas in die hele persoon. Die onderskeie terreine van ontwikkeling kan onderskei word ter wille van bespreking, maar kan nooit van mekaar geskei word nie (De Witt 2014:6; kyk De Witt en Booysen 1994:3). Wat alle mense



© University of Pretoria

en ook kinders betref, is die geheel meer as die som van die verskillende onderlinge aspekte. Kinders en kinderontwikkeling is ‘n komplekse aangeleentheid.

Beperkings op die een ontwikkelingsterrein kan oorspoel na die volgende terrein (Wait *et al* 2003:126). ‘n Voorbeeld hiervan is dat gebrekkige kognitiewe ontwikkeling moontlik emosionele en sosiale ontwikkeling kan beïnvloed. Eksterne faktore wat ‘n kind se ontwikkeling en algemene kindwees kan affekteer, behoort ook verdiskonteer te word. Dit sluit in sosiale invloede soos kultuur en opvoeding.

‘n Verdere aspek van die holistiese benadering is dat kinders gesien word as ontwikkelende wesens wat onderrig en leiding nodig het. Kinders het versorging en leiding van volwassenes nodig om hulle te help om op alle terreine tot volwassenheid te ontwikkel. Die tradisionele Afrika wêreldbeskouïng is gebaseer op ‘n holistiese siening van mense, ook in relasie tot die kosmos. Kinders en hulle gedrag kan slegs verstaan word binne-in die groter geheel waarvan hulle deel is (Louw en Louw 2014:32). ‘n Kind is nie ‘n eiland nie, maar ‘n komplekse wese wat as ‘n geheel bestudeer en verstaan behoort te word.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# DIE VADER AS ROLMODEL

## 4.1 INLEIDING

Armoede, werkloosheid, siek kinders of ouers in ‘n gesin, swak behuising, ’n groot gesin, ’n nuwe baba in die gesin, ’n gestremde familielid en die dood van familielede kan meebring dat gesinne onder geweldige sosiale stres funksioneer (Lohman 2008:723). Bogenoemde sosio-ekonomiese faktore beïnvloed die gesin nie net op sosiale gebied nie, maar het ook ‘n negatiewe uitwerking op die lewensbeskouing, die emosionele vervulling en behoeftes (Mayeux 2008:53). Die vriendekring waaraan vaders behoort kan daartoe bydra dat vaders ‘n swak selfbeeld en ’n bepaalde sosiale identiteit vorm. Vriendskappe kan ‘n afbrekende of negatiewe invloed op vaders uitoefen. Vaders met ’n lae gevoel van eiewaarde wat wanhopig voel oor hulle eie lewe, kan uit radeloosheid alkohol of dwelms misbruik as ontvlugting of betrokke raak by misdaad, soos stroping en dwelmhandel. Kinders neem waar hoe ouers optree en volg hulle dikwels na. Hierdie hoofstuk ondersoek die invloed van spesifiek die vader op kinders en bou op die modelleringsteorie van Bandura (1977:22).

Aggressie is deel van die lewenswyse en leefwêreld van die kinders wat aan die studie deelgeneem het. Baie kinders leer gewelddadige optrede van hulle ouers tydens hulle kinderjare aan. Dit veroorsaak dat gewelddadige optredes van een geslag na ’n volgende geslag oorgedra word (Sneed *et al* 2009:41). Die gedrag van die vaderfiguur het ’n besonder groot invloed op kleiner kinders. Geweld en aggressie kom onder alle sosio-ekonomiese groepe voor. Tog blyk dit uit ondersoeke dat geweld meer algemeen voorkom in laer sosio-ekonomiese gemeenskappe. Redes hiervoor sluit in: werkloosheid, bendes, xenofobie asook dwelm- en alkoholmisbruik. Ponton (2002:657) voer aan dat verkragting, seksuele en kriminele geweld meestal te wyte is aan alkohol- of dwelmverwante aggressie.

## 4.2 DIE INVLOED VAN DIE VADER

Die term "vader" in hierdie studie dui nie noodwendig net op die biologiese manlike ouer van die kind nie, maar kan ook stiefvaders of dergelyke manlike figure in die



© University of Pretoria

kind se lewe, insluit. Stiefvaders, veral wanneer die verhouding met die kind se moeder stabiel is, kan ‘n goeie rolmodel vir kinders bied. Verder kan enige volwasse man, soos ‘n broer van die moeder, ‘n neef, ‘n buurman, ‘n oupa, die moeder se lewensmaat of selfs ouer broer die vaderfiguur in die kind se lewe kan wees (vlg Van der Merwe 2013:77).

Louw en Louw (2014:147) wys uit dat vaders toenemend afwesig is in kinders se lewens. Baie vaders is onbewus van hulle kinders se bestaan, omdat hulle die kinders verwek het, maar nie verder in ‘n verhouding met die moeder verkeer het nie. 'n Vader het egter ‘n spesifieke rol te speel in kinders se ontwikkeling en die leemte wat hulle onbetrokkenheid laat, het verreikende gevolge. Kinders, uit alle sfere van die samelewing, is afhanklik van kwaliteit ouerskap (Louw en Louw 2014:147). Die vaderfigure in die lewens van die kinders wat aan die studie deelgeneem het, is meesal nie die biologiese vader nie. Vanwee die lang ure wat die vissers op see is, is die vaders dan ook vir lang tye nie by die huis nie en as’t ware afwesig tydens die opvoedingsproses.

Kleiner kinders is besonder beïnvloedbaar. Psigoloë het bevind dat ouers steeds die mees invloedryke rol ten opsigte van die welsyn van kinders speel. Die vader speel ‘n belangrike rol in die ontwikkeling van kinders se sosiale, emosionele en kognitiewe vaardigheid (Louw en Louw 2014:412). Leuvennink (2014) stem hiermee saam. Hy is van mening dat veral vaders se rol nie ontken moet word nie. Hy noem dat hy telkens beleef het dat vaders se invloed, hetsy ‘n positiewe of ‘n negatiewe invloed, ‘n beduidende uitwerking op kinders se menswees en keuses het (Leuvennink 2014). Verder meen hy dat vaders ‘n beduidende invloed het op hulle kinders se morele waardes. Hy noem ook dat in die gemeenskappe (waarin hy werksaam is) daar ‘n groot tekort aan manlike rolmodelle is, aangesien baie kinders sonder vaders groot word. Leuvennink (2014) wys daarop dat vaderlike afwesigheid kan bydra tot misdadige gedrag, misbruik van dwelms, en drank, voortydige skoolverlating sowel as riskante seksuele gedrag. Die seemanne (vissers) is bekend as geharde manne wat nie skroom om geweld te gebruik om hulle sin te kry nie. Ook is die gekruide taal wat seemanne besig, wyd bekend. Daar is algemene konsensus dat 'n liefdevolle vader ‘n positiewe invloed op kinders se lewe en dat sulke kinders meer stabiel en volwasse is en minder geneig is om die pad byster te raak (kyk Van Wyk 1997:71; Grobler 2006:248; Louw en Louw 2014:412).



© University of Pretoria

Die HAT beskryf ‘n *rolmodel* as 'n “persoon wat iemand as model beskou om (na) te volg” (Odendal *et al* 1997:867) en *navolgenswaardig* as “iemand se goeie voorbeeld navolg” (Odendal*et al* 1997:693). Die rol van 'n vader is om as model op te tree. Om 'n rolmodel te wees het betrekking op die gedrag van die volwassene sowel as die oordrag van waardes wat belangrik is vir effektiewe funksionering (Van Wyk 1997:71). Om as rolmodel op te tree, sluit in om probleemoplossende gedrag te openbaar, om lewensdoelwitte te bereik en om ‘n beroepsrol buite die gesin te vervul (Van Wyk 1997:71). Die vader wys vir seuns hoe om as manlike persoon op te tree deur sy gedrag, waardes en houding. Hierdie proses geskied nie deur afrigting of onderrig nie, maar is ‘n natuurlike proses wanneer kinders begin om volwassenes na te boots (Van Wyk 1997:71).

Kinders boots ander mense na deur na hulle gedrag te kyk en dit uit te speel. Nabootsing kom voor wanneer ‘n kind ‘n speelding sal gooi nadat ‘n maat dit gedoen het (Louw en Louw 2014:24). Modellering verwys na die natuurlike proses wanneer kinders ander persone, hetsy volwassenes of ander kinders naboots of nadoen. Verder dui modellering op die aanleer van nuwe gedragswyses op grond van waarneming van ander. Nabootsing of modellering verwys nie net na gedrag wat nageboots word nie, maar sluit ook verbale aksies, gewoontes, waardes en geloof in (Bandura 1977:22; kyk Plug *et al* 1988:223; De Witt 2014:29-30). Modellering sal dus wees wanneer kinders byvoorbeeld rassistiese opmerkings maak, omdat hulle ouers dit gereeld doen (Louw en Louw 2014:24). Kinders is tropdiere en daarom modelleer hulle betekenisvolle persone in hulle lewe.

In 1962 het Albert Bandura, 'n eksponent van behaviorisme, die *sosialeleer-teorie* ontwikkel. Hy het veral die behavioristiese benadering van Skinner (1938:20) toegepas in sy ondersoek oor hoe kinders leer en bevind dat hulle wel leer sonder beloning of straf. Hy het bevind dat kinders leer deur die mense rondom hulle waar te neem. Dit staan as "modellering" bekend. Soms word ook daarna verwys as nabootsing of waarnemingsleer (kyk Louw en Louw 2014:24). Bandura (1977:42) se basiese uitgangspunt is dat kinders hoofsaaklik deur omgewingsinvloede leer. Volgens hierdie beginsel word gedrag bepaal deur die interaksie van die kind, die situasie en die gedrag of reaksie op die situasie (kyk De Witt 2014:30).

In 1977 het Bandura die naam verander na die *sosiaal-kognitiewe teorie* omdat kognitiewe faktore ook ‘n rol speel in die waarnemings- en gedragproses. Hy het navorsing begin doen oor kinders se vermoë om vir hulleself te besluit watter



© University of Pretoria

gedrag hulle kies om na te boots (Bandura 1977:42). Bandura is van mening dat kinders se selfdoeltreffendheid nie genoegsaam onder oë gesien is op die vakgebied van kinderontwikkeling nie. Selfdoeltreffendheid dui op kinders se geloof in hulle eie vermoëns en potensiaal. Kinders wat ‘n sangtalent het of van sing hou, sal eerder sangers naboots as sportsterre (Louw en Louw 2014:25). 'n Vader is 'n kind se natuurlike held en kinders wil dikwels graag soos hulle vader wees. Om hierdie rede word die vaders se gedrag, woorde, houding, sienings en geloof gemodelleer. Die sosiaal-kognitiewe teorie van kinderontwikkeling kan soos volg opgesom word (kyk De Witt en Booysen 1994:27; De Witt 2014:30):

- gedrag word verwerf deur omgewingsinvloede en dan spesifiek sosiale invloede;
- genetiese faktore speel ‘n geringe rol;
- verwerwing van gedrag, aanleer van gedrag en die voortsetting daarvan kan verklaar word aan die hand van kondisionering, waarnemingsleer en selfregulering.

Volgens Bernardes (1997:170) is vaderskap in Westerse samelewings dikwels slegs ‘n status terwyl moeders ‘n aktiewe rol in hulle kinders se lewens speel. Hoewel dit ‘n negatiewe beeld van vaders voorhou, blyk dit tog dikwels die werklikheid te weerspieël. ‘n Vader is die natuurlike rolmodel vir kinders wat soek na iemand met wie hulle kan identifiseer (Erickson 1996:38). Juis daarom behoort vaders erns te maak met hulle rol in 'n kind se lewe. Albei ouers, en nie slegs die moeder nie, is vir die primêre versorging van die kind verantwoordelik. Die vader het egter volgens Steytler en Strydom (2008:47) ‘n unieke bydrae te lewer om kinders emosioneel, fisies en geestelik te ondersteun en te begelei. Die seuns in Steytler en Strydom (2008:49-50) se studie het ook aangedui dat hulle mentorskap van hulle vaders sou verkies het. Hierdie seuns het aangedui dat hulle ‘n rolmodel of mentor naboots, maar sou verkies as die rolmodel eerder hulle eie vaders is. Hierdie seuns word almal sonder ‘n vaderfiguur groot. Hoewel Steytler en Strydom se studie met seuns in die pre-adolessente fase gedoen is, is hierdie bevinding wel toepasbaar op die kleiner kinders wat die fokus van hierdie studie is.

Kinders boots hulle vader na, ongeag of die vader ‘n positiewe of ‘n negatiewe rolmodel bied (kyk Steytler en Strydom 2008:50). Wat kinders van hulle vader ervaar, vorm hulle persepsie van ouerskap. Hierdie patrone kan óf negatief óf positief wees.



© University of Pretoria

Wanneer die kinders volwassenes is, sal hulle hoogs waarskynlik hierdie patrone met hulle eie kinders herhaal (kyk Hendricks en Hendricks 1995:27; Stoop en Masteller 2004:109, 120). Persoonlike eienskappe en 'n spesifieke verhoudingsdinamika word dikwels van die een generasie tot die volgende in ‘n familie oorgedra (Stoop en Masteller 2004:109, 120). Voorbeelde van sulke herhalende patrone sluit in (Meier 2003:1030; Stoop en Masteller 2004:124; Austin 2006:380; Mouton 2013:5):

- alkoholisme;
- substansieafhanklikheid;
- huweliksontrou;
- losbandigheid;
- gesinsgeweld;
- verskillende vorme van mishandeling of misbruik;
- ouerskapstyle
- ouerlike betrokkenheid en –leiding

Wat betref die geloofsontwikkeling van kinders leer kinders om God lief te hê, God te vertrou en in God te glo deur hulle ouers se voorbeeld te volg (kyk Deist 1991:44; Hanekom 2000:32, 90; Hermans 2003:271; Bentall 2004:114). Kinders leer nie soseer deur wat vir hulle gesê word of hoor nie, maar deur wat hulle sien (Hanekom 2000:32). Hulle boots gedrag na. Indien kinders van God geleer word as ‘n liefdevolle, genadige, regverdige en betroubare God, maar die vader se voorbeeld en lewe getuig nie daarvan nie, is die boodskap teenstrydig (vlg Hanekom 2000:32). Kinders wat in Christelike huise groot word en wie se vader aktief deel van hulle lewe en geloofsvorming is, sal as volwassenes meer geneig sal wees ‘n gereelde kerkganger en gelowige te wees (Hanekom 2000:33-40). Modellering van volwasse gedrag het egter ook ‘n ander kant. Wanneer kinders volwassenes se gedrag modelleer, onderskei hulle nie tussen positiewe, opbouende gedrag en negatiewe of afbrekende gedrag nie. Soms is die vader nie opgewasse vir die taak van ouerskap nie en soms ontbreek die nodige kennis, ervaring en ondersteuning om kinders op te voed. Louw en Louw (2014:283) wys daarop dat ouers wat op kinders skree, hulle slaan, gedurig afkraak, swets en skel dieselfde gedrag van hulle kinders kan verwag, omdat die ouers kragtige rolmodelle is.



© University of Pretoria

Wanneer kinders seksueel misbruik of uitgebuit word deur hulle vaders, sal die slagoffers geneig wees om self seksueel losbandig te raak. Kinders wat mishandel is, boots ook soms hierdie gedrag na (Kroger 2003:205). Die rede hiervoor is modellering van waargenome gedrag. Wanneer vaders misluk in die voorsiening van basies behoeftes, soos vertroeteling en veiligheid, raak kinders ook al hoe meer afsydig en emosioneel afgestomp (Moore 2001:134). Vaders wat dwelms of alkoholmisbruik, stel hulle kinders derhalwe daaraan bloot. Vyf kinders van die teikengroep het aangedui dat hulle vaders al per geleentheid aan hulle drank of dwelms aangebied het.

‘n Vader se rol is bo en behalwe om na sy gesin om te sien, ook om ‘n navolgenswaardige voorbeeld daar te stel en om sy gesin geestelik te begelei (Hanekom 2000:32-34; vlg Bentall 2004:114; Arterburn 2009:72-74). Waardes word eerder by ouers geleer. Vaders het veral op dogters se emosionele en geestelike ontwikkeling ‘n invloed (Walker 1999:261). Die vader is die eerste manspersoon met wie 'n meisie te doen kry en hoe sy deur hom behandel word, het verreikende gevolge. Meisies leer om lief te hê, te vertrou, om te gee, hulleself na waarde te ag en om ‘n verhouding met God te bou onder andere uit hulle verhouding met hulle vader (vlg Walker 1999:261-264; Dobson 2010:98-99). Die manier hoe vaders teenoor dogters optree, hulle behandel en ’n betekenisvolle verhouding met hulle tot stand bring vorm die grondslag vir verdere verhoudings in die toekoms met manspersone (Walker 1999:263-264). Dobson (2010:100-101) bevind dat meisies in hulle latere jare by mans betrokke raak wat soortgelyke kenmerke as hulle vaders toon. Dit sluit afbrekende kenmerke in. Vroue wat as jong kinders mishandel of misbruik is, is dikwels aangetrokke tot mans wat hulle mishandel of misbruik (Dobson 2010:101).

Mense is verhoudingswesens en daarom is 'n gesin die gepaste omgewing vir 'n kind. Kinders ontwikkel  vanweë interaksie met ander. Die ouers vervul hierin 'n besonder belangrike rol (Seamands 2003:29; kyk Hendrix en Hunt 2004:180). Kinders se Godsbeeld word grootliks gevorm deur die interaksie met hulle vader. Wannneer kinders nie die nodige koestering ervaar en die vader nie sy rol as geestelike rolmodel vervul nie, ervaar die kinders verwerping. Dit het 'n effek op hulle geestelike ontwikkeling. Seamands (2003:25) verwoord dit as volg: “Children descend into hell when love is squeezed out of them by parental neglect. There is a connection between this and the rejection of Christ”. Hendrix en Hunt (2004:72) lê 'n



© University of Pretoria

verband tussen 'n ontoereikende vervulling van die vaderrol en selfverwerping. Selfverwerping het tot gevolg dat kinders onwaardig voel om God se liefde en genade te ontvang. So lei selfverwerping tot ‘n verwronge Godsbeeld.

'n Positiewe rolmodel wat kan bydrae tot 'n positiewe Godsbeeld behels volgens Hanekom (2000:33-35) die volgende:

- vaders behoort ‘n voorbeeld te stel van totale afhanklikheid van God;
- vaders behoort ‘n voorbeeld te stel van opregte en egte dissipline in hulle eie lewe;
- vaders behoort ‘n voorbeeld te stel van naasteliefde en empatie met ander;
- vaders behoort ‘n voorbeeld te stel van goeie rentmeesterskap;
- vaders behoort ‘n voorbeeld te stel van hoe kinders veronderstel is om op te tree, ook wanneer hulle alleen is.

Arterburn (2006:74-76) identifiseer die volgende ses aspekte wat van belang is ten opsigte van die vaderrol:

- 'n positiewe vaderrol is nie opsioneel nie;
- die vaderrol is tydelik van aard;
- die vaderrol dien as voorbeeld deur middel waarvan kinders God leer ken;
- eerlikheid is 'n belangrike aspek van die vaderrol;
- goeie rentmeesterskap is 'n belangrike aspek van die vaderrol;
- die vader se rol is om 'n dienaar-leier te wees.

Vaders se verantwoordelikheid teenoor hulle kinders strek verder as finansiële en materiële versorging. Die vaderrol behels ook meer as die tradisionele siening dat hy die ouer is wat dissipline toepas, teregwys, wat die leermeesteren die hoof van die huishouding (kyk Van Wyk 1997:71; Dobson 2001:71). Vaders behoort kinders nie net te versorg nie, maar ook op te voed. Volgens Louw en Louw (2014:146-147) sal vaderlike betrokkenheid kinders se sosiale, emosionele en geesteswelstand verbeter. Indien vaders nouer betrokke is by hulle kinders, toon die kinders in die algemeen as



© University of Pretoria

adolessente minder gedragprobleme, het meer stabiele verhoudings en oefen meer positiewe en konstruktiewe keuses uit.

Om kinders op *intellektuele vlak* te stimuleer, is ook 'n belangrike taak van ouers, insluitende die vader. Deur middel van gesprekke, besprekings, redenasies, debattering en probleemoplossing leer kinders dinkvaardighede ontwikkel. Kinders word aangemoedig om hulle eie opinies te vorm, keuses te maak of probleme op te los, met die wete dat die ouers vir hulle 'n vangnet is. Ouers laat kinders toe om foute te maak en die gevolge van hulle dade te dra. Kinders leer om self verantwoordelikheid te aanvaar en om verantwoordelik op te tree. Die huishouding word ‘n veilige plek waarbinne identiteitsvorming kan plaasvind (Berk 2003:602). Wanneer ouers leiding bied, ervaar kinders nie net aanvaarding nie, maar ook vryheid om hulleself te ontdek.

Om hulle kinders op *emosionele vlak* te ondersteun en te help ontwikkel, is die taak van ouers, insluitend die vader wat 'n unieke bydrae het om te lewer. Die vader het 'n bepaalde invloed op dogters en het op 'n ander manier ook ‘n groot invloed op seuns se gevoel van eiewaarde. 'n Vader kan ‘n seun minderwaardig laat voel wanneer hy vereistes stel waaraan die seun nie kan voldoen nie. 'n Vader behoort kinders se temperament te ken en hulle gevoelens in ag neem. Indien vaders hulle kinders op emosionele vlak goed behandel, leer kinders om respek te hê vir hulle medemens, help hulle om empatie te laat ontwikkel en om ‘n positiewe selfkonsep te vorm.

'n Verdere verantwoordelikheid van ouers, insluitende die vader, is die konstruktiewe handhawing van *dissipline*. Dissipline funksioneer op twee vlakke. Eerstens dui dit op die vader se eie gedissiplineerdheid en tweedens op die dissipline wat hy aan die kinders wil oordra. Kinders boots hulle ouers na en daarom behoort vaders die verantwoordelikheid neem ‘n lewe te lei wat kinders behoort na te boots. Volgens Berkhof (1969:40-46), Bentall (2004:114) en Arterburn (2006:155) word geloof en geestelike waarhede eerder "aangesteek as aangekweek". Vaders behoort selfdissipline toe te pas alvorens hulle kinders dissiplineer. Dissipline behels onderwysing, verduideliking, teregwysing, implementering, alles deur praktiese voorbeelde uit die vaders se eie lewe (Arterburn 2004:155). Dissipline is nie ‘n stelsel nie, maar ‘n lewenswyse.



© University of Pretoria

Die vader speel ook 'n beduidende rol as dit kom by kinders se geloofsontwikkeling. Kinders modelleer die voorbeeld wat aan hulle voorgehou word, daarom is rol van die vader as geestelike leier van belang. Evangeliese waardes soos integriteit, deursettingsvermoë, selfbeheersing, nederigheid, getrouheid, geduld, lojaliteit, medemenslikheid, liefde, verdraagsaamheid en so meer, word aangeleer. Kinders leer gedrag en waardes aanleer deur hulle interaksie met ander (kyk afdeling 3.3.6).

Waarde-oordrag vind eerstens in die ouerhuis plaas (Lewis 1991:137). Ouers voed hulle kinders volgens hulle eie waardesisteem op of laat na om kinders enige waardes te leer as hulle self ‘n onontwikkelde waardesisteem het. Volgens Lewis (1991:138) is kinders "sosiaal wanaangepas" wanneer hulle nie voldoende waardes geleer is om konstruktief in die samelewing te kan funksioeer nie. In Louw en Louw (2014:404) se studie met adolessente het hulle bevind dat die jongmense in krisissituasies terugval op die waardes wat hulle ouers vir hulle geleer het. Kinders wat nie genoegsaam gedissiplineer is en aan positiewe ouerskap blootgestel is nie, nie so ontvanklik is vir hulle ouers se invloed nie.

Vir die vader om effektief as geestelike leier op te tree, is dit nodig dat hy self in ‘n verhouding met God leef. Kinders onderskei fyn tussen egtheid en onopregtheid (kyk Arterburn 2006:155). Daarom behoort vaders opreg in hulle eie geestelike lewe te wees alvorens hulle kinders op ‘n geloofspad kan lei. Wanneer kinders hulle vader se goeie verhouding met God ervaar, kan hulle dit as sinvol beleef en self in 'n verhouding met God wil lewe. Die teenoorgestelde is ook waar. Wanneer 'n vader nie ernstig is oor hulle geloofslewe nie, beleef kinders dit as sinloos en leeg. Tydens adolessensie of later jare, sal kinders dan moontlik die rug draai op God en geloof omdat hulle dit as net so onbetroubaar as hulle ouers beleef (kyk Seamands 2003:25).

Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding is van die grootste belang vir die gesonde ontwikkeling van kinders. Om hierdie liefde en aanvaarding aan kinders te toon, is dit nodig dat ouers, insluitend die vader, genoegsaam tyd met hulle deurbring. Wanneer die vader tyd met kinders deurbring, voel die kinders dat hulle sy aandag  waardig is. In die proses van alledaagse saamwees en dinge saam doen, leer kinders om hulle vader te vertrou. Kinders wat hulle vaders onvoorwaardelik vertrou, leer makliker om God te vertrou (Arterburn 2006:155-157;  kyk Berkhof 1969:43;  König 1994:2;  Smith1997:24).



© University of Pretoria

## 4.3 OUERSKAPSTYLE

### 4.3.1 Inleiding

"Ouerskapstyl" verwys na die manier waarop ouers hulle kinders opvoed en teenoor hulle optree in verskillende situasies (Louw en Louw 2014:383; Papalia *et al* 2008:316). In 1966 het Diana Baumrind die konsep van ouerskapstyle ontwikkel. In ‘n poging om meer duidelikheid te verkry, vir die redes waarom ouers op sekere maniere optree of onbetrokke is by hulle kinders, het sy die verskillende ouerskapstyle ondersoek en beskryf (kyk Baumrind 1966:887-907). Sy het ouerskap in die volgende dimensies van gesinsfunksionering ingedeel: (Baumrind 1966:887-888; kyk Grolnick 2003:68; Louw en Louw 2014:219-220; Papalia *et al* 2008:316):

- warmte en koestering;
- konsekwente beheer;
- verwagtings;
- kommunikasie.

*Tabel 16: Dimensies van gesinsfunksionering:*

| **Dimensie:** | **Positiewe effek:** | **Negatiewe effek:** |
|---|---|---|
| Warmte en koeste-ring | Kinders met liefdevolle ouers is meer geborge en geheg aan ouers. Word liefdevol versorg. Toon groter positiewe ontwikkeling op alle terreine. | Minder geheg aan ouers. Ouers bied geen buffer teen nadelinge invloede nie. Toon nie altyd optimale ontwikkeling nie. |
| Konsekwente be-heer | Konsekwente reëls en die toepassing daarvan, bring mee dat kinders gehoorsamer is. Kinders tree ook minder uitdagend op. | Inkonsekwentheid lei tot rebels-heid en uitdagende gedrag. Meer geneig tot fisieke straf. Ouers is oormatig beperkend en kind hoor dikwels: “nee”. |
| Verwagtings | Ouers wat hoë verwagtings van hul kinders koester, se kinders | Geen uitdagings of verwagtings word gestel nie en gevolglik |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | bereik dit makliker. | onderpresteer die kind. |
| Kommunikasie | Kommunikasie is oop, eerlik en gereeld. Ouers luister ook na kinders. Hierdie kinders raak vinniger sosiaal en emosioneel volwasse. | Kommunikasie is gebrekkig en onvoldoene. Kinders word "gesien en nie gehoor" nie. Kinders voel onbelangrik. |

Drie ouerskapstyle naamlik die outoritêre ouerskapstyl, die permissiewe ouerskapstyl en die outoritatiewe ouerskapstyl en die positiewe en negatiewe gevolge daarvan, is geïdentifiseer (Baumrind 1966:887-907). 'n Vierde styl, naamlik die onbetrokke ouerskapstyl, is later bygevoeg (kyk Maccoby en Martin 1983:80-89; Saunders en Remsburg 1987:54-58; Berkson 1993:97; Louw en Louw 2014:221). 'n Hedendaagse ouerskapstyl, naamlik die oorbeskermende of helikopter ouerskapstyl, is in 1969 deur Haim Ginott, in sy boek *Between Parent & Teenager*, geïdentifiseer (kyk Ginott 1969:35; Orgel 1980:75-100; Sonnekus 1984:128-130; Louw 1994:204; De Witt en Booysen 1995:29,147; Levine 2006:256). Oorbeskerming word dikwels gesien as opvoedingsfout, maar daar is heelwat belangstelling in die gevolge daarvan. Indien die opvoedingsfout van oorbeskerming 'n lewenswyse word, kan dit as 'n ouerskapstyl gesien word.

De Witt en Booysen (1995:33) wys daarop dat ouerskapstyle in wese dissiplineringstyle is. Ouers het 'n sekere gesindheid ten opsigte van dissipline wat openbaar word in hulle optrede. Die optrede van ouers het 'n invloed op kinders se selfbeeld en algemene ontwikkeling (De Witt en Booysen 1995:33). Ouers tree nie altyd konsekwent in een van die style op nie en kanouerskapstyle wissel. Soms sal die ouer byvoorbeeld outoritêr optree, en ander kereweer permissief (De Witt en Booysen 1995:33). Die verskillende ouerskapstyle word vervolgens bespreek.

### 4.3.2 Die outoritêre styl

Die outoritêre styl is die styl van volle beheer hê oor kinders. Kinders word nie gesien as individue met eie behoefte en begeertes nie, maar as verlengstuk van die ouers. Ouers wil beheer, regeer, beveel, kritiseer en straf dikwels onbenullighede. Kinders word dikwels afgekraak en verneder. Outoritêre ouers weerhou dikwels liefde en aanraking omdat hulle fokus is op dissipline. Die kinders is dikwels ongelukkig,



© University of Pretoria

angstig en opstandig (Baumrind 1966:890; kyk Louw en Louw 2014:220). Die volgende is kenmerke van hierdie styl word opgesom met behulp van Van Jaarsveld (1989:41-44) en Booysen (1993:92) se werk:

- ouers besluit alleen oor wat reg of verkeerd is;
- ouers het vaste oortuigings oor hulle eie opvattings;
- kinders moet gedienstig wees;
- kinders moet onderdanig wees;
- kinders moet presies maak soos ouers sê;
- kinders mag nie hulle eie opinies of idees hê nie;
- kinders mag nie gesag of opdragte bevraagteken nie;
- kinders word gestraf vir oortredings;
- oortredings word telkens opgehaal of kinders word telkens aan hulle oortredings herinner;
- straf kan dreigemente, teregwysing of fisiese straf insluit;
- straf is uitermatig in verhouding tot die oortreding.

### 4.3.3 Die permissiewe ouerskapstyl

Die permissiewe ouerskapstyl is eweneens ontoereikend. Alhoewel permissiewe ouers nie liefde, aanraking en koestering weerhou nie, versuim hulle om grense te stel en verwagtings te kommunikeer aan die kinders. Kinders wat aan hierdie tipe ouerskap blootgestel word, tree dikwels impulsief op of is veeleisend. Kinders voel dat ouers nie betroubaar is nie en dat hulle op hulleself aangewese is om probleme op te los. Aangesien geen eise of uitdagings aan hulle gestel word nie, onderpresteer sulke kinders dikwels (Baumrind 1966:889; kyk Louw en Louw 2014:220). Aan die ander kant van die spektrum is ouers wat kinders oorlaai met speelgoed en aandag. Ouer plaas druk op kinders om te presteer. Die ouer se angs en behoefte aan prestasie word oorgedra op die kind, wat tot gevolg het dat die kind prestasie vermy (Berkson 1993:97). Sulke ouers probeer soms deur geskenke of geld vir sy afwesigheid vergoed. Kenmerke van die permissiewe ouerskapstyl is die volgende: (Van Jaarsveld 1989:41-44; kyk Booysen 1993:92; De Witt en Booysen 1995:33-34; Louw en Louw 2014:220):

- kinders word toegelaat om te doen wat hulle wil;



© University of Pretoria

- kinders is op hulle self aangewese;
- kinders het totale vryheid;
- ouers stel geen grense nie;
- ouers neem geen besluite namens die kind nie;
- ouers wys kinders selde tereg;
- kinders word selde gestraf;
- ouers laat hulle deur die kind lei, voorsê en manipuleer;
- die ouer-kind-verhouding is dikwels omgekeer deurdat die kind soos 'n ouer optree en die ouer soos 'n kind.

### 4.3.4 Die gesagvolle styl

Die gesagvolle ouerskapstyl is die ideale styl. Die ouers tree demokraties op en het kinders se optimale ontwikkeling ten doel. Hierdie ouerskapstyl bevat die dimensies van ouerskap, naamlik: warmte en koestering, konsekwente beheer, verwagtings en kommunikasie. Kinders word in liefde en met ondersteuning bygestaan. Die nodige intervensies word gedoen en duidelike grense word gestel. Hierdie styl lei kinders tot volwassenheid wat gekenmerk word deur verantwoordelikheid, emosionele intelligensie, sosiaal-aanvaarbare gedrag en bekwaamheid (Baumrind 1966:891; kyk Louw en Louw 2014:220). Suksesvolle ouerskap slaag daarin om 'n atmosfeer te skep waarin kinders leer as 'n uitdaging ervaar (Berkson 1993:97). Hierdie ouerskapstyl skyn in die minderheid te wees. Kenmerke van hierdie ouerskapstyl is die volgende (Van Jaarsveld 1989:41-44; kyk Booysen 1993:92; De Witt en Booysen 1995:33-34; Louw en Louw 2014:220):

- ouers wend 'n bewustelike poging aan om hulle kinders se denke, gevoelens en gedrag te verstaan;
- ouers respekteer kinders;
- ouers respekteer kinders se gevoelens en idees;
- ouers doen moeite om met kinders te kommunikeer;
- ouers doen moeite om na kinders te luister;
- ouers aanvaar kinders met hulle tekortkominge;
- ouers probeer gedrag verstaan voordat hulle straf;



© University of Pretoria

- straf is regverdig en dienooreenkomstig die oortreding;
- oortredings word nie teen die kinders gehou nie;
- ouer lei kinders tot selfstandigheid;
- ouers leer kinders verantwoordelikheid.

### 4.3.5 Die onbetrokke of afwesige ouerskapstyl

Onbetrokke of afwesige ouers is emosioneel afsydig teenoor kinders. Hierdie afsydigheid kan verskeie oorsake hê, naamlik dat ouers eie belange voorop stel, dat hulle meer opwindende aktiwiteite as interaksie met hulle kinders najaag, dat hulle geestes- of gesondheidsprobleme ervaar of dat hulle nie daartoe in staat is of nie gewillig is om verantwoordelikheid vir kinders te aanvaar. Kinders word dikwels verwaarloos, nie net fisies nie, maar ook emosioneel en wat hulle opvoed betref (Louw en Louw 2014:221, 427). Kinders kan ook aan mishandeling blootgestel word. Ouer kinders voel dikwels verantwoordelik vir die ouer en neem die ouerlike pligte oor (Saunders en Remburg 1987:55).

Onbetrokke ouers is uit voeling met hulle kinders se behoeftes en ontneem hulle leerervarings. Daar is byvoorbeeld nie voldoende speelgoed in die huis nie en interaksie tussen die kind en ouer is beperk. Kinders uit sulke omgewings vaar swakker op skool as kinders uit goed georganiseerde huise waar speelgoed tot die beskikking van die kind is (Berkson 1993:97). Kenmerke van opvoedingstyl van die afwesige ouer word gekenmerk deur: (Van Jaarsveld 1989:41-44; kyk Booysen 1993:92; De Witt en Booysen 1995:33-34; Louw en Louw 2014:220; De Witt 2014:308):

- ouers gee min, indien enige ondersteuning aan kinders;
- kinders word selde gedissiplineer;
- ouers wend gebrekkige en inkonsekwente pogings aan om kinders op te voed;
- kinders word geen basiese lewensvaardighede geleer nie;
- ouers is emosioneel afwesig;
- ouers stel nie in die kinders belang nie;
- kinders word óf geïgnoreer óf verskree;
- ouers is óf fisies afwesig óf emosioneel afwesig in die kinders se lewens.



© University of Pretoria

### 4.3.6 Die oorbeskermende oueskapstyl

Oorbeskerming kom meer dikwels by moeders as by vaders voor (Van Niekerk 1982:17-18). Die oorbeskermende ouer laat die kind byna nooit onder haar oë uitgaan nie. Die ouers verrig namens die kind, wanneer kinders self behoort te leer om sekere vaardighede te bemeester (De Witt 2014:247-248). 'n Ander term wat vir hierdie styl gebruik word, is "helikopter-ouers*".* Ouers "hover" soos ‘n helikopter oor die kind om dadelik te help as die kind iets nodig het of dadelik te keer dat die kind nie seerkry nie. Helikopter-ouers verhinder dat kinders vaardighede bemeester. Wanneer helikopter-ouers die hele tyd teenwoordig is om moontlike ongelukke te voorkom en probleme op te los, ontneem dit kinders daarvan om waardevolle lewenslesse te leer (De Witt 2014:172). Verder word die boodskap oorgedra dat die kind hulpeloos en hopeloos is. Die ouers stel met hulle gedrag die omgewing en dus die lewe vir kinders voor as onveilig en kweek ongegronde vrese by kinders. Kinders wat aan oorbeskerming blootgestel word se kreatiwiteit en fantaseringsvermoë ontwikkel nie normaal nie. Hierdie kinders is dikwels wantrouig, onseker, huilerig en dit ontbreek hulle aan die nodige selfvertroue om in sosiale interaksie met ander te tree (Van Niekerk 1982:17-18; kyk De Witt en Booysen 1995:29; De Wit 2014:133). Kenmerke van hierdie ouerskapstyl, sluit die volgende in (De Witt 2014:289):

- ouers is altyd byderhand om in kinders se behoeftes te voorsien;
- ouers laat kinders nie toe om moeilike of gevaarlike take te verrig soos om op klimrame te klim of fietse te ry nie;
- ouers wil te alle tye in beheer van die kind se doen en late wees;
- wanneer ouers nie by die kind verwyder is, sal die ouers elke kort-kort bel om te hoor hoe dit met die kind gaan;
- ouers neem die kinders dikwels dokter toe vir nietighede;
- ouers oorreageer oor nietighede;
- ouers voel dikwels hulpeloos en oorweldig deur ouerskap;
- druk word op kinders geplaas om te presteer;
- druk word op kinders geplaas om aan ’n groot verskeidenheid aktiwiteite deel te neem, selfs al vind die geen aanklank daarby nie;
- kinders se gevoelens en eie inisiatief word nie in ag geneem nie;
- kinders is dikwels bang en onseker;



© University of Pretoria

- kinders soek deurentyd na erkenning of beloning;
- ouers blameer ander vir kinders se foute;
- verkeerde dade van kinders word dikwels weggepraat of geïgnoreer;
- alles wat die kind doen, is aanvaarbaar;
- in konfliksituasies gryp die ouers te vinnig of te maklik in;
- kinders leer later, gewoonlik net voor adolessensie, om ouers te manipuleer.

### 4.3.7 Vaderskapstyle

Hedendaagse kinders is volgens Du Toit (2000:51) ‘n ontnugterde geslag, omdat hulle vir hulleself ‘n beter wêreld moet probeer skep. Die ontnugtering word versterk deur chaotiese of traumatiese omstandighede waarin hulle leef. MIV/VIGS verplig baie kinders om vinniger groot te word, sodat hulle die rol van die ouer kan vervul. Tendense soos enkelouerskap, emosioneel-afwesige ouers en onsekerheid oor die toekoms, vererger die saak (Beukes 1995:17). Mans worstel om hulle rol in ’n veranderende samelewing te definieer en is nie altyd beskikbaar vir hulle kinders nie. Die vader se bydrae tot kinders se ontwikkeling is en bly van groot belang. Die invloed wat ‘n vader op sy kinders het, bly onontbeerlik vir kinders se ontwikkeling (Van der Merwe 2013:1, 74). Volgens die studie van Richter en Morell (2006:287) het 57% Suid-Afrikaanse kinders in 2005 en 2006 aangevoer dat hulle pa afwesig is, hetsy fisiek as emosioneel.

Lewis en Lamb (2003:211) het reeds in 1973 gewaarsku teen die uitsluiting van vaders uit die opvoeding van kinders omdat vaders ‘n unieke en komplekse bydrae lewer tot veral die emosionele en intellektuele ontwikkeling en groei van kinders. Babas kan reeds teen drie maande onderskei tussen hulle moeder en vader en toon ‘n definitiewe voorkeur vir die een of die ander. Neonate en kleuters verkies dikwels die vader, omdat hy die ouer is wat meer speel en mededinging en onafhanklikheid aanmoedig (Lewis en Lamb 2003:214-215).

Hoewel sommige ondersoekers (Dudley en Dudley 1986:13; Francis en Gibson 1993:250; Boyatzis en Janicki 2003:263-265) betoog dat kinders genoegsame geloofsoordrag en kennis van God by hulle moeders ontvang, beklemtoon ander (Rizzuto 1979:44; Hoge *et al* 1982:576-578; Harms O’Brien



© University of Pretoria

1991:115-116; Dickie *et al* 1997:25-32; Grusec 1997:6; Larney en Lotter 2005:675) die noodsaaklikheid van die vader in veral die vaslegging van kinders se Godsbeeld.

In 1982 het Hoge *et* al (1982:569-578) ‘n ondersoek geloods na die invloede op kinders se geloofsontwikkeling. Eerstens is bevind dat die kenmerke van die ouers se geloof teenwoordig is in die kinders se belewing en uitlewing van geloof (Hoge *et al* 1982:569-570). Die kinders wat aan die studie deelgeneem het se ouers toon gebrekkige kennis van en belangstelling in geloofsaktiwiteite. Hierdie houding word by die kinders herhaal. Hulle toon min of geen belangstelling in geloof nie. Hoge *et al* (1982:570-571) se ondersoek het ook aan die lig gebring dat wanneer ouers oor geloofskwessies saamstem, kinders meer geneig is om ook gelowig te wees. Wanneer ouers byvoorbeeld saam met die kinders eredienste sou bywoon, of as gesin saam uit die Bybel lees, versterk dit die kind se positiewe gevoelens rakende geloof. Slegs een van die teikengroep se kinders het aangedui dat sy ouers soms vir hom uit die Bybel lees en ook soms saam met hom kerk toe gaan. Verder is bevind dat kinders geneig is om dieselfde godsdiens as hulle ouers te beoefen. Dit gebeur selde dat kinders in byvoorbeeld ‘n Christelike huis groot word, maar as adolessent kies om eerder Islam aan te hang (Hoge *et al* 1982:572). Dieselfde geld vir ouerhuise waarin geen of weinig godsdiens beoefening plaasvind. Die kans dat die kinders vurige gelowiges sal word, is skraal. Verder het die studie bevind dat godsdienstige sosialisering ook ‘n rol speel in kinders se geloofsontwikkeling. Wanneer die ouers aan ‘n geloofsgemeenskap behoort, sal die kinders ook tuis voel by en deelneem aan godsdienstige aktiwiteite (Hoge *et al* 1982:573-574). Ses kinders wat aan die studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle soms die sondagskool bywoon. Die bywoning blyk egter sporadies te wees en geen noemenswaardige kennis kon by die kinders waargeneem word nie. Ten slotte het Hoge *et al* (1982:574-577) bevind dat die oorwegende invloed op kinders se geloofsontwikkeling steeds die verhouding tussen die kind en sy ouers is. Hierdie studie het ten doel om die Godsbeelde van kinders te ondersoek wat aan gebrekkige rolmodelle blootgestel word. Tog blyk dit dat vaders se invloed op dogters se waarde oordrag en geloofsontwikkeling beduidend hoër was, as die invloed op seuns (Hoge *et al* 1982:577). Wanneer daar voortdurend onenigheid is tussen ouers, lei dit noodwendig tot negatiewe gedrag deur beide die ouers as die kinders (Hoge *et al* 1982:577). Martinson en Martinson (1998:68) beklemtoon dat positiewe waardes



© University of Pretoria

meer effektief aan kinders oorgedra word binne 'n stabiele emosionele omgewing. In ordelike ouerhuise met duidelike reëls, is groter godsdienstige betrokkenheid by kinders moontlik (Bjarnason 1998:750).

Die Hoge-studie verwys nie spesifiek na die invloed van die ouer-kindverhouding op die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld nie. Volgens Larney en Lotter (2005:79) is die ouer-kindverhouding egter wel deeglik ter sake wanneer dit gaan oor die godsdiensontwikkeling van kinders. Hulle wys daarop dat ouers se rol beduidend is vir die vorming van kinders se Godsbeeld (Larney en Lotter 2005:79). Die studie van Dickie *et al* (1997:31) het aangetoon dat, wanneer kinders hulle vader as versorgend ervaar, dieselfde eienskappe vasgelê word in die beeld van God wat by die kinders gevestig word. Bjarnason (1998:750) bevestig dat die ondersteuning van die vader positief inwerk op kinders se belewing dat God ondersteunend teenwoordig is in hulle lewens.

Die vyf vaderskapstyle wat onderskei word is: die super-presteerder vader, die tydbom, die afwesige vader, die passiewe vader en die deernisvolle mentor (kyk Van der Merwe 2007:2-4). Die style van die vaders van die kinders wat aan die studie deelgeneem het en wat vir die kinders 'n ontoereikende rolmodelle is, is die van die tydbom, die afwesige vader en die passiewe vaders. Die style word vervolgens bespreek.

Die *superpresteerder* vader vereis gedissiplineerdheid, doelgerigdheid en produktiwiteit van kinders (Van der Merwe 2007:2). Hierdie vaders is dikwels perfeksionisties, tradisioneel en presies. Baie Westerse vaders val in hierdie kategorie. Superpresteerder vaders werk hard om in die gesin se materiële behoeftes te voorsien, maar is dikwels emosioneel en fisies afwesig, onder andere weens werksverpligtinge. Kinders wat aan hierdie vaderskapstyl blootgestel word, raak dikwels rebels. Hulle is geneig om te onderpresteer as gevolg van die druk wat die vader op hulle plaas. Kinders ervaar 'n gevoel van minderwaardigheid, omdat die vader hulle laat voel dat hulle pogings nie aan sy verwagtings voldoen nie. Seuns wat die vader as rolmodel sien, sal waarskynlik soortgelyk funksioneer in hulle eie gesinne later in hulle lewe. Hulle sal hard werk om te voorsien, maar min tyd met hulle kinders deurbring.

Die *tydbom-styl* vader is die wat buierig en humeurig is met gereelde woede-uitbarstings. Dit is hulle wat kinders en hulle gades mishandel (Van der Merwe



© University of Pretoria

2007:2). Hierdie vaderskapstyl hou verband met gesinsgeweld, emosionele en fisiese mishandeling, asook alkohol- en dwelmafhanklikheid. Mishandeling van gades of kinders kan verbaal, emosioneel of fisies wees. Kinders wat in die teenwoordigheid van ‘n tydbom groot word, is gespanne en versigtig. Hulle probeer konflik ten alle koste vermy. Hulle leer om ander se behoeftes voorop te stel en hulle eie behoeftes op die agtergrond te skuif. Kinders ervaar emosies soos wantroue en onsekerheid. Wanneer hulle volwassenheid bereik, kies dogters mans met karaktertrekke soos hulle vader en seuns mag later self gewelddadig teenoor hulle vrouens en kinders optree. Leuvennink (2014) wys uit dat humeurige gedrag en woede dikwels ‘n herhalende patroon word. Vroue wat hieraan blootgestel word, kan dikwels nie wegbreek nie, om finansiële redes, maar veral omdat hulle hierdie soort gedrag as ‘n gegewe aanvaar (Leuvennink 2014).

Die *passiewe vaderskapstyl* dui daarop dat vaders deel is van ‘n gesin, maar nie deelneem aan die gesinsaktiwiteite of enige bydrae tot die opvoeding van die kinders lewer nie (Van der Merwe 2007:2). Hierdie vaders ondersteun die kinders nie en moedig hulle nie aan nie. Hulle voer selde ‘n gesprek met die kinders en weet nie wat in hulle lewens aangaan nie. Soms is die moeder die broodwinner, terwyl die vaders werkloos is of bloot leeglê. Kinders van passiewe vaders is dikwels gereserveerd en praat nie oor hulle gevoelens nie. Hulle ervaar verwerping en is wantrouig. Hierdie gedragspatroon word aan kinders gemodelleer en die kinders leer dat die vaders geen plig of verantwoordelikheid teenoor sy gesin hoef te hê nie. Van die twaalf kinders wat aan die studie deelgeneem het, het tien kinders aangedui dat hulle vaders onbetrokke is in hulle lewe of die kinders het gevoelens van verwerping ervaar.

Die *afwesige vader ouderskapstyl* dui op die vader se fisiese afwesigheid. Vaderlike afwesigheid is reeds vroeër in die studie beskryf. Kinders wat met ‘n afwesige vader groot word, ervaar verwerping, woede en aggressie. Hulle het dikwels probleme met vertroue, die aanvaarding van gesag en ook soms woede uitbarstings, ervaar. Hulle is geneig om aandag te soek en te oorpresteer (Van der Merwe 2007:2). Die kinders soek na liefde en aanvaarding juis deur hulpeloos op te tree. Meisies met ‘n afwesige vader het later dikwels probleme om betekenisvolle verhoudings aan te knoop en is geneig om toe te gee aan wat ‘n man wil hê, met die hoop dat hy haar nie sal verlaat nie. Hoewel nie een van die teikengroep se vaders fisies afwesig is nie, is hulle emosioneel afwesig. Die vaders toon geen belangstelling



© University of Pretoria

in die kinders se lewe nie en verwerp hulle dikwels deur die kinders se behoeftes, gevoelens of toenadering te ignoreer.

Die *deernisvolle mentor vaderskapstyl* is die ideaal. Die liefdevolle vader ken, ondersteun en moedig die kinders aan. Hy is vir elkeen individueel lief, sien elkeen as kosbaar en uniek en spoor die kinders aan om hulle volle potensiaal te bereik. Hy is ‘n positiewe rolmodel en sy kinders word selfstandige, verantwoordelike volwassenes. Gebrekkige pogings word deur die teikengroep se vaders aangewend om mentors te wees.

Die ideaal is dat kinders aan ‘n positiewe, navolgenswaardige rolmodel blootgestel sal word. Geloofsgemeenskappe, skole, gemeenskapsleiers en die sosiale ontwikkelingsdienste is veral daarop bedag dat kinders nie negatiewe rolmodelle, soos sekere omstrede musieksterre, rolprentsterre, sportlui of bendelede, sal aanhang nie. Die verkeerde voorbeeld kom egter nie altyd van buite die huis nie, kinders word dikwels aan ‘n vader blootgestel wat ‘n negatiewe rolmodel verteenwoordig.

Die verhouding tussen ouer en kind is van kardinale belang vir die optimale ontwikkeling van kleiner kinders. Die verhouding tussen ouer en kind is egter nie altyd optimaal nie. Hierdie studie fokus op die probleme wat ontstaan wanneer die vader wat ‘n gebrekkige rolmodel is. Louw en Louw (2014:280) wys daarop dat ouers nie alleen verantwoordelik is vir hoe kinders ontwikkel nie. Die gemeenskap, portuurgroep, skool, kulturele erfenis en ook sosio-ekonomiese faktore dra by tot kinders se vorming. Kinders wat aan die studie deelneem is geselekteer juis omdat daar spesifieke probleme in die gesinne is om vas te stel wat die uitwerking daarvan op die vorming van die kinders is.

## 4.4 GESINNE MET PROBLEMATIESE VERHOUDINGS

### 4.4.1 Inleiding

Gesinne wat ‘n positiewe omgewing bied vir die ontwikkeling van kinders, is in Suid-Afrika nie in die meerderheid nie (Mouton 2013:4). Met die term “familie” word bedoel die kleiner eenheid van gesin, maar ook die meer uitgebreide familie wat bestaan uit grootouers, voogde en ander familiestrukture. Die tradisionele gesinsopset is aan die



© University of Pretoria

uitsterf, aangesien uitgebreide familiestrukture meer algemeen voorkom. In die Afrika kultuur is families wat saambly ideaal, aangesien dit ‘n uitgebreide ondersteuningsnetwerk bied. Die ideale gesin kan dus nie as ‘n sekere samestelling gesien word nie, maar as ‘n gesin waarin die onderskeie lede mekaar liefhet en ondersteun. Stoop en Masteller (2004:43) beskryf problematiese gesinne as gesinne waar die bande van liefde tussen ouers en kinders verbreek of vertroebel is. Mouton (2013:4-5) wys daarop dat, volgens die navorsingsverslag van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge, getiteld *First Steps to Healing the SA Family (March 2011),* die persentasie kinders wat in ‘n huisgesin grootword met albei hulle biologiese ouers, van 49% in 2000, na 35% in 2010 gekrimp het. Dieselfde verslag dui aan dat daar in 2000, 42% kinders was wat wel ‘n pa het, maar wat totaal afwesig in hulle lewe is, teenoor die 48% in 2010. In Suid-Afrika word die meeste kinders deur moeders in enkelouer-huishoudings opgevoed. Die meeste kinders leef in huishoudings waar die volwassenes werkloos is (Mouton 2013:4-5). Mouton (2013:4) gebruik die beeld van Suid-Afrika as ‘n dorpie met 100 kinders om die statistiek te verduidelik. Met “kinders” bedoel hy kinders van geboorte tot sewentien jaar. Uit die dorpie met 100 kinders, sal (Mouton 2013:4):

- 48 kinders ’n pa hê wat leef, maar afwesig in hulle lewe is;
- 36 kinders grootword met ‘n pa wat leef en maar ongereelde kontak met hulle het;
- 35 kinders by beide biologiese ouers woon;
- 40 in ‘n enkelouergesin woon saam met hulle ma;
- 3 in ‘n enkelouergesin woon saam met hulle pa;
- 23 kinders glad nie by ’n biologiese ouer woon nie;
- 8 kinders by hulle ouma en/of oupa woon;
- 1 sal in ’n huishouding woon waarvan ‘n kind aan hoof staan;
- 34 kinders grootword in ‘n huis waar ten minste een ouer ‘n vaste salaris verdien.

Louw en Louw (2014:413) wys verder daarop dat veral swart en bruin kinders steeds negatief beïnvloed word die westerse siening van huwelike en gesinne. Die westerse siening dat ouers met mekaar getroud moet wees of in ‘n verhouding moet wees, is dikwels nie van toepassing op bruin en swart gemeenskappe nie. Bruin kinders word



© University of Pretoria

dikwels in enkelouergesinne groot of met ‘n stiefvader. Hierdie gesinne is nie problematies vir die bruin gemeenskap nie, maar diskrimikasie en stigmatisering kan in skole voorkom waar die westerse sienings voorgestaan word. Tradisionele huwelike (veral tradisioneel onder sekere swart bevolkingsgroepe) waar mans aangemoedig word om meer as een vrou te hê, word nie deur die land se wette erken nie. Kinders wat uit hierdie huwelike gebore word, word deur die westerse siening as buite-egtelik gesien. Die persentasie vir kinders wat nooit hulle vader geken het of kontak met hulle vader het nie, is baie hoër onder swart- en bruin kinders en die persentasie is die laagste onder indiër- en blanke kinders.

Volgens Benton (2007:2) kan disfunksie in gesinne verband hou met enige toestand wat gesonde en normale gesinsfunksionering kortwiek. “Gesonde gesinne” is geneig om na normale funksionering terug te keer nadat die krisis verby is. In “gesinne met problematiese verhoudings” is probleme egter geneig om ‘n kroniese karakter te verkry en die behoeftes van kinders word nie deurlopend vervul nie. Negatiewe patrone van ouerlike gedrag en ouers wat gebrekkige rolmodelle is vir kinders, dra by tot die probleme. Gesinne met problematiese verhoudings kan verskeie probleme ervaar. Hierdie probleme sluit verwaarlosing, mishandeling, misbruik, onveilige situasies waaraan kinders blootgestel word, deprivasie en armoede in. Dit word vervolgens bespreek.

### 4.4.2 Verwaarlosing

Verwaarlosing impliseer meer as slegs fisiese verwaarlosing. Dit sluit ook emosionele en sosiale verwaarlosing in, asook die verwaarlosing van taalontwikkeling en kulturele opvoeding (De Witt en Booysen 1995:153-156; kyk Louw en Edwards-Meyer 2011:166; Louw en Louw 2014:427; De Witt 2014:327). Tipes verwaarlosing word vervolgens aangedui (De Witt 2014:327-331; kyk Hart 1992:187; De Witt en Booysen 1995:153-156; Hartwell-Walker 2007:3; Benton 2007:9; Coetzer 2007:1-5; Louw en Edwards-Meyer 2011:166-168; Louw en Louw 2014:427):

*Fisiese verwaarlosing*

- kinders kom onnet en onversorg voor;
- kinders het ‘n gebrek aan behuising, voedsel, nagrus, mediese sorg, higiëne, veiligheid, persoonlike ruimte, vermaak of klerasie;



© University of Pretoria

- kinders dra dikwels stukkende of seisoen onvanpaste klere, soos truie in die somer en kortbroeke in die winter;
- kinders word sonder toesig gelaat;
- daar word eerder gestraf as gedissiplineer;
- kinders is op hulle self aangewese;
- ouer kinders moet dikwels vir jonger kinders sorg;
- kinders moet leer hoe die sisteem werk ten einde te kan oorleef;
- woede is die primêre emosie tydens straf;
- vergifnis word weerhou nadat daar gedissiplineer is;
- ouers gebruik vrees ten einde kinders te laat konformeer.

*Emosionele verwaarlosing*

- liefde word as straf weerhou;
- liefde word selde verbaal oorgedra;
- daar is baie min fisiese betoning van liefde;
- fisiese kontak word nie aangemoedig nie;
- ouers toon nie respek vir kinders nie;
- gesinslede vrees emosionele intimiteit;
- ouers moedig kinders nie aan om te presteer of aan sport deel te neem nie;
- ouers ondersteun nie kinders in aktiwiteite nie;
- ouers se behoeftes neem voorrang bo die van kinders;
- kinders word omgekoop met speelgoed of geld;
- kinders kry speelgoed, geld of duur geskenke in die plek van aandag;
- kinders word geleer om nie ander te vertrou nie;
- kinders word ingeprent om nooit oor huislike omstandighede te praat nie;
- kinders se behoeftes, emosioneel en fisies, word  nie in ag geneem nie;
- kinders word gestraf as hulle emosies soos vrees, pyn of woede toon (hulle mag nie huil en "moeilik" wees nie);
- kinderlike gedrag word nie geduld nie en ouers verwag van kinders om soos volwassenes op te tree (sinne soos: Kan jy nie dink nie? Moenie



© University of Pretoria

so ‘n baba wees nie! Kan jy dit nie net reg doen nie? kom algemeen voor);

*Verwaarlosing van opvoeding*

- opvoedkundige speelgoed word nie voorsien nie;
- kinders word nie aan boeke, tydskrifte, koerante of biblioteke blootgestel nie;
- kinders ontvang speelgoed wat nie by hulle ouderdom pas nie, soos kleuters met selfone of poppe vir tienermeisies;
- kinders word sonder toesig gelaat;
- kinders se skoolbywoning is ongereeld;
- kinders is sonder toesig op straat;
- ouers weet nie waar kinders is of wie die kinders se vriende is nie;
- kinders se uniekheid kan ‘n bron van ongemak en irritasie vir die ouers wees;
- ouers sien kinders as ‘n verlengstuk van hulleself in plaas van as ‘n persoon in eie reg;
- kinders se siening van hulleself word bepaal deur ouers;
- kinders se individualiteit word ontken.

*Sosiale verwaarlosing*

- kinders word nie norme en waardes geleer nie;
- ouers is nie ‘n navolgenswaardige rolmodel nie;
- die ontwikkeling van empatie, altruïsme en sosiaal aanvaarbare gedrag word deur ouers se behandeling van kinders geïnhibeer;
- kinders is geneig om hulle portuurgroep te boelie;
- kinders is geneig tot rusies en geweld;
- kinders word as sondebokke uitgewys en dra die blaam;
- kinders leer reeds op ‘n vroeë ouderdom  om ander te manipuleer;
- ouers raak op ‘n ongesonde wyse verstrengel in die lewens van kinders en wil die kinders se maat wees;
- ‘n gekibbel of rusies kom dikwels voor.



© University of Pretoria

*Verwaarlosing van taal*

- ouers praat babataal met kinders;
- ouers gebruik self vuil of onkorrekte taal;
- ouers laat na om kinders se taalfoute te korrigeer;
- ouers stel 'n swak voorbeeld;
- ouers lees self nie en lees nie vir kinders voor nie;
- ouers voer selde gesprek met kinders;
- kinders word dikwels stilgemaak;
- misverstande kom gereeld tussen gesinslede voor;
- stilte word gebruik om uitdrukking te gee aan afkeur of om onaanvaarbare gedrag te straf;
- meningsverskille ontaard meestal in verbale gevegte.

*Verwaarlosing van kulturele opvoeding*

- kinders word nie aan 'n verskeidenheid aktiwiteite blootgestel nie;
- kinders word nie op verrykende uitstappies geneem nie;
- kinders word nie aan gemeenskapsaktiwiteite, soos kerkbasaars, karnavalle, sportbyeenkomste blootgestel nie;
- daar word selde foto's geneem of deur fotoalbums gekyk;
- gesprekke oor familielede of vorige geslagte vind nie plaas nie;
- kinders word dikwels van ander familielede en grootouers geïsoleer.

### 4.4.3 Mishandeling

Die mishandeling van kinders is 'n komplekse verskynsel. Die totale omvang, kenmerke en spektum daarvan kan nie in hierdie studie gedek word nie. Die klem behoort eerder op voorkoming as genesing te lê (De Witt en Booysen 1995:157). Die realiteit is egter dat die mishandeling van kinders wyd voorkom en selfs deur gemeenskappe as gewoon aanvaar word. Volgens Crous (1992:73) is mishandeling die langdurige en opsetlike benadeling van kinders deur óf aktiewe en direkte mishandeling óf die nalatige weerhouding van versorging.

Daar word tussen verskillende vorme van mishandeling onderskei. Die vorme wat *fisiese mishandeling* meesal aanneem, sluit in: oormatige lyfstraf, aanranding, brand, byt, suurstofonthouding, klap, skop, knyp en verwringing van liggaamsdele in



© University of Pretoria

(vlg Conradie 1982:10; De Witt en Booysen 1995:143; Louw en Louw 2014:427). Mishandeling kan egter ook emosioneel wees. *Emosionele mishandeling* sluit alle vorme van afpersing, manipulasie en verwerping in, asook verbale mishandeling soos verkleinering, belediging, vernedering, vloek en uitskel, om die kind bang te maak of skuldig te laat voel (kyk Conradie 1982:10; De Witt en Booysen 1995:144; Louw en Louw 2014:430). Verwaarlosing asook seksuele molestering kan ook as vorme van emosionele mishandeling gesien word (Conradie 1982:10).

Mishandelde kinders word opsetlik deur ‘n ander persoon of persone benadeel. Mishandeling het ’n invloed op elke vlak van kinders se ontwikkeling aangesien mishandeling ‘n traumatiese ervaring is. Mishandeling word nie net as ‘n fisiese daad ervaar word nie, maar word as verwerping beleef. Konsensus is dat verwaarlosing, misbruik en alle ander vorme van mishandeling traumaties en destruktief is en ‘n langdurige sielkundige effek het (kyk Carl 1987:50; Olivier 1989:23; Booysen 1993:107; De Witt en Booysen 1995:139-149; Gil en Campbell 1996:28; Kaplan 2000:490; Louw en Louw 2014:430).

‘n Ondersoek deur Thom *et al* (2004:473) toon dat kinders wat aan mishandeling blootgestel was, dikwels later in hulle lewe ‘n negatiewe siening van godsdiens of geloof het, veral wanneer die geweldenaar ‘n gelowige was, of wanneer die dade met godsdiens beoefening gepaard gegaan het. ‘n Vader wat byvoorbeeld ‘n ouderling is in die kerk en sy dogter molesteer, is ‘n voorbeeld hiervan. Wanneer adolessente oor die sin van die lewe begin nadink, volgens Erikson vanaf dertien jaar, kan die adolessent se houding teenoor godsdiens ’n wesenlike invloed op sy morele gedrag hê (Thom *et al* 2004:473). Kinders se Godsbeeld word negatief deur die mishandeling beïnvloed vanweë emosionele spanning en lae selfagting (Gil en Campbell 1996:28). ‘n Besonder ingrypende vorm van mishandeling, seksuele misbruik, word vervolgens in ‘n aparte afdeling bespreek.

#### 4.4.4 Misbruik

Seksuele misbruik verwys na enige ontwettige daad met ‘n seksuele ondertoon wat met kinders, teenoor kinders of in die teenwoordigheid van kinders gepleeg word (Conradie 1982:10; vgl De Witt en Booysen 1995:145-146; Louw en Louw 2014:428-430). Drie kategorieë van seksuele misbruik word onderskei, naamlik: oortredings sonder fisieke aanraking, oortredings met fisiese aanraking en uitbuiting (De Witt en



© University of Pretoria

Booysen 1995:145-146). Oortredings sonder fisiese aanraking sluit in (De Witt en Booysen 1995:145-146; vgl De Witt 2014:331):

- verbale stimulering met die doel om kinders te prikkel;
- gesprekke oor seks om kinders te skok;
- obsene telefoonoproepe;
- ontbloting van geslagsdele aan kinders;
- om foto's met 'n seksuele strekking aan kinders te toon;
- dreigemente;
- suggestiewe bewegings of gebare;
- afloer van kinders terwyl hulle bad of uittrek;
- gesprekke oor seks in die teenwoordigheid van kinders.

Oortredings met fisiese aanraking sluit die volgende in (De Witt en Booysen 1995:145-146; vgl De Witt 2014:331):

- nie-seksuele aanraking waarmee die kind ongemaklik is;
- liefkosings soos soene en omhelsings waarmee die kind ongemaklik is;
- liefkosings wat te ver gaan (soos 'n tong wat in die kind se mond gesteek word);
- aanraking van privaatdele;
- betasting;
- orale, anale of genitale stimulasie;
- penetrasie met 'n objek;
- nie-geweldadige gemeenskap;
- bloedskande;
- geweldadige gemeenskap (verkragting) of sodomie.

Die uitbuiting van kinders sluit in (De Witt en Booysen 1995:145-146; vgl De Witt 2014:331-332):

- kinders wat blootgestel word aan volwassenes wat sekueel verkeer;
- kinders wat gedwing word om te kyk as volwassenes seksueel verkeer;



© University of Pretoria

- kinders wat gedwing word om aan volwassenes se geslagsdele aan te raak;
- kinders wat gedwing word om saam met volwassenes te bad of stort;
- kinders wat gedwing word om volwassenes te bad;
- vertoon van pornografie aan kinders;
- kinders te gebruik vir die maak van pornografie;
- kinders as prostitute te verhuur.

Die gemeenskap en gesin se houding jeens die seksuele molestering van kinders is ‘n verswarende faktor. Gesinnne uit hoër sosio-ekonomiese omstandighede is meer geneig om molestering te ontken of geheim te probeer hou, terwyl gesinne in laer sosio-ekonomiese omstandighede molestering dikwels aanvaar as ‘n gegewe en die slagoffers blameer. Talle slagoffers kry derhalwe geen professionele hulp nie en voorvalle word nie aangemeld nie (Richter en Dawes 2008:87). Statistiek in die volgende tabel wat saamgestel is op grond van polisieverslae wat in die studie van Waterhouse en Porter (2008:1)[1] verskyn het.

*Tabel 17: Statistiek rakende die seksuele geweld teenoor kinders:*

| | **Misdaad teenoor kinders:** | | | **Persentasies van misdaad teenoor kinders:** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2005/06** | **2006/07** | **2007/08** | **2005/06** | **2006/07** | **2007/08** |
| Moord | 1 075 | 1 152 | 1 410 | 5.8% | 5.9% | 7.6% |
| Poging tot moord | 1 378 | 1 309 | 1 488 | 6.4% | 6.4% | 7.9% |
| Verkragting | 23 453 | 17 224 | 16 068 | 42.7% | 32.7% | 44.4% |
| Onsedelike aanranding | 4 726 | 4 581 | 3 517 | 42.2% | 48.9% | 52% |
| Aanranding (met die doel om ernstig te | 20 879 | 20 445 | 19 687 | 9.2% | 9.3% | 9.3% |

[1]Die getalle vir 2007/08 is onvolledig, aangesien dit slegs nege maande, naamlik April tot Desember 2007 insluit, teenoor ander jaartalle wat twaalf maande se data insluit.



© University of Pretoria

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| beseer) | | | | | | |
| Aanranding | 35 941 | 23 526 | 21 736 | 11.4% | 11.1% | 10.9% |

Die verkragting en onsedelike aanranding statistiek val op. Die vraag is waarom byna die helfte van verkragtings en onsedelike aanranding (wat sodomie, orale seks en penetrasie met voorwerpe insluit) betrekking het op kinders. ‘n Moontlike rede kan wees dat die gesin en gemeenskap versuim om kinders genoegsaam te beskerm. Hierdie statistieke dui op ‘n krisis wat betref Suid-Afrikaanse kinders. Hulle is nie veilig nie. Alhoewel die verslag nie onderskei tussen jonger en ouer kinders nie, blyk dit tog dat seksuele molestering reeds tydens die kleinkindjare of voor adolessensie ‘n aanvang neem (kyk Van Niekerk en Pretorius 2000:418-424).

Die oortreders is dikwels aan die kinders bekend, en die kinders word gewoonlik eers sagkens benader (navorser verwys na hierdie optrede as *grooming*). Hierdie proses is om die kinders se vertroue te wen en die kind as ‘t ware sag te maak. Die volgende grafiek dui die persentasie van oortreders aan (De Witt en Booysen 1995:149; vgl De Witt 2014:333).

*Grafiek 1: Voorkoms van seksuele molestering in gesinsverband.*[2]




[2]Gesinsvriende sluit in: vriende van die ouers, bure, busbestuurders, onderwysers, jeugleiers en werkgewers van ouers of adolessente maats van sibbe.



© University of Pretoria

Die gevolge vir kinders wat aan seksuele misbruik blootgestel was, is verreikend. Seksuele mishandeling van kinders kan fisiese en fisiologiese gevolge inhou vir die kind. Hierdie gevolge kan lang- of korttermyn wees en manifisteer soms eers in die volwasse jare (Johnson 2004:463; kyk Van Roode *et al* 2009:161). Volgens Wickham en West (2002:4) doen seksueel mishandelde kinders fisiese, psigologiese, emosionele en geestelike skade op. Die skade is blywend van aard. Soms ervaar hulle reeds as kind simptome. Die meeste mense sal lewenslange probleme hê as gevolg hiervan (kyk Siegel 1999:24; Berliner 2003:273; Fourie 2005:98,103; Grobler 2005:iii, 16, 66, 69; Coetzer 2012:6-8).

Wanneer seksuele molestering gepaard gaan met konflik in die gesin, kan dit verder bydra tot gedragsprobleme by kinders (Hébert *et al* 2006:296). Gedragprobleme is eintlik ‘n hulpkreet. Meisies is geneig om hulle pyn te vertroetel en depressief en teruggetrokke te raak, terwyl seuns meer geneig is om gevoelens uit te druk in die vorm van aggressiewe of uittartende gedrag. Tekens van versteurde sosiale verhoudinge met vriende en portuurgroepe soos onttrekking, ontoepaslike seksuele gedrag en aggressie, kom ook algemeen voor (Willows 2009:21).

Nie net benadeel seksuele molestering kinders se emosionele en latere seksuele ontwikkeling nie, dit affekteer ook kinders se siening van God (kyk Fourie 2005:86). Die studie van Fourie (2005:86) met vroue wat as kind seksueel misbruik is, bevind dat vroue God as ver, kwaai en onbetrokke ervaar. Die psigiese trauma veroorsaak dat vroue God-verlate voel. Hierdie gevoel van verlatenheid veroorsaak probleme met aspekte soos vertroue, lojaliteit, konsekwentheid, gehoorsaamheid en hoop (kyk Fourie 2005:86-91).

Grobler (2005:36) het in haar studie bevind dat gelowige slagoffers wat deur ‘n manlike persoon gemolesteer is, dikwels probleme ervaar met die vaderskap van God. Verder het sy bevind dat, wanneer die oortreder die meisie se vader of ‘n vaderfiguur in haar lewe was, die probleem om God te vertrou as Vader nog groter was. Volgens Grobler (2005:36) leer kinders die liefde van God verstaan deur te sien en te ervaar hoe hulle ouers mekaar liefhet en liefde betoon teenoor hulle kinders. Kleiner kinders ervaar God in terme van menslike eienskappe (Grobler 2005:92; kyk Kitching en Botha 1994:45). Juis omdat kleiner kinders God as menslike figuur ervaar, lê hulle ‘n verband tussen die dade van mense aan die dade van God. Dit verklaar waarom dat die skade wat seksuele molestering ten opsigte van mense se



© University of Pretoria

spiritualiteit aanrig, dikwels lewenslank duur en slagoffers se Godsbeeld verwronge raak.

### 4.4.5 Onveiligheid

Kinders se veiligheid kom in die gedrang onder andere wanneer ouers drank misbruik, afhanklik is van dwelms en geweld in gesinne voorkom. Sosiale media en televisie hou meer subtiele gevare vir kinders en jongmense in.

- **Drankmisbruik**

Die sosiale omgewing van kinders wat aan die studie deelneem, is van so 'n aard dat hulle dikwels op 'n jong ouderdom reeds aan *drankmisbruik* blootgestel word. Kinders sien hoe ouers drank misbruik en sommige word deur ouers drank gegee. Drank is dus aanvaarbaar en beskikbaar in die omgewing van kinders. Soms is daar niks anders in die huis om te drink as alkoholiese drank nie. Kinders gebruik ook dikwels drank omdat hulle wil eksperimenteer. Sjebien-eienaars (ook die eienaars van smokkelhuise of jaarts) voorsien dikwels drank aan kinders, soms so jonk soos voorskoolse kinders, of laat saam met hulle ouers in die sjebien toe.

Portuurdruk en die druk om te presteer asook 'n poging om spanning, angstigheid, frustrasie en stres te hanteer, kan verdere bydraende faktore wees wat lei tot drankmisbruik onder kinders, jongmense en jong ouers (kyk Böning 2009:340). Gemeenskapsfaktore soos die aanvaarbaarheid van drankmisbruik, disfunksionele gemeenskappe en gebrekkige opvoeding en inligting oor drankgebruik kan 'n rol speel. Wat die gesin betref, toon drankmisbruik, gesinsgeweld en kindermishandeling ŉ sterk korrelasie. Verdere faktore wat bydra tot drankmisbruik in gesinne en gemeenskappe is byvoorbeeld ouers met ŉ swak gevoel van eiewaarde wat 'n behoefte het aan aanvaarding deur die groep of dit moeilik vind om spanning te hanteer, of die gesin wat woon in ŉ omgewing waar misbruik veral oor naweke algemeen voorkom en gemeenskappe nie ingelig is oor die gevare daarvan nie. Emosionele onstabiliteit, 'n lae toleransie ten opsigte van frustrasie of ŉ geneigdheid tot aggressiwiteit kan vererger word met die inname van alkohol (Böning 2009:341).

Kinders wat aan mishandeling en geweld blootgestel word, volg dikwels die voorbeeld van die ouers. Volgens Ponton (2002:657) is veral ouer kinders en adolessente geneig om oormatig alkohol te gebruik of op 'n baie vroeë ouderdom daarmee te begin eksperimenteer, indien hulle deur ouers aan drankmisbruik



© University of Pretoria

blootgestel word. Die gedrag van die vaderfiguur het 'n besondere invloed op jong kinders. Geweld en aggressie kom voor onder alle sosio-ekonomiese groepe, alle rasse en etniese groepe. Aggressie wat ontstaan as gevolg van alkoholmisbruik is dikwels die oorsaak van verkragting en kriminele geweld (Ponton 2002:657).

Persone wat alkohol misbruik, is vier keer meer in ongelukke betrokke en vyf keer meer afwesig van die werkplek teenoor mense wat nie alkohol misbruik nie. Vissermanne verloor hulle plek op die skuit, indien hulle telkens dronk opdaag. Tussen 40% en 60% van mense wat in ongelukke sterf, is onder die invloed van drank. Die sosiale effek van alkoholmisbruik is dat dit nadelig inwerk op die gesinslewe, byvoorbeeld op mense se finansiële welsyn, hulle verstandelike en fisiese vermoëns. Swanger vroue en ongebore kinders word nadeling beïnvloed deur alkohol. Dit veroorsaak by kinders leergestremdhede, lei tot vroeë skoolverlating en dra by tot armoede (Louw en Edwards-Meyer 2009:162).

Kinders in gesinne met problematiese verhoudings wat aan drankmisbruik onderwerp word, ontvang nie die nodige ondersteuning van volwassenes nie. Hulle leer vroeg reeds om nie te praat oor wat tuis gebeur nie en bring nie vriende huis toe nie. Om te praat oor die ouers se alkoholmisbruik buite die gesin, laat kinders onveilig voel. Hulle leer om niemand te vertrou nie en enige vrae of pogings om hulle te help met agterdog bejeën. Om die ouers se gedrag en gewoontes weg te steek, raak 'n lewenswyse. Kinders probeer hulle ouers beskerm deur hulleself teen die buite wêreld te beskerm. Dikwels wanneer onderwysers onraad vermoed, sal kinders dit ontken of weier om met maatskaplike werkers saam te werk, in 'n poging om ouers te beskerm (Barnett 2003:467-472). Elf van die twaalf kinders van die teikengroep het aangedui dat hulle vaders dikwels te veel drink. Kinders wat deur hulle ouers aan aan drankmisbruik of alkoholisme blootgestel word, openbaar van die volgende kenmerke (Van der Westhuizen 2011:17-20):

- kinders neem die ouers se rolle oor;
- geen samehorigheidsgevoel, sensitiwiteit of wedersydse respek is onder gesinslede aanwesig nie;
- binne gesinne is daar min klem word op individualiteit;
- kinders tree as die vredemakers op;
- kinders probeer ouers se konflik en verskille oplos;



© University of Pretoria

- ouers is gepreokkupeer met alkohol en min aandag word aan die kinders se basiese behoeftes gegee;
- kinders is dikwels nie gesond nie;
- gesinne bring min tyd saam deur;
- daar is geen vaste reëls in gesin nie;
- kinders neig tot  aggressie;
- kinders is dikwels asosiaal en buierig;
- kinders het 'n onvermoë om uitdrukking aan gevoelens te gee;
- kommunikasie in die gesin is geslote, verwarrend en afbrekend ;
- kinders voel bang en onseker;
- ouers toon weinig belangstelling en ondersteuning;
- kinders word blootgestel aan verskeie gevare.

Ondersoeke deur FARR (Stigting vir Alkoholverwante Navorsing) toon dat swanger vroue soms met opset te veel alkohol gebruik omdat staatstoelaes vir babas wat met FAS (Fetale Alkohol Sindroom) gebore word, hoër is. Die staattoelaag vir 'n gesonde kind is R310 tot en met 18 jaar, maar R1350 vir 'n gestremde kind of kind met spesiale behoeftes (Farrsa 2014).

Sewe kinders wat aan die studie deelgeneem het, het bevestig dat hulle ouers vir hulle bietjie bier in die bottel los om te drink of dat hulle self die bottels leeg drink wanneer die ouers slaap. Sommige ouers laat kinders saam met hulle laat drink. Volwassenes in 'n gesin wat drank misbruik en volwassenes in die breër gemeenskap wat drank misbruik, stel 'n slegte voorbeeld aan kinders (Leuvennink 2014). Vir kinders is dit hoe volwassenes leef en hulle emuleer dit.

- **Dwelmmisbruik**

Individue, gesinne, groepe en gemeenskappe beïnvloed mekaar wedersyds. Dwelmmiddels, soos dagga, tik, mandrax (buttons) en kokaïen (crack) is beskikbaar in die gemeenskappe waarin die kinders wat aan die studie deelgeneem het, leef. Die gemeenskap staan nie afwysend teenoor die gebruik of misbruik daarvan nie. Dit laat gesinne kwesbaar (vlg Böning 2009:340). Dwelms onderdruk inhibisies. Mense wat onder die invloed van een of ander dwelmmiddel verkeer, reageer dikwels aggressief wanneer hulle uitgelok word. Die gebrek aan inhibisies lei ook meer



© University of Pretoria

geredelik tot fisiese of seksuele geweld. In gemeenskappe waar drank- en dwelmmisbruik aanvaarbaar is, is gesinsgeweld, kindersmishandeling of kinderverkragting nie soveel van ‘n taboe as wat in ander gemeenskappe die geval is nie. Dwelmmiddels onderdruk mense se gewete en gevoel van skuld en skaamte. Wanneer sulke persone kinders misbruik of mishandel, word dit as verskoning gebruik. Hulle voer aan dat hulle nie verantwoordelik is vir hulle wandade nie omdat hulle nie beheer gehad ook hulleself nie as gevolg van die bedwelmende effek van die middels (Böning 2009:340-341; kyk Tomison 1996:5).

Die gebruik van dwelmmiddels het nie net ‘n invloed op die gebruiker nie, maar ook op die persoon se gesinslede. Harker *et al* (2008) se verslag, *Substance abuse trends in the Western Cape,* wys uit watter vernietigende effek alkohol, tik, dagga, mandrax en kokaïen op die bruin mense van die Wes-Kaap het. Die verslag wys uit dat effektiewe intervensie en voorkomingsprojekte skaars is (Harker *et al* 2008:5, 6). Gemeenskappe in die Wes-Kaap gaan gebuk onder die las van dwelms omdat die meerderheid van die gemeenskap dit as die norm aanvaar. Die gebruik van tik het uitgebrei van bruin gemeenskappe na swart gemeenskappe. Die grootste persentasie verslaafdes is egter steeds bruin mense (83,3%) en die provinsie met die hoogste persentasie dwelmmisbruik is steeds die Wes-Kaap (35,9%) (Harker *et al* 2008:5, 7-21, 49).

Dwelmmisbruik is ’n bydraende faktor dat kinders sorgbehoewend word. Ouers wat ‘n dwelmprobleem het, kan nie aan kinders die nodige sorg te verskaf nie en stel hulle kinders aan gevaar bloot. Kinders neem ouers se gedragspatrone waar en dit word deel van hulle verwysingsraamwerk. Wanneer kinders ouer word, modelleer hulle hierdie gedrag.

Kinders wat self ’n verslawingsprobleem het, is meesal op hulleself aangewese omdat ouers óf onwillig is om die probleem raak te erken, óf self ‘n dwelmprobleem het. Hoewel onderwysers kinders wat vermoedelik dwelmmiddels gebruik, dadelik by maatskaplike werkers gerapporteer, word daar selde ‘n oplossing gevind om hierdie kinders daadwerklik te help. Selfs al sou die kinders na rehablitasiesentra gestuur word, of deur die geregshof na ‘n ondersteuningsplan afgewentel word, keer die kind terug na dieselfde omgewing waar dwelms en drank geredelik beskikbaar is. Talle gevalle is deur die onderwysers gemeld, waar kinders, so jonk as ses jaar, saam met ouers dagga of tik rook. Vier van die teikengroep se kinders het aangedui dat hulle ouers of vader dwelms misbruik. Louw en Edward-



© University of Pretoria

Meyer (2011:164-165) identifiseer die volgende faktore met betrekking tot kinders wat aan dwelmmisbruik blootgestel word:

- kinders word blootgestel aan bakleiery tuis;
- kinders ken dwelmterminologie;
- kinders toon gedragsprobleme;
- kinders is dikwels van die skool afwesig;
- kinders is soms depressief, angstig of impulsief;
- kinders openbaar immorele gedrag;
- kinders is uitsigloos;
- kinders maak nie toekomsplanne nie;
- kinders is besonder hulpeloos of afhanklik;
- kinders het ‘n gebrekkige gevoel van eiewaarde;
- kinders is onseker en openbaar ‘n gebrek aan selfvertroue;
- kinders is geneig om ander kinders te boelie.

- **Gesinsgeweld**

Misdaad teen vroue raak al die fasette van hulle lewe. Vroue is deurentyd kwesbaar want hulle is maklike teikens. Die probleem word vererger omdat baie gemeenskappe gesinsgeweld en misdaad teen vroue nie beskou as ‘n werklike probleem nie (Jooste 2005:21). Met die tot standkoming van die eerste demokratiese regering in 1994, het diskriminasie teen vroue ‘n nasionale prioriteit geword. Geweld teen vroue hou verband met gesinsgeweld. Om dit te bekamp, het die regering die HOP (Heropbou-en-Ontwikkelings- program) van stapel gestuur (Jooste 2005:21; vlg Louw en Edwards-Meyer 2011:170). Volgens hierdie beleid kan vroue, ook getroude vroue, aansoek doen om ‘n huis. Hierdie HOP-huise bied ‘n ontvlugtingsmoontlikheid vir baie vroue. Die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld (Wet Nommer 116 van 1998) is geformuleer en in werking gestel om die verskynsel op die hoogste staatsvlak aan te pak (Jooste 2005:21).

Misdaad teen vroue is ‘n eeue oue verskynsel. Die openbaarmaking daarvan is, gegewe die paternalistiese samelewing van Suid-Afrika, problematies. In baie Afrika-kulture het vroue steeds geen regte nie en word vroue steeds as onderdane en besittings beskou (Makofane en Du Preez 2000:57). Geweld teen vroue is nie



© University of Pretoria

bloot net teenoor vroue nie, maar die trauma van kinders wat die getuies daarvan is, kan moeilik verwoord word. Geweld teen vroue is nie net fisies nie, maar sluit emosionele geweld in. Seksuele mishandeling, verkragting, seksuele teistering, finansiële uitbuiting, beheer en kontrole oor gesinslede, ontvoering of verbale mishandeling is manifestasies van geweld teen vroue (vlg Crowell en Burgess 1996:9; Jooste 2005:39; Visser en Dreyer 2007:811). Gesinsgeweld word, net soos verkragting, as 'n magsmisdaad beskou. Vir baie vroue wat die slagoffer is van gesinsgeweld, is selfveragting en selfhaat die letsels waarvan hulle die moeilikste genees. Mans blameer vroue dikwels vir die aanranding en dwing hulle om skuld daarvoor te aanvaar. Hierdie soort optrede van mans dui op die mag wat hulle het om vroue en kinders te dwing om hulle opdragte uit te voer en stil te bly oor hulle wandade (Visser en Dreyer 2007:814). Die probleem met geweld teen vroue is dat daar dikwels nie daaroor gepraat word nie en dat dit deur baie kulture as 'n werklikheid aanvaar word (kyk Burger *et al* 2005:44-50; Jooste 2005:43; De Villiers 2006:8-9). Jooste (2005:2) wys verder op die geneigdheid om mans se optrede te rasionaliseer en verskonings voor te hou vir hulle gedrag.

Vanweë hulle kognitiewe, emosionele en morele ontwikkelingsvlak, kan klein kinders nie onderskei tussen geweld waaraan hy of sy blootgestel word en geweld wat hulle aangedoen word nie. Klein kinders beleef geweld wat hulle sien gebeur of hoor gebeur dieselfde as wanneer hulle self die slagoffer van geweld sou wees (kyk Louw en Louw 2014:441). Gewelddadige kommunikasie deur 'n man, word deur die vrou en kinders as traumaties ervaar en laat diep letsels. Vir klein kinders is gesinsgeweld selfs meer ontstellend as gemeenskapsgeweld omdat hulle nader is aan gesinslede en dit moeilik is om sin te maak van wat gebeur (Louw en Louw 2014:442). Ouers word as versorgers gesien en wanneer 'n ouer gewelddadig optree, beleef kinders innerlike konflik. Dit is moeilik om die daad met die persoon wat hulle liefhet, te versoen. In hulle soeke na sin te midde van gesinsgeweld, vind kinders die optrede van die geweldenaar verwarrend en ervaar gevoelens van magteloosheid wat later kan lei tot steurnisse soos angs en depressie. Die duur en intensiteit van die voorvalle het ook 'n beduidende effek op kinders. Studies (Louw en Louw 2014:442) toon aan dat kinders wat aan langdurige of besonder brutale gedrag blootgestel is, dit moeiliker vind om sin te maak van hulle omstandighede en dit te verwerk as kinders wat eenmalig of vir 'n korter tyd aan geweld blootgestel is (Louw en Louw 2014:442). Die studie van Havelin en Russouw (2009:27) het uitgewys dat



© University of Pretoria

kinders wat langdurig aan gesinsgeweld blootgestel is se emosies beduidend afgestomp geraak het. Aanvanklik voel hulle magteloos en jammer vir hulle moeder. Later probeer hulle selfs om die moeder teen die gewelddadige vader te beskerm. Teen adolenssie het die kinders se emosies so verwronge geraak dat hulle die moeder begin blameer vir die geweld teen hulle. Hulle dink dat die moeder verdien wat haar aangedoen word en dat sy dit óf uitlok óf toelaat. Hulle woede word eerder teen die moeder as teen die vader gerig.

Adolessente seuns of ouer seuns wat aan gesinsgeweld blootgestel word, is meer geneig om vinniger en heftiger geïrriteerd raak as hulle portuurgroep wie nie in problematiese gesinne groot word nie (Havelin en Russouw 2009:28). Hierdie seuns is ook meer geneig om tot geweld oor te gaan en ander kinders aan te val. Hulle kan later ook hulle lewensmaats aanrand of selfs geweldadig teenoor hulle eie moeders raak (Havelin en Russouw 2009:28).

- **Media**

Die invloed wat die media op kleiner kinders het, het ‘n positiewe en negatiewe sy. Televisie kan sinvol vir die ontwikkeling van kinders ingespan word, veral wat betref hulle morele en sosiale ontwikkeling (Leuvennink 1993:33). Die potensiële negatiewe invloed van televisies, rekenaars en selfone op kinders kan egter nie ontken word nie. Bo en behalwe die inhibering van kognitiewe vaardighede soos redenering, probleemoplossing, logika, verbeelding en analitiese denke, word die ontwikkeling van motoriese vaardighede geïnhibeer wanneer kinders te lank televisie kyk en te min speel, hardloop, swaai en in die buitelug beweeg (De Witt en Booysen 1995:100-102). ‘n Verdere negatiewe aspek van televisie en rekenaar- en selfoonspeletjies is dat kinders blootgestel word aan geweld. ‘n Voortdurende blootstelling aan gruweldade en geweld lei tot die afstomping van natuurlike emosies soos empatie en altuïsme. Die dood word alledaags. Kinders het egter nog nie begrip vir die permanensie en gepaardgaande gevoelens van verlies, rou, hartseer nie (vlg De Witt en Booysen 1995:102-103). Kinders het nie die vermoë om die gewelddadige gebeure in konteks te plaas nie. Dit kan daartoe lei dat geweld as gewoon aanvaar word, veral wanneer kinders op ‘n persoonlike vlak, soos in die gesin of by die skool, aan geweld blootgestel word. Kleiner kinders reageer dikwels op geweld deur self aggressief op te tree, veral as die held aggressief optree of as geweld as die



© University of Pretoria

oplossing van probleme voorgehou word (Louw en Louw 2014:229). Hoe geweld die vorming van klein kinders beïnvloed, word in meer diepte bespreek in 4.4.3 asook 4.5.

Die internet, selfone, televisie en DVD's bring kinders ook in aanraking met naaktheid, seks en pornografie. Veral wanneer ouers onder die invloed van drank of dwelms is, word seksuele dade voor die kinders gepleeg, of ouers kyk na pornografiese materiaal in die teenwoordigheid van kinders. Seksoloog Elmarie Muller-Craig (2014) het in 'n telefoniese onderhoud beklemtoon dat pornografie, seksuele dade, ekplisiete foto's, suggestiewe naaktheid en ontbloting ernstige sielkundige skade by kinders kan berokken. Volgens haar is kinders nog nie emosioneel, moreel en kognitief voldoende ontwikkel om wat hulle sien, te verstaan en binne konteks te evalueer nie. Hulle beleef seksuele dade as geweld en het dus dieselfde negatiewe effek as fisiese geweld op die psige van kleiner kinders. Haar studie toon aan dat meisies meer geredelik getraumatiseer word deur pornografie as seuns. Sommige meisies ontwikkel 'n vrees vir liggaamlike kontak asook 'n weersin in hulle vroulikheid. Seuns is meer geneig om reeds op 'n baie vroeë ouderdom deur pornografie en naaktheid geprikkel te word en 'n beeld te vorm oor vroue en seksualiteit. Aangesien ouers dikwels afwesig of onder die invloed van drank of dwelms is, word kinders nie voldoende beskerm teen die blootstelling aan die uitbeelding van seksuele geweld nie.

Internet-, rekenaar- of selfoonspeletjies bevat ook dikwels die uitbeelding van seksuele dade of immorele dade. In een speletjie, Grand theft auto III, word die spelers beloon vir die aantal kere wat hulle 'n prostituut besoek. Op 'n latere vlak kry spelers bonuspunte indien hulle die prostituut tydens die seksdaad vermoor of haar op 'n gewelddadige wyse van haar geld beroof (Ukuphela 2014:15). Advertensies op televisie en in tydskrifte word dikwels geskoei op die beginsel van *sex sell*. Partyjies word gereël waar seks met vroue, hetsy prostitute of ontkleedansers, as deel van die vermaak aangebied word. Vroue word uitgebuit en as objekte uitgebeeld wat bloot gebruik kan word vir mans se plesier. Kinders wat reeds aan seksuele aktiwiteite blootgestel was, sien die kommersiële uitbeelding van geïmpliseerde seks raak (Ukuphela 2014:15). In die telefoniese onderhoud wys Muller- Craig (2014) daarop dat kinders of adolessente wat ander kinders molesteer of seksueel aanrand, pornografiese beelde of seksdade waaraan hulle blootgestel is, probeer naboots.



© University of Pretoria

Hulle is geneig om te eksperimenteer met jonger en meer weerlose kinders. Dit word dus kinders wat kinders molesteer.

‘n Verdere negatiewe aspek van die internet en selfone is dat kinders slagoffer van seksoortreders kan word. Volgens Coetzer (2006:3) lei betrokkenheid by seksuele aktiwiteite via die internet tot vernietigende gevolge vir jong kinders. Voorbeeld hiervan is drie gevalle waaroor in plaaslike koerante berig is. Op 15 Januarie 2003 verskyn ‘n berig met die opskrif: “Styging in kinderpornografie – toegang tot internet deur selfone dra by tot oortredings” in die koerant, Beeld (Versluis 2003:6; kyk Coetzer 2006:4). Hierdie berig dui op ‘n styging van 1500% in oortredings met betrekking tot kinderpornografie. Dit word direk in verband gebring met die meer geredelike toegang tot die internet. Volgens die berig het talle pedofiele erken dat blootstelling aan beelde van kindermisbruik hulle seksuele fantasieë aanvuur en daartoe bydra dat hulle seksuele misdade teen kinders pleeg (kyk Coetzer 2006:4). Voor die internetera het polisieklopjagte op verdagtes net ‘n handvol foto’s opgelewer, maar met toegang tot die wêreldwye web is dit tans nie ongewoon dat ‘n enkele verdagte met tienduisende beelde op sy rekenaar gevang word nie (kyk Coetzer 2006:3).

‘n Berig verskyn op 21 Junie 2003 in die *Saturday Star* met die opskrif, “Dad uses ‘net to rape daughter” (kyk Makgalemele 2003:1; Coetzer 2006:3). Daarvolgens het ‘n vader wat (onder ‘n vals naam) via een van die kletskamers (*chat rooms*) op die internet met sy eie elf-jarige dogter kontak gemaak en haar oortuig dat dit nie verkeerd sou wees om seksueel te verkeer met haar eie pa nie. Hy het haar vir die volgende vier jaar seksueel misbruik (Coetzer 2006:3). In die *Beeld* van 18 Julie 2003, skaars ‘n maand na die vorige berig, verskyn ‘n berig met die opskrif, “Eks-marinier in hof nadat hy kind glo in lokval lei” (kyk Pamplin 2003:3; Coetzer 2006:3). Die berig handel oor ‘n Amerikaner wat ‘n 12-jarige Britse meisie ontvoer het, nadat hy haar in ‘n kletskamer ontmoet het. Hy het hom as ‘n seun voorgedoen en haar ontvoer, nadat sy in ‘n lokval gelei is. Dit blyk dat die ontvoering haarfyn beplan was.

### 4.4.6 Deprivasie

Gaandeweg het die klem verskuif van genesing nadat die skade reeds aangerig is, na voorkoming. Die doel van hierdie benadering is om kinders weerbaar te maak, sodat hulle ten spyte van hulle omstandighede die vermoë ontwikkel om



© University of Pretoria

omstandighede te hanteer of daarvan te herstel (Louw en Louw 2014:452). Kinders wat nie die geleenthede het om optimaal te ontwikkel tot hulle volle potensiaal nie, kan beskou word as gedepriveerd. Pretorius (1985:17-19; kyk Pretorius 1990:202) het die konsepte soos "verlies", "verstokenheid", "gebrek", "gemis", "tekort", "ontoereikend", as uitgangspunt om "deprivasie" as geskikte term te identifiseer. Deprivase kan deur opheffing verander of verbeter word. Die volgende is tipiese omstandighede van gedepriveerde kinders (Pretorius 1990:202):

- lae sosiale status van die gesin;
- lae ekonomiese status van die gesin;
- lae onderwyspeil in die gesin;
- ouers beoefen lae status en swak betaalde beroepe;
- ouers is werkloos.

Kinders wat aan hierdie soort deprivasie ly, het dikwels ‘n ernstige psigo-sosiale agterstand (Pretorius 1990:202). Kinders word vasgevang in ‘n spiraal van armoede, deprivasie en kultuurverstokenheid. Dit lei tot ‘n gebrek aan selfvertroue, ‘n positiewe selfkonsep en lewensgehalte (vlg Pretorius 1990:202; De Witt en Booysen 1995:125).

Kinders met leemtes in hulle opvoedingmilieu wat ontoereikende aktualisering tot gevolg het en meebring dat hulle nie voldoende geleenthede gegun word om te ontwikkel nie, is ook gedepriveerd (Booyse 1990:124). Kinders wat in afgesonderde nedersettings, op plase, op klein, plattelandse dorpe woon en kinders met paranoïese ouers grootword, word dikwels leergeleenthede ontneem (Booyse 1990:124). Suid-Afrika se bevolking is divers. Kinders uit verskillende kultuurgroepe word dikwels saamgevoeg in ‘n westerse onderwysstelsel. Kinders met ander kulture of ander moedertale as die res van die leerders, word as anders deur die groep beleef. Wanneer een kind in die klas van ‘n ander agtergrond is of ‘n ander taal praat, word hierdie kind dikwels uitgeskuif of vermy. Hierdie kinders is dikwels weerloos en word die slagoffer van bullebakke (Booyse 1990:124, vlg Pretorius 1985:15).

Milieu-geremdheid verwys na kinders wat weens die milieu waarin hulle hulle bevind, ‘n agterstand het wat hulle ontwikkeling en vordering belemmer (De Witt en Booysen 1995:125). Hoewel ‘n hele skool se kinders hulle in ‘n gebrekkige milieu bevind, kan sommige kinders meer kanse tot ontwikkeling gegun word as ander. Kinders wat aan hierdie studie deelgeneem het, is milieu-geremd. Hulle leef in ‘n



© University of Pretoria

afgesonderde vissersgemeenskap waar daar geen winkelsentrum, kitsbank, restaurant, ontspanningarea, nasorg- of sportfasiliteite is nie. Hoewel die naaste groot dorp ongeveer dertig kilometer ver is, was baie van die kinders was nog nooit in die dorp nie. Sulke kinders leer nie handelname op geboue lees nie. Hulle algemene kennis is in die algemeen gebrekkig en hulle sosiale vaardighede is onderontwikkel. Curtis en Blatchford (1981:9) beklemtoon dat selfs hoogs intelligente kinders swakker vaar op skool as gevolg van die sosiale agterstand wat milieu-geremdheid meebring. Faktore wat remmend inwerk op die ontwikkeling van kinders wat in afgeleë plekke woon, sluit in (Pretorius 1985:24):

- ‘n gebrekkige emosionele band tussen ouers en kinders;
- ‘n gebrek aan lewensruimte;
- ‘n laer intellektuele peil van ouers;
- ‘n gebrek aan gesinsroetine;
- onvoldoende geleentheid om nuwe vaardighede aan te leer;
- onvoldoende blootstelling aan nuwe ervarings;
- beperkte geleentheid om nuwe smake, teksture, kulture, gebruike of rituele te ontdek;
- negatiewe en andersins swak kommunikasie.

Kinders wat in ongunstige omstandighede groot word, ervaar dikwels ‘n gevoel van onveiligheid, vrees en minderwaardigheid. Hierdie kinders rapporteer ook hoër stresvlakke en hanteer stres swakker as kinders met meer gunstige omstandighede (kyk Chandler 1985: 21). Holmes en Rahe (1967:216) het ‘n stresskaal vir kleiner kinders ontwikkel. Hierdie skaal werk uit ‘n punt van 20. Hoe hoër die punt is, hoe groter die steurnis met betrekking tot die kind se totale menswees. Vervolgens word die aspekte op die Holmes en Rahe-skaal wat van toepassing is op die kinders wat aan die studie deelgeneem het, aangedui:



© University of Pretoria

*Tabel 18: Stressorskaal:*

| **Stressor:** | **Telling uit 20:** |
|---|---|
| Dood van 'n ouer. | 20 |
| Egskeiding van ouers of ouers gaan uit mekaar. | 19 |
| Ouer verlaat huis permanent. | 19 |
| Plasing in pleegsorg. | 18 |
| Dood van grootouers, broers of susters. | 16 |
| Kroniese siekte wat die ouer se lewe bedreig. | 15 |
| Gesin se lewenspeil verander. | 13 |
| Ouer word gehospitaliseer. | 12 |
| Ouer dien tronkstraf uit. | 12 |
| Ouer begin werk. | 11 |
| Verandering in roetine. | 10 |
| Geboorte van 'n nuwe baba. | 10 |
| Finansiële probleme van ouers. | 9 |
| 'n Gestremde persoon in die huis. | 9 |
| Verhuising. | 8 |
| Ouer verloor werk. | 6 |
| Tydelike skeiding van ouers. | 5 |
| Swangerskap van moeder. | 5 |
| Konflik tuis. | 5 |



© University of Pretoria

Kinders wat aan materiële, kulturele en emosionele deprivasie blootgestel word, het ‘n minder goeie kans as ander om optimaal te ontwikkel. Wanneer ‘n kind se stresvlak bo 31 is, word dit as bo-gemiddeld hoog gesien, terwyl ‘n kind met ‘n stresvlak van 51 en meer, as uiters gespanne getipeer word (De Witt 2014:161). Een kind, Respondent 4, se stresvlak is bepaal. Hierdie betrokke kind toon erge gedragsprobleme. Hy sukkel om te konsentreer en is baie aggressief. Hy word in ongunstige omstandighede groot en sukkel om in te pas. Wanneer in aggeneem word, dat hy ‘n stresvlak van ongeveer 76 het, verklaar dit in ‘n groot mate sy probleme. Sy punt is soos volg bereken:

*Tabel 19: Berekening van Respondent 4 se stresvlak:*

| **Stressor:** | **Telling uit 20:** |
|---|---|
| Sy ouma, wat sy primêre versorger was, is deur haar moeder met ‘n mes doodgesteek. Hy het dit aanskou. | 16 |
| Hulle lewenspeil het drasties verander want hy moes nou by sy ma wat aan dwelms (dagga en tik) verslaaf is, gaan woon. | 13 |
| Sy pa is in die gevangenis. | 12 |
| Vyf maande nadat hy by sy biologiese moeder gaan bly het, het sy ‘n baba gekry. | 10 |
| Die gesin het ernstige finansiële probleme. Slegs die suster se lewensmaat (wat self nog ‘n adolessent is) werk as visserman om ‘n gesin van sewe te onderhou. | 9 |
| Die nuwe baba is verstandelik gestremd. | 9 |
| Die ma is werkloos. | 7 |
| Totaal: | 76 |



© University of Pretoria

Hierdie kinders voel magteloos. Skematies kan die kringloop van magteloosheid soos volg voorgestel word:

*Skematiese voorstelling 2: Kringloop van magteloosheid.*




Indien kinders uit hierdie kringloop kan ontsnap, het hulle ‘n beter lewensvoorsuitsig. So ‘n beter vooruitsig kan geskep word wanneer kinders meer weerbaar gemaak word. Waar eksterne faktore kinders se weerbaarheid nadelig kan beïnvloed, kan eksterne faktore ook weerbaarheid kweek en bevorder (kyk Louw en Louw 2014:254). Die volgende tabel toon die verskil tussen weerbaarheid en weerlose gedepriveerde kinders (Masten *et al* 2011:495-501; kyk Louw en Louw 2014:453):



© University of Pretoria

*Tabel 20: Eienskappe van weerbaarheid teenoor weerloosheid:*

| | **Weerbare kinders:** | **Weerlose kinders:** |
|---|---|---|
| **Persoonlike eienskappe:** | Goeie kognitiewe vermoëns en probleemoplossings-vaardighede. | Leerprobleme, konsentreer moeilik, word gou moedeloos wanneer probleme opgelos moet word. |
| | Positiewe uitkyk op die lewe. | Sien die lewe as swaar en donker. |
| | Hoopvol oor die toekoms. | Geen toekomsvooruitsig nie. |
| | Maklike temperament en of maklik aanpasbaar. | Moeiliker temperament en pas moeilik aan. |
| | Het geloof en vind sin en betekenis in die lewe. | Uitsigloos, lewe word as straf beskou, dikwels apaties. |
| | Talente word deur die self en die gemeenskap waardeer. | Talente word nie raakgesien en ontwikkel nie. |
| | Goeie humorsin. | Lag selde. |
| | Gewild en sosiaal aanpasbaar. | Depressie of gedragsprobleme. |
| | Ervaar die self as doeltreffendheid en het positiewe gevoel van eiewaarde. | Negatiewe gevoel ten opsigte van eiewaarde en gevoelens van minderwaardigheid. |
| | Gevoel van beheer oor eie lewe. | Voel buite beheer, geneig tot substansie-afhanklikheid. |
| | Prestasie-georiënteerd. | Fokus op mislukkings. |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | Vermoë om emosies te reguleer en uit te druk. | Toon min emosie of uitbarstings. |
| | Toon empatie teenoor ander. | Toon min of geen empatie nie. |
| | Sien ander se punt in en kan debatteer. | Onvermoë om sinvol te redeneer. Los geskille met geweld op. |
| **Gesinseienskappe:** | Ouers is betrokke by die kind. | Kind word aan eie genade oorgelaat. |
| | Ouers stel belang in die kind se skoolopleiding. | Ouers is nie betrokke by skoolopleiding nie. Kind verlaat skool op 'n vroeë ouderdom. |
| | Sosio-ekonomiese voordele. | Swak sosio-ekonomiese omstandighede. |
| | Gelowig of godsdienstige affiliasies. | Nie deel van geloofsgemeenskap nie. Geen aanduiding van enige geloofsoortuiging nie. |
| | Positiewe gesinsklimaat. | Ontoereikende gesin met rusies of geweld. |
| | Min konflik met of tussen ouers. | Gedurige rusies of geen kommunikasie nie. |
| | Noue verhouding met ouers. | Swak verhouding met ouers. |
| | Positiewe ouerskapstyl. | Disfunksionele gesin. |
| | Goeie verhouding met sibbe. | Geen of swak verhouding met sibbe. |
| | Goeie verhouding met die uitgebreide familie. | Min kontak met ander familielede. |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| **Gemeenskapseienskappe:** | Veilige buurt met min gemeenskapsgeweld. | Gemeenskapsgeweld is algemeen. |
| | Bekostigbare behuising. | Informele nedersttings en HOP-huise is gewoonlik die enigste behuising. |
| | Toegang tot ontspanningsareas. | Geen ontspanningsareas nie. |
| | Skoon lug en water. | Water en lug is dikwels besoedel. Water is moeilik om te bekom. |
| | Effektiewe skool. | Disfunksionele skool of skool met beperkte hulpbronne. |
| | Voldoende buitemuurse aktiwiteite. | Gebrek aan buitemuurse aktiwiteite. |
| | Werkgeleenthede vir ouers en tieners. | Ouers is werkloos of doen lae statuswerk, soos byvoorbeeld huishulpe. |
| | Goeie openbare gesondheidsorg. | Gesondheidsorg ontoereikend of ontoeganklik. |
| | Toegang tot nooddienste. | Oneffektiewe nooddienste . |
| | Blootstelling aan positiewe rolmodelle. | Blootstelling aan negatiewe rolmodelle. |
| | Waardes word voorop gestel. | Gemeenskap sonder reëls. |
| | Geen onderdrukking of geweld. | Fisiese geweld kom dikwels voor, ook in ouerhuise. |
| | Kinders word gerespekteer en beskerm. | Kinders word uitgebuit, mishandel of verwaarloos. |



© University of Pretoria

### 4.4.7 **Armoede**

Armoede beteken dat behuising, genoegsame voeding, vervoer en werkgeleentheid nie beskikbaar is vir die individu of gesin nie (Benner 1992:321). Ongeveer 45% van Suid-Afrikaanse huishoudings leef in armoede. Heelwat huishoudings het onbevredigende toegang tot skoon water, elektrisiteit, mediese dienste of opvoeding. Armoede gaan nie net oor ‘n onvoldoende inkomste nie, maar dui ook op die onmag van individue, huisgesinne of gemeenskappe om ‘n leefbare bestaan moontlik te maak. Dit sluit in ŉ gebrek aan geleenthede en gebrekkige toegang tot bates en krediet in. Dit dui ook op maatskaplike uitsluiting. Kinders in ‘n milieu van armoede is derhalwe besonder kwesbaar (Böning 2009:332).

Armoede en beperkte geleenthede gaan dikwels gepaard met disfunksionele lewens- en gesinsomstandighede (vgl De Witt en Booysen 1995:128). Armoede dra by tot die verbrokkeling van huwelike en gesinne, disharmonie in gesinne, spanning en voortydige skoolverlating. Armoede gaan dikwels gepaard met swak behuising, oorvol wonings, wonings wat met ander gesinne gedeel word, informele behuising, agterplaaspondokke of -skuilings. Armoede veroorsaak dat daar nie in die kinders se basiese fisieke behoeftes voorsien kan word nie, en hoër orde behoeftes, soos veiligheid, aanvaarding en selfaktualisering, agterweë bly. Kinders wat in armoedige omstandighede groot word, word blootgestel aan wan- of ondervoeding en gebrekkige higiëne (De Witt 2014:319-320; kyk Pretorius 1985:32-34; De Witt en Booysen 1995:129-130).

Studies toon ŉ verband tussen armoede en kinderverwaarlosing aan (kyk Böning 2009:332), maar kinderverwaarlosing kom nie in alle arm gesinne voor nie en alle verwaarloosde kinders kom nie noodwendig uit kontekste van armoede nie. Die *General Household Survey* (2013:39) het bevind dat 21,3% huishoudings in die Wes-Kaap ‘n tekort of selfs ‘n ernstige te kort aan voedsel ondervind het tydens 2012. Dieselfde verslag (2013:102) dui aan dat 737 000 Wes-Kaapse bruin gesinne ‘n staatstoelaag ontvang het. In Suid-Afrika het 1 118 000 bruin gesinne ‘n staatstoelaag ontvang. Daar word bereken dat 66% van Suid-Afrikaanse kinders in huishoudings leef wat ‘n maandelikse inkomste van R1 200 of minder het (Leatt *et al* 2005:3-4). Daar bestaan algemene konsensus dat tussen 60% en 70% van Suid-Afrikaanse kinders oftewel 11 miljoen, in armoede leef (Louw en Louw 2014:433; kyk UNICEF 2011).



© University of Pretoria

Faktore wat hoofsaaklik tot armoede in Suid-Afrika bydra, sluit die volgende in (vlg Bezuidenhout 2004:184-185): swak gesondheid, gereelde afwesigheid van werk, onwilligheid om te werk, verlies aan inkomste, hoë mediese koste, drank- en/of dwelmmisbruik, stakings, ‘n onstabiele ekonomie asook werkloosheid. Verdere faktore, soos geïdentifiseer deur Böning (2009:332-333) is die volgende:

- werksverwante faktore soos ontslag, personeelvermindering en mislukte besighede;
- omgewingsfaktore soos droogtes, brande, vloede, peste en ander wat die landbousektor benadeel en ŉ skaarste in voedselproduksie tot gevolg het;
- prysstygings ten opsigte van basiese voedsel;
- industriële en nie-industriële ongelukke wat werkers ongeskik laat;
- motorongelukke of ander onnatuurlike sterftes wat die broodwinner wegneem;
- afwesigheid van die broodwinner;
- groot gesinne;
- substansiemisbruik;
- gebrekkige opvoeding en opleiding;
- geweld, onluste en bendebedrywighede;
- grootskaalse onwettige immigrante wat werkgeleenthede van Suid-Afrikaners wegneem.

Kinders wat fisies verwaarloos word, beland in die pleegsorgstelsel. Armoede gee ook aanleiding tot ander probleme soos kinderarbeid, betrokkenheid by misdaad, seksuele misbruik en die emosionele verwaarlosing van kinders. Kinders wat verlate, ouerloos of haweloos gelaat word, probeer dikwels oorleef deur hulle te wend tot diefstal, inbraak en dwelms. Hulle leer dus nie ŉ gesonde lewenstyl aan nie en is gedepriveerd op fisiese, emosionele, sosiale en geestelike gebied (Böning 2009:333-334).

Kinders wat in uiters moeilike omstandighede leef, vind dit dikwels ook moeilik om ‘n positiewe beeld van God en ‘n geloofsverhouding met God te ontwikkel. Volgens De Villiers (2008:374) het mense wat in die persoonlike verbondenheid met hulle medemense leef, soos familie, buurt, geloofsgemeenskap of werkplek, die geleentheid om bewus te raak van mekaar se nood en op ‘n spontane wyse hulp en bystand aan mekaar te verleen. Vanweë die geskiedenis van rasseskeiding is die



© University of Pretoria

meer bevoorregte bevolkingsgroepe in Suid-Afrika egter nog nie op 'n persoonlike vlak blootgestel aan die nood van mense uit ander bevolkingsgroepe nie. Tog is daar genoeg geleentheid vir bevoorregte gelowiges om in hulle werksituasie en ook in hulle huise mense wat in nood verkeer, by te staan en te bemagtig.

## 4.5 AGGRESSIE BY KINDERS

Aggressie dui in hierdie studie op geweld nie net as fisiese gedrag nie, maar ook verbale geweld, oftewel op- en aanmerkings wat daarop gerig is om iemand seer te maak, te verkleineer, te beledig of leed aan te doen. Suid-Afrika word gereken as een van die gewelddadigste lande in die wêreld (Read *et al* 2006:2). Tydens die 2008/2009 boekjaar, is meer as 2,1 miljoen ernstige misdade in Suid-Afrika aangemeld (South African Police 2009:1). Dit beteken dat daar meer as 5 753 geweldsmisdade per dag was. Hoewel kinders dikwels die slagoffers van geweld is, is kinders egter dikwels ook die geweldenaars. Geweld kom nie geïsoleerd voor nie, maar spoel oor na die breër gemeenskap, insluitend skole (Read *et al* 2006:2). Hierdie afdeling fokus op aggressiewe gedrag van kinders.

Kinders begin teen ongeveer tweejarige ouderdom aggressie ervaar en uitleef (Nida en Pierce 2005:444). Tog is aggressie by sekere kinders meer waarneembaar. Een van die redes hiervoor is dat sommige kinders met 'n meer aggressiewe temperament gebore word. Volgens Huesmann en Moise (1999:74) kan kinders se aggressiewe temperament in sosiale gedrag waargeneem word selfs voor die ouderdom van twee jaar. Verder kan aggressiewe gedragspatrone deur kinders aangeleer word en reeds waarneembaar wees op ongeveer ses jaar. Kinders word aggressief gebore nie, maar leer om aggressief te wees as gevolg van eksterne faktore.

By kinders word tussen instrumentele aggressie en vyandige aggressie onderskei (Louw en Louw 2014:224-225). *Instrumentele aggressie* dui op aggressie wat met 'n sekere doel aangewend word. Dit kom byvoorbeeld voor wanneer 'n klein kind iets uit iemand se hand ruk of iemand stamp om by 'n sekere voorwerp uit te kom. Die doel is nie om die ander te na te kom of seer te maak nie, maar om 'n doel te bereik. Instrumentele aggressie verskil ook van kind tot kind en kom by sekere kinders byna glad nie voor nie. Namate kinders ouer word, verdwyn hierdie tipe gedrag, omdat hulle die doel nou deur middel van sosiale en verbale vaardighede



© University of Pretoria

kan bereik (Louw en Louw 2014:225). Instrumentele aggressiewe optrede het ‘n belangrike plek in die ontwikkeling van kleiner kinders. Deur kompetisie om middele leer kinders om konfilk te hanteer en vreedsaam op te los. Kinders ontwikkel die vaardigheid om potensiële aggressie af te weer deur ‘n alternatief te vind. Kinders word ook deur die ouers of opvoeders aan morele riglyne onderwerp en geleer om te vra en om om verskoning te vra vir onaanvaarbare gedrag (Louw en Louw 2014:225). Toevallige aggressie of struweling tussen kinders is normaal en dra by tot die ontwikkeling van kinders se selfkonsep. De Witt (2014:38-39) wys daarop dat kinders hulle selfkonsep vorm uit hulle interaksie met ander, hulle en die waarde wat hulle aan hulleself toeken. Deur aan konflik blootgestel te word, ontwikkel kinders probleemoplossingsvaardighede. Daarmee bou hulle aan ‘n positiewe selfkonsep. Louw en Louw (2014:225) maan dat wanneer kinders met die uitoefen van instrumentele aggressie besef dat hulle mag het oor ander, dit kan lei tot ernstige probleme in hulle latere lewe.

Die tweede tipe aggressie wat by kinders waargeneem word, is *vyandige aggressie* (Louw en Louw 2014:225). Hierdie tipe gedrag is ‘n doelbewuste poging om iemand seer te maak. Dit kan ‘n fisiese aanval soos slaan, klap, skop, byt, knyp insluit, of ook verbale aggressie soos beledigings en vloeke. Hierdie gedrag neem gewoonlik tussen die ouderdom van vier tot vyf jaar ‘n aanvang (Louw en Louw 2014:225). Vyandigheid by kinders moet deur die ingrype van volwassenes opgelos word. Oormatige aggressie behoort altyd as ernstig gesien te word en doelbewus deur ouers of opvoeders omgekeer word. Anders as by instrumentele aggressie is die doel van hierdie tipe gedrag juis om seer te maak. Aggressie is geneig om stabiel te bly. Volgens Pepler en Craig (2000:5) ontgroei kinders nie vyandige aggressiewe gedrag nie. Indien kinders aangeleer het om aggressie te gebruik as ‘n manier om mag te bekom, of as kinders nooit gelei is om van aggressie af te sien nie, kan hierdie gedrag lei tot kriminele dade. Volgens Seifert (2006:64) en Louw en Louw (2014:225) sal ‘n aggressiewe kleuter heel moontlik ‘n aggressiewe adolessent word en in ‘n aggressiewe volwassene ontwikkel. Hulle voeg hierby dat aggressie by kinders altyd as ‘n gevaarteken gesien behoort te word, omdat dit ‘n voorspeller vir toekomstige wanaanpassing kan wees (Louw en Louw 2014: 225). Hoewel daar altyd uitsonderings op die reël is, is die moontlikheid baie groot dat die gedrag voortgesit sal word. Pepler en Craig (2000:5) se voorsetting van aggressiewe gedrag word soos volg skematies voorgestel:



© University of Pretoria

*Skematiese voorstelling 3: Voorgesette aggressiewe gedrag:*




Aggressiewe optrede van kinders word dikwels in ‘n minder ernstige lig gesien as die van adolessente of volwassenes. Aggressiewe gedrag met die oog daarop om ‘n doel te bereik, is normale gedrag by kinders en hulle leer dit af namate hulle sosiale vaardighede verbeter. Wanneer aggressie dus toeneem by kinders of uitermatig is vir die situasie, behoort die oorsake daarvan vasgestel te word. Aggressie by kinders is aangeleerde gedrag. Die vraag is wat aanleiding gee tot die aanleer van



© University of Pretoria

aggressiewe gedrag. Al die respondente van die studie word as aggressiewe, bakleierige kinders bestempel deur hulle onderwysers.

Benewens fisiese geweld sluit aggressiewe gedrag ook verbale aanvalle, vyandigheid en woede-uitbarstings in. Sommige kinders wat aan die studie deelgeneem het, raak dikwels in fisiese vuisslanery betrokke. Een van die kinders byt, knyp en spoeg na ander kinders (en onderwysers) wanneer sy haarself wil laat geld. Al die kinders wat aan die studie deelgeneem het, kry ekstreme woede-uitbarstings en sal vloek, skreeu, voorwerpe rondgooi, stukkend slaan of skop, mense aanval of op die grond neerval en gil. Die doel van die aggressiewe gedrag is deurgaans om pyn te veroorsaak en om mag te verkry (kyk Kratochwill en Morris 1991:173). Hulle gebruik woede-uitbarstings om hulle wil af te dwing.

Daar word onderskei tussen lae-vlak aggressie en hoë-vlak aggressie (Meyer *et al* 2008:319). Lae-vlak aggressie sluit in woedebuie, om te vloek, om ander persone te vloek, om ander persone te beskinder of te verkleineer, om ander te beledig, of om met ander te spot. Fisiese aanvalle en emosionele afknouery of teistering kan as hoë-vlak aggressie beskryf word. Lae-vlak aggressie kan tot hoë-vlak aggressie aanleiding gee. Lae-vlak aggressie is meer skadelik vir slagoffers as hoë-vlak aggressie. Lae-vlak aggressie is subtieler as hoë-vlak aggressie en word veral deur meisies aangewend (Meyer *et al* 2008:319; kyk Neal 2010:123).

Daar kan onderskei word tussen woede, woedebuie en woede-uitbarstings. Woede is ‘n gewone menslike emosie, terwyl woedebuie voorkom by persone wat wispelteurige gedrag vertoon en wie se optrede nie altyd realisties is ten opsigte van die stimulus nie. ‘n Kind kan byvoorbeeld die een dag rustig saam met ander kinders speel en die volgende dag iemand met aggressiewe optrede toetakel omdat hy of sy kwaad is. Woede-uitbarstings (*temper tantrums*) kom voor wanneer sulke kinders teëgegaan word en hulle kan met uitermatige woede daarop reageer. Woede verwys dus na die emosie en aggressie na die kind se reaksie daarop (Leary *et al* 2006:112 kyk Niolin 2000:2). Vervolgens word die oorsake van aggressiewe gedrag by kinders ondersoek aan die hand van verskillende benaderings:

- **Die instink-benadering**

Konrad Lorentz (2010:14-19) het die idee van aggressie as deel van menslike instink geformuleer. Hier volgens staan aggressie in diens van menslike oorlewing. In vroeër tye moes mense veg om oorlewing en net die sterkstes het oorleef. Hierdie



© University of Pretoria

oorlewingsdrang is steeds teenwoordig in die hedendaagse mense en daarom tree mense aggressief op teenoor mekaar. Hierdie siening word deur die meeste ondersoekers vandag verwerp, veral omdat Lorentz in sy studie nie kognitiewe, sosiale of emosionele ontwikkeling of invloede in ag geneem het nie. In hierdie studie word nie van die instink-benadering gebruik gemaak nie. Al twaalf kinders van die teikengroep toon uitermatige aggressiewe gedrag.

- **Die biologiese benadering**

Volgens die biologiese verklaring vir die bestaan van aggressie is die oorsprong van menslike aggressie terug te voer na die sentrale senuweestelsel en endokriene stelsel (Louw 1994:279). Ondersoekers het bevind dat veral die hipotalamus en amigdala verband hou met aggressie. Die hipotalamus reguleer geslagsryping, slaap en wakker wees, sowel as emosionele ervaring en gedrag soos vrees en aggressie in (Louw 1994:279; kyk Bramwell *et al* 1983:45; Jordaan en Jordaan 1989:177; Louw en Louw 2014:226).

Die verdere biologiese verklaring is dat hormone wat deur die endokriene stelsel in die bloedstroom vrygelaat word, ook aggressie kan veroorsaak. Bevindinge toon dat veral die manlike geslagshormoon, testosteroon, ‘n rol in aggressie speel (Louw 1994:279). Plummer (2008:19) voer aan dat persone met hoë seretonienvlakke[3] meer beheersd optree as persone met laer serotienvlakke. Lae serotienvlakke word in verband gebring met aggressie teenoor die self of ander persone. Oxytocin is die hormoon wat binding na geboorte aanhelp. Kinders wat baie positiewe, fisiese kontak en vertroeteling ontvang, se oxytocin en serotienvlakke is hoër as kinders wat nie vertroetel word nie (Plummer 2008:19). Die volgende voorstelling toon waar die hipotalamus in die menslike brein geleë is (Schikerling 2012:43).

[3]Seretonien is die sogenaamde goedvoel-hormoon.



© University of Pretoria

*Skets 1: Skematiese voorstelling van die menslike brein.*




Verdere biologiese faktore wat kan aanleiding gee tot aggressiewe gedrag sluit in lae bloedsuikervlakke en die inname van alkohol of dwelms. Alkohol en dwelms is geneig om mense se gedrag te verander en kan ook aggressiewe gedrag veroorsaak wat andersins nie deel van iemand se persoonlikheid sou wees nie. Hoë omgewingstemperature word ook met 'n toename in gewelddadige gedrag geassosieer (Baron en Byrne 2000:11, 454; kyk Berkowitz 1993:193). Die afleiding word gemaak dat hoë omgewingstemperature irritasie en tamheid tot gevolg het, wat lei tot frustasie. Genetiese faktore soos temperament en persoonlikheid kan ook bydra tot aggressie by kinders. Dit is reeds bespreek onder 3.3.3.

- **Die frustrasie-aggressie verklaring**

Die frustrasie-aggressie hipotese is aan die Yale Universiteit ontwikkel onder leiding van die psigoloog Dollard en die span bestaande uit Doob, Miller, Mowler en Sears (Dollard *et al* 1939). Hulle voer aan dat aggressie 'n direkte gevolg van frustrasie is omdat mense verergd raak wanneer hulle teenkanting ervaar of gefrustreerd raak.



© University of Pretoria

Hierdie frustrasie gee dan aanleiding tot aggressiewe gedrag (Dollard *et al* 1939:32-34). Dollard *et al* se hipotese bestaan uit die volgende twee hoofpunte (Dollard *et al* 1939:39-40; kyk Bartol 1995:187):

- frustrasie lei tot aggressiewe optrede;
- aggressie is die gevolg van frustrasie.

Berkowitz het in 1980 Dollard *et al* se hipotese aangepas. Hy het bevind dat frustrasie eerder volg op ‘n onaangename ervaring. Hy het frustrasie beskryf as ‘n onaangename ervaring wanneer ‘n verlangde uitkoms nie bereik kan word nie (Berkowitz 1980:72). Volgens Berkowitz loop frustrasie nie noodwendig uit op aggressie nie, maar vergroot die moontlikheid tot ‘n aggressiewe reaksie (Berkowitz 1980:72). Deur met aggressie op frustrasies te reageer, vergroot die persoon die moontlikheid om wel die gewenste uitkoms te bereik (Bartol 1995:189). Hoewel aggressiewe gedrag dikwels uit frustrasie voortspruit, kan dit nie as die enkele oorsaak van aggressie beskryf  word nie. In sekere gevalle kan frustrasie bydra tot of selfs die oorsaak wees van die gewelddadige optrede, maar dit word in hierdie studie slegs as ‘n bydraende faktor beskou.

- **Kognitiewe faktore**

Baie kinders word nie geleer om woede op ‘n effektiewe wyse te hanteer nie. Om woede effektief te hanteer impliseer dat kinders op ‘n sosiaal aanvaarbare wyse sal optree. Woede wat in kinders opbou, voel onaangenaam en aggressie kan verligting bring van die intense emosie (Leary *et al* 2006:125). Kinders word dikwels nie toegelaat om ‘n eie mening te hê of word die reg op privaatheid ontsê. Kinders word dikwels nie aangemoedig om emosionele intelligensie, wat die verstaan en beheer van emosies insluit, te ontwikkel nie. ‘n Bydraende faktor kan wees dat kinders nog nie oor die nodige woordeskat en kennis beskik, om die emosies wat hulle ervaar, te verwoord nie. Die enigste manier om daaraan uiting te gee, is dan onaanvaarbare aggressiewe gedragsuitinge.

Kognitiewe faktore verwys na kinders se interpretasie van hulle sosiale omgewing en hulle siening van aggressie (Louw en Louw 2014:226). Temperament speel ook ‘n groot rol. Volgens Louw en Louw (2014:226) het kognitiewe faktore wat verantwoordelik vir aggressiewe optrede by kinders,  hoofsaaklik drie hoofaspekte, naamlik dat kinders aggressief reageer omdat hulle ander persone se bedoelings as



© University of Pretoria

vyandig interpreteer; dat aggressie veroorsaak word deur ‘n onvermoë om sosiale interaksie of inligting korrek te verwerk; dat aggressiewe kinders die uitkoms van ‘n situasie anders interpreteer as nie-aggressiewe kinders.

Kinders het nodig om betekenis te gee aan aggressie deur middel van ‘n kognitiewe voorstelling en interpretasie (Larson en Lochman 2002:12). Wanneer kinders meen dat ander kinders doelbewus vyandig optree, sal hulle geneig wees om meer aggressief op te tree. Aggressiewe kinders kan verkeerdelik besluit dat hulle sosiale omgewing vyandig is en daarom aggressief optree. Aggressie word dan maklik ‘n lewenspatroon. Aggressiewe kinders kan so vasgevang word in negatiewe gevoelens soos aggressie en woede, dat hulle nie meer instaat is tot logiese denke nie. Hulle voorsien ook nie die gevolge van hulle optrede, soos verwerping, benadeling van die slagoffer of wraak nie. Dit kan daartoe bydra dat aggressiewe gedrag voortduur (Shaffer 2002:495-500). Die tasbare voordele wat deur aggressiewe optrede verkry word (Louw en Louw 2014:226), soos byvoorbeeld wanneer ander kinders se kos of lekkergoed afgevat word, dien ook om aggressiewe gedrag voort te sit. ‘n Verdere voordeel vir aggressiewe kinders is dat hulle leer dat hulle aggressie vrees by ander inboesem. Dit laat hulle magtig voel en so kan hulle kry wat hulle wil hê. Laasgenoemde blyk in die konteks waarin die studie uitgevoer is ‘n besonder groot probleem te wees. Ouer of fisies groter en sterker kinders neem wat hulle wil hê (gewoonlik kos of lekkergoed) deur jonger kinders te intimideer, te dreig, te slaan, te skop, om te duik of deur die kos of lekkergoed uit hulle hande te gryp. Die slagoffers soek dan op hulle beurt weer na kleiner kinders om te intimideer.

Schikerling (2012:81) wys op die korrelasie tussen die fisiese en kognitiewe aspekte. Gebrekkige breinontwikkeling wat kenmerkend is van baie kinders met aggressiewe gedrag, is dikwels die gevolg van hoofbeserings wat opgedoen word deur mishandeling. ‘n Onderontwikkelde brein kan die gevolg wees van verwaarlosing en wanvoeding (Schikerling 2012:81). Interne en eksterne faktore (kyk 3.2) het ‘n invloed op die breinontwikkeling van kinders. Skade aan die brein, veral die hipotalamus, het ‘n invloed op die aggressievlakke van mense met breinbeserrings. Kinders wat aan mishandeling en verwaarlosing blootgestel word, is in die algemeen meer aggressief as kinders uit liefdevolle huise (Schikerling 2012:81; vgl Seifert 2006:59). Hierdie aggressie is dus nie bloot aangeleerde gedrag nie, maar spruit uit die besering van die brein. Seifert (2006:64) wys daarop dat kinders wat blootgestel word aan verwaarlosing kleiner breine het as kinders wat nie



© University of Pretoria

verwaarloos word nie. Kleiner breine laat kinders met swakker reguleringsvaardighede en gebrekkige probleemoplossingsvaardighede. Hulle het dan nie die vermoë om probleme sinvol op te los nie. Dit kan lei tot aggressiewe gedrag (Seifert 2006:64).

Kinders met FAS (Fetale alkoholsindroom) het ook swakker selfbeheersing as ander kinders. Hulle is meer geneig om aggressief op te tree, woede-uitbarstings te kry of ander kinders fisies aan te val om hulleself te laat geld (Kulp 2002:13; kyk Malbin 2002:23). Kinders met FAS is impulsief, onvoorspelbaar, selfgesentreerd, kies elementêre take, kan nie lank konsentreer nie, raak maklik frustreerd en het weinig begrip van oorsaak en gevolg. Dit kan as rede gesien word waarom kinders met FAS meer aggressief optree (vlg Unnever en Cornell 2003:131).

- **Sosiale faktore**

Aggressiewe gedrag kan deur nabootsing van aggressiewe rolmodelle aangeleer word (Louw en Louw 2014:227). Kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar ervaar dikwels sterk emosies. Weens ontoereikende sosiale opvoeding, weet hulle nie altyd hoe om op gepaste wyse op te tree om uiting te gee aan verdriet of woede nie. Die kinders wat aan die studie deelgeneem het, word dikwels op gesins- en sosiale vlak aan onaanvaarbare praktyke blootgestel. Die kinders beskik nie oor die nodige vaardighede om emosies wat hulle ervaar, soos verdriet, verlies, wanhoop, rou, angs, eensaamheid, magteloosheid of onsekerheid, korrek te te interpreteer en uit te druk nie. Dikwels het hulle niemand om mee te praat of iemand om hulle te begelei om die emosies te verwoord nie. Die enigste manier wat hulle ken en inspan, is aggressiewe gedrag, juis om hulle teen verdere seerkry te beskerm. Aggressie is dus 'n verdedigingsmeganisme. Studies toon aan dat seuns wat vaderloos groot word meer geneig is tot aggressie (kyk De Witt en Booysen 1995:142; Mash en Wolfe 1999:552; Luyt 2007:64). Sosiale faktore wat 'n effek het op kinders se gedrag sluit in die invloed van ouers, die gemeenskap, portuurviktimiseerders (boelies) en die media.

Daar is konsensus onder psigoloë dat ouers 'n beduidende rol speel ten opsigte van die aggressiewe gedrag van kinders (kyk Louw en Louw 2014:227). Sommige kinders het 'n inherente geneigdheid tot aggressie vanweë redes, soos temperament of persoonlikheid. Berk (1994:509) wys egter daarop dat omstandighede in die ouerhuis, sowel as die ouers se optrede, in die besonder



© University of Pretoria

kinders se aggressie-gevlakke beïnvloed. Eienskappe of die optrede van ouers kan bydra tot aggressie by kinders. Berk (1994:509) identifiseer die volgende faktore wat aanleiding tot geweld kan gee: konflik tussen ouers; gesinsgeweld, gesinne waar voortdurend getwis word; swak ouerskapstyle en –praktyke; geweld op televisie. Hierdie eienskappe word vervolgens kortliks bespreek.

Die uitwerking wat voordurende rusies op kinders het, word deur ondersoekers as traumaties beskryf (kyk Dreman *et al* 1999:26; Thompson en Amato 1999:xv; Shaffer 2000:298; Sarrazin en Cyr 2007:77-93; De Witt 2014:333-334; Louw en Louw 2014:227). Wanneer kinders voortdurend aan konflik bloot gestel word, verhoog dit die kans dat hulle vyandige, aggressiewe interaksie met sibbe en hulle portuurgroep sal hê (Shaffer 2000:298). Sarrazin en Cyr (2007:77-78) beklemtoon dat die skade wat kinders op die wyse opdoen, permanent is. Wanneer voortdurende rusie kinders se verwysingsraamwerk vorm, word hulle self aggressief (Sarrazin en Cyr 2007:80-85). Aangesien die gesin die primêre agent van sosialisering is, word ouerskapstyle in kombinasie met geweld en onenigheid tussen ouers as een van die hoofoorsake van gedragsprobleme by kinders geïdentifiseer (Shaffer 2000:298; kyk Sarrazin en Cyr 2007:85).

Hoewel geweld in gesinne nie aan 'n enkele oorsaak toegeskryf kan word nie, is 'n eienskap wat algemeen gevind word antisosiale ouers (kyk Carlson 1984:570; Berk 1994:510; Brown 1997:63; Krug *et al.* 2002:89; Kaldine 2007:237). Antisosiale ouers is die wat self as kinders aggressief was of aan geweld binne hulle gesin bloot gestel was. Hulle herhaal die patroon in hulle volwasse lewe (Berk1994:510) en het nie die vermoë om aan hulle eie kinders die nodige liefde en beskerming te bied nie (Van Niekerk 2005:33).

Volgens Van Schalkwyk (2014) kan kinders wat sonder die nodige grense, konsekwente dissipline en vertroeteling grootword, die sosiale werklikheid as gewelddadig sien en ervaar. Kinders wat in gewelddadige huise groot word, sien dikwels vyandige intensies waar dit nie bestaan nie. Hulle bars onverwags in uitermatige woedebuie uit, en wil hulle op almal wat hulle irriteer of te nakom, wreek. 'n Onskuldige ongeluk word as 'n aanval interpreteer en die kinders reageer woedend daarop. Van Schalkwyk (2014) identifiseer 'n verband tussen aggressie en die modellering van volwasse gedrag. Volgens Leuvennink (2014) word geweld in die ouerhuis aangeleer word deur die voorbeeld wat die ouers aan die kinders stel. Konflik word nie vreedsaam opgelos nie, maar word óf fisies uitbaklei óf deur middel



© University of Pretoria

van verbale aggressie opgelos. Die ouers van die kinders wat aan die studie deelneem sal dikwels op onderwysers skree en vloek sonder om na rede te luister. Die kinders word ook in die proses gevloek en bevind hulle in die teenwoordigheid van hierdie openlike aggressiewe optrede. Berk (1994:510); Shaffer (2000:295); Van Niekerk (2005:34) en Van Schalkwyk (2014) beskryf ouers wat kinders nie opvoed om selfbeheersing toe te pas nie, as “gebrekkige rolmodelle”. Die kind leer van kleins af om met aggressie te reageer in enige situasie. Ouer wat nie ingestel is op kinders se emosionele behoeftes nie, modelleer deur hulle afsydigheid 'n gebrek aan omgee. Deur kinders se aggressiewe uitbarstings oor die hoof te sien, word die aggressiewe optrede van kinders by implikasie goedgekeur (Van Niekerk 2005:34-35). Wanneer sulke kinders ouers word, neem hulle dikwels op hulle kinders wraak vir die mishandeling wat hulle ervaar het. Ouers wat kinders seermaak of verskree, doen dit dikwels om te ontsnap aan die emosionele pyn wat hulle in hulle omdra op grond van hoe hulle ouers hulle behandel het (Miller 1991:167). Die patroon word voortgesit omdat kinders vasgevang word in hierdie gesinsdinamika wat van geslag na geslag oorgedra word. Wanneer kinders volwassenheid bereik, het hulle gewoonlik nie die vaardighede aangeleer om konflik vreedsaam op te los nie.

Die veiligheid en stabiliteit van gemeenskappe kan bedreig word deur, onder andere, swak ekonomiese omstandighede, openbare geweld, werkloosheid asook die beskikbaarheid van alkohol en dwelms (Terblanche en Venter 1999:177; kyk Barton *et al* 1997:486). Hierby kan ook wetteloosheid, ‘n gebrek aan leierskap en die aanvaarding van publieke dronkenskap, dwelmhandel en bende aktiwiteite toegevoeg word (Sussman en Ames 2001:61-62). Werkloosheid dra by tot moedeloosheid in die gemeenskap. Van al die ekonomiese vraagstukke waarmee Suid-Afrika tans worstel, is werkloosheid waarskynlik die mees ingrypende ervaring vir diegene wat daardeur geraak word. Die feit dat Suid-Afrika se werkloosheidsyfer lank reeds besonder hoog is en vir die afsienbare toekoms hoog sal bly, kan veroorsaak dat die vernietigende uitwerking wat werkloosheid op talle Suid-Afrikaners het, nie onder oë gesien word nie (Cloete 2007:47). Mense sien dit as ‘n onafwendbare werklikheid. Die uitwerking van werkloosheid op ‘n gemeenskap word dikwels as baie negatief ervaar, juis vanweë die siening dat werk “edel” is. Werkloosheid veroorsaak negatiwiteit, depressie en het ‘n vernietigende effek op die persoon se selfbeeld (Moller 1992:3-4).



© University of Pretoria

‘n Verdere faktor wat gemeenskappe onveilig maak, is die aantal skoolverlaters wat nie die hoër- of laerskool suksesvol voltooi nie. Faktore wat daartoe bydra dat kinders die skool voortydig verlaat, is sosiale redes soos gebroke gesinne, die afwesigheid van ouerlike gesag, die afwesigheid van motivering, dryfkrag en ‘n toekomsvisie sowel as die werkloosheid van ouers (Lategan1990:3; kyk Keen 1992:103). Hierby kan ook die gebrekkige rolmodel van die ouers gevoeg word. Die ouers het dikwels self nie skool voltooi nie en dit word in de gemeenskap as ‘n algemene verskynsel aanvaar. Adolessente moeders is nie altyd by magte om toereikende sorg aan hulle kinders te verskaf en ‘n goeie rolmodel te wees nie. Tienerswangerskappe in die Wes-Kaap, net soos in ander gemeenskappe, kom meer voor onder laer sosio-ekonomiese gemeenskappe (Preston-Whyte 1991:14). In Preston-Whyte (1991:16) se studie met ongetroude adolessente moeders, was 73,3% van die deelnemers se moeders ook ongetroud met die geboorte van hulle eerste kind. Dit blyk dus dat die voorkoms van intergenerasie patrone van buite-egtelikheid en adolessente swangerskappe, in die Wes-Kaap hoog is. Armoede, swak en oorvol behuising, voortydige skoolverlating, staatstoelae wat as bron van inkomste beskou word, ‘n gebrek aan ontspanningsfasiliteite in die gemeenskap en hoë vlakke van werkloosheid is van die faktore wat met tienerswangerskap verband hou (kyk Preston-Whyte en Allen 1992:212; Howes en Green 1997:24-26; Ukuphela 2014:16-17). In Carolissen (1993:40) se studie met adolessente moeders in die Wes-Kaap het al die deelnemers ten minste een lid van hulle direkte familie geïdentifiseer wat ook tydens adolessensie swanger was of ‘n kind gehad het. ‘n Moontlike rede hiervoor is die gemeenskap se houding jeens adolessente moeders. Die gemeenskap wat die konteks van hierdie studie vorm, aanvaar tienerswangerskap en adolessente moeders as ‘n gegewe. Aangesien jong moeders dikwels nie hulle skoolloopbaan voltooi het nie en finansieel van ander afhanklik is, word nie na behore omgesien na die behoeftes van haar kind of kinders nie. Om die rede word die emosionele en sosiale behoeftes van die kind ook oor die hoof gesien. Die moeders is onkundig en self nog onvolwasse en kan die kinders nie die nodige leiding en opvoeding gee nie. Kinders word dikwels verwaarloos of mishandel omdat die jong moeders nie opgewasse is teen die verantwoordelikheid nie.

Ledigheid, as gevolg van werkloosheid of voortydige skoolverlating, lei tot verveling. In laer sosio-ekonomiese gemeenskappe is daar dikwels minder kultuur- of sportaktiwiteite beskikbaar. Ledigheid en uitsigloosheid lei dikwels tot dwelmverwante



© University of Pretoria

kriminele aktiwiteite soos die verkoop van dwelms as 'n bron van inkomste. Alkohol en dwelms word in die omgewing versprei en is geredelik beskikbaar. Daar word 'n verband gelê tussen pret, vriende, alkohol en dwelms. Ouers wat alkohol en dwelms misbruik, heg minder waarde aan gesinsbande, verhoudings met hulle kinders en ander gesinslede (Straussner 1993:34; kyk Kotze 1991:3; Szalay *et al* 1999:37). Drank en dwelms is maniere om aan die angs van die werklike situasie te ontsnap (Kotze 1991:3). Drank- en dwelmmisbruik word dikwels as 'n bydraende oorsaak vir gemeenskapsgeweld uitgewys. Volgens Louw en Louw (2014:227) is daar 'n verband tussen aggressievlakke van kinders en die van die gemeenskap waarin hulle leef. Die beginsel van modellering (kyk 4.2) speel ten opsigte hiervan 'n rol. Kinders aanskou die geweld en aanvaar dit as norm.

Boeliegedrag, bullebakgedrag, terrorisering, teistering, afknouery, ook portuurviktimisering genoem, blyk 'n al groter probleem in Suid-Afrikaanse skole te word, aldus Louw en Edwards-Meyer (2009:172). Portuurviktimisering is nie bloot groepskonflik nie, maar het 'n aggressiewe ondertoon. Groepskonflik is aanvaarbare interaksie aangesien kinders so sosiaal-aanvaarbare gedrag leer. Groepskonflik word dadeik opgelos en die betrokkenes word nie enige leed betrokken nie. Groepskonflik is geïsoleerde gevalle en verskillende konfliksituasies hou nie met mekaar verband nie. Portuurvikimisering se oogmerk is egter mag. Die slagoffers van portuurviktimisasie kan ernstige skade opdoen. Hierdie skade kan fisiese beserings, verlies van besittings of emosionele leed wees. Oortreders teiken voorafgeselekteerde slagoffers en die aanvalle is voortdurend en progressief (Louw en Edwards-Meyer 2009:172).



© University of Pretoria

*Tabel 21: Vorme van portuurviktimisering:*

| **Tipe viktivisering:** | **Wat dit behels:** |
|---|---|
| Fisiese aanvalle | Om iemand te slaan, te skop, rond te stamp, te wurg, hare te trek, te byt, te spoeg, te knyp of met sigarette of sigaretaanstekers te brand. |
| | Om iemand met wapens te dreig soos: messe, passers, skroewedraaiers, skêre, vuurwapens, ens. |
| | Dreigemente om iemand leed aan te doen of te vermoor. |
| Emosionele teistering | Verspreiding van skinderstories en gerugte, naamskendng, terrorisering en geheime wat uitbasuin word. |
| | Uitbuiting, manipulasie, afpersing. |
| | Vertrouensverhoudings wat verbreek word. |
| Verbale teistering | Skel, vloek, skree, name noem, voortdurende tergery. |
| | Rassistiese of seksistiese aanmerkings. |
| | Degraderende byname. |
| | Ouers of sibbe word name genoem. |
| | Verkleineer of persoonlike opmerkings oor iemand se voorkoms maak. |
| | Dreigende telefoonoproepe of teksboodskappe. |
| Vandalisme | Beskadiging van iemand se persoon, soos om sy of haar hare te sny. |
| | Beskadiging van klerasie soos hempe of rompe wat stukkend geknip of gebrand word. Ook beskadiging deur verf of ink daarop uit te gooi. |
| | Beskadiging van leermateriaal, soos die brand van tasse. Skeur, knip van boeke. Boeke wat in water of modderpoele gegooi word. |
| | Beskadiging van eiendom soos potlode of penne wat stukkend getrap word. Fietse of motorfietse wat beskadig word, ens. |
| Nie-verbale gedrag | Gesigte trek, wegstap of rug op iemand draai, afkeurende kyke, oë rol. |
| | Iemand uit groep stoot of doelbewus ignoreer. |
| | Wys van obsene tekens. |
| | Vriendskappe word gemanipuleer vir eie gewin, soos vir |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Manipulasie | geldelike gewin of om toegang tot ‘n broer of suster te kry. |
| | Ander word gemanipuleer om die slagoffer te ignoreer, terroriseer of aan te val. |
| Afdreiging | Slagoffers word gedreig om geld of eiendom te bekom. |
| Seksuele teistering | Seksuele aanmerkings en voorstelle. |
| | Ekshibisionisme. |
| | Vertoon van pornografie. |
| | Maak van suggestiewe bewegings en gebare. |
| | Betasting. |
| | Verkragting. |
| Kuberruim teistering | Skinderstories word op sosiale media versprei. |
| | Plaas van foto’s met vernederende byskrifte. |
| | Plaas van gemanipuleerde foto’s. |
| | Teistering wat anoniem gedoen word deur e-posse of op blogs. |
| | Skep van vals profiele vir die slagoffer op sosiale media, en boelie plaas dan obsene foto’s of statusse. |
| | Stuur ook vals boodskappe aan ander persone onder die slagoffer se naam. |

Verkragting is ‘n kriminele oortreding, tog word dit dikwels nie aangemeld nie. Redes hiervoor blyk vrees vir die oortreders te wees, vrees vir verwerping, vrees vir stigmatisering en vrees dat niemand die slagoffer sal glo nie. Die oortreders is dikwels aan die slagoffers bekend (Coetzer 2009:18-19).

Die gevolge vir die slagoffers van portuurviktimisering is verreikend. Kinders ervaar portuurviktimisering verskillend. Verbale teistering is vir sommige kinders erger as vir ander (Osler en Vincent 2003:76). Die ervarings van die twee geslagte verskil ook. Sullivan (2000:21) het bevind dat meisies verdrietig voel wanneer hulle geboelie word, terwyl seuns eerder met woede reageer. Een van redes hiervoor blyk die verskillende tipe vriendskappe te wees wat die adolessente vorm. Sullivan (2000:21) wys daarop dat meisies in die algemeen kleiner vriendekringe het en hegter vriendskappe sluit as seuns. Seuns se vriendskappe word gewoonlik gevorm deur gemeenskaplike belang en seuns is minder geneig om intieme detail met vriende te deel. Ondersoeke het getoon dat vroulike slagoffers viktimisering meer intens ervaar en dat die nagevolge langer duur as met manlike persone. Osler en



© University of Pretoria

Vincent (2003:94) identifiseer 'n moontlike rede hiervoor is die gegewe dat meisies meer klem op vriendskappe plaas en daarom die vertouensbreuk meer intens ervaar. Gevolge vir slagoffers sluit die volgende in (kyk Batsche en Knoff 1994:165-174; Sullivan 2000:32; Garret 2003:21; Louw en Louw 2014:297):

*Tabel 22: Gevolge van portuurviktimisering:*

| **Ontwikkelingsarea:** | **Nagevolge:** | **Manifestering:** |
|---|---|---|
| Emosionele newe-effekte | Selfbeeld | Lae selfagting<br>Negatiewe selfbeeld<br>Verwronge selfbeeld |
| | Selfvertroue | Geen waagmoed<br>Selfvertroue neem af<br>Voel minderwaardig<br>Onsekerheid |
| | Gemoed | Depressie<br>Kort humeur<br>Gemoedskommelinge / buierigheid<br>Post-traumatiese stressindroom<br>Selfmoordneigings<br>Huilerig of uitermatig gespanne<br>Self-mutilering kan voorkom |
| Fisiese newe-effekte | Fisiese aandoenings | Brandmerke<br>Breuke<br>Kneusings<br>Wonde<br>Ernstige ongevalle |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | Psigosomatiese simptome | Maagpyn<br><br>Rugpyn<br><br>Braking en of diaree<br><br>Hoofpyn<br><br>Veluitslae<br><br>Aknee |
| Sosiale newe-effekte | Vriendskap en verhoudings | Sukkel om ander te vertrou<br><br>Agterdogtig<br><br>Vermy fisieke kontak<br><br>Vermy nuwe vriende / onwillig om nuwe vriendskappe te sluit<br><br>Huiwerig vir verhoudings<br><br>Raak meer introvert<br><br>Raak geïsoleer |
| | Akademie | Akademiese prestasie verswak<br><br>Konsentrasieprobleme<br><br>Ongemotiveerdheid<br><br>Afwesigheid van skool / stokkiesdraaiery |
| | Sport of kultuuraktiwiteite | Onwilligheid om deel te neem<br><br>Onttrek aan interaksie<br><br>Afwesigheid sonder geldige redes |
| | Toekomsvisie | Gebrekkige toekomsvisie<br><br>Voel hulpeloos<br><br>Voel hopeloos<br><br>Onttrek aan ander<br><br>Selfmoordneigings<br><br>Depressie<br><br>Drank- of dwelmmisbruik kan |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | voorkom |

Dit is nie net die slagoffers van viktimisering wat beïnvloed word nie, maar ook die oortreders. Vervolgens word die oorsake vir hierdie soort geweld teenoor die portuurgroep ondersoek. Olweus (1994:35) identifiseer die volgende drie psigologiese oorsake vir viktimiseringsgedrag:

- die behoefte aan mag en dominansie;
- die opvoedingsmilieu van die dader;
- wat hulle baat uit die gedrag (bv om ander se geld of besittings af te neem en hulle self te verryk).

Die huislike omstandighede speel 'n sentrale rol by die aanleer van aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag, soos aggressie (Fried en Fried 1996:28). Sommige kinders het 'n aggressiewe geaardheid, hetsy weens genetiese faktore, temperament of onderliggende psigiese probleme (kyk Fried en Fried 1996:28). Kinders wat boelie is dikwels self 'n slagoffer van mishandeling (Fried en Fried 1996:88-89). Boelies voel bedreig deur kinders wat kwesbaar voorkom, omdat dit hulle herinner aan hulle eie kwesbaarheid (Kruger 2010:59).

*Tabel 23: Die effek van televisiegeweld op kinders:*

| **Ontwikkelingsfase:** | **Ontwikkeling:** | **Effek:** |
|---|---|---|
| Vroeë klein kindjare: 5-6 jaar | Teen hierdie tyd kyk kinders gereeld televisie. | Kinders is dikwels sonder toesig voor die televisie. |
| | Besef die inhoud van programme hou betekenis is. | Is nie instaat om geweld binne konteks te plaas nie. |
| | Hou van vinnige verandering en beweging. | Sprokiesprente is helder, vinnig en geweld word as komies uitgebeeld. |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | Hou van onverwagse beelde. | Sprokiesprente bevat baie geweld en dus word kinders aan baie verskillende vorme van geweld blootgestel, sonder om dit as geweld te ervaar. |
| | Kinders leer vinnig ‘n voorliefde vir sekere programme aan. | Gunstelingkarakters word uitgespeel en hulle boots die geweldsaksies na. |
| Latere klein kindjare: 6-8 jaar | Hierdie word as die mees kritieke stadium beskou om die effek van geweld te verstaan. | Indien geweld as negatief uitgebeeld word, verstaan kinders dis onaanvaarbaar, maar as die geweld as heldedaad uitgebeeld word, wil hulle dit self uitleef. |
| | Aandagspan is langer en kognitiewe vaardighede al verder ontwikkel. | Hulle kan afleidings oor die geïmpliseerde inhoud begin maak. |
| | Hulle begin om motiverings vir die karakters se optrede te verstaan. | Helde word graag nageboots en bewonder. Indien die helde gewelddadig is, sal die kind meer aggressief begin optree. |
| | Begin om na ‘n wye verskeindenheid programme te kyk. Sommige begin belangstel in gruwelrolprente. | Kinders kan afgestomp raak vir geweld en vrees indien hulle daaraan blootgestel word op televisie. |
| | Karakters word geskiet / geslaan / verwond, maar steeds springlewendig is en as ‘t ware bo pyn verhewe is. | Kinders raak afgestomp vir oorsaak en gevolg. Hulle kan nie insien dat hulle optrede iemand baie seer kan maak nie. |
| | Lewer min intellektuele insette oor inhoud van programme. | Raak stelselmatig meer verdraagsaam teenoor geweld en onaanbaarbare gedrag in die |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | gesin of samelewing. |

Die blootstelling van kinders aan rofstoei (of die WWE-begewing) beteken dat hulle aan die uitbeeldings van geweld blootgestel word, sonder om te verstaan dat dit net opgevoer word en nie eg is nie. Kinders probeer dit naboots. Hulle stoei met mekaar en beseer mekaar daagliks met die grepe en gooie wat hulle op hierdie programme sien. Stoeiers word met stoele geslaan of gewurg en kan dan die volgende oomblik opspring en die oorhand kry. Volgens Van Schalkwyk (2014) verteenwoordig hierdie soort programme asook rolprente met ‘n Oosterste gevegstema ‘n faktor wat geweld by kinders aanwakker. Hy wys daarop dat, in sulke stoeiprogramme en rolprente, die geweldenaar die held is en aggressiewe gedrag beloon word. Kinders verstaan nie die gevolge van hulle gewelddadige optrede nie. Wanneer hulle aangespreek word oor gewelddadige optrede, is hulle verweer dat hulle “net speel”.

Louw en Louw (2014:229-230) identifiseer vyf gevolge van blootstelling aan geweld, waarvan die volgende twee in die besonder van toepassing op hierdie studie. Die eerste is die sogenaamde *aggressor-effek*, naamlik dat sekere kinders meer gemeen, aggressief en gewelddadig word weens die blootstelling aan geweld. Die tweede effek is die *aptyt-effek*, naamlik dat kinders (en volwassenes) wat aan gewelddadige tonele blootgestel word, steeds meer daarvan wil hê.

Die invloed van geweld in selfoon- en rekenaarspeletjies kan ‘n beduidende effek op kinders hê. Die rede is dat kinders self aktief daarby betrokke is. ‘n Verdere probleem is dat hierdie speletjies alleen gespeel word. Kinders het minder sosiale omgang met ander. Selfoon- en rekenaarspeletjies verhoog aggressiewe gedagtes omdat daar ‘n liggaamlike en emosionele opwekking ervaar word wanneer sekere uitkomste bereik word (kyk Wilson 2011:244-261). Wilson (2011:244-261) het in haar studie oor die effek van media op kinders, bevind dat 89% van selfoon- en rekenaarspeletjies geweld bevat en dat 50% van speletjies gewelddadige optrede beloon met punte of bonuspunte. Die kinders wat aan die studie deelgeneem het, se blootstelling aan rekenaar- of selfoonspeletjies, is egter beperk.

Geweld het ‘n negatiewe uitwerking op kinders. Die liefde tusen ‘n ouer en ‘n kind is aanvanklik eensydig van die ouer se kant af. Die ouers modelleer liefde aan die kind en namate die kind ouer word, raak die liefde en die verhouding wedersyds. Die teenoorgestelde is ook waar: kinders leer nie om lief te hê as hulle dit nie ervaar



© University of Pretoria

nie. Kinders leer om aggressief te wees as hulle voortdurend daaraan blootgestel word. Kinders wat slagoffers van gesinsgeweld is, kies dikwels ‘n gewelddadige lewensmaat of mishandel hulle kinders en lewensmaat (vlg Shoemaker 1984:168; Courtwright 1996:279; Visser en Dreyer 2007:814). Hierdie verskynsel hou ook verband daarmee dat kinders betekenisvolle volwassenes in hulle lewe modelleer.

Kinders wat aan geweld blootgestel word, se Godsbeeld word dienooreenkomtig gevorm. Beide die viktimiseerder (die kind wat aggressief is teenoor ander) as die geviktimiseerde (die kind wat aan die ontvangkant van aggressiewe gedrag is) doen emosionele skade op. Hulle Godsbeeld word negatief gevorm. Trauma affekteer geloof en emosionele pyn bring mee dat God nie as liefdevol of goed beleef word nie (Kruger 2010:59; kyk Schiraldi 2000:333). God word aan die eienskappe van die oortreder, in die geval die vader, gelyk gestel en as inherent boos ervaar. Die negatiewe emosies jeens die vaderfiguur, soos vrees, woede, wantroue, blaam en haat word op God geprojekteer (Kruger 2010:59; kyk Schiraldi 2000:333; Kraft 1993:27).



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE ONDERSOEK MET KINDERS TUSSEN VYF EN AGT IN DIE WES-KAAP

## 5.1 INLEIDING

In die Praktiese Teologie is empiriese metodes van ondersoek besonder geskik (De Wet 2006:62) omdat die onderwerp van studie geloofs*praktyke* is. Hierdie studie ondersoek kinders se handelinge, gedagtes en emosionele belewenisse van God en van hulle medemens vanuit die perspektief van die Christelike geloof en vanuit die vakgebied van die Praktiese Teologie. Die doel van die studie is om lig te werp op die verstaan van die Godsbeeld by kleiner kinders wat blootgestel word aan 'n vader of ander manlike gesagsfiguur wat 'n gebrekkige rolmodel vir hulle is. Die insigte wat uit die studie na vore kom, kan bydra tot die bevordering van kinder- en jeugbediening.

Die empiriese gedeelte van hierdie studie word binne 'n interpretatiewe paradigma beoefen. Die prakties-teologiese studie ondersoek die geloofspraktyke van individue en geloofsgemeenskappe spesifiek met betrekking tot die vorming van die Godsbeeld van kinders in 'n spesifieke Suid-Afrikaanse konteks.

## 5.2 METODOLOGIE

### 5.2.1 Seleksie

Leerders by een laerskool is genader om aan die studie deel te neem. Die kinders kom almal uit 'n lae sosio-ekonomiese omgewing, woon in dieselfde gemeenskap en is almal van dieselfde etniese groep. Die kinders is geselekteer omdat hulle spesifieke eienskappe of prosesse toon wat vir die studie van belang is (kyk Strydom en Delport 2002:328-329). Hierdie spesifieke eienskappe of prosesse dui op die huislike omstandighede waar die kinders aan 'n gebrekkige manlike rolmodel blootgestel word.

Toestemming is eerstens van die skoolhoof verkry (kyk Addendum A). 'n Vergadering is belê met die grondslagfase onderwysers, sodat kinders wat aan die kriteria voldoen, geïdentifiseer kon word. Die betrokke onderwysers is reeds meer as 20 jaar by die skool betrokke en ken die gemeenskap en ouers goed. Een van die



© University of Pretoria

onderwysers woon ook in die gemeenskap en ken die huislike omstandighede van die kinders. Die leerondersteuningsopvoeder van die skool was ook teenwoordig, aangesien sy op individuele vlak met die kinders werk en vanweë haar gespesialiseerde opleiding behulpsaam kon wees met die ontleding en interpretasie van kindersketse.

Agtien kinders wat uit moeilike huislike omstandighede kom en wie se vader of manlike gesagsfiguur in die huis ‘n ontoereikende voorbeeld stel, is geïdentifiseer. Die groep is geselekteer om ewe veel seuns as meisies in te sluit. Verder is die ouderdomme in ag geneem en die kinders so gekies dat die ouderdomsgroepe van vyf tot agt jaar, eweredig versprei is. Nadat die betrokke onderwysers die name, geboortedatums en adresse van die geïdentifiseerde kinders gegee het, is drie kinders uit die studiegroep gelaat. Die rede hiervoor is dat twee reeds nege jaar oud was en die ander was nog nie vyf jaar oud nie. Hulle ouderdomme was onderskeidelik nege jaar en drie maande, nege jaar en een maand en die ander kind was vier jaar en agt maande. Toestemmingsbriewe is persoonlik aan vyftien ouerpare gegee (Addendum B). Dertien ouerpare het toestemming verleen dat hulle kinders aan die studie mag deelneem. Slegs een ouerpaar het na die aanvanklike toestemming, gevra dat die kind onttrek word en nie aan die studie deelneem nie. ‘n Totaal van twaalf kinders, tussen die ouderdom van vyf en agt jaar, het aan die studie deelgeneem.

Die opvoedkundige sielkundige van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), is genader (Addendum C) vir ‘n onderhoud. Die onderhoud is met behulp van ‘n vraelys voltooi. Die vraelys het vrae oor die vaderlike rol in kinders se lewe asook oor geweld ingesluit (Addendum G). Die predikant van die Verenigde Gereformeerde Kerk is ook vir ‘n onderhoud genader (Addendum D). Die onderhoud is met behulp van ‘n vraelys voltooi. Die vraelys het vrae oor die vaderskapstyle, probleme wat die gemeenskap ervaar, modellering, geloofsontwikkeling en gebrekkige rolmodelle ingesluit (Addendum H).

Vanweë die feit dat daar met klein kinders omgegaan is in hierdie studie, is groot sorg aan die dag gelê om eties korrek met hulle om te gaan en hulle op geen manier te na te kom of onveilig te laat voel nie.

Hierdie studie word benader vanuit ‘n geloofsontwikkelingsperspektief. Die oogmerk is om te verstaan hoe geloof ontwikkel by kinders in ‘n gegewe konteks. Die doel is nie om ‘n universele waarheid te vind nie, maar om te verstaan hoe die



© University of Pretoria

betrokke kinders God verstaan en ervaar. Die studie fokus op hoe hulle geloof ontwikkel het en hoe dit verband hou met die vader se invloed.

### 5.2.2 Insameling van data

Gestruktureerde onderhoude is met die kinders gevoer. Die gestruktureerde onderhoudsvrae het as riglyn gedien en narratiewe onderhoudsvoering is aangewend. Addisionele vrae is gevra wanneer die antwoorde wat die kinders verskaf het, onduidelik of vaag was. Vrae is ook gevra wanneer die onderhoud in 'n sekere rigting neig.

Die onderhoude is in Afrikaans, die kinders se moedertaal, gevoer en het uit negentien vrae en twee meervuldige keuse vrae bestaan. Verder was daar ook 'n emosiekaart wat die emosies woedend, skuldig, bang, kwaad, seergemaak, verdrietig, bly en bekommerd uitbeeld. Vier vrae is gevra na aanleiding van die gevoelskaart. Nege en veertig kortvrae, wat net met ja, nee, soms geantwoord moes, word in ook ingesluit. Die onderhoudskedule het prentjies op, sodat dit meer kindervriendelik is (prentjies geneem uit Coetzee *et al* 2003:3). 'n Kindervriendelike skrif, naamlik *Junior typing*, is gebruik. Die rede hiervoor is tweeledig. Eerstens sodat die ouer kinders saam met my die vraag kon lees en tweedens sodat die vraelys vir hulle bekend kon lyk, aangesien alle skolastiese taakkaarte in *Junior typing* gedoen word.

Die onderhoud is afgesluit met 'n speletjie (rollespel) met handpoppe, wat 'n prins, heks, krokkodil, ou mannetjie, wolf, muis en eend ingesluit het. Kinders is gevra om twee sketse te maak en alleen gelaat om rustig te sit en werk aan die opdrag, terwyl ek elders in die klaskamer besig was. Die rede hiervoor, is dat hulle hulle emosies en belewinge ongehinderd kon uitbeeld, sonder om te voel dat iemand hulle dophou of aanjaag. Die eerste skets moes die kind saam met sy vader uitbeeld en die tweede die kind saam met God.

In oorleg met die skoolhoof is ooreengekom op die datums. Die ouers is in kennis gestel van die datum en tyd wanneer hulle kind se onderhoud plaasvind (Addendum E). Die onderhoude is na skool in my klaskamer gehou. Die personeel (onderwysers sowel as administratiewe, kombuis- en terreinpersoneel) is van die datums in kennis gestel en versoek om my klaskamer tydens hierdie tye te vermy. Die onderhoudskedule is op my eie kind, 'n dogtertjie van 7 jaar, getoets om te



© University of Pretoria

verseker dat die vrae eenvoudig, duidelik en ouderdomsverwant is. Die onderhoudskedule word aangeheg as Addendum F.

## 5.3 DATA

### 5.3.1 Biografiese inligting

Die respondente se biografiese inligting word vervolgens in tabelvorm weergegee. Hoewel aanvanklik beplan is om met die ouerpare te vergader om agtergrondinligting te verkry, is daar na die onderhoude besluit om dit nie te doen nie. Die kinders se onderhoude het genoegsame agtergrond oor hulle gesinne verskaf.

*Tabel 24: Biografiese inligting:*

| **Respon-dent** | **Geslag** | **Ouderdom** | **Aantal persone wat in huis bly** | **Aantal kinders in die huis** | **Posisie van die kind** |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | manlik | 7 jaar, 3 maande | 7 | 4 | naasjongste |
| 2 | manlik | 7 jaar, 11 maande | 6 | 3 | jongste |
| 3 | vroulik | 6 jaar, 7 maande | 3 | 1 | jongste |
| 4 | manlik | 7 jaar, 0 maande | 8 | 4 | jongste |
| 5 | vroulik | 7 jaar, 8 maande | 7 | 5 | middelste |
| 6 | manlik | 8 jaar, 11 maande | 8 | 5 | middelste |
| 7 | manlik | 5 jaar, 2 maande | 3 | 1 | enigste |
| 8 | vroulik | 5 jaar, 10 maande | 6 | 4 | jongste |
| 9 | vroulik | 5 jaar, 11 maande | 5 | 3 | oudste |
| 10 | vroulik | 6 jaar, 5 maande | 3 | 1 | enigste |
| 11 | vroulik | 8 jaar, 4 maande | 6 | 3 | jongste |
| 12 | manlik | 6 jaar, 10 maande | 6 | 4 | naasjongste |



© University of Pretoria

Respondent 3 het ‘n ouer suster, maar die ouer suster woon nie by die respondent nie, maar by haar ouma aan moederskant. Die ouer suste is 13 jaar oud en sien na Respondent 3 om in die middae na skool. Respondent 5 is in pleegsorg. Die ouerpaar het twee biologiese kinders wat ouer is as sy. Die egpaar het ook twee jonger seuns in pleegsorg. Respondent 9 se tante (vader se suster) woon saam met hulle in die huis. Die tante is slegs 15 jaar oud en Respondent 9 is die oudste van die vader se twee kinders. Die respondent se ma woon egter nie by hulle nie. Respondent 11 woon by haar ouma. Haar ouma se suster se kleinkind woon ook in die huis. Respondent 11 is die jongste van haar moeder se twee kinders, maar die enigste kind van haar vader.

**5.3.2 Huislike omstandighede**

Die respondente kom uit verskillende agtergronde en het dus verskillende persepsies van hulle lewensomstandighede. Die kinders beskryf hulle vader of ander manlike gesagsfiguur en die interaksie met hom verskillend, elkeen vanuit hulle eie perspektief. Die vraag word gestel, waarna die respondente se antwoorde gegee word. Die gestruktureerde onderhoudskedule kom hier handig te pas. Addisionele vrae is gestel om sekere kwessies beter te belig. Kursiewe skrif dui die kinders se antwoorde aan. Ek voeg verduidelikings ten opsigte van die streeksdialek by. Wanneer die kinders na broers of susters verwys, gebruik ek net ‘n voorletter, om anonimiteit te verseker. Die volgende vrae is gestel ten opsigte van huislike omstandighede:

1. Wie bly almal in julle huis?
2. Waar is julle huis en hoe lyk die huis?

Die respondente (R) se antwoorde, op albei vrae, was soos volg:

R1: *“Ma, nanna* (ouer suster)*, nog ‘n nanna* (ouer suster)*, nog ‘n sustertjie* (jonger suster)*, ek, ouma, pappa bly in ouma se baksteenhuis. Nie ‘n* (kragwoord)-*huis* (‘n HOP-huis) *nie. ‘n Mooi regte huis.*”



© University of Pretoria

R2: "*Ma, pa, S* (ouer suster)*, boeta* (ouer broer)*, ek en nanna* (ouer suster)*. Mooi, blou huis. Mooi huis. Mooi, mooi.*"

R3: "*Ma, pa, ek. Ons bly in die caravan* (woonwa). *Langs die hok* (agterplaaspondok) *in R se jaart* (agter in iemand se erf by HOP-huis)."

R4: "*Ma, N* (suster se lewensmaat), *nanna* (vyftien jarige suster), *V* (vyftien jarige suster en N se kind), *N* (ouer broer), *R* (neef), *ek en nanna* (ouer suster). *Ons bly in S* (nuwe uitbreiding met HOP-huise). *Daar is 'n hok, N, V en nanna bly in hok* (suster en haar gesin bly in wendy huis in die agterplaas)."

R5: "*Uncle, tannie, G, J* (twee biologiese seuns)*, ek en N en K* (twee jonger seuns, ook pleegsorg kinders)*. Die tannie se huis het badkamer, voorhuis, kombuis, DSTv, kaggel. G en J slaap by hulle* (by hulle ouers) *in die kamer. N en K het hulle eie kamer. Ek slaap alleen in my kamer."*

R6: "*Ek, boeta, nanna* (ouer suster), *ma, pa, oompie en linge* (tweelingsusters) *bly in HOP-huis. Almal slaap saam in een kamer. Ma, pa en oompie op dubbelbed. Ek en die linge* (tweeling) *onder op 'n bo-opbed* (stapelbed) *en boeta en nanna* (die ouer broer en suster) *bo."*

R7: *"Ma, pa ek. Wit HOP-huis met hok* (agterplaaspondok)*. Boeta bly in hok.*" (Die boeta waarna hy verwys is blybaar die ma se adolessente broer).

R8: "*Ma, pa, ek, drie boetas* (ouer broers)*. Wit HOP-huis. Ons huis is groot, oop met lapding* (Die huis het net een vertrek. Die leefarea en slaaparea word met 'n gordyn geskei). *Ek, ma en D* (naasjongste broer) *slaap op die bed. As pa daar is, slaap hy op die bed en D slaap dan by die ander twee boetas op die ander bed.*"

R9: "*Ouma, jonger boetie* (baba)*, ek, pa, nanna* (pa se adolessente suster, ma het weggeloop). *Baksteenhuis met hok* (agterplaaspondok) *agter. Pa hou daar dronknes* (samekoms van mense waar drank en dwelms misbruik word)*.*

R10:*"Pa, ma en ek. Ons bly in 'n hok* (plakkershut) *in die kamp* (plakkerskamp)*."* Sy wil niks verder oor haar huis vertel nie.

R11: Hierdie dogter is ongeveer ses maande gelede uit haar vader se sorg verwyder en by haar ouma aan moederskant in pleegsorg geplaas. Haar moeder is met haar geboorte oorlede. *"Ouma, oupa, ek, boeta* (ouer broer)*, tannie en uncle* (ouma se suster en haar man) *en hulle kleinkind. Bly in baksteenhuis, met geen hok en geen*



© University of Pretoria

*garage waarin mense bly nie. Ek slaap op my eie bed in my eie kamer. By my pa het ons in hok* (Wendy huis) *gebly. Ek, hy en sy meisies het in hok gebly* (blykbaar verskillende vroue en soms meer as een op ‘n slag ook). *Ek en meisies slaap by my pa op die bed.*

R12: *"My ma, pa, twee ouers susters, ek en ‘n baba suster. Ons bly in ‘n hok* (agterplaaspondok) *agter huis. Ek weet nie wie bly in die huis nie. Groot mense* (bejaardes)*. Geen badkamer, net kom, buite toilet. Ma, pa en baba slaap op die bed. Ek en my twee groot susters slaap op die vloer. Kombuis is agter* (gewoonlik word vertrek net in twee gedeel deur ‘n gordyn)*.* Hy is die enigste respondent wat na ‘n badkamer of toilet verwys het. Baie HOP-huise het net ‘n wasbak en toilet in. ‘n Badkamer word op eie onkoste bygebou. Die plakkershutte of agterplaaspondokke het gewoonlik ook nie ‘n badkamer nie.

### 5.3.3 Inligting oor die vaderfiguur

Vervolgens is vrae oor die vaders of ander manlike gesagsfigure gevra. Die meeste kinders het maklik gepraat en die inligting sonder huiwering verskaf. Die vrae was die volgende:

1. Wie is die vaderfiguur in jou lewe?
2. Waar werk jou pa?
3. Vertel my van jou pa?
4. Watter eienskappe pas die beste by jou pa?
5. Hoe sorg pappa vir julle?
6. Watter dinge doen pappa wat vir jou lekker is?
7. Watter dinge doen pappa waarvan jy nie hou nie?
8. Straf pappa jou as jy stout is?
9. Wat is stout?
10. Hoe straf hy jou?



© University of Pretoria

Die antwoorde op vraag 1 was soos volg:

*Tabel 25: Vaderfiguur se verwantskap:*

| **biologiese vader** | **stiefvader** | **moeder se lewensmaat** | **oupa** | **pleegsorgvader** |
|---|---|---|---|---|
| R2, R4, R8, R9,R10, R11, R12 | geen | R1, R3, R6, R7 | geen | R5 |

Die tweede vraag was waar hulle vaders werk. Ek dui weereens met kursiewe skrif die kinders se antwoorde aan en voeg verduidelikings ten opsigte van die streeksdialek in hakies by. By respondente 1 en 9 het ek in hakies die vaders se beroep bygevoeg. Die kinders het nie die beroep geken nie, maar die vaders is aan my bekend. Op vraag 2, waar hul vaders werk, was hulle antwoorde soos volg:

R1: *"Weet nie."* (Visserman)

R2: *"Ek weet nie. Was mense se karre."*

R3: *"By 'n gastehuis. Hy is die tuinman."*

R4: *"My pa is in die tronk. As hy nie is nie, werk hy by vullisgate* (stortingsterrein) *of hy poach* (stroop perlemoen)*."*

R5: *"Verwer."*

R6: "*Skivvy* (handlanger) *by bouer. Visserman"*

R7: "*Vulligate* (stortingsterrein)*. Tel goeters op. Pawn ysters* (vergader en verkoop skroot)*. Poach partykeers* (stroop perlemoen) *of vang vis. "*

R8: *"Werk in Villiersdorp. Bouer."*

R9: "*Ek weet nie."* (Visserman)



© University of Pretoria

R10: *"Sekuriteitswerk."*

R11: *"Bouer."*

R12: *"Visserman."*

Op die versoek om my meer van hulle pa's te vertel, was die antwoorde soos volg:

R1: *" My regte pa is dood toe ek 'n baba was. My pappa nou is nie 'n goeie pappa nie. Hy skel*[4] *altyd. Drink baie en hy rook entjies* (sigarette).*"*

R2: "*Hy vat my saam werk toe."*

R3: *"Oupa skel daddy uit want hy wou my ma met die mes steek. My daddy keer en slaan vir oupa ook. Hy slaan altyd vir oupa. Ma en daddy is altyd dronk."*

R4: *" Hy is laasjaar tronk toe vir rape. Gaan kuier vir hom daar, ek gaan saam."* (Die respondent was tydens die verkragting teenwoordig.)

R5: *"As hy opstaan skel hy al: skel en sê die kinders eet sy vleis. Skel my oor buite speel."*

R6: "*Vang vis. Gee geld."*

R7: *"Hy is rooi. Help met die kos. Sy oog is stukkend gegooi met die emmer op die vullisgate."*

R8: Sy tel die punte wat sy maak op haar vingers af. "*Drink baie. Kyk films soos karate films. Slaan my ma. Druk haar kop teen die grond vas. Kinders moet wegkruip. Hy vloek en sê ma moenie nonsens praat nie. As pa slaap, huil ma. Ma steel pa se geld. Pa lag lelik!* (sy maak groot, bang oë), *W* (oudste broer) *slaan ook my ma."*

R9: *"My daddy is bruin en my ma wit, soos jy. Hy verf die dak grys."*

R10: *"Daddy gaan werk by iemand en as hy terugkom maak hy kos. Partykeers slaan hy mamma. Hy skop met sy skoene teen haar kop. En partykeers sluit hy ons toe en*

---

[4]Ter verduideliking moet net genoem word, dat die streeksdialek skel verwoord as met 'n harde of kwaai stem praat; raas; bestraf; vermaan; baklei of skree, vloek, 'n groot kabaal opskop of skoor soek met ander.



© University of Pretoria

*loop na die mense toe."* Ek vra watter mense. *"Smokkeljaartse* (sjebiens maar ook plekke waar dwelms verkoop en gebruik word).*"*

R11: *"Hy sê ek is sy soet roos. Hy sit by sy maters en rook buttons* (mandrax) *en drink. Hy's gemors. Hy het met my oulik gemaak* (verkrag). *Hy het my geseks* (sy vloek hom met 'n string kragwoorde). *Hy ruk die kragboks af en sê hy gaan die huis afbrand* (sy wil nie vertel hoekom nie en wil ook nie verder praat nie).

R12: *"Hy vang vis. Sit dit in die emmer. Slaan vir mamma. Mamma bel die polisie. Ons keer. Hy rook dagga en buttons en tik. Nee, hy drink nie drank vir dronkword nie. Hy rook net dronkgoed."*

Die antwoorde op vraag 4 word in tabelvorm weergegee. Die respondente word in die eerste kolom aangedui en daarnaas die eienskappe wat aan die vaders toegedig is. Die eienskappe is aan die kinders gegee en verduidelik. Die antwoorde was soos volg:

*Tabel 26: Eienskappe van die vader:*

| **Respondent** | **Eienskappe van vaders** | |
|---|---|---|
| 1 | • ongeduldig<br>• kla altyd<br>• vloek en skel | • slaan maklik<br>• dronk<br>• werk hard |
| 2 | • ongeduldig<br>• slaan maklik<br>• help my | • dronk<br>• vloek en skel<br>• sorg vir my |
| 3 | • kla altyd<br>• dronk<br>• vloek en skel<br>• altyd kwaad | • slaan maklik<br>• bakleierig<br>• werk hard |
| 4 | • ongeduldig | • dronk |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | • slaan maklik<br>• vloek en skel | • bakleierig |
| 5 | • kla altyd<br>• dronk<br>• vloek en skel | • slaan maklik<br>• bakleierig<br>• altyd kwaad |
| 6 | • slaan maklik<br>• bakleierig | • dronk<br>• vloek en skel |
| 7 | • slaan maklik<br>• vloek en skel | • dronk<br>• altyd kwaad |
| 8 | • slaan maklik<br>• bakleierig<br>• werk hard | • dronk<br>• vloek en skel<br>• altyd kwaad |
| 9 | • slaan maklik<br>• vloek en skel | • dronk |
| 10 | • slaan maklik<br>• vloek en skel | • dronk |
| 11 | • slaan maklik<br>• bakleierig | • dronk<br>• vloek en skel |
| 12 | • gee om vir my<br>• dronk<br>• vloek en skel | • slaan maklik<br>• bakleierig |

Uit hierdie gegewens blyk dit duidelik dat die vaders aan veral drie opsigte in gebreke bly om ‘n positiewe invloed uit te oefen. Al twaalf die kinders het aangedui dat hulle vader gewelddadig optree, vloek en skel. ‘n Verdere elf kinders het hulle vader as dronk beskryf. Positiewe eienskappe soos om vriendelik, geduldig en liefdevol te wees, is glad nie teenwoordig nie. Geen kinders het aangedui dat hulle vaders geduldig of vriendelik is nie. Slegs een kind het gesê dat sy vader vir hom omgee.



© University of Pretoria

Skematies kan die eienskappe van die geselekteerde studiegroep se vaders soos volg voorgestel word:

*Grafiek 2: Eienskappe van vaders:*




Die kinders is gevra om te vertel hoe hulle vader vir hulle sorg. Die volgende antwoorde is ontvang:

R1: *"Hy koop worsies, maar gee nooit geld of speelgoed nie. Hy trek my sustertjie voor."* Hy wil nie verder praat nie.

R2:*"Gee vir almal. Bring vir ons goed van die werk af soos speelgoed wat hy by sy werksmense kry."*

R3:*"Goed, maar hy pay nie."* (dit kan óf beteken dat hy nie 'n vaste salaris verdien nie óf dat hy nie 'n staatstoelae ontvang nie)

R4:*"Kos gekoop. Koop baie dagga, maar dis nooit genoeg nie, dan baklei hy altyd."*

R5:*"Die uncle gee vir my kos en tee. Nie klere nie, hy loaf* (bedel) *die klere by ander ander mense. Hy trek G en J* (sy biologiese kinders) *voor. Hulle gaan eet by die Spur, dan mag ek en K en N* (die drie pleegkinders) *net coke kry, niks eet nie. Gee geld vir snoepie vir G en J, ek kry niks. As ons braai, eet hulle* (ouers en twee biologiese kinders) *vleis, ons* (pleegsorg- kinders) *kry net wors. Hulle eet Kentucky, maar ons mag ook nie kry nie. Kry net brood."*



© University of Pretoria

R6:*"Hy koop kos, maar nie 'n kar nie. Hy gaan see toe, maar vat ons nooit saam nie."*

R7:*"Gee geld vir kos. My ma werk ook. Sy werk by OK."*

R8:*"Hy gee vir ons geld – 'n R10. Hy koop brood en wors, maar nooit hoender nie."*

R9:*"Hy is lief vir ons."* Na 'n lang ruk sê sy: *"Hy vloek en skel oor mammie se drinkery en slaan haar. Ook vir Ouma en nanna* (sy ouer suster)."

R10:*"Hy is altyd kwaad, omdat my ma nie kos maak nie. Hy gee geld net as my ma nie het nie. Anders gaan vra hy geld vir my ouma of loaf* (bedel) *by ander mense. Hy koop nie kos nie, net drank."*

R11:*"Hy koop kos, maar nooit klere nie. Ook nooit skoolklere nie. Ek kry klere by die kerk of by die skool."*

R12: Die respondent antwoord nie. Nadat ek hom redelik aangepor het sê hy net: *"Hy bring vis en nooit hoender nie."* Ek vra hoekom hy hoender moet bring en hy antwoord: *"Ek hou van hoender."*

Die volgende twee vrae word in tabelvorm weergegee. Die vrae was soos volg:

1. Watter dinge doen Pappa wat vir jou lekker is?
2. Wat doen hy waarvan jy nie hou nie?

*Tabel 27: Belewing van die vader se optrede:*

| **Respon-dent** | **Dinge waarvan ek hou:** | **Dinge waarvan ek nie hou nie:** |
|---|---|---|
| 1 | *Speel party keer wegkruipertjie.* | *Hy skel ons uit. Raas en baklei. Slaan party keer my ma. Ma slaan terug. Kinders moet dan gaan slaap. Ek is bang en baie hartseer dan.* |
| 2 | *Hy speel met my. Gooi soms vir mekaar die bal.* | *Party keer bring hy nie kos nie, dan baklei hulle, my ma en pa.* |
| 3 | *Speel met my. Hy slaan my en lag daaroor. Ons speel bal.* | *Wil meestal nie saam speel nie. Skel my omdat ek nie die skottelgoed was nie.* |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 4 | *Vat my see toe. Koop vir my tjips en bubblegums met R2.* | *Hy vat my saam vullisgate toe. Ek sit in die boerman* (blanke) *se lorrie. Pa maak skoon daar. Hy soek moeilikheid met die boere* (blankes) *en die suikervroue* (prostitute) *by die vullisgate.* |
| 5 | *As hy nie verder sy KFC wil eet nie, kry ek die bene om te lek.* | *Wil nie dat ek TV kyk nie. Sê vir die seuns om my te slaan*. Sy herhaal weer die insidente van die Spur en braaivleis. |
| 6 | *Hy stuur my winkel toe, dan mag ek die uitkrygeld* (kleingeld) *hou.* | *Hy vloek my uit. As mens hom kwaad maak baklei hy en vloek en slaan en skop ons. Baklei baie met my ma. Ek hou nie daarvan as hy haar so slaan en met haar baklei nie. Hy wou my ma met die mes steek. Baie kere al. Ma bel die polieste* (polisie)*. Die polieste* (polisie) *sê net: wees rustig, wees rustig. As die polieste* (polisie) *weg is slaan hy my ma hard. Partykeers vat die pote* (polisie) *hom selle toe. Hy was al in die regte tronk. Hy het my groot boeta gesteek dat hy in die hospitaal was* (hy sê nie waarmee, skud net sy kop en vryf aanhoudend oor sy oë). |
| 7 | *Hy speel nie met my nie en gee ook nie drukkies nie.* Ek vra of dit vir haar lekker is as hy nie drukkies gee nie, sy sê: *Ja, ek hou nie daarvan as hy aan my vat nie.* | *Hy raak kwaad. Dan slaan hy ons met die plathand of vuis. Hy raas en sê ons moet slaap.* |
| 8 | Sy antwoord glad nie. Skud net haarkop. | *Hy werk min, ma moet alles doen. Dan vra hy vir ma: kom ons drink. Hy vloek baie en klap ons in die gesigte.* |
| 9 | *Hy gee vir ons aandag. Speel met my netbal.* | *Vloek baie. Of skel. Dit maak my bang.* |
| 10 | *Hy gee geld. Koop vir my 'n pakkie tjips of appels.* | *Maak my kwaad as hy so onbeskof is met my. Vloek my uit. Ek hou nie daarvan as hy of my ma dronk is nie.* |
| 11 | *Hy het my agter my rug gekielie.* | *Slaan my met die belt of houtlepel as hy* |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | *Neem my see toe en ry met my op die scooter.* | *dronk of gerook is. Hou nie daarvan as hy buttons rook nie. Ook nie daarvan as hy dronk is nie.Hy sê: Los my uit! En hy het my oulik* (gemolesteer of verkrag) *gemaak. Dit was nie mooi nie, né. Hy het lelike dinge met my gedoen as hy dronk was.* |
| 12 | *Hy maak vir my koffie en brood en gesels oor my ma wat so lui is.* | *Hy rook baie dagga en soek dan moeilikheid met ons. Hy vloek ons en slaan ons met takke. Hy slaan vir mamma ook. Hy gooi ons met klippe. Hy het my eenkeer met die baksteen gekap* (en hy wys die litteken op sy skouer). |

Al twaalf die respondente het aangedui dat hulle vader hulle straf wanneer hulle stout is. Die vraag is aan hulle gestel wat hulle as stout klassifiseer en op watter manier die vader hulle straf. Die twee vrae word vervolgens saam aangedui. “Stout is...”

R1: *“...as ek my sustertjie slaan of terg. Pappa slaan my met die belt of skel my uit.”*

R2: *“...as ek nie luister nie. Straf is ek kry niks en pa slaan my met plathand. Nie die vroumense* (verwysing na enigiemand van die vroulike geslag) *nie, net vir my.”*

R3:*“...as ek in die strate speel. Pa skel my, slaan party meer met die belt en dan moet ek op die bed gaan lê.”*

R4:*“...as ek onbeskof is, as ek vloek en as ek vieslik is. Ma straf, pa is mos in die tronk. Ek kry nie kos nie, sluit my in die kas toe en skel my uit.”*

R5:*“...as ek nie luister nie. Hy slaan my, klap my teen die kop en ek moet op die bed gaan sit.”*

R6:*“... as ek die bos aan die brand steek, vloek, goed breek. Linge* (sy tweeling susters) *breek ook goed. Hulle gooi dit aspris stukkend, dan lag hulle my uit. Pa slaan my met die belt ook vir die goed wat linge verkeerd maak.”*

R7:*“...as ek huil oor goeters in die winkel of kwaad raak. Hy sluit my in die huis toe en loop. Loop winkel toe en koop.”*



© University of Pretoria

R8:*"...as ek huil of (kragwoord) sê. Hy slaan my met sy army belt en dan moet ek stil sit."*

R9:*"...as ek nie luister nie en onbeskof is. Ek moet gaan slaap."*

R10:*"...as ek nie wil luister nie. Hy slaan met sy plathand my."*

R11: *"...as ek onbeskof is. Hy hok my. Ek mag nie uit die hok uitgaan nie, net binne bly."* Ek vra of ouma en oupa haar ook straf? Sy sê: *"Ja, maar hulle praat en huil net mooi."*

R12:*"...as ek huil. Dit is stout. Hy slaan my met 'n tak."*

### 5.3.4 Godsdiensbeoefening en Godsbeeld

Hierdie afdeling het uit sewe vrae bestaan. Die eerste drie vrae word in tabelvorm weergegee, aangesien die respondente meestal net met "ja" of "nee" geantwoord het. Die drie vrae was:

1. Gaan julle kerk toe?
2. Lees Pappa of Mamma vir jou uit die Bybel of bid saam met jou?
3. Ken jy vir God?

*Tabel 28: Kinders se blootstelling aan geloofsaktiwiteite:*

| **Respon-dent** | **Kerkbywoning:** | **Bybel lees en bid:** | **Ken jy vir God:** |
|---|---|---|---|
| 1 | Ja, baie. | Ja, Bybel lees en bid. | Ja. |
| 2 | Nee, ek gaan kinderkrans toe. | Nee. | Ja. |
| 3 | Nee. | Nee. | Ja. |
| 4 | Nee. | Nee. | Ja. |
| 5 | Ja. | Nee. | Ja. |
| 6 | Nee. | Nee. | Ja. |
| 7 | Nee. | Nee. | Ja. |



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | Nee, ek gaan soms sondagskool toe. | Nee. | Ja. |
| 9 | Nee, ek gaan sondagskool toe. | Nee, maar Ouma doen. | Ja. |
| 10 | Nee, ek gaan sondagskool toe. | Nee. | Ja. |
| 11 | Nee, ek alleen. | Nee, maar ouma en Oupa lees. Ouma bid, nie Oupa nie. | Nee, maar ek ken vir Jesus. |
| 12 | Nee. | Nee. | Ja. |

Vier vrae is aan die kinders gestel om vas te stel watter kennis hulle van God het en hoe hulle Godbeeld lyk. Die vrae was soos volg:

1. Wat dink jy van God?
2. Hoekom dink jy, het Jesus aan die kruis gesterf?
3. Hoe lyk God?

Al twaalf die respondente was huiwerig om vraag een te antwoord en het aanmoediging nodig gehad om te verwoord wat hulle dink. Dis opvallend dat die respondente oorwegend positiewe dinge genoem het en huiwerig was om hulle ware gevoelens te openbaar in hierdie stadium. Antwoorde op die vraag vier: Wat dink jy van God?, is soos volg:

R1: *"Hy is lief vir ons. Hy is 'n Goeie Man."*

R2: *"Goed. Hy doen alles vir ons."*

R3:*" Mens bid net."*

R4:*"Jesus is Sy pa en Mariena is Sy ma."*

R5:*"Hy is goed. Hy kan nie help nie, Hy is te ver."*

R6:*"Hy sorg vir mens. Keer dat jy nie verkeerd doen nie, maar dan moet jy elke Sondag kerk toe gaan."*

R7:*"Hoe hy kinders straf."*



© University of Pretoria

R8:*"God het my lief ...Baie lief ... vir kinders, ja."*

R9:*"God is lief vir kinders, Hy is bly oorlat daar kinders is."*

R10:*"Hy is nie onbeskof nie en gee mens alles wat mens wil hê."*

R11:*"Hy was dood, maar die Engel sê Hy lewe."*

R12:*"God is lief vir my. Gee om."*

Die volgende vraag het die kinders se kennis getoets en ek wou ook vasstel hoe die kinders Jesus se verlossingswerk verstaan. Vraag vyf was: Hoekom, dink jy, het Jesus aan die kruis gesterf? Die antwoord was soos volg:

R1: *"Want die stout mense het Hom gevang."*

R2:*"Want hulle het Hom geslaan. Hy was 'n slegte Man."*

R3:*"Hy was 'n skollie* (straatboef)*."*

R4:*"Weet nie."*

R5:*"Die dissipels het Hom vasgekap."*

R6:*"Vir ons sonde."*

R7:*"Kap spykers in Sy hande omdat Hy kinders wil straf."*

R8:*"Want Jesus het iets verkeerd gedoen."*

R9:*"Weet nie."*

R10: *"Ek weet nie."*

R11: *"Hulle was jaloers."*

R12: *"Hulle het Hom doodgemaak, want Hy het dinge gedoen."* Op die vraag watter dinge, trek hy net sy skouers op.

Om meer omtrent die kinders se Godsbeeld te wete te kom, is hulle versoek om God te beskryf. Die volgende vraag het gelui: Hoe lyk God? Die respondente se response was soos volg:



© University of Pretoria

R1: *"Weet nie. Hy het 'n rooi sweetpak aan."* Ek vra hoekom dra God 'n rooi sweetpak. Respondent antwoord: *"Dis mooi."*

R2: *"Gelukkig ... Mooi ... Kwaad ... Kwaad vir die duiwel en vir party kinders soos in die klas."*

R3: *"Boerman* (blanke)*. Hy is groot en sterk. Hy is 'n ou Man ook."*

R4: *"Groot en sterk. Hy is in die hemel. Hy lyk so jonk en nogsteeds vol bloed en dorings. Hy help dat mense na die Lig toe gaan."* Ek vra die lig of die lug, terwyl ek die verskil verduidelik. Hy sê net: *"Die lig,"* en volstaan daarmee.*"As ons vloek, huil Hy."*

R5:*"Wit man. Mooi gekoopte klere. Die klere lyk so pers. Dra plakkies en Hy is kwaai."*

R6:*"Wit man. Mooi. Lang baard soos vader Krismis."*

R7:*"Hy is rooi. Hy straf ons. Vat hulle saam en gooi hulle in die water soos die seewater dan verdrink die kleintjies."*

R8:*"Hy is bruin. Nee, wit. Vet met lang rooi baard. Baie groot en baie kwaai."* (Die res van haar beskrywing word uitgelaat, aangesien dit as kru gesien kan word).

R9:*"Boere man* (blanke)*. Maer en Hy bly in die hemel."*

R10:*"Wit. Lang hare. Dra rokke. Bruin skoene."*

R11:*"Wit, lang hare. Hy het vlerke en 'n mantel."*

R12:*"Wit en groot. Hy dra rokke. Sy voete is baie vuil."*

Die antwoorde op vraag 7 word in tabelvorm weergegee. Die respondente word in die eerste kolom aangedui en daarnaas die eienskappe wat aan God toegedig is. Die eienskappe is aan die kinders gegee en verduidelik. Die antwoorde was soos volg:



© University of Pretoria

*Tabel 29: Eienskappe van God:*

| **Respondent** | **Eienskappe** | |
|---|---|---|
| 1 | • help jou<br>• kwaai<br>• hou nie van kinders nie | • sorg vir jou<br>• straf graag<br>• wag vir verkeerde dade |
| 2 | • vriendelik<br>• kwaai | • help jou<br>• straf graag |
| 3 | • help jou<br>• kwaai<br>• bakleierig<br>• hou nie van kinders nie | • sorg vir jou<br>• vloek en skel<br>• straf graag<br>• wag vir verkeerde dade |
| 4 | • sorg vir jou<br>• kwaai<br>• bakleierig<br>• hou nie van kinders nie | • altyd kwaad<br>• vloek en skel<br>• straf graag |
| 5 | • help jou<br>• kwaai<br>• hou nie van kinders nie<br>• wag vir verkeerde dade | • altyd kwaad<br>• straf graag<br>• omgee |
| 6 | • sorg vir jou<br>• kwaai<br>• straf graag | • altyd kwaad<br>• vloek en skel<br>• wag vir verkeerde dade |
| 7 | • altyd kwaad<br>• vloek en skel<br>• bakleierig | • kwaai<br>• straf graag<br>• hou nie van kinders nie |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | • wag vir verkeerde dade | |
| 8 | • altyd kwaad<br>• bakleierig<br>• wag vir verkeerde dade | • kwaai<br>• straf graag |
| 9 | • help jou<br>• altyd kwaad<br>• straf graag | • sorg vir jou<br>• kwaai |
| 10 | • altyd kwaad<br>• bakleierig<br>• wag vir verkeerde dade | • kwaai<br>• straf graag |
| 11 | • help jou<br>• altyd kwaad<br>• vloek en skel<br>• wag vir verkeerde dade | • sorg vir jou<br>• kwaai<br>• straf graag |
| 12 | • altyd kwaad<br>• vloek en skel<br>• omgee | • kwaai<br>• straf graag<br>• wag vir verkeerde dade |

Respondent 2 het baie heftig reageer toe ek aan hom verduidelik wat vergifnis beteken. Hy het dit duidelik gestel dat God definitief nie mense wíl vergewe nie. Respondent 6 het eers gesê God vloek en skel, en later gesê nee, nie regtig vloek met lelike woorde nie, maar praat en raas met 'n baie kwaai stem. Respondent 11 en 12 het aangedui dat God mense dood laat neerslaan om hulle te straf. Respondent 11 en 12 het ook gesê dat God mense graag straf deur hulle te laat val of te laat seerkry. Beide het ook genoem dat mense siek word of doodgaan van siektes omdat God hulle so straf. Skematies kan die eienskappe van die geselekteerde studiegroep se vaders soos volg voorgestel word:



© University of Pretoria

*Grafiek3: Eienskappe van God*




### 5.3.5 Vrae volgens temas

Die vrae in die afdeling moes met 'n 'ja', 'nee' of 'soms' beantwoord word. Die doel was om 'n eerliker siening van die betrokke sake te verkry. Die stel van ja-en-nee-vrae stel die kind instaat om sy of haar opinie te gee, sonder om blootgestel te voel. Die data word skematies aangebied om 'n aanduiding van die respondente se reaksies te gee.

- **Hoe ek oor my pa voel**

Hierdie tema word in twee dele gedeel, naamlik: ek-vrae en my pa-vrae.



© University of Pretoria

*Grafiek 4: Hoe ek oor my pa voel:*




Dis opvallend hoe groot die persentasie respondente, naamlik 75%, wens dat hulle vader anders was. Hoewel hulle wens hulle vader was anders, wil hulle steeds eendag soos hulle vader wees.

*Grafiek 5: Hoe my pa teenoor my optree:*






© University of Pretoria

- **My pa...**

In hierdie afdeling is stellings aan die kinders gemaak, waarin ontoereikende gedrag van hulle vaders beskryf is. Hierdie gedrag kan as negatiewe rolmodelle gesien word.Die antwoorde van die kinders bevestig dat hulle vaders 'n gebrekkige rolmodel vir hulle is.

*Grafiek 6: Hoe my pa is:*




- **Wat ek oor God dink...**

Hierdie tema word ingedeel in ek-vrae en God-vrae. Die respondente was opsigtelik gemakliker om hierdie vrae te antwoord as die vorige vrae wat oor hulle verhouding met God gehandel het. Dit bevestig die vermoede dat hierdie vrae hulle veiliger laat voel het, aangesien daar nie 'n regte of verkeerde antwoord was nie.



© University of Pretoria

*Grafiek 7: Hoe ek oor God voel*




Nege kinders (75%) het aangedui dat hulle bang en kwaad is vir God. Agt kinders wens God was anders. Op die vraag hoe hulle wou hê God moes wees, was van die antwoorde:

- *"dat ons Hom kon sien"*;
- *"ek weet nie"*;
- *"Hy moes nie horings gehad het nie"*;
- *"dat Hom ons kon gesien het"* (dat God ons kon sien);
- *"mens moes Hom kon sien"*;
- *"Hy moes 'n vrou ge-is* (gewees) *het"*.

Sewe en nege kinders onderskeidelik voel dat hulle God nie kan vertrou nie en dat God hulle nie kan help nie.



© University of Pretoria

*Grafiek 8: Hoe ek oor God dink:*




Uit die response van die kinders is dit duidelik dat hulle in die algemeen 'n redelik negatiewe Godsbeeld het. Hulle ervaar God as ver, onwillig en onbevoeg om te help. God word ook as 'n wreedaard beskou wat kinders wil straf en daarvan hou as mense swaarkry.

### 5.3.6 Emosiekaart

'n Emosiekaart, met die standaard emosies daarop aangedui, is aan die kinders gewys. Die emosies wat uitgebeeld is, is die volgende: woedend, skuldig, bang, kwaad, seer gemaak, hartseer bly en bekommerd. Die sketse is aan hulle bekend omdat dit ook in hulle skoolklasse gebruik word as flitskaarte (geneem uit Coetzee *et al* 2003b:48-51). Die emosiekaart word as *Skets 2* ingesluit. Die volgende vier vrae is aan die kinders gestel:

1. Hoe voel jy oor Pappa?
2. Hoe voel Pappa oor jou?



© University of Pretoria

3. Hoe voel jy oor God?
4. Hoe voel God oor jou?

Die data word skematies voorgestel. Slegs die emosies wat deur die kinders uitgewys is, word aangedui.

*Skets 2: Emosiekaart:*






© University of Pretoria

*Grafiek 9: So voel ek oor Pappa:*




*Grafiek 10: So voel Pappa oor my*




Uit hierdie skematiese voorstelling blyk duidelik dat die kinders oorwegend verdrietig voel oor hulle vaders. Hulle is klaarblyklik verdrietig oor die manier waarop hulle vader teenoor hulle optree, asook die manier waarop die vader sy lewe lei. Die oorheersende gevoel wat die kinders ervaar hulle vader teenoor hulle openbaar, is woede. Die vader is gewelddadig en ongeduldig teenoor die kinders.



© University of Pretoria

*Grafiek 11: So voel ek oor God:*




Uit hierdie afdeling kan die afleiding gemaak word, dat die respondente woede, sowel as hartseer bo ander emosies ervaar. Slegs een respondent het 'n positiewe gevoel oor God openbaar.

*Grafiek 12: So voel God oor my:*




Hierdie emosies korreleer met die aannames dat God as ver en onbetrokke ervaar word.



© University of Pretoria

### 5.3.7 Rollespel

Tydens die rollespel aktiwiteit is die kinders die geleentheid gegee om vingerpoppe uit ‘n doos te pak. Die kinders moes elkeen se naam noem en iets oor die pop vertel as hulle wou. Die keuse van poppe het in gesluit: ‘n prins, ‘n dogtertjie, ‘n heks, ‘n krokkodil, ‘n ou man, ‘n wolf, ‘n muis en ook ‘n eend. Die keuse van hierdie poppe is om die volgende redes gemaak: geslagsidentifikasie poppe (die prins en dogtertjie, Sneeuwitjie); diere karakters wat vreedsaam of neutraal is (eend en muis); diere karakters wat kwaai is (krokkodil en wolf) en laastens ook menskarakters aan wie spesifieke eienskappe toegedig kon word (ou man en heks). Foto’s is as Addendum I hierby ingesluit.

Rollespel is deel van fantasiespel en fantasiespel is van besondere waarde met klein kinders. Fantasiespel bied kinders die geleentheid om uit te druk hoe hulle die wêreld rondom hulle waarneem en verstaan. Dit is spontaan en hulle behoort vrye teuels gegee te word sonder dat volwassenes toetree (Faber 1998:3). Rollespel aktiwiteite bied kinders die geleentheid om uitdrukking te gee aan hulle indrukke en bied hulle ook die geleentheid om indrukke te verwerk.Kinders gee uitdrukking aan wat hulle beleef het: hul angs, vrese, teleurstellings of vreugdes. Fantasiespel het terapeutiese waarde omdat dit aan kinders die geleentheid bied om hulle gevoelens uit te druk (Faber 1998:3; kyk De Witt 2014:62). Fantasiespel is meesal nabootsingspel. Daar is altyd ‘n sinsamehang tussen kinders se voorstellings en hulle ervaringsbesit (De Witt 2014:58). So sal kinders byvoorbeeld nie tydens fantasiespel hulle ouers as dronk of bakleierig uitbeeld, as dit nie in werklikheid ook die geval is nie. Alhoewel fantasering met oordrywing gepaard gaan, is die oorsprong daarvan tog ‘n werklikheid wat in die fantasie nageboots word. In fantasiespel poog kinders om hulle indrukke van die wêreld, hulle ervarings en hulle omstandighede te verwerk. Deur dit te verwerk gee hul betekenis, orde en ‘n mate van beheer oor hulle eie ervarings. Veral wanneer kinders aan ongunstige situsies blootgestel word, bied fantasering deur middel van rollespel die geleentheid om sin te maak van die situasies (Faber 1998:3; kyk De Witt 2014:58).



© University of Pretoria

*Tabel 29: Rollespelkarakters:*

| Respon-dent: | **Ek is die…** | **God is die...** | **Pappa is die....** |
|---|---|---|---|
| R1 | Prins | Prins | Krokkodil |
| R2 | Prins | Prins | Krokkodil |
| R3 | Dogtertjie (Sneeuwitjie, prinses) | Prins | Heks |
| R4 | Krokkodil | Heks | Wolf |
| R5 | Dogtertjie | Prins | Krokkodil, later wolf, later heks. |
| R6 | Prins, later muis | Prins | Heks |
| R7 | Prins | Heks | Krokkodil |
| R8 | Prins | Heks | Vat baie lank om te besluit. Vat die heks, krokkodil, ou man, wolf en muis en pak dit voor haar. Gryp skielik die heks en gooi die ander terug. |
| R9 | Dogtertjie | Prins | Eend |
| R10 | Dogtertjie | Heks | Heks, ruil dit om vir ou man. |
| R11 | Dogtertjie | Heks | Heks |
| R12 | Prins of die eend. Wik en weeg en besluit dan op die prins | Ou man | Wolf. Hy wil egter nie aan die wolf vat nie en wys net met die vinger. |

Alhoewel sommige kinders aanvanklik skrikkerig was om te speel, het al die respondente wel meegedoen. Ek het sommiges aangemoedig, deur met behulp van 'n muis-pop uit te vra oor die poppe wat hulle kind gekies het. Ek het vrae gestel soos: "Wie is daardie prins?"; "Wat sê die prins vir die krokkodil?"; "Wat maak die



© University of Pretoria

krokkodil nou?" Wanneer ek gesien het dat die kind ongemaklik raak of nie wou speel nie, het ek hulle die keuse gegee om die poppe te bêre.

Maande na die onderhoude het respondente 4 en 5 soms na my klaskamer (ek is 'n opvoeder by die betrokke skool) gekom en gevra of hulle weer met die poppe mag speel. Alhoewel hulle soms met al die poppe, of verskillende karakters gespeel het, was die gesprekke altyd tussen die gesinslede, met die vaderfiguur wat sentraal staan en God. Respondent 11 het dikwels ook gevra of sy die poppe mag sien. Sy het nooit hardop gepraat nie, net na almal gekyk en saggies gefluister. Nadat sy die eerste maal gespeel het, het ek opgemerk dat die heks weg is. Die heks was die karakter wat sy vir haar vader, sowel as vir God gekies het. Later het ek die heks in die vullisdrom gekry. Telkens wanneer sy kom speel het, het sy die heks-pop op een of ander manier weggegooi: in die vullisdrom, agter die legkaarte, onder die mat ingedruk, tussen die boeke op die boekrak weggesteek. Nadat sy die laaste keer kom speel het, kon ek die heks-pop nie weer opspoor nie. In my subtiele gesprekke oor waar die heks haar (hom) bevind, het sy gemaak of sy my nie hoor nie of nie weet waarvan ek praat nie.

Die rollespel gesprekke word in tabelvorm gegee ter opgesomming. Die kursiewe skrif is die respondente se direkte rede of handelinge.

*Tabel 31: Rollespelgesprekke:*

| **Responent** | **Karakters** | **Gesprek** |
|---|---|---|
| 1 | God is die Prins<br>Vader is die krokkodil. | *Prins sê vir krokkodil: "Jy is stout. Ek gaan jou straf."*<br>*Krokkodil: "Dis nie ek nie!"*<br>*Prins: "Jy is gemors! Hou op suip."*<br>*Krokkodil: "Dis nie ek nie!"*<br>*Prins: "Los vir C* (respondent) *uit. Hou op om hom te slaan."*<br>*Krokkodil: "Dis nie ek nie!"* |
| 2 | God is die Prins<br>Respondent is ook die prins. | Hy is onwillig om te speel. Praat met piepstemmetjie. Ek vra wie is die prins? Hy antwoord dat dit L (sy naam) is.<br>*Prins: "Hoekom help Jy ons nie, God?"* |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | *Prins: "Hoekom is ons arm? Hoekom poach Daddy nie?"* *Prins: "Ek hou nie van dit nie!"* Hy pluk die poppie af en prop dit in die boks. Ek het vir hom gevra waarvan dit is, dat hy nie hou nie. Sy antwoord was: "*Om alleen te wees."* |
| 3 | God is die Prins en die vaderfiguur is die heks. | *Prins aan heks: "Moenie drink nie! Jy is onbeskof met die kinders!"* Sy wil nie verder speel nie. |
| 4 | God is die Heks, respondent is die krokkodil en die pa is die wolf. | Op die vraag waarom hy die krokkodil wil wees, antwoord hy: "*Krokkodille is bang vir niemand nie. Hy vreet sommer almal op."* *Krokkodil: "Wat maak jy, huh Wolf?"* *Heks aan wolf: "Los uit die vroumense! Jy is 'n skollie!"* *Krokkodil aan wolf: "Kom terug huis toe. Ons het nie kos nie."* *Heks aan wolf: "Luister,* (kragwoord) *!"* *Krokkodil aan wolf: "Is jy lief vir my? Is jy lief vir my? Is jy lief vir my!!"* *Die krokkodil wil nie met die Heks praat nie, want die heks gaan hom straf omdat hy met sy pa gepraat het. Hy kruip vir die Heks weg.* |
| 5 | Respondent is die dogtertjie-pop. God is die Prins en die vaderfiguur is die krokkodil, wolf en heks. | *Dogtertjie: "Hallo, meneer. En wat soek Jy hier by ons skool?"* *Prins: "Maar ek ken jou nie, Kind. Waar bly jy?"* *Dogtertjie: "* (Sy gee haar adres)" *Prins: "Hahaha! Hoe gaan dit?"* *Dogtertjie: "Dit gaan sleg, God. Ja, dit gaan baie sleg."* *Prins "Hahaha!"* *Dogtertjie: "Ek is hartseer,* (maak snikgeluide), *die huis is sleg. Die uncle skel my uit."* *Prins: "Hahahaha!"* *Dogtertjie: "Hoekom kom help Jy nie, God."* *Prins: "Ek kan nie."* Sy bêre die krokkodil, wolf en heks, maar nie die ander poppe nie. Sy speel allerhande ander speletjies daarmee. Later toe sy met die res van die onderhoud |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | voortgaan, hou sy die poppe op haar skoot. |
| 6 | Respondent en God is die Prins. Later tydens die rollespel gebruik hy die muis om homself te speel. Vader is die wolf. | Hierdie respondent het geen aanmoediging nodig nie en speel dadelik. Hy leef hom in die storie in en praat met verskillende stemme.<br>*Muis aan Prins: "God weet jy wat gebeur in ons huis?"*<br>*Prins: "Nee, wat gebeur daar?"*<br>*Muis: "My ma en pa baklei elke aand en my pa wil mes steek."*<br>*Prins: "Jy jok seker weer, né."*<br>*Muis: "Nee. My pa slaan my ma as hy haar nie kan steek nie."*<br>*Prins: "Dis reg so. Mans moet vroue slaan. Vroue is dom."*<br>*Muis: "God, gee my net 'n stywe drukkie."*<br>*Prins: "Nee." Stamp die muis weg.*<br>*Muis aan wolf: "Wat maak jy?*<br>*Wolf: "Dis my werk om julle kinders en my vrou reg te sien."*<br>*Muis: "Moenie my ma seermaak nie."*<br>*Wolf: "Julle mag lekker slaap en ek moet regop staan* (sorg) *vir almal."*<br>*Muis: "Moenie ons seermaak nie!"*<br>*Wolf: "Shut up."*<br>*Muis:  "Hoekom drink jy so?"*<br>*Wolf: "Ek moet."*<br>*Muis: "Hoekom drink jy so?"*<br>*Wolf: "Ek moet mes steek."*<br>*Hy bêre die muis en vat weer die prins.*<br>*Prins aan wolf: "Gee my 'n drukkie, Daddy."*<br>*Wolf: "Nee, drukkies is vir vroumense."* |
| 7 | Respondent is die prins, God is die Heks en sy pa is die krokkodil. | *Prins aan krokkodil: "Moenie my straf nie."*<br>*Krokkodil sê niks, maar probeer die prins heeltyd gryp.*<br>*Prins: "Prinse mag nie gestraf word nie."*<br>*Krokkodil: "Jesus gaan jou vang en straf."*<br>*Heks gryp die prins en lag: "Hahaha, nou gaan ek jou in die see verdrink!"* |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | *Prins: "Nee, ek is lief vir jou pappa! Ek is lief vir jou God."*<br>Hy bly lank stil en ek vra hom wat sê pappa en God vir jou.<br>*Respondent: "Hulle sê niks."* |
| 8 | Respondent kies prins (al is sy 'n dogtertjie), God is die Heks en sy neem baie lank voordat sy op een vir die vaderfiguur besluit. Kies, heks, krokkodil, ou man, wolf en muis. Kies naderhand die heks. | *Die respondent voer 'n gesprek tussen die prins en heks: "Tjie-tjie-tjie..." Ek vra waaroor gesels hulle. Sy trek net die skouertjies op. Ek neem die eend en probeer met haar gesels.*<br>*Ek: "Wil jy iets vir God sê, Prinses?"*<br>*Sy kyk lank vir my, neem toe die heks en vra: "God, kan jy my help?"*<br>Sy bêre skielik al die poppies, vat die eend ook by my en maak die boks toe. Ek waag dit om te vra: "Wat het God gesê, Prinses."<br>*Respondent: "My naam is L* (eie naam). *Hy sê nee."* |
| 9 | Respondent kies die dogtertjie, God is die Prins en haar pa is die eend. | Sy is eers baie huiwerig, maar leef haar vinnig in.<br>*Eend skreeu: "Gaan weg, slegte vrou!"*<br>*Dogtertjie aan Prins: "Hallo God. Ek is hartseer."*<br>*Prins antwoord nie.*<br>*Dogtertjie: "God, waar is my ma?"*<br>*Prins antwoord nie.*<br>*Dogtertjie: "Het my pa haar weggejaag?"*<br>*Prins antwoord haar nie.* |
| 10 | Respondent is die dogtertjie, kies die Heks vir God en haar pa. Besluit toe om die ou man vir haar pa te gebruik. | *Dogtertjie aan ou man: "Waar was jy?"*<br>*Ou man: "Ek was by my stiefpa."*<br>*Dogtertjie: "Waaroor het julle gesels?"*<br>(Respondent fluister vir my: "Hy't nie vir my gesê nie.")<br>*Dogtertjie: "Het julle gepraat oor geld? Jy soek weer geld, né. Hoekom drink Pappa so?"*<br>*Ou man: "Jy praat nie so met my nie, jou* (kragwoord)*."*<br><br>*Dogtertjie aan Heks: "God, hoekom drink my ma en pa so?"*<br>*Heks: "Ek weet nie, my Prinsessie. Ek weet hoe hy is."* |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | *Dogtertjie: "Maar, hoekom?"*<br>*Heks: "Hy soek altyd iets in sy keel!* (verwysing na mense wat baie drink of alkoholiste is)*"*<br>*Dogtertjie: "Mag ek saamkom?"*<br>*Heks: "Nee!"* |
| 11 | Respondent is die dogtertjie. God is die heks en haar pa is ook die heks. | *Dogtertjie: "Hoekom drink jy so?"*<br>*Die heks reageer nie. Dogtertjie praat alleen.*<br>*Dogtertjie: "Waar kry jy dit? Het jy vir my sjampoe gekoop? Nee, seker weer net wyn! Jy drink jou dronk. Elke dag."*<br>*"Hoekom drink jy jou dronk?"*<br>*Heks: "Hou jou bek, jy sê nie vir my nie* (beteken teëgaan)."<br>*Dogtertjie: "Hou op! Moenie so vloek nie. Moenie so drink nie."*<br>*Heks: "Hou jou* (kragwoord) *bek!"*<br>*Dogtertjie: "Moenie so rook nie."*<br>*Heks: "Hou jou* (kragwoord) *bek!"*<br>*Dogtertjie: "Moenie my slaan en seer maak nie."*<br>*Heks: "Hou jou* (kragwoord) *bek!"*<br>*Dogtertjie: "Moenie my gryp nie, jou gemors."*<br>*Heks: "Hou jou* (kragwoord) *bek!"*<br><br>*Dogtertjie aan Heks: "Hoekom drink my pappa so?"*<br>*Heks: "Ek is hartseer. Ek gaan jou pa straf."* |
| 12 | Respondent kies die prins en later die eend vir homself. God is die Ou man en sy pa is die wolf. | Hy wil nie speel nie. Hy wil ook glad nie aan die wolf vat nie. Ek vra of hy bang is vir die wolf. Hy knik. Ek sit die prins en die wolf op my eie vingers en moedig hom aan om stemme te maak.<br>*Prins: "Moenie gaan nonsens maak met die dagga nie."*<br>*Wolf: "Shut up, ek doen wat ek wil."*<br><br>Hy reageer nie verder nie. En neem die Ou man en die eend, maar hy wys na die prins toe. Ek neem die prins en die Ou man en sit dit op my vingers.<br>*Prins: "My pa maak my hartseer."* |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| | | *Ou man: "Toemaar, toemaar. Gaan na M* (suster) *toe."* |

### 5.3.8 Sketse

Tydens die laaste deel van die onderhoud is die respondente gevra om twee sketse te maak. Vir kinders tussen die ouderdom van vyf en agt jaar is 'n skeppende aktiwiteit soos teken van groot waarde om uitdrukking te gee aan emosies. Kleiner kinders se woordeskat en selfvertroue ontbreek dikwels om oor traumatiese gebeure te praat, daarom is kuns 'n effektiewe manier om uitdrukking aan die self te gee (Schirrmacher 2002:2). Kinders heg meer waarde aan die innerlike waarde van persone of voorwerpe as aan die uiterlike. Die sketse wat hulle maak, is nie realisties nie, maar is uitdrukking van hulle ervaring (kyk Lark-Horovitz *et al* 1973:212). Sketse van kinders is nie realisties volgens kleur, grootte, vorm of proporsies nie, maar beeld hulle emosionele belewing akkuraat uit (Van Staden 1997:2; kyk Schirrmacher 2002:83). Van Staden (1997:2, 46) en Shirrmacher (2002:2, 83) wys daarop dat oordrywing in 'n skets, soos om iemand met 'n groot rooi glimlag te teken kan dui op liefde en geluk. Oordrywing kan ook insluit om iemand groter as die ander persone uit te beeld, wat of op bewondering of op vrees kan dui. Verder word sekere elemente soms weggelaat. Die weglating van elemente, soos persone sonder arms of hande kan dui op onwilligheid of onmag om te help. Van Staden (1997:46) bied drie riglyne vir die beoordeling van kinders se sketse, naamlik:

- belangrike dele word vergroot;
- onbelangrike dele word uitgelaat;
- sekere dele word om psigiese redes geïgnoreer.

Geen betekenis aan kleur gegee behoort te word nie, aangesien kleiner kinders nie emosionele waarde aan kleur heg nie. 'n Prentjie wat byvoorbeeld slegs in bruin of swart geteken word, dui nie noodwendig op 'n negatiewe gemoedstoestand nie. Kinders kan gevra word om hulle sketse te verduidelik eerder as dat volwassenes hulle eie afleidings maak.

- **Sketse: Ek en pappa**

Slegs enkele sketse word ingesluit. Die beskrywing wat gegee word, is die direkte rede van die kinders.



© University of Pretoria

<u>*Skets 3: Respondent 1 se skets van hom en sy vader:*</u>




R1:*“Ek huil. Ek wil nie saam loop nie. Hy is onbeskof. Hy slaan my.”*

Ek*: “Waarheen ry julle hier?”*

R1*: “OK toe, maar ek wil nie.”*

Ek*: “Hoekom nie?”*

R1*: “Langs die OK is daai plek* (drankwinkel)*.”*

R2: *“Loop huis toe. Was by pa se werk. Ons het karre gewas. Geld verdien en gaan nou kos koop.”*

R3:*“Ons speel wegkruipertjie. Ek kruip weg in die speelhoekie en pappa agter die muur.”*

R4: *“Swem by die see. Party as pa huis toe kom. Almal is nie gelukkig nie. Ma skel my uit en slaan my.”*

R5:*“By die huis. Ons staan op die gras. Hy gaan ‘n hok bou en ek gee die spykers aan.”*

*Ek: “Vir wie gaan hy die hok bou?”*

*R5: “Hok is vir T.”*

*Ek: “Wie is T?”*

*R5: “Nog ‘n grootmaakkind* (kind in pleegsorg)*, soos ek.”*

<u>*Skets 4: Respondent 6 se skets van hom en sy vader:*</u>



© University of Pretoria




R6:*"Pappa gaan vir Boeta steek. Ek wil die mes afvat, maar pappa is te sterk."*

R7:*"Ma was* (spons hulle af in 'n kom water aangesien hulle nie 'n bad of stort het nie) *my. Hy was hom ook. Pa baklei oor dieselfde goed wat ek nie gedoen het nie."*

R8:*"Ek en pa speel op die gras. Pappa is weer kwaad, want ma is dronk."*

R9:*"Loop winkel toe."*

*Ek: "Hoekom? Wat gaan julle daar maak?"*

*R9: "Gaan iets koop."*

*Ek: "Wat gaan julle koop?"*

*R9: "Melk vir die baba."*

*Ek: "Waaroor gesels julle?"*

*R9: "Nee, niks."*



© University of Pretoria

*Skets 5: Respondent 10 se skets oor haar en haar vader:*




R10:*"Ek is hartseer omdat my pa so drink."*

R11:*"V* (onbekend wie dit is) *en pa baklei oor pa dronk is. Ek probeer wegkruip."*

R12:*"Pappa rook en praat met my. Ons praat oor Jesus. Pappa sê ek beter huil oor Jesus dood is."*

- **Sketse: Ek en God**

Slegs enkele sketse word ingesluit. Die beskrywings is die direkte rede van die kinders.

R1: *"Ek is gelukkig. God het spiere. Ons loop ver."*

*Ek: "Waar loop julle so ver?"*

*R1: "Ver van S* (dorp se naam) *af."*

*Ek: "Hoekom het God spiere?"*

*R1: "Hy is sterk. Sodat hy al die stout mense kan straf. Hulle moet siek laat word en doodgaan."*

R2: *"Ons loop ook. Ons gaan huis toe."*

*Ek: "Wat maak julle by die huis?"*

*R2: "Ons speel bal."*

*Ek: "Wil jy iets vir God sê?"*



© University of Pretoria

*R2: "Ja, ek wil eerder krieket speel. Nie net met die groot bal nie."*

R3: *"God is lief vir my. Ons speel skiptou* (*springtou*)*, maar God kan nie spring nie. Hy is in die hemel."*

<u>*Skets 6: Respondent 4 se skets van hom en God:*</u>




R4: *"Ek huil. God is hartseer. Ons gesels met mekaar."*

*Ek: "Hoekom is God hartseer?"*

*R4: "Omdat Hy heeltyd mense moet straf. Hy laat hulle vrek of tronk toe gaan."*

R5:*"Ons loop in die pad. Ons loop weg. Ons gaan brood koop. Hy moet saam loop en nie saam my huis toe gaan nie."*

*Ek: "Hoekom moet God nie na jou huis toe kom nie?"*

*R5: "Daar moet ek alleen gaan. Hy mag nie sien nie."*

R6:*"Jesus vaar op na die hemel. Ek was by die huis. Ek het gedink Hy sal ons kom haal en saam vat, want ons is kinders, maar Hy vat net ander mense."*

R7:*"Jesus praat met my. Hy sê Hy gaan my vang en in die see gooi."*



© University of Pretoria

*Ek: "Hoekom wil Jesus dit doen?"*

*R7: "Want hy hou daarvan as ek seerkry. En Hy gooi my."*

*Ek: "Het Jesus jou al in die see gegooi?"*

*R7: "Nee, maar Hy wil elke nag."*

*Ek: "Wie sê Jesus wil jou vang en seermaak?"*

*R7: "Mamma en Pappa."*

R8:*"Ons loop op die water, want ons gaan vis vang. God gaan die vis vir my bak."*

R9:*"Ons loop ook. Loop huis toe. Gaan rus by die huis. Ek gaan rus en Hy ook. Hy moet, want Hy is moeg gesoek na my ma."*

R10: *"Ek is bly toe ek vir God sien. Hy kom my seker haal. Hy gaan vir my 'n mooi plek wys, met speelgoed en lekker kos, soos burgers en worsies."*

R11:*"Pa baklei en vloek en gaan aan. God kyk net hoe hulle baklei en sê Hy sal hulle straf."*

R12:*"Ons staan en praat. Ons praat oor my pa. Hy gaan my pa doodmaak en dan moet ek huil."*

## 5.4 INTERPRETASIE VAN DATA

Volgens Fowler (1981:38-48) se geloofsontwikkelingsmodel is die eerste vlak, wat van twee- tot ses-jarige ouderdom strek, die van intuïtief-geprojekteerde geloof. Kinders vorm hulle mees elementêre Godsbeeld deur die betekenisvolle volwassenes in hulle lewe dop te hou. Hierdie fase word ook gekenmerk deur fantasering. Die primêre gevoelens, vrees en liefde, kan aan religieuse beelde gekoppel word. Oorsaak en gevolg speel 'n groot rol in kinders in hierdie vlak se denke en optrede. Vanaf ongeveer vyf-jarige ouderdom begin kinders onderskei tussen reg en verkeerd, maar kinders is inherent gehoorsaam en maak die regte keuses waarskynlik bloot om straf te vermy (De Witt 1994:33).

Westerhoff (1970:50) beskryf die eerste fase as ervaarde geloof. Hierdie fase duur vanaf geboorte tot en die vroeë kinderjare. Tydens hierdie tydperk neem kinders aktief deel aan geloofsaktiwiteite, sonder om dit noodwendig te verstaan.



© University of Pretoria

Belanghebbende volwassenes, soos ouers, ouer sibbe, onderwysers of familielede word nageboots. Wanneer kinders volwassenes se gedrag modelleer word 'n gevoel van genoegdoening ervaar.

Uit die studie blyk dit dat die vader 'n beduidende invloed op hulle kinders het. Verder blyk dit dat selfs die vaders wat 'n gebrekkige rolmodel vir kinders is, tog die kinders se held bly. Selfs al besef die kinders dat die vaders nie navolgenswaardig is nie, wil hulle graag soos hulle wees. Die studie toon dat 92% van kinders aangedui het dat hulle lief is vir hulle vader. 'n Volle 75% het egter ook aangedui dat hulle kwaad is vir hulle vader en 75% het gewens hulle vader was anders. Tog het 83% kinders aangedui dat hulle eendag as hulle groot is soos julle vaders wil wees. Ten spyte daarvan dat die kinders besef dat die vader 'n gebrekkige rolmodel is, streef hulle steeds daarna om soos hy te wees. Die rede hiervoor kan wees dat die vader 'n natuurlike rolmodel vir kinders is (vlg Erickson 1996:38; Warren 1998:102; Havenga 2002:77). Havenga (2002:32) en Freeks (2004:3) toon aan dat kinders met 'n afwesige vader of 'n vader wat 'n ontoereikende bydrae lewer tot die kinders se versorging, maatskaplik swakker funksioneer. Volgens Havenga (2002:77) veroorsaak gebrekkige vaderskap ongunstige omstandighede wat tot 'n swakker lewensgehalte vir kinders kan lei. Uit die studie blyk dit dat die kinders se Godsbeeld verwronge is. Uit die groep het 100% aangedui dat God onbereikbaar is en dat hulle nie met God kan praat nie. 'n Verdere 92% het aangedui dat God hulle nie wil help nie, terwyl 83% gevoel het dat God wil hê dat hulle sal swaarkry. Die studie het verder aan die lig gebring dat 67% gewens het dat God anders was, terwyl 75% kwaad of bang was vir God. Slegs 25% gevoel het hulle kan God vertrou.

Hierdie studie het die verband tussen 'n vader wat 'n swak rolmodel bied en kinders se Godsbeeld ondersoek. Uit die studie blyk dit dat 'n ongunstige vaderbeeld kinders se beeld van God beïnvloed. Die belewing wat kinders met hulle eie vaders het, kan na God geprojekteer word (Lötter en Hoepfner 2011:562 ). Kinders wat 'n ongunstige beeld van hulle vader het, het dikwels ook 'n ongunstige beeld van God. Volgens Eshleman *et al* (1999:140) sien jong kinders God dikwels as manlik, waarskynlik as gevolg van hoe God tradisioneel aangebied word. Juis om hierdie rede is hulle verhouding met hulle vader van besondere belang vir die vorming van hulle Godsbeeld. God word as ver beleef wanneer die vaderfiguur onbereikbaar of afwesig is in die versorging van hulle kinders (Eshleman *et al* 1999:140).



© University of Pretoria

Wat opval uit die resultate van die studie, is die kinders se siening en geloof dat God daarop uit is om kinders te straf. God word dikwels voorgestel as ‘n God wat straf en wat sonde oordeel volgens die norme van die heersende kultuur. Hierdie beeld word deur die gesin en die gemeenskap ingespan om kinders bang te maak, of omdat die ouers self hierdie beeld van God het. Dreyer (1998:553) wys daarop dat versorging normaalweg as vroulike eienskap beskou word, terwyl gesag en dissipline as ‘n manlike eienskap getipeer word. Aangesien God as manlik beleef word, assossieer die kinders dus straf met God. Wanneer God beleef word as ‘n veroordelende regter wat net wag dat kinders iets verkeerd moet doen sodat God hulle kan straf, weerspieël dit iets van die kinders se selfkonsep (vlg Dreyer 1998: 546).

Kinders modelleer gedrag. Modellering is nie net om ander na te boots nie, maar sluit ook in om met die ander te identifiseer. Modellering is deur die jare nog altyd erken as een van die kragtigste middels vir die oordrag van waardes, houdings, asook denk- en gedragspatrone (Bandura 1986:47-48; kyk Van Wyk en Venter 2003:547). Geloofsvorming en die vorming van ‘n Godsbeeld by kinders vind primêr in die huisgesin plaas met die ouers as hoofrolspelers. Waarde-oordrag vind eerder deur middel van die vaders as deur die moeder plaas. Vaders dra houdings, norme en waardes oor aan hulle kinders, selfs al is dit nie hulle intensie nie. Die effek van die vader se woorde en geloofsonderrig word drasties geminimaliseer as dit weerspreek word deur ‘n gebrekkige en ontoereikende voorbeeld. Indien vaders nie ‘n toereikende voorbeeld aan hulle kinders stel nie, word die kinders se geloofsvorming negatief beïnvloed (Van Wyk en Venter 2003:549).



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Hierdie studie het ten doel gehad om Godsbeelde van kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar, wat aan manlike rolmodelle wat 'n gebrekkige of ontoereikende voorbeeld stel, blootgestel word, te ondersoek. Die empiriese gedeelte van die studie het op persoonlike verhoudings gefokus. Data is ingesamel van twaalf respondente, geprosesseer en geïnterpreteer. Die literatuuroorsig het getoon dat die bestaande navorsing meesal in ander kontekste as Suid-Afrika gedoen is. Die ondersoek het ten doel gehad om spesifiek op die Suid-Afrikaanse konteks te fokus en in hierdie verband 'n bydrae te lewer.

Hierdie studie wil 'n bydrae lewer tot die verstaan van die Godsbeelde van Suid-Afrikaanse kinders en dan spesifiek die tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar, wat aan 'n vaderfiguur blootgestel is, wat 'n gebrekkige rolmodel vir hulle is.

## 6.2 BEVINDINGS

### 6.2.1 Godsbeelde van klein kinders

Bevindings berus op die integrasie van insigte uit bestaande navorsing en die empiriese ondersoek. Die studie word vanuit 'n postmoderne epistemologie aangebied. Derhalwe word bevindings nie veralgemeen nie, maar aangebied as die insigte wat verkry is met behulp van hierdie spesifieke groep respondente. Die Godsbeelde van hierdie groep kleiner kinders binne 'n Suid-Afrikaanse konteks wat aan 'n vaderfiguur blootgesel word wat 'n gebrekkige rolmodel vir hulle is, is geïdentifiseer uit die empiriese data en in gesprek gebring met die teoretiese insigte. Hoewel die bevindings nie veralgemenend aangebied word nie, sal die tendense wat by hierdie kinders aangetref word, moontlik ook op 'n breër terrein 'n bydrae kan lewer.

Klein kinders se Godsbeelde word hoofsaaklik gevorm in hulle ouerhuise. Die respondente in hierdie studie wat spesifiek gekies is omdat hulle blootgestel word aan 'n vaderfiguur wat nie 'n postiewe rolmodel vir hulle is nie, se Godsbeelde het



© University of Pretoria

geblyk verwronge te wees. Hulle het dikwels berig dat hulle God negatief beleef, byvoorbeeld as 'n God wat straf, wat vrees inboesem en onwillig is om kinders te help. God is as ver en onbereikbaar beleef.

Die uitgangspunt van die studie was dat kinders se Godsbeeld met hulle vaders se beeld korreleer. Die studie het die bevindinge van Rizzuto (1979:44) bevestig dat kinders se Godsbeeld onder andere op hulle ervaring van hulle eie vader geskoei is. Kinders wat gereeld aan geweld blootgestel word, rapporteer dat God kwaai, kwaad of woedend is. Kinders wie se vader vloek, skel en baklei, het byvoorbeeld God beskryf as een wat *"met 'n kwaai stem praat"* en altyd skel.

Die kinders se kennis oor God en die geloof was in die algemeen gebrekkig. Slegs een respondent woon gereeld 'n erediens by en dit is ook hierdie respondent se pa wat gereeld vir hom uit die Bybel lees. Die kinders ontvang in die algemeen gebrekkige geloofsopvoeding in hulle ouerhuise. Ook die geloofsopvoeding wat by die skool plaasvind, is gebrekkig en dra nie by tot die geestelike opvoeding van die kinders nie. Die onderwysers vertel of lees bloot Bybelverhale voor, sonder om enige verdere kennis oor te dra. Die moontlikheid vir onderwysers om kinders se geloofsvorming effektief te beïnvloed en 'n verskil aan hulle diepgewortelde Godsbeelde te maak, is dus skraal. Die tyd wat weekliks ingeruim word vir Bybelonderrig is te kort om werklik 'n verskil te maak. Geloofsopvoeding in skole is verder onvoldoende omdat tuis geen fondament gelê word waarop in die skool voortgebou kan word nie. Die ouers lees of vertel selde vir die kinders Bybelverhale en die kinders ken nie Bybelfigure nie (Leuvennink 2014). Wanneer onderwysers byvoorbeeld die tema van Paasfees behandel, verstaan die kinders dikwels nie die inhoud nie, omdat hulle nie reeds van jongs af van die Verlosser geleer het nie. Baie beskou Jesus as 'n towenaar. Aangesien die meeste van hierdie kinders nie van jongs af Bybelverhale of geestelike waardes in hulle ouerhuise leer, voldoende geloofsonderrig ontvang in skole of aan die aktiwiteite van die geloofsgemeenskap blootgestel word nie, toon hulle min of geen belangstelling in geloofsake. Onderwysers het dikwels dieselfde agtergrond as die kinders en beskik self nie oor die kennis of vaardighede om die kinders geestelik te lei of te leer nie. Bybelonderrig is net nog 'n periode of taak wat afgehandel moet word en is derhalwe nie geloofsonderrig nie maar bloot storietyd.



© University of Pretoria

### 6.2.2 Vaders as gebrekkige rolmodel

Indien die vaders van klein kinders in die ouderdomsgroep waarop die ondersoek gefokus het, onaanvaarbare gedrag openbaar, soos byvoorbeel drank- en dwelmmisbruik, geweld, oneerlikheid, losbandigheid en selfs misdaad, het die studie getoon dat dit 'n bepalende uitwerking op die kinders in hierdie spesifieke ontwikkelingsfase het. Die kinders is bewus van hulle vaders se optrede en gewoontes en word groot met hierdie soort gedrag as rolmodel. Dikwels volg hulle die vader se voorbeeld na. Al twaalf die kinders wat aan die studie deelgeneem het, word deur hulle onderwysers as moeilik, aggressief of roekeloos beskryf. Die kinders los konflik op deur met aggressie te reageer. Verder gebruik hulle erg gekruide taal in navolging van die ouers se voorbeeld.

Uit die studie het dit geblyk dat slegs een van die teikengroep kinders se vader nie die moeder aanrand nie. Die ander elf kinders in die groep het laat blyk dat geweld die gegewe manier is om konflik op te los. In die skoolkultuur bestaan ook ‘n tendens wat die kinders “afvat” noem. Dit behels dat die groter, sterker kinders enigiets wat hulle wil hê, hetsy geld, kos, koeldrank, vrugte, speelgoed of skryfbehoeftes by die kinders “afvat”. Wanneer die slagoffer hom of haar sou teësit, word die kind aangerand. Die meeste slagoffers laat hulle besittings gelate gaan, omdat hulle gewoond is aan geweld. Die gevolg hiervan is dat, wanneer die slagoffers groter word en self ook sterker en groter is, hulle op hulle beurt slagoffers identifiseer om te beroof. Kinders wie se vader drank of dwelms misbruik, word blootgestel aan allerlei gevare wat met dronkenskap gepaard gaan. Daar is selfs ouers wat hulle kinders willens en wetens van drank of dwelms voorsien. Vaders neem hulle kinders saam na sjebiens en smokkelhuise. Vaders gee vir kinders so jonk as vyf bier om te drink en rook dagga of tik in hulle teenwoordigheid. Drie kinders van die teikengroep het tydens die onderhoude erken dat hulle soms ‘n “trek van ‘n pil” (teug aan ‘n daggapyp) vat.

Wat die geestelike lewe van die betrokke vaders betref, dui die kinders se antwoorde daarop dat hulle vaders geen godsdiens beoefen nie. Slegs een kind het aangedui dat hulle as gesin kerk toe gaan en dat die vader uit die Bybel lees. Uitgangspunt van hierdie studie is Vergote (1969:170) se bevinding dat kinders se Godsbeeld geskoei is op die beeld van hul ouers, en tweedens dat kinders se Godsbeeld kan ontwikkel deur die blootstelling aan geloofspraktyke in die ouerhuise (Vergote 1969:170). Aangesien die teikengroep geen geloofsgesprekke met hulle



© University of Pretoria

ouers het nie, ontwikkel hulle Godsbeeld gebrekkig of verwronge. Uit die studie het dit geblyk dat die kinders weinig gesprekke met hulle vaders voer. Die vaders se invloed op hulle kinders se ontwikkeling is beperk en die invloed wat daar wel is, dikwels negatief. Vergote (1969:170-171) gebruik die term "geheue-beeld" (*Memory-image*) om te verwys na die beeld wat in die kinders se geheue ingeprent word as hulle beeld van God. Hierdie geheue-beeld word moeilik verander.

### 6.2.3 Die invloed van interne en eksterne faktore

Interne faktore, soos bespreek in Hoofstuk 2, kan ‘n kognitiewe sowel as ‘n emosionele knou tot gevolg hê. Voorbeelde hiervan is byvoorbeeld premature geboorte of FAS. Aangesien die fokus van hierdie studie was op die effek van die vader wat ‘n gebrekkige rolmodel vir kinders is ('n eksterne faktor), is die invloed van die interne faktore nie in diepte ontgin nie. Vergote (1969:275) meen dat die Godsbeeld by kinders sowel ‘n affektiewe as kognitiewe beeld is, daarom kan afgelei word dat interne faktore, wat ‘n invloed op affektiewe en kognitiewe onwikkeling het, wel ook die ontwikkeling van kleiner kinders se Godsbeeld in 'n groot mate kan beïnvloed.

Eksterne faktore, soos die een waarop hierdie studie fokus, het ook ‘n beduidende invloed. Vergote (1969:170-172) het byvoorbeeld bevind dat die samelewing en kultuur ook ‘n rol speel in die ontwikkeling van kinders se Godsbeeld. Hy wys daarop dat die rol van die gemeenskap is om kinders te sosialiseer in die simbole en gebruike van die kultuur en om daardeur aanvaarbare sosiale gedrag aan te moedig. Hierdie rol wat die samelewing speel, versterk die simboliese universum van kinders (kyk Berger en Luckmann 1967). Daarom noem Vergote (1969:170-172) die beeld wat die samelewing help vorm die "simboliese beeld" (*Symbolic-image*).

Die benadering van hierdie studie was holisties omdat die uitgangspunt was dat kinders nie in isolasie bestaan nie. Bronfenbrenner (1993:39-41; 2005:44-45) het vier vlakke van die sisteme waarin kinders leef, onderskei as: die mikrostelsel,die mesostelsel, die ekostelsel en die makrostelstel. Die mikrostelsel waarin die teikengroep leef, bestaan uit hulle onmiddellike familielede. Dit sluit hulle vaderfiguur in. Die vaderfiguur bied ‘n negatiewe rolmodel. Binne die mikrostelsel word ontwikkeling baie sterk beïnvloed (Bronfenbrenner 1993:39-40). Wanneer kinders aan negatiewe of afbrekende interaksies blootgestel word, sal die kinders negatief en



© University of Pretoria

opstandig teenoor hulle onmiddellike omgewing reageer (kyk Bronfenbrenner 1993:39-40; Bronfenbrenner 1979).

Die Mesostelsel verteenwoordig die wedekerige interaksies tussen die kinders, hulle ouers of familie met die breër samelewing, wat die skool, kerk, gemeenskap en vriende insluit. Die vordering van kinders op byvoorbeeld akademiese of sosiale gebied word nie net deur die skoolomgewing beïnvloed nie, maar deur die samewerking tussen die ouers (as primêre versorgers) en die skool (as sekondêre versorgers). Hierdie interaksie en gesamentlike invloed, staan bekend as die mesostelsel (Bronfenbrenner 1993:40). Die kinders wat aan die studie deelgeneem het leef binne 'n gemeenskap met 'n kultuur van drankmisbruik, geweld en oneerlikheid. Die negatiewe rolmodelle van die kinders se ouerhuise word aangevul deur die negatiewe rolmodelle van die gemeenskap (kyk Bronfenbrenner 1993:40; Bronfenbrenner 2005:40-41).

Bronfenbrenner (1993:40) se ekostelsel verwys na die sosiale omgewings waardeur die kind beïnvloed word, maar nie regstreeks by betrokke is nie. Bronfrenbrenner (1993:40) dui aan dat die afbreek van 'n ekostelsel, soos werkloosheid van die ouer 'n nadelige uitwerking op die ontwikkeling van die kind het. Drie kinders wat aan die studie deelgeneem het se vaders is werkloos, een se vader is in die gevangenis en ses se vaders doen los werkies. Slegs twee kinders se vaders het vaste betrekkings en verdien 'n vaste inkomste. Hierdie onsekerheid van waar die dag se brood vandaan gaan kom het 'n negatiewe invloed op die kinders se ontwikkeling.

Die laaste stelsel is die makrostelsel wat die breedste omgewingskonteks is. Dit wil sê alle kulture en subkulture word hierin veranker. Die kinders leef dus as individue, binne hulle eie gesin, woon 'n skool by, leef in 'n gemeenskap, in 'n dorp, in 'n provinsie, in Suid-Afrika. Die elemente staan nie los van mekaar nie, maar is onderling verbind en interaktief (kyk Bronfenbrenner 1993:40-41).

Kinders word beïnvloed deur die sisteme waarin hulle leef. Die studie het bevind dat die Godsbeelde van die teikengroep negatief beïnvloed word deur die gemeenskap waarin hulle leef. Die rede hiervoor is grootliks dat kinders aan gebrekkige rolmodelle blootgestel word. Dit is die norm in hulle gemeenskappe. Die studie staaf Simmons (1974:33) se bevinding dat kinders se Godsbeelde nie net deur hulle ouers, gesinne en onderrig bepaal word nie, maar deur die hele web van verhoudings waarin hulle leef.



© University of Pretoria

## 6.3 DIE PAD VORENTOE

‘n Beperking van die ondersoek is dat dit slegs in een Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgevoer is. ‘n Verdere beperking is dat kinders in die algemeen geneig is om te antwoord wat ‘n volwassene wil hoor en dit kon miskien nog meer die geval gewees het omdat die kinders wat geselekteer is vir die studie almal met my bekend was en dus moontlik nie heeltemal oop was met hulle antwoorde nie. Aangesien die ouers ook aan my bekend is, was die kinders moontlik huiwerig om oor sekere dinge te praat, of dit kon ook wees dat hulle voorgesê is om sekere antwoorde te gee.

In die proses van die ondersoek het ek ontdek dat die invloed van die gemeenskap selfs groter is as wat aanvanklik vermoed is. Die gebrekkige rolmodelle waaraan kinders blootgestel word, is nie net die vaders nie, maar ook ander volwasse figure in die gemeenskap.

Enkele aanbevelings kan gemaak word na aanleiding van die studie. Steundienste behoort meer geredelik beskikbaar te wees vir die kinders en die ouers. Hierdie steundienste behoort nie net mediese sorg in te sluit nie, maar ook toegang tot terapie. Pastorale beraders, jeugwerkers, predikante, sielkundiges, maatskaplike werkers en arbeidsterapeute kan ‘n waardevolle bydrae lewer tot die verbetering van die kinders se lewensvooruitsigte. Hulpdienste vir die rehablitering en ondersteuning van drank- en dwelmafhanklike persone is nodig. Gemeenskapsleiers behoort sterker standpunt in te neem en maatreëls te implementeer teen geweld teenoor kinders. Verder behoort belanghebbendes verwaarlosing en die blootstelling van kinders aan hulle ouers se skadelike gedrag, ook as geweldsmisdade te sien en dienooreenkomstig daarteen op te tree. Kerke kan ‘n veel groter bydrae lewer ten opsigte van die nood van kinders. Kinders is reeds deel van die kerk. Geloofsgemeenskappe behoort die voortou te neem in die versorging en beskerming van kinders. Verdere ondersoeke op die terrein wat deur hierdie studie verken is, kan die volgende insluit:

- die effek van gesinsgeweld op kinders se verhouding met God of kinders se Godsbeelde;
- adolessente-ouers se soeke na sin in die lewe en hulle verhouding met God;



© University of Pretoria

- kinders wat by misdaad betrokke raak as gevolg van die invloed van afwesige vader-figure of vaders en ander lede van die gemeenskap wat ‘n negatiewe voorbeeld stel;
- die belewing van kinders wie se ouer of ouers sterwend is aan MIV/VIGS;
- kinders se ervaring en aanvaarding van hulle eie MIV-positiewe status;
- die effek van ouers met ‘n skadelike leefstyl op kinders se geestelike ontwikkeling;
- verwaarloosde kinders se soeke na ‘n God wat omgee.

Hierdie ondersoek het gefokus op die Godsbeelde van kleiner kinders met ‘n gebrekkige rolmodel as vader. Hedendaagse gesinne is in ‘n moraliteitskrisis gewikkel. Die nood van kinders kan nie deur geloofsgemeenskappe misgekyk word nie. Indien die geloofsgemeenskap konstruktief betrokke raak by sulke kinders, kan die effek van gebrekkige rolmodelle wat van generasie tot generasie voortgesit word, deurbreek word.



© University of Pretoria

## Bibliografie

Adler, A. 1930. 'Individual psychology', In Murchison, C. (ed), *Psychologists of 1930,* pp395-405.Worcester: Clark University Press.

Aidsinfo. 2013. 'Preventing mother-to-child transmission of MIV during childbirth', 10/1/2013. Beskikbaar by www.aidsinfo.nih.gov. Besoek op 18 & 19 September 2014.

Aidsinfo. 2014. 'MIV and woman', 30/04/2014. Beskikbaar by www.aidsinfo.nih.gov. Besoek op 18 & 19 September 2014.

Allport, G.W. 1961. *Patterns and growth in personality.* New York: Rinehart and Winston.

Alvy, K.T. 1994. *Parent training today.* New York: Cornell University Press.

Amos, A., Greaves, L., Nichter, M. & Bloch, M. 2012. 'Women and tobacco: a call for including gender in tabacco control research, policy, and practice', *Tobacco Control,* 21(2), 236-243.

Anselmo, S. 1987. *Early childhood development: Prenatal through age eight.* Columbus: Merril publishing company.

Archard, D. 2004. *Children, rights and childhood.* Second edition. New York: Routledge.

Arterburn, S. 2006. *Secrets men keep.* Brentwood: Integrity Publishers.

Atkinson, D.J. & Field, D.H. 1995. *New dictionary of Christian ethics and pastoral theology*. Leicester: Intervarsity Press.

Austin, E.W., Chen, M. & Grube, J.W. 2006. 'How does alcohol advertising influence underage drinking? The role of desirability, identification, and scepticism', *Journal of Adolescent Health,* 38(1), 379-397.

Avert 2014. 'MIV and Aids in South Africa', beskikbaar by www.avert.org/MIV-aids-south-africa.htm . Besoek op 17 & 18 September 2014.

Avery, W. O. 1992. 'A Lutheran examines James W. Fowler', In Astley, J.& Francis, J. L. (eds), *Christian perspectives on faith development: A reader,* pp122–134. Leominster: Gracewing.

Bain,K., Gericke,R. & Harvey, C. 2010. 'Bonding experiences in a South African community hospital', *Psychotherapy and Relational Pchycoanalysis*, 4, 235-262.

Bandura, A. 1977. *Social learning theory.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.

Bandura, A. 1986. *Social foundations of thought and action: A social cognitive theory.* Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Barna, G. 2003. *Tranforming children into spiritual champions.* California: Regal Books.

Barnett,A.B. 2003. 'All in the family: Resources and referals for alcoholism', *Journal of the American Academy of Nurse Practitioners*, 15(10), 467-472.

Baron, R.A. & Byrne, D. 2000. *Social psychology.* Ninth edition. Boston, MA: Allyn and Bacon.

Bartol, C.R. 1995. *Criminal behaviour: Apsychosocial appraoch.* New York: Prentice Hall.



© University of Pretoria

Barton, W.H., Watkins, M. & Jajourna, R. 1997. 'Youths and communities: Toward comprehensive strategies for youth development', *Social Work, 42(5),* 483-493.

Batsche, G.M. & Knoff, H.M. 1994. 'Bullies and their victims: Understanding a pervasive problem in the schools', *School Psychology Review*, 23(2), 165-174.

Baumrind, D. 1966. 'Effects of authoritative parental control on child behavior', *Child Development, 37(4)*, 887-907.

Baumrind, D. 1967. 'Child care practices anteceding three patterns of preschool behavior', *Genetic Psychology Monographs, 75(1)*, 43-88.

Beautris, A 2002. 'Life events and childhood morbidity: A prospective study',*Pediatrics,* 935-940.

Beck, J. 1985. *How to raise a brighter child: The case of early learning.* Glasgow: Williams Collins Sons en Co.

Bee, H. 1992. *The developing child.* New York: Harper Collins College Publishers.

Benedict, R. 1934. *Pattern of culture.* Harcourt: Houghton Mifflin.

Bengtson, V.L., Acock, A.C., Allen, K.R., Dilworth- Anderson. P. & Klein, D.M. 2005. *Sourcebook of family theory & research*. London: Sage Publications.

Benner, S.M. 1992. *Assessing young children with special needs: An ecological perspective*. New York: Longman.

Benson, P. & Spilka, B. 1973. 'God image as a function of self-esteem and locus of control', *Journal for the Scientific Study of Religion,* 12, 297-310.

Benton, S.A.2007. *Dysfunctional families: Recognizing and overcoming their effects*. Brochure adapted from Kansas State University.Beskikbaar by: http://www.k-state.edu/counseling/topics/relationships/dysfunc.html. Besoek op 8 & 9 Oktober 2014.

Berger, K. S. & Thompson, R.A.1996. *The developing person through childhood*. New York: Wath publishers.

Berger, P.L. & Luckmann, T. 1967. *The sacred canopy: Elements of a sociological theory of religion.* Garden city, NY: Double day.

Berk, L.E. 1991. *Child development.* Second edition. Boston: Allyn & Bacon.

Berk, L.E. 1994. *Infants and children: Prenatal through middle childhood*. Boston: Allyn & Bacon.

Berkhof, H. 1969. *De mens onderweg, een christelijke mensbeschouwing*. Vyfde Druk. Boekencentrum, NV: Gravenhage. (Kerk en Wêreldreeks No. 5.)

Berkowitz, L. 1980. *A survey of social psychology.* Austin: Holt, Rinehart & Winston.

Berkowitz, L. 1993. *Aggression: Its causes, consequences and control*. New York: Mcgraw-Hill.

Berkson, G. 1993. *Children with handicaps: A review of behavioral research.* New York: Lawrence Erlbaum Associates Publishers.

Berliner, L. 2003. 'Intervention in sexual abuse. Child Abuse Research', *South Africa*, 4(1), 270-285.



© University of Pretoria

Bernardes, J. 1997. *Family studies: An introduction*. London: Routledge.

Beukes, M.J. 1995. 'Ontwikkeling van die kategese tot 'n familiale-gemeentelike Geloofshandeling', *Praktiese Teologie,*10(2), 13-26.

Berns, R. 1994. *Topical child development.* Clifton Park, NY:Delmar Publishers.

Bezuidenhout, F.J. 2004. 'Poverty', In Bezuidenhout, F.J. (ed),*A reader on selected social issues,* pp149-170.Third edition. Pretoria: Van Schaik.

Bjarnason, T. 1998. 'Parents, religion and perceived social coherence: a Durkheimian framework of adolescent anomie', *Journal for the Scientific Study of Religion*, 37(4), 742-754.

Blaikie, N. 2000. *Designing social research.* Cambridge: Polity Press.

Blumental, I. 2002. 'Shaken baby syndrome', *Post Graduate Medical Journal, 2002(78)*, 732-735.

Bodova,E. & Leong, D. 2012. 'Play: The work of Lev Vygotsky', *Child Development Media, Inc.* 2012, 1-3.

Böning, A.E. 2009. 'n Ekologiese persepektief op pleegsorg as alternatiewe sorg vir kinders. Ongepubliseerde Phil. D verhandeling. Departement van Maatskaplike werk. Universiteit van die Vrystaat.

Booyse, A.M. 1990. 'Die milieu-geremde kind', In Kapp, J.A. (red). *Kinders met probleme: 'n Ortopedagogiese perspektief,* pp122-133.Pretoria: Van Schaik.

Booysen, M.I. 1993. Die identifisering van stres by die kleuter.Ongepubliseerde D.Ed-verhandeling, Departement Opvoedkunde. Universiteit van Suid-Afrika.

Bovet, P. 1928. *The child's religion: A study of the development of the religious sentiment.* New York: E P Dutton.

Boyatzis, C.J. & Janickie, D.L. 2003. 'Parent-child communication about religion: Survey and diary data on unilateral transmission and bi-directional reciprocity styles', *Review of Religious Research*, 44(3), 252-270.

Bramwell, M., Harding, D., Lawther, G & Midgley, R. 1983. *The brain: A user's manual.* New York: Berkley Books.

Briere, J. N. 1992. *Child abuse trauma: Theory and treatment of the lasting effects*. New Park: SAGE Publications.

Brits, E. 2004. 'Sterftesyfer: Altesame 48 uit elke 100 00 vermoor', *Die Burger, 25 Mei 2004.*

Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development*. Cambridge, MA: Havard University Press.

Bronfenbrenner, U. 1993. 'The ecology of human development', in Gauvain, M and Cole, M (eds), *Readings on the development of children,* pp37-43. New York: Freeman.

Bronfenbrenner, U. 2005. *Making human beings human.* Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Brown, K. 1997. *Bullying: What parents can do?* East Sussex: Monarch.



© University of Pretoria

Brueggeman, W. 1993. *Texts under negatiation. The Bible and post modern imagination.* Minneapolis: Fortress Press.

Burger, C.W., Meiring, L., Van Niekerk, A. & Wepener, C. 2005. *Waar die Kerk werk*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Burr, V. 2002. *The person in social psychology*. London: Taylor & Francis Group: Psychology Press. (Psychology Focus Series.)

Carl, A.R. 1987. *Is my kind veilig?* Kaapstad: Lux Verbi.

Carlson, B.E. 1984. 'Causes and maintenance of domestic violence: An ecological analysis', *Social Service Review*, 58(4), 569-587.

Carolissen, R.L. 1993. The social context of adolescent pregnancy : The case of Mamre. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Departement Maatskaplike werk. Universiteit van Kaapstad.

Chandler, L.A. 1985. *Assessing stress in children.* New York: Praeger Publishers.

Coetzee, H., Hattingh, L., Meij, M., Sullivan, C., Van Heerden, C. & Verwey, S. 2003. *Alles-in-een. Geïntegreerde leerprogramme. Onderwysersgids vir graad 1.* Pretoria-Noord: Best Books Paneel.

Coetzee, H., Hattingh, L., Meij, M., Sullivan, C., Van Heerden, C. & Verwey, S. 2003. *Alles-in-een. Geïntegreerde onderrigbenadering. Hulpbronboek vir onderwysers vir graad 1.* Pretoria-Noord: Best Books Paneel.

Coetzer, W. 2006. 'Die impak van gepreokkupeerdheid met seksuele aktiwiteit geassosieer met internetgebruik op die gesin: 'n Pastorale perspektief'', *Acta Theologica*,2006(2), 1-24.

Coetzer, W. 2007. 'Die impak van intergeneratiewe trauma. Verkennende perspektiewe tesame met enkele pastorale kantaantekeninge', *Acta Theologica*,2007(2), 1-23.

Coetzer, W. 2012. 'Pastorale begeleiding van die self-mutileerder', *In die Skriflig/ In Luce Verbi* 46(2), 1-9.

Coetzer, W. 2009. *Verkragting, molestering en bloedskande.* Potchefstroom: Wentzel Coetzer.

Collins, G. R. 2005. *Die A tot Z van berading: Bybelse perspektiewe op probleemoplossing*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Collins, W. A. 1999. 'Relationships as developmental contexts', In Collins, W. A. en Laursen, B. (eds), *The Minnesota symposia on child psychology*30, pp133-154. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Conradie, H. 1982. 'Kinderfoltering: misdaad, misdadiger, waarskuwingstekens en voorspellingstekens', *Nexus* 08, 10-11.

Coovadia, H. 2010. 'Mother-to-child transmission (MTCT) of MIV-1', In Karim, S.S.A & Karim, Q.A. (eds), *HIV/AIDS in South Africa*, pp201-215. Cape town: Cambridge University Press.

Corey, G. 2005. *Theory and practice of counseling and psychotherapy.*Seventh edition.Belmont:Wadsworth and Thomson Brooks / Cole.

Courtwright, D.T. 1996. *Violentland: Single men and social disorder from the frontier to the innercity.* Cambridge: Harvard University Press.



© University of Pretoria

Creswell, J. W. 2003. *Research design, qualititave, qauntitative and mixed methods approaches.* Second edition*.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Crous, S.F.M. 1992. 'Kindermishandeling: 'n Opvoedkundige perspektief', *Educare* 21 (1&2), 72-80.

Crowell, N.A. & Burgess, A.W. 1996. *Understading violence against women.* Washington, D.C.: National Academy Press.

Croxford, J.& Viljoen, D. 1999. 'Alcohol consumption by pregnant women in the Western Cape', *SAMJ* 89(9), 962-965.

Cunningham, B. 1993. *Child development.* New York: Harper Collins Publishers.

Curtis, A. & Blatchford, P. 1981. *Meeting the needs of socially handicapped children.* Glasgow: NFER-Nelson.

Davis, G. L. 1986. 'Spiritual direction: A model for adolescent catechesis', *Religious Education,* 81(2), 1-18.

Day, L. G. 1975. 'The development of the God concept: A symbolic interaction approach', *Journal of Psychology & Theology* 3(3), 172-178.

Deist, F. 1991. *Verhinder hulle nie. Godsdiensonderrig aan laerskoolkinders.* Pretoria: Van Schaik.

De Jager, I. 2009. Die kind in die middelkinderjare se belewing van vaderlike afwesigheid. M.A.-verhandeling (Spelterapie). Departement Maatskaplike werk. Unisa.

De Klerk, J. 1999. *Nurturing democratic values through education. Perspektiewe en waardeopvoeding.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch en Konrad Adenauer Stigting.

De Klerk, R. & Le Roux, R. 2003. *Emotional intelligence for children and teens.* Cape Town: Human & Roussouw.

Delport, C.S.L. & De Vos, A.S. 2009. 'Professional research and professional practice', In De Vos, A.S. *et al* (ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp44-55*.* Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Denham, S. 1998. *Emotional development in young children.* New Work: The Guilford Press.

Denton, R.A. 2005. Die adolessent wat mishandel is se verhouding met God: 'n Pastorale-Gestaltbenadering*.* M.A.-verhandeling (Spelterapie). Departement Maatskaplike werk. Unisa.

De Villiers, D.E. 2008. 'Kan die NG kerk nog 'n konstruktiewe rol in die Suid-Afrikaanse samelewing speel?', *Verbum et Ecclesia, Skrif en Kerk,* 29(2), 368-386.

De Villiers, M. 2006. 'Verband tussen emosionele intelligensie en posttraumatiese stres ondersoek', *Die Bult, Nuustydskrif van die Universiteit van die Vrystaat,* 54(3), 8-9.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B.& Delport, C.S.L. 2009. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.* Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vries, D. 2001. 'Toward a theology of childhood', *Interpretation*, 55(2), 161-173.

De Wet, F. W. 2006. 'Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming-'n gereformeerde perspektief', *In die Skriflig*, 40(1), 57-87.



© University of Pretoria

De Witt, M.W & Booysen, M.I. 1994. *Die klein kind in fokus: 'n Sielkundig-opvoedkundige perspektief.* Pretoria: Van Schaik.

De Witt, M.W. & Booysen, M.I. 1995. *Die sosialisaring van die klein kind.* Pretoria: Van Schaik.

De Witt, M.W. 2014.*The young child in context: a thematic approach.* Pretoria: Van Schaik.

Dickason, E.J., Silverman, B.L. & Schult, M.O. 1994. *Maternal-infant nursing care.* Second edition. St Louis: Mosby.

Dickie, J.R., Eshleman, A.K., Merasco, D.M., Shepard, A., Vander Wilt, M. & Johnson, M. 1997. 'Parent-child relationships and children'simages of God', *Journal for the Scientific Study of Religion,* 36(1), 25-43.

Dingemans, G. D. J. 1986. *In de leerschool van het geloof: Mathetiek en vakdidactiekvoor catechese en kerklijk vormingswerk*. Kampen: Kok.

Dingemans, G. D. J. 1991. *In de leerschool van het geloof. Mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerklijk vormingswerk*. Tweede druk. Kampen: Kok Uitgeverij.

Dobson, J.C. 2010. *Bringing up girls: Practical advice and encouragement for those shaping the next generation of women.* Illinois: Tyndale House Publishers.

Dobson, J.C.  2002. *Om seuns groot te maak*. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy.

Dreman, K. 1999. 'The experience of divorce and separation in the family: A dynamic systems perspective', in Freydenburg, E. (ed). *Learning to cope: Developing as a person in Complex Societies,* pp150-171. New York: Oxford University Press.

Dreyer, Y. 1998. 'Pastorale interaksie met vroue - gesien vanuit die beelde wat vir God gebruik word', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 54(3&4), 544-572.

Dudley, R.L. & Dudley, M.G. 1986. 'Transmission of religious values from parents to adolescents', *Review of Religious Research*, 28(1), 3-15.

Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Dykstra, C. 1986. 'What is faith? An experiment in the hypothetical mode', In Dykstra, C. & Parks, S. (eds). *Faith development and Fowler,*  pp45–64. Birmingham, Alabama: Religious Education Press.

Dykstra, C. 2005. *Growing in the life of faith.* Second edition. Louisville: Westminster John Knox Press.

Eisenberg N. 1986. *Altruistic emotion,cognition and behaviour.*Hillsdale, NJ: Erlbaum.

Elkind, D. 1970. 'The origins of religion in the child',  *Review of Religious Research*, 12, 35-42.

Emsley, R.A. & Pienaar, W.P. 2001. *Handboek vir psigiatrie*. Department Psigiatrie, US: Tygerberg.

Erickson, B.M. 1996. 'Men's unresolved father hunger: Intervention and primary prevention', *Journal of Family Psychotherapy,* 7(4), 37-62.

Erikson, E 1968. *Identity: Growth and crisis*. London: Faber.



© University of Pretoria

Erikson, E.H. 1950. *Childhood and society.* New York: Norton.

Eshleman, A.K., Dickie, J. R., Merasco, D.M. Shepard, A & Johnson, M. 1999. 'Mother God, Father God: Childrens's perceptions of God's distance', *International Journal for the Psychology of Religion* 9(2), 139-146.

Faber. R. 1998. Kleinkindonderwys. Studiegids 2 vir PRS 101-Y. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

FASfacts. Beskikbaar by www.fasfacts.org. Besoek op 20, 21, 22 September 2014.

Fisher, G.L. & Harrison, T.C. 2000. *Substance abuse: Information for school counselors, social workers, therapists, and counselors*. Boston: Allyn & Bacon.

Flouri, E. 2005. *Fathering and child outcomes*. West Essex: John Wiley and sons Ltd.

Forrest, L., Elman, N.S., & Shen Miller, D.S. 2008. 'Psychology trainees with competence problems: From individual to ecological conceptualizations', *Training and Education in Professional Psychology*, *2,* 183-192.

Fouché, C.B. 2009. 'Qualitative research designs', In De Vos, A.S. *et al.*(ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service profession,* pp267-272*.* Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2009. 'Introduction to the research process', In De Vos, A.S. *et al.* (ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp71-85.Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C. B. & De Vos, A.S. 2009. 'Problem formulation', In De Vos, A.S. *et al.*(ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp100-110. Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Foundation for Alcohol related research. Beskikbaar by www.farrsa.org. Besoek op 19, 20, 21, 22 September 2014.

Foundation for Alcohol related resaerch. Beskikbaar by www.farrsa.org. Besoek op 11 & 12 Oktober 2014.

Foundcare. 2014. 'What is MIV antiretroviral treatment', Beskikbaar by www.foundcare.org . Besoek op 19 September 2014.

Fourie, M. 2005. Die vrou se seksuele disfunksie in die huwelik as uitvloeisel van vroeëre seksuele molestering: 'n Pastoralestudie. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Departement Praktiese teologie. Noord-Wes Universiteit.

Fowler, J. W. 1981. *Stages of faith.* San Francisco: Harper and Row.

Fowler, J.W. 1985. 'Practical theology and theological education: Some models and questions', *Theology Today* 42(4), 43-58.

Fowler, J. W. 1991. 'Stages in faith consciousness', *New Directions For Child And Adolescent Development* (52), 27-45.

Francis, L.J. & Gibson, H.M. 1993. 'Parental influence and adolescent religiosity: A study of church attendanc and attitude toward Christianity among adolescents 11 to 12 and 15 to 16 years old', *The International Journal for the Psychology of Religion*, 3(4), 241-253.



© University of Pretoria

Freeks, F.E. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks: 'n Prakties-teologiese studie*.*Ongepubliseerde MA-verhandeling. Departement Praktiese Teologie. Noordwes-Universiteit.

Freud, A. 1967. *The writings of Anna Freud.* New York: International University Press.

Freud, S. 1895. "Obsessions and phobias: Their aetiology', *Standard Edition as Extracts from the fliess papers* (S.E.) 3.

Freud, S 1925. Instincts and their vicissitudes. In *Collected papers* 4, 614. London: Hogarth.

Freud, S. 1927. *The future of an illusion.* Peterborough: Broadview Press.

Freud, S. 1949. *An outline of psychoanalysis.* New York: Norton.

Freud, S. 1974. *The ego and the id.* London: Hogarth.

Fried, S.& Fried, P. 2003. *Bullies, targets & witnesses: Helping children break the pain chain* New York: M. Evans and Company.

Fromm, E. 1949. *Man for himself: An inquiry into the psychology of ethics.* London: Routledge and Kegan Paul.

Gallahue, D.L.1982. *Understanding motor development in children*. New York: Wiley.

Garrett, A.G. 2003. *Bullying in American schools: causes, preventions,interventions.* Jefferson, NC: McFarland & Company.

Gatrad, R., Gatrad, A. & Sheikh, A. 2007. 'Hookah smoking', *BMJ: British Medical Journal*, *335*(7609), 20.

General Household Survey. 2013. Beskikbaar by: www.statssa.gov.za/publication/po318/p0318Aug2012.pdf. Besoek op 9 Oktober 2014.

Gesell, A. 1913, 'The Village of a thousand souls', *American Magazine,* 11–16.

Gil, E. & Campbell, K. 1996. 'Theories of adolescent development', In *Treating AbusedAdolescent,.* 23-49.

Gilligan, C. 1982. *In a different voice.* Cambridge, MA: Havard University Press.

Gilligan, C. 1993. *In a different voice.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Ginott, H.G. 1967. *Between parent and teenager*. New York: Macmillan.

Glasser, J. 2002. *Cycle of Shame*. U.S.News, 20/5/2002. Beskikbaar by http://www.help4 FAS.org/usworldrpot.htm. Besoek op 20 September 2014.

Goldman, D. 1995. *Emotional intelligence.* New York: Bantam.

Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F., & Plug, C. 1979. *Psigologiewoordeboek.* Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Greef, M. 2009. 'Information collecting: Interviewing', In De Vos, A.S. *et al.*(ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp286-313.Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Green, L. 2004. 'Nurturing democratic virtues: Educator's practices', *South African Journal of Education,* 24(4), 254-259.



© University of Pretoria

Grobler, H.B. 2006. Manlike identiteit: 'n Begeleidingsraamwerk vir vaders en hul seuns. Ongepubliseerde Phd-verhandeling, Departement Teologie. Unisa.

Grobler, L. 2005. Hulpverlening aan die gemolesteerde kind met behulp van spelterapie: 'n pastorale studie.Ongepubliseerde MA-verhandeling, Departement Praktiese Teologie. Noord-Wes Universiteit.

Grolnick, W.S. 2003. *The psychology of parental control: How well-meant parenting backfires*. London: Lawrence Erlbaum Assosiate Publishers.

Grusec, J.E. 1997. 'A history of research on parenting strategies and children's internalization of values', In Grusec, J.E. en Kuczynski, L. (eds), *Parenting and children's internalization of values,* pp 3-22. New York: Wiley.

Hanekom, B. 2000. *Hoe leer ons kinders glo? 'n Praktiese gids vir ouers, onderwysers en predikante.* Wellington: Lux Verbi.BM

Harker, N, Kader, R, Myers, B, Fakier, N, Parry, C *et al.* 2008. *Substance abuse trends in the Western Cape: A review of studies conducted since 2000.* Pretoria: Human sciences research council.

Hart, A.D. 1992. *Stress and your child*. Nashville: W Publishing Group.

Hartwell-Walker, M.2007. *Why dysfunctional families stay that way*. Beskikbaar by: http://psychcentral.com/library/id23.html. Besoek op 8 & 9 Oktober 2014.

Havelin, K. & Russouw, S. 2009. *Understanding relationships: Family violence: My parents hurt each other.* Gallo Manor: Awareness Publishing.

Havenga, A.S. 2002. Maatskaplike intervensie in die instandhouding van die vader-kindverhouding na egskeiding.Ongepubliseerde MA-verhandeling. Departement van Maatskaplike werk. Noordwes-Universiteit

Hazler, R.J. 1996. *Breaking the cycle of violence: Interventions for bullying andvictimization.* Washington, DC: Accelerated Development.

Hébert, M., Tremblay, C., Parent, N., Daignault, I. V. & Piché, C. 2006. 'Correlates of behavioral outcomes in sexually abused children', *Journal of Family Violence,* 21, 287–299.

Hendricks, C. 2011. ' 'n Bose siklus uit die bottel', *Rapport, 19 Maart* 2011*.*

Hendricks, H. & Hendricks, W. 1995. *As iron sharpens iron: Building character in a mentoring relationship*. Chicago: Moody Press.

Hendrix, H. & Hunt, H.L. 2004. *Receiving love. Transform your relationship by lettingyourself be loved*. Sydney: Simon & Schuster.

Hermans, C. A. M. 2003. *Participatory learning: Religious education in a globalizing society*. Leiden: Koninklijke Brill.

Hersh, R.H., Miller, J.P. & Fielding, G.D. 1980. *Models of moral education: An appraisal.* New York: Longman.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1998. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria : Gnosis Boeke & Uitgewers BK.

Heywood, D. 2008. 'Faith development theory: A case for paradigm change', *Journal of Beliefs & Values* 29(3)*,* 74-85.



© University of Pretoria

Hoepfner, H.G. 2009. Die betekenis van die Vaderskap van God in die pastorale begeleiding van aangenome kinders. PhD-verhandeling. Departement: Praktiese Teologie. Noordwes Universiteit.

Hoge, D.R., Petrillo, G.H. & Smith, E.I. 1982. 'Transmission of religious and social values from parents to teenage children', *Journal of Marriage and the Family* 44(3), 569-580.

Holmes, T.H. & Rahe, R.H. 1986. 'Stress and coping in children', in Brown McCracken, J (ed), *Reducing stress in young children's lives,* pp133-154. Washington: National Association for the Education of Young Children.

Horney, K. 1945. *Our inner conflicts: A constructive theory of neurosis.* New York: Norton.

Horney, K. 1950. *Neurosis and human growth.* New York: Norton.

Howes, F. & Green, S. 1997. *Buite-egtelike moederskap in die Paarl-Wellington gebied: Die tienermoeder se versorgingspotensiaal en steunstelsel.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Huesmann, R. & Moise, J.F. 1999. 'Stability and continuity of aggression from early childhood to young adulthood', in Flannery, D.J. and Huff, C.R. (eds),*Youth violence. Prevention, intervention, and social policy,* pp73-95. Washington: American Psychiatric Press.

Hurlock, E.B. 1980. *Developmental psychology: A life-span approach.* Fifth edition. New York: McGraw-Hill book company.

Inhelder, B.& Piaget, J. 1958. *The growth of logical thinking from childhood to adolescence.* New York: Basic Books.

James, A., Jenks, C. & Prout, A. 1998.*Theorizing childhood.* Cambridge: Polity Press.

Johnson, C.F. 2004. 'Child sexual abuse', *Lancet,* 364(9432), 462–470.

Jooste, T.I.M. 2005. Gesinsgeweld: 'n Kriminologiese ondersoek.Ongepubliseerde D.Litt et Phil-verhandeling, Departement Kriminologie. Universiteit van Suid-Afrika.

Jordaan, W. & Jordaan. J. 1989. *Mens in konteks.* Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Jung, C. G. 1945. 'The philosophical tree', *Collected Works 13*, 50-79.

Jung, C.G. 1953. 'Collected Works', *Psychology and Alchemy 12,* 83-226.

Kaldine, F. 2007. 'Violence against women and children', In Visser, M (ed),*Contextualising community psychology in South Africa,* pp229-239.First edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Kaplan, P. S. 2000. *A child's odyssey: Child and adolescent development.* Belmont: Wadsworth.

Kapp, J.A. 1991. *Kinders met probleme. 'n Ortopadagogiese perspektief.* Pretoria: JL Van Schaik.

Keen, A.W. 1992. 'Is school drop-out in a semi-rural community related to poverty?', *Social Work Research*, 28(3), 100-104.

Khomanani . 2007. *MIV and AIDS and treatment.* Johannesburg: Soul city en Jacana Media.



© University of Pretoria

Kitching, D. & Botha, W.1994. Studiegids 1: Inleiding in Jeugbediening.Wellington: Hugenote Bybelinstituut.

Kohlberg, L. 1975. ‘The cognitive approach to moral development’, *Phi Delta Kappan* 56(10), 671.

Kolhberg, L. 1976, ‘Moral stages and moralization’, in Lickona, T. (ed), *Moral development and behaviour*, pp31-53. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Kohlberg, L.1963. ‘The development of children’s orientations toward a moral order: Sequence in the development of moral thought’, *Vita Humana, 6*, 11-33.

König, A. 1994. *Bondgenoot en beeld: Oor die wese van die mens en sonde*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

König, A. 2001. *Fokus op die 300 geloofsvrae wat mense die meeste vra.* Wellington: Lux Verbi.

Kotze, G. 1991. *Dwelmverslawing*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Kotzé, G.P.J., Jäger, I., Van Schalkwyk, L. & Joubert, G. 2007. ‘Noodlottige kindermishandeling: ‘n Literatuuroorsig en profiel in die Suid-Vrystaat (1995-2003)’, *South African Family Practice* 49(9), 15-19.

Kraft, C.H. 1993. *Deep wounds, deep healing. Discovering the vital link between spiritual warfare and inner healing.* Ventura: Gospel Light.

Kratochwill, T.R. & Morris, R.J. 1991. *The practice of child therapy*. Tweede uitgawe. Arizona: Allyn and Bacon Publishers.

Kroger, J. 2003. ‘Identity development during adolescence’, In, Adams, G. & Berzonsky, M.D.(eds), *Blackwell handbook of adolescence,* pp205-226. Oxford: Blackwell.

Krug, E.G., Dahlberg, L.L., Mercy, J.A., Zwi, A.B. & Lorazo, R. 2002. ‘Violence byintimate partners’, In Van Wyk, S. B. & Carolissen, R. (eds),*South African mental health context***.** pp87-121. Cape Town: Stellenbosch Sun Media.

Krüger,D., Burden, A., Dednam,A., Lewitz, A. & Landberge, E. I. 1999. Verdere Diploma In Onderwys. Spesiale Onderwysbehoeftes (Hoofstroom) Kursus 3. Leerders Met Spesiale onderwysbehoeftes 1 (Gestremdhede ) FDESE3-9 Pretoria: UNISA.

Kruger, R. 2010. Pastorale begeleiding van die emosioneel en geestelik verwonde persoon met betrekking tot geïnternaliseerde leuens.Ongepubliseerde Ph.D- verhandeling. Departement van Praktiese teologie. Noord-Wes Universiteit.

Kulp, J. 2002. *Our FAScinating journey.* Brooklyn Park: Better Endings New Beginnings.

Lark-Horovitz, B., Lewis, H. & Luca, M. 1973. *Understanding children’s art for better teaching.* Columbus, OH: Merill.

Larney, T. & Lotter, G.A. 2005. ‘Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes’, *Koersjoernaal,* 70(4), 661-683.

Larson, J. & Lochman, J.E. 2002. *Helping schoolchildren coping with anger.* New York: The Guilford Press.

Lategan, A.H. 1990. *Opening the doors of learning to all young children: Potential demands*. Johannesburg: The Urban Foundation.



© University of Pretoria

Leary, M.R., Twenge, J.M. & Quinlivan, E. 2006. 'Interpersonal rejection as a determinant of anger and aggression', *Personality and Social Psychology review*, 10(2), 111-132.

Leatt, A., Rosa, S. & Hall, K. 2005. *Towards a means to live: Targeting poverty alleviation to realise children's rights*. Cape Town: Children's Institute & University of Cape Town.

Leuvennink, J. 1993. *Soos net 'n ma kan.* Pretoria: Van Schaik.

Levine, M. 2006. *The price of privilege: How parental pressure and material advantage are creating a generation of disconnected and unhappy kids*. New York: Harper Collins.

Lewis, C. & Lamb, M.E. 2003. 'Fathers' influence on children's development: The effidence from two-parent families', *European Journal of Psychology of Education* XVIII(2), 211-228.

Lohman, B. 2008. 'Protective and risk factors associated with adolescent boys' early sexual debut and risky sexual behaviours', *Journal of Youth and Adolescence,* 37(6),723-735.

Lorentz, K. 2010. 'On aggression', In Barash, D.P. (ed), *Approaches to peace: A reader in peace studies,* Second edition, pp14-19. New York: Oxford University press.

Lötter, G.A. & Hoepfner, H.G. 2011. 'Die pastorale begeleiding van die aangenome kind met die betrekking van die vaderskap van God', *In die Skriflig* 45(2&3), 551-568.

Louw, C.D. & Edwards-Meyer, D. 2011. *Teaching children to make smart choices for responsible social behaviour: A guide for educators.* Somerset-Wes: Lavender moon publishing and printing.

Louw, D.A. 1990. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: Haum Tersiêr.

Louw, D.A. 1994. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM: Tersiêr.

Louw, D.A & Edwards, D.J.A. 2003. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika*. Tweede uitgawe. Johannesburg: Heinemann uitgewers.

Louw, D.A & Louw, A. 2014. *Die ontwikkeling van die kind en adolessent* .Tweede uitgawe. Bloemfontein: Psychology Publications.

Luyt, S. 2007. '*n Pa gee balans*. Finesse, Oktober 2007: 64-66.

Maccoby, E.E. & Martin, J.A. 1983. 'Socialization in the context of the family: Parent-child interaction'. In Hetherington, E.M. (ed), *Handbook of child psychology: Social, emotiional and personality development,* pp1-101. New York: Willey.

Maier, H.W. 1978. *The three theories of child development.* Third edition. London: Harper and Row.

Makofane, M.D.M. & Du Preez, M.S.E. 2000. 'Reporting of wife physical abuse to the police in the Northern Province',*Acta Criminologica,* 13(1), 57-65.

Malbin, D. 2002. *Trying differently rather than harder*, Fourth edition. Oregon:Tectrice.

Martinson, R. & Martinson, S.A. 1998. 'Work of families: Roles of families', In Anderson, H., Browning, D., Evison, I.S. & Van Leeuwen, M.S. (eds)*The family handbook*, pp63-70, Louisville: Westminster John Knox.

Mash, E.J. & Wolfe, D.A. 1999. *Abnormal child psychology*. New York: Brooks/Cole Wadsworth.



© University of Pretoria

Masten, A.S. 2011. 'Resilience in children threathened by extreme adversity: Framework for research, practice and translational synergy', *Development and Psychopathology,* 32(2), 493-506.

May, P.A. *et al*. 2002. 'Epidemiology of Fetal Alcohol Syndrome in a South African Community in the Western Cape Province', *American Journal of Public Health,* 90(12), 1905.

Mayeux, L. 2008. 'Is being popular a risky proposition?', *Journal of Reseach on Adolescence,* 18(1), 49-54.

McCandles, B.R. & Trotter, E.J. 1977. *Children, behaviour and development.* Third edition. Londen: Holt, Rinehart en Winston.

McGraw, K.O. 1987. *Developmental psychology.* New York: Harcort, Brace, Javanovich Publications.

Meier, A.M. 2003. 'Adolescents' transition to first intercourse, religiosity, and attitudes about sex', *Social Force,* 81(1), 1031-1062.

Meyer, W.E., Moore, C. & Viljoen, H.G. 1988. *Persoonlikheidsteorieë:Van Freud tot Frankl.* Johannesburg: Lexicon.

Meyer, W.F. 1990. 'Basiese konsepte van die ontwikkeling-psigologie', In Louw, D.A. (red), *Menslike ontwikkeling,* pp3-47. Pretoria: HAUM Tersiêr.

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1990. 'Ontwikkelingsteorieë', In Louw, D.A. (red), *Menslike ontwikkeling,* pp51-99. Pretoria: HAUM Tersiêr.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 2008. *Personology: From individual to ecosystem*. Fourth edition. Johannesburg: Heinemann Uitgewers.

Miller, A. 1991.*The untouched key: Tracing childhood trauma in creativity and destructiveness*. New York: Anchor Books.

Moller, V. 1993. *The Quality of life in unemployment*. Pretoria: HSRC Publishers.

Moore, M. R. 2001. 'Family environment and adolescent sexual debut in alternative household structures', *Population Association of America*, 15-170.

Morgan, R.L. 1993. 'Moral reasoning in adjudicated youth residing at a Boys Ranch', *Journal of Correctional Education,* 44(2), 62-66.

Morris, L. & Cilliers, T. 2010. 'Viral structure, replication, tropism, pathogenesis and natural history', In Karim, S.S.A & Karim, Q.A. (eds), *HIV/AIDS in South Africa*, pp87-96. Cape town: Cambridge University Press.

Mouton, D. 2013. 'Die welstand van die Suid-Afrikaanse familie', *Kruisgewys* 11(2013),4-5.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe.* Derde druk. Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers.

Muller, D.J., Harris, P.J., Wattley, L. & Taylor, J.D. 1992. *Nursing children. Psychology, research and practice.* London: Chapman en Hall.

Mussen, P.H., Conger, J.J., Kagan, J. & Huston, A.C. 1984. *Child development and personality*. New York: Harper and Row Publishers.



© University of Pretoria

National Commission on Special Needs in Education and Training (NCSNET). 1997. Beskikbaar by: http://www.polity.org.za/polity/govdocs/discuss/edforall.html. Besoek op 16, 17 September 2014.

Neal, J.W. 2010. 'Social aggression and social position in middle childhood and early adolescence: Burning bridges or building them?', *Journal of Early Adolescence* 30(1), 122-137.

Nel, M . 1998. *Jeugbediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Pretoria: RGN Uitgewery.

Nelson, C. E. 1992. 'Does faith develop? An evaluation of Fowler's position', In Astley, J. & Francis, J. L. (eds), *Christian perspectives on faith development: A reader,* pp 62–76. Leominster: Gracewing.

Nicholas, L.J. 2003. 'Sexuality', in Nicholas, L.J. (ed), *Introduction to Psychology,* pp331-349. Kaapstad: UCT Press.

Nida, R.E. & Pierce, S. 2005. 'Children's social and emotional development: Applications for family therapy', In Bailey, C.E. (ed)*Children in therapy. Using the family as resource,* pp428-474. New York: Norton & Company.

Niolin, R. 2000. *Dealing with anger and children*. Chicago: Holy Family Parish.

Oates, J. 1994. *The foundation of child development.*Oxford: Blackwell publishers.

O'Brien, J.R. 1991. 'Children, parents and God', *Theological Educator,* 43, 109-119.

Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C. M. 1994. *HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* Derde uitgawe. Midrand: Perskor Uitgewery.

Olivier, L. 1989. 'Kindermolestering: Die slagoffer en die oortreder'. In Olivier, L. (red), *Kindermolestering: Wat kan ons doen?* pp1-25. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Ortopedagogiek en kinderleidingkliniek.

Olweus, D. 1993. *Bullying at school. What we know and what we can do.* Oxford: Blackwell Publishers.

Orgel, A.R. 1980. 'Haim Ginott's approach to parent education', In Fine, M.J. (ed), *Handbook on parent education,* pp75-100. New York: Academic Press.

Osler, A.& Vincent, K. 2003. *Girls and exclusion: Rethinking the agenda.* London & New York: Routledge Falmer.

Osmer, R. R. 1992. 'James W. Fowler and the Reformed tradition: An exercise in theological reflection in religious education', In Astley, J. & Francis, J. L. (eds), *Christian perspectives on faith development: A reader,* pp135–150. Leominster: Gracewing.

Palmer, C. 1985. 'Fetal alcohol effects- incidence and understanding in the Cape', *South African Medical Journal* 85(68), 779-780.

Papalia, D.E. & Olds, S.W. 1990. *A child's world: Infancy through adolescence.* New York: McGraw-Hill Publishing Company.

Papalia, D. E., Olds, S. W.& Feldman, R. D. 2008. *A child's world: Infancy through adolescence*. Eleventh edition.New York: McGraw-Hill.



© University of Pretoria

Parke, R.D., Dennis, J., Flyr, M.L., Morris, K.L., Killian, C., McDowell, D.J. & Wild, M. 2004. 'Fathering and children's peer relationships', In Lamb, M.E. (ed),*The role of the father in child development,* pp307-340.New Jersey: John Wiley & Sons Publishers.

Parker, S. 2009, 'Faith development theory as a context for supervision of spiritual and religious issues', *Counselor Education & Supervision* 49, 39-53.

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative research and evaluation methods.* Third edition. Thousand Oaks, CA: Sage Publications.

Pepler, D.J. & Craig, W. 2000. *Making a difference in bullying*. Beskikbaar by: http://www.melissainstitute.org/documents/makingadifference.pdf. Besoek op 19 Oktober 2014.

Piaget, J. 1932. *The moral judgement of the child.* London: Paladin.

Piaget, J. 1953. *The origin of intelligence in the child.* London: Routledge & Kegan Paul.

Piaget, J. 1969. *The child's concept of time.* New York: Basic Books.

Piaget, J. 1972. 'Intelectual evolution from adolescence to adulthood', *Human Development* 15, 1-12.

Pieterse, H. J. C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN Uitgewers.

Plug, C., Meyer, W. F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1988. *Psigologie woordeboek.* Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Plummer, D.M. 2008. *Anger management games for children*. London: Jessica Kingsley Publisher.

Ponton, L. E. 2000. *The sex lives of people: Revealing the secret world of adolescent boys and girls.* New York: Dutton.

Preston-Whyte, E. & Allen, J. 1992. 'Teenage Pregnancy in the Coloured Community', In Burman, S. & Preston-Whyte, E. (eds),*Questionable Issue: Illegitimacy in South Africa,*pp208-255, Kaapstad: Oxford University Press.

Preston-Whyte, E.M. 1991. *Teenage Pregnancy in Selected Coloured and Black Communities.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Pretoruis, J.W.M. 1985. 'Konsepsatoriese onderwys: 'n Navorsingsbehoefte by opvoedkundige radio en televisie', *RTV Informal Educational Broadcasting in Perspective* 1(1), 9-16.

Pretorius, J.W.M. 1990. *Opvoeding, samelewing, jeug: 'n Sosiopedagogiek leerboek.* Pretoria: Van Schaik.

Pretorius, J.W.M. 1998. *Sosiopedagogiek 2000*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Prout, A. 2005. *The future of childhood. Towards the interdisciplinary study of children.* New York: RoutledgeFalmer.

Putman, W. 1998. *Godsbeelden en lewensverhaal.* Tilburg: University Press.

Rathus, S.A. 1988. *Understanding child development.* New York: Holt, Rinehart and Winston.

Read, J.C., Hunter, S., Clark, T., Colin, A.J.& Van Rooyen, C. 2006. 'Preliminary report of findings establishing levels of aggression and the impact of violence on high school learners



© University of Pretoria

in the Durban areas', *Independent Projects Trust*. Beskikbaar by: http://www.ipt.co.za /aggrole level.asp.Besoek op 18 & 19 Oktober 2014.

Reames, E.H. & Spencer, W.A. 1998. *Teacher efficacy and commitment.* Washington, DC: ERIK Clearinghouse.

Richter, L.M. & Dawes, A.R.L. 2008. 'Child abuse in South Africa: Rights and wrongs', *Child Abuse Review,* 17, 79–93.

Richter, L. & Morrell, R. 2006. *Baba: Men and fatherhood in South Africa*. Cape Town: HSRC Press.

Ricoeur, P. 1991. *From text to action.* Evanston: Northwestern University Press.

Rizzuto, A. 1979.*The birth of the living God: A psychoanalytic study.* Chicago:University of Chicago Press.

Rizzuto, A. 1991.'Religious development: A psychoanalytic point of view', *New Directions for Child and Adolescent Development,* 52(1), *47-60.*

Rossouw, J.P. & Steward, D. 2008. 'Student/learner discipline and bullying: A comparative analysis of legal risk management in Australia and South Africa', *Acta Academica*, 40(2), 244-274.

Rothbart,M. K. 2007. 'Temperament, development, and personality', *Association for Psygological Science,* 16(4), 207-212.

Rutter, M. & Hay, D. F. 1994. *Development through life: A handbook for clinicians*. Oxford: Blackwell Science.

SA Instituut vir Rasseverhoudinge. March 2011. *First steps to healing the SA family,* beskikbaar by: www.ngkok.co.za/Artikels/fam.pdf*.*

Sarrazin, J. & Cyr, F. 2009. 'Parental conflicts and their damaging effects on children', *Journal of Divorce & Remarriage,* 47(1-2), 77-93.

Saunders, A. & Remsburg, B. 1987. *Leer jou kind stres hanteer: 'n Gids vir liefdevolle ouers.* Kaapstad: Lux Verbi.

Scaramella, L.V. & Leve, L.D. 2004. 'Clarifying parent-child reciprocities during early childhood: The early childhood coercion mode', *Clinical-Child-and-Family-Psychology-review,* (2), 89-107.

Schickedanz, J.A., Schickedanz, D. I. & Forsyth, P. 1982. *Towards understanding children.* Boston: Little, Brown and Company.

Schickerling, T. 2012. Die benutting van diagrammatiese hulpmiddels met aggressiewe kinders in die middelkindjare: 'n Gestalt-spelterapeutiese intervensie. Ongepubliseerde D.Psig- verhandeling. Departement van Psigologie. Noord-Wes Universiteit.

Schiraldi, G.R. 2000. *The post-traumatic stress disorder sourcebook. A guide to healing, recovery and growth.* Illinois: Lowell House.

Schirrmacher, R. 2002. *Art and creative development for young children.* Fourth edition. Albany, NY: Delmar.

Schuler, M. 1992. 'Series on woman, law and development', In Schuler, M. (ed), *Freedom from violence. Woman's strategies from around the world*, pp31-50, New York: OEF International.



© University of Pretoria

Seamands, S. 2003. *Wounds that heal. Bringing our hurts to the cross*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

Seifert, K. 2006. *How children become violent. Keeping your kids out of gangs, terrorist organizations, and cults.* Boston: Acanthus Uitgewers.

Seifert, K.L. & Hoffnung, R.J. 2000. *Child and adolescent development.* Fifth edition.New York: Houghton Mifflin.

September, R. 2004. 'The report of the parliamentary task group on the sexual abuse of children 2002: A commentary', In Richter, L. (ed), *Sexual abuse of young children in Southern Africa,* pp304-331, Cape Town: HSRC Press.

Shaffer, D.R. 2000. *Social and personality development*. Fourth edition. Belmont: Wadsworth.

Shaffer, D.R. 2002. *Developmental psychology: Childrenhood and adolessence.* Sixth edition. Belmont: Wadsworth Group.

Shoemaker, D.J. 1984. *Theories of delinquency: An examination of explanations of delinquent behavior.* New York: Oxford University Press.

Siegel, D.J. 1999. *The developing mind*. New York: Guilford Press.

Siegler, R., DeLoache, J. & Eisenberg, N. 2011. *How children develop.*Third edition. New York: Worth Publishers.

Simmons, H.C. 1974. 'Beyond ortodoxy and personhood: Distortions of the image of God', *Religious Education* 69(1), 23-33.

Skinner, B.F. 1938. *The behaviour of organisms: An expirimental analysis.* Cambridge: Appleton-Century.

Skinner, B. F. 1974. *About behaviourism.* Los Angelos: Vintage Books.

Smart, M.S. & Smart, R.C. 1969. *Children, development and relationships.* Third edition. London: Collier-Macmillan.

Smith, A. 2011. 'Wie se skuld is die babelas?', *Die Burger, 18 Januarie 2011.*

Smith, R. 1997. *Tussen mense*. Kaapstad: Human & Rossouw.

Sneed, C., Strachman, A. & Nguyen, C. 2009. 'The influence of parental monitoring and communication on adolescents sexual behaviour and intentions', *Vulnerable Children and Youth Studies,* 4(1), 37-47.

Sonnekus, M.C.H. 1984. *Opvoeding en opvoedingsprobleme tussen oueren kind.* Pretoria: HAUM.

Sonnekus, M.C.H.& Ferreira, G.V. 1986. *Die psigiese lewe van die kind in opvoeding: 'n Handleiding in die psigopedagogiek.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandels.

Stafford, D. 1992. *Children of alcoholics.* Londen: Piatkus.

Steenkamp, E. & Steenkamp, W. 1992. *The intellectually handicapped child. A manual for parents, teachers and related proffesions.* Pretoria: Butterworths.

Steyn, M.G. & Kamper, G.D. 2009. 'Toekomsverwagtings onder die jeug van die bruin bevolkingsgroep in Suid-Afrika', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 49(4), 688-704.



© University of Pretoria

Steytler, J.P.D. & Strydom, H. 2008. 'Die rol van 'n mentor tydens die oorgangsjare van dielaat-middelkinderjare na adolessensie', *Koersjoernaal* 73(1), 33-53.

Stoop, D. & Masteller, J.2004. *Forgiving our parents forgiving ourselves*. Ann Arbor, Michigan: Servant Publications.

Straussner, S. 1993. *Clinical work with substance abuse clients*. New York: GuilfordPress.

Strydom, H. 2009. 'Ethical aspects of researh in the social sciences and human service professions', In De Vos, A.S. *et al* (ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp56-69.Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2009. 'Sampling and sampling methods', In De Vos, A.S. *et al*(ed),*Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp192-203.Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2009. 'The pilot study', In De Vos, A.S. *et al* (ed), *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp205-215.Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H.& Delport, C. S. L. 2009. 'Sampling and pilot study in qualitative research', In De Vos, A.S. *et al* (ed), *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions,* pp327-332.Third Edition. Pretoria: Van Schaik.

Sullivan, H.S. 1953. *The interpersonal theory of psychiatry.* New York: W.W. Norton.

Sullivan, K. 2000. *The anti-bullying handbook.* New Zealand: Oxford University Press.

Sussman, S. & Ames, S.L. 2001. *The social psychology of drug abuse.* Buckingham: Open University Press.

Suveg, C., Zeman, J. & Flannery-Schroeder, E. 2005. 'Emotion socialization in families of children with an anxiety disorder', *Journal of Abnormal Child Psychology*, 33(2), 145-155.

Szalay, L.B., Strohl, J.B. & Doherty, K.T. 1999. *Psycho environmental forces in substance abuse prevention*. Kluwer Academic: Plenum Publishers.

Tattum, D. 1993. *Understanding and managing bullying.* Oxford: Heinemann Educational Books.

Taylor, T.R. 1978. 'The construction of an objective method of assessing morality and the testing of Kohlberg's hierarchical theory', *Psychologia Africana,* 17(3), 169-200.

Terblanche, S.S. & Venter. D. 1999. 'Drug abuse amongst high school pupils', *Maatskaplike Werk* 35, 161-178.

Thom, D.P., Louw, A. E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1994. 'Adolessensie', InLouw, D.A (red), *Menslike ontwikkeling,* pp387-474, Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Thomas, A. & Chess, S. 1977. *Temperament and development*. New York: Brunner/Mazel.

Thompson, R.A. & Amato, P.R. 1999. *The postdivorce family: Children, parenting and society.* London: Sage Publications Inc.

Tomison, A.M. 1996. 'Child maltreatment and substance abuse', *National child protection clearinghouse***.** Discussion paper No. 2 Spring. Beskikbaar by: ttp://66.249.93.104/search?q=cache:ownHgEnw2moJ.wwwaifs.gov.au/nch/discussio. Besoek op 11 Oktober 2014.



© University of Pretoria

Turner, J.S. & Helms, D.B. 1995. *Lifespan development.* Fifth edition. Philidelphia: Harcourt Brace College publishers.

Ukuphela. 2014. *Teenage pregnancy and prevention*. *Participant workbook: Practical intervention strategies.* George: Ukuphela Press.

UNICEF. 2009. Women and children in South Africa. Beskikbaar bywww.unicef.org/southafrica /children.html. Besoek op 30 Augustus 2014.

UNICEF. 2011. Annual reprot 2010. *South Africa*. Beskikbaar by www.unicef.org/southafrica/ children.html. Besoek op 9 Oktober 2014.

United nations office on drugs and crime (UNODC). 2013. *World drug report 2012.* New York: NY United nations Publications. Beskikbaar by www.unodc.org . Besoek op 20, 21, 22 September 2014.

Unnever, J.D. & Cornell, D.G. 2003. 'Bullying, self-control, and ADHD', *Journal of Interpersonal Violance,*18(2), 129-147.

Van der Westhuizen, S.M. 2011. Kinders van plaaswerkers in die Oudtshoorn distrik se belewenis van alkoholmisbruik in hul primêre gesinne. Ongepubliseerde M.Psig. verhandeling. Departement van Maatskaplike werk. Noord-Wes Universiteit.

Van der Spuy, J. 2000. Leer. Ongepubliseerde M-Psig verhandeling. Departement van Onderwys en opleiding. Randse Afrikaanse Universiteit.

Van Elfen, J. & Du Toit, D. 2001. *Dokter in die huis*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Jaarsveld, P. 1989. *Gee jou kind selfvertroue.* Kaapstad: Tafelberg.

Van Niekerk, H.J. 2005. Die benutting van Gestaltspelterapie met die aggressiewe kind in sy middelkinderjare.Ongepubliseerde M.Diac. verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.

Van Niekerk, P.A. 1982. *Die onderwyser en die kind met probleme.* Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en –boekhandelaars.

Van Roode, T., Dickson, N., Herbison, P. & Paul, C. 2009. 'Child sexual abuse and persistence of risky sexual behaviors and negative sexual outcomes over adulthood: Findings from a birh cohort', *Child Abuse & Neglect,* 33, 161–172.

Van Staden, C. 1997. Kuns en handwerk: Enigste studiegids vir PRS 103-4.Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Wyk, G. & Venter, C.J.H. 2003. 'Die gelowige ouers as geloofsvoorbeeld: Prakties-teologiese perspektiewe op toerusting', *In die Skriflig,* 37(3), 533-554.

Van Wyk, J.D. 1997. *Marriage and family life in South Africa*. Pretoria: HSRC Publishers.

Vergote, A. 1969. *The religious man: A psychological study of religious attitude.* Dayton, OH: Pflam Press.

Vey, J.D. 1984. *Die opvoedeling in selfaktualisering*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Viljoen, D. 2001. *Fetala alcohol syndrome.* Oxford: University Press.

Visser, R.A. & Dreyer, Y. 2007. 'Domestic abuse in the household of God', *HTS Teologiese studies/ Theological stydies,* 63(2), 805-833.

Vygotsky, L. S. 1962. *Thought and language*. Cambridge: MIT Press.



© University of Pretoria

Vygotsky, L. S. 1967. *Mind in Society: The development of higher psychological processes*.London: Harvard University Press.

Vygotsky, L. S. 1978. *Mind in Society: The development of higher psychological processes*. Fourteenth edition. London: Harvard University Press.

Wait, J.W.V., Meyer, J.C. & Loxton, H.S. 2003. *Lecture notes in human development.* Kaapstad: Ebony Books.

Walker, H.M., Ramsey, E. & Gresham, F.M. 2004. *Antisocial behavior in school: Evidence-based practices.* Second edition. Canada: Wadsworth/Thomson Learning.

Walker, L.J. 1999. 'The family context for moral development', *Journal of Moral Education*, 28(3), 261-264.

Warren, D.H. 1998. 'The fatherbook: A document for therapeutic work with father-absentearly adolescent boys', *Child and Adolescent Social Work Journal,*15(2), 101-115.

Waterhouse, S. & Porter, S. 2008. 'Fact sheet: crimes against children', *Rapcan.* 1-6. Beskikbaar by www.rapcan.org.za/Fileuploads/Resources/Fact%20Sheet%20Violence %20against%20Children%202008.pdf . Besoek op 15 Oktober 2014.

Weber, M. 1958. 'The three types of legitimate rule', *Berkeley Publications in Society and Institutions,* 4(1), 1-11.

Westerhoff, J.H. 1980. *Bringing up children in the Christian faith.* San Francisco: Harper & Row.

Wickham, R. E. & West, J. 2002. *Therapeutic work with sexually abused children.* Londen: Sage Publications.

Willows, J. 2009. *Moving on after childhood sexual abuse: Understanding the effects and preparing for therapy.* New York: Routledge.

Wilson, G.J. 2011. 'Media violence and aggression in youth', In Calvert, S.L. & Wilson B.J. (eds), pp237-267, *The handbook of children, media and development.* England: Wiley & Sons.

Windmiller, M. 1980. 'Introduction', In Windmiller, M., Lambert, N. & Turiel, E. (eds),*Moral development and sosalization,* pp3-15, Boston: Allyn and Bacon.

**Persoonlike onderhoude:**

Leuvennink, A. Onderhoud gehou op 29 Oktober 2014.

Muller-Craig, E. Telefoniese onderhoud op 4 November 2014.

Van Schalkwyk, O. Onderhoud op 28 Oktober 2014.



© University of Pretoria

# Addenda

*Addendum A: Inligtingsbrief aan die skoolhoof*

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
Melissa McDonald
Melissiemcd@gmail.com
071 6126823
2 Junie 2014

Geagte Me De Villiers

**NAVORSING VIR ‘n MEESTERSGRAAD: GODSBEELDe VAN KLEIN KINDERS MET ‘n GEBREKKIGE MANLIKE ROLMODEL.**

Hiermee rig ek ‘n versoek om vraelyste vir my empiriese navorsing by die skool te voltooi.

Ek is tans besig met my meestersgraadstudie en is ‘n geregistreerde student aan die Universiteit van Pretoria. My studieleier is Professor Yolanda Dreyer. Alle navorsing word streng onder voorwaardes en prosedures van sowel die fakulteit Teologie as die Navorsings- en Etiese komitees van die betrokke instelling voltooi.

Hierdie studie het ten doel om die Godsbeeld by kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar, spesifiek die wat aan swak/gebrekkige manlike rolmodelle blootgestel word, te ondersoek en te bepaal. Die studie het nie ten doel om enige antwoorde of oplossings te bied nie.

Die navorsing fokus slegs op hierdie persoonlike verhoudinge. Die rol van die skool word geensins by die navorsing betrek nie. Die naam van die skool word op geen vorm, of in die finale tesis aangebring nie. Respondente se inligting word anoniem hanteer en geen name word op enige vorm aangedui of in die finale tesis deurgegee nie.

Ek sal dit hoog op prys stel indien toestemming verleen sou word om die voorgenome studie met leerders van die skool te voltooi. Klasonderwysers sal genader word om te help met die identifisering van die leerders. Geen inligting rondom die uitslae van die ondersoek sal met die onderwysers bespreek word nie, aangesien die leerders se anonimiteit gewaarborg word. Die navorsing is vrywillig en geen vergoeding is ter sprake nie.

Met dank.
Melissa Mc Donald



© University of Pretoria

*Addendum B: Toestemmingsbrief aan die ouers*

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
Melissa McDonald

Liewe ouers of voogde van ______________________________

Ek, Melissa McDonald, is die afgelope sewe jaar, aan u goed bekend as graad 1 opvoeder. Ek is egter besig met my meestersgraadstudie aan die Universiteit van Pretoria. Vir hierdie studie is ek van plan om navorsing te doen oor die invloed wat swak manlike rolmodelle, spesifiek die vaderfiguur in die kind se lewe, op sy Godsbeeld het.

Vir die navorsing het ek kinders nodig wat bereid sal wees om met my te gesels, my vrae te antwoord of prentjies te teken. Ek beplan ook om op 'n stadium met u as ouer of voog 'n vraelys te voltooi om die nodige agtergrond inligting te verkry.

Die kinders sal anoniem bly gedurende die studie, geen name sal ooit in die finale verhandeling genoem word of aan die personeel van die skool bekend gemaak word nie. Alle inligting wat die kinders aan my gee sal konfidensieel hanteer word en nie teen die kind of u as ouers in enige opsig tel nie.

Ek sal dit regtig hoog op prys stel indien u bereid sal wees om u kind aan hierdie studie te laat deel neem. Die kinders wat aan die studie deelneem sal die dag voor sy onderhoud 'n briefie huis toe bring om die tyd van sy onderhoud te bevestig. Die kind sal van middagete en iets om te drink voorsien word.

Hiermee gee ek,_________________________________, toestemming dat inligting vanuit die onderhoud met juffrou Melissa vir haar navorsing gebruik mag word.

Ek is bewus daarvan dat:
1. alle inligting anoniem hanteer sal word en dat geen identifiserende besonderhede van my kind in enige dokumentasie bekend gemaak sal word nie.

2. die kind op enige tydstip van die onderhoud mag onttrek.

3. daar geen vergoeding verbonde is aan my kind se deelname nie en dat my kind se deelname vrywillig is.

Geteken te________________________op______________________.

NAAM EN VAN:______________________

Handtekening:______________



© University of Pretoria

*Addendum C: Onderhoudsversoek aan Mnr Ockie van Schalkwyk*

Fakulteit Teologie
Melissa McDonald
melissiemcd@gmail.com
071 6126823
30 September 2014

Geagte Mnr van Schalkwyk

**NAVORSING VIR ‘n MEESTERSGRAAD: GODSBEELDE VAN KLEIN KINDERS MET ‘n GEBREKKIGE MANLIKE ROLMODEL.**

Hiermee rig ek ‘n versoek om ‘n afspraak met u te maak, sodat ek u professionele opinie kan vra aangaande u ondervinding van die invloed wat negatiewe voorbeelde en swak vaderskap op kinders mag hê.

Ek is tans besig met my meestersgraadstudie en is ‘n geregistreerde student aan die Universiteit van Pretoria. My studieleier is Professor Yolanda Dreyer. Alle navorsing word streng onder voorwaardes en prosedures van sowel die fakulteit Teologie as die Navorsings- en Etiese komitees van diebetrokke instelling voltooi.

Hierdie studie het ten doel om die Godsbeeld by kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar, spesifiek die wat aan swak manlike rolmodelle blootgestel word, te ondersoek en te bepaal. Die studie het nie ten doel om enige antwoorde of oplossings te bied nie.

Die navorsing fokus slegs op hierdie persoonlike verhoudinge.

U ondervinding en werksaamhede met kinders wat aan bg omstandighede blootgestel word, kan van groot waarde wees.

Ek sal dit hoog op prys stel indien u my te woord kan staan. Die onderhoud word beplan vir die week van 27 tot 31 Oktober 2014. Ek sal dit baie waardeer indien u die weg kan oopsien en my kan kontak met ‘n datum.

Met dank.

Melissa McDonald



© University of Pretoria

*Addendum D Onderhoudsversoek aan Ds Arné Leuvennink*

Fakulteit Teologie
Melissa McDonald
melissiemcd@gmail.com
071 6126823
30 September 2014

Geagte Ds Leuvennink

**NAVORSING VIR 'n MEESTERSGRAAD: GODSBEELD VAN KLEIN KINDERS MET 'n GEBREKKIGE MANLIKE ROLMODEL.**

Hiermee rig ek 'n versoek om 'n afspraak met u te maak, sodat ek u professionele opinie kan vra aangaande u ondervinding van die invloed wat negatiewe voorbeelde en swak vaderskap op kinders mag hê. Ek sou graag ook oor u belewing van gebrekkige ouerskap en die Godsbeeld by kinders uit moeilike omstandighede wou gesels.

Ek is tans besig met my meestersgraadstudie en is 'n geregistreerde student aand ie Universiteit van Pretoria. My studieleier is Professor Yolanda Dreyer. Alle navorsing word streng onder voorwaardes en prosedures van sowel diefakulteit Teologie as die Navorsings- en Etiese komitees van diebetrokke instelling voltooi.

Hierdie studie het ten doel om die Godsbeeld by kinders tussen die ouderdomme van vyf en agt jaar, spesifiek die wat aan swak manlike rolmodelle blootgestel word, te ondersoek en te bepaal. Die studie het nie ten doel om enige antwoorde of oplossings te bied nie.

Die navorsing fokus slegs op hierdie persoonlike verhoudinge.

U ondervinding en werksaamhede met kinders wat aan bg omstandighede blootgestel word, kan van groot waarde wees.

Ek sal dit hoog op prys stel indien u my te woord kan staan. Die onderhoud word beplan vir die week van 27 tot 31 Oktober 2014. Ek sal dit baie waardeer indien u die weg kan oopsien en my kan kontak met 'n datum.

Met dank.

Melissa McDonald



© University of Pretoria

*Addendum E: Inligtingsbrief aan die ouers*

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria
Melissa McDonald
0284356062
2 Junie 2014

Liewe ouers of voogde

Soos ooreengekom die brief om u in te lig van u kind se onderhoudstyd.
Die onderhoude vind van Woensdag, 4 Junie tot Dinsdag, 24 Junie plaas.

Die onderhoude begin 13:00 en behoort nie later as 14:00 voltooi te wees nie. Soos reeds genoem sal die kinders middagete ontvang.

U kind se tyd is soos volg: ..........................................................................

| Dag: | Datum: |
|---|---|

Ek wil vra dat u asb sal toesien dat u kind dit bywoon. Indien hy / sy afwesig is daardie dag, laat weet my asb vroegtydig, sodat ons 'n ander onderhoud kan hê en die dag nie verlore gaan nie.

Baie dankie dat u my hierdie geleentheid bied.

Groete
Melissa Mc Donald



© University of Pretoria

Addendum F: Onderhoudsskedule met respondente

1

# Onderhoudskedule

## Godsbeeld by kleiner kinders met swak rolmodelle as vaders: 'n Geloofsontwikkeling benadering




Onderhoude gevoer deur:
Melissa McDonald

Datum: ..........Junie 2014

Ouderdom: ........ jaar en ........ mnde

Geslag: ....................

Hoeveel kinders bly in julle huis? ......................

Hoeveel mense bly in julle huis? ......................



© University of Pretoria

Wie bly almal in julle huis? ..............................................................

.............................................................................................

Waar is julle huis / hoe lyk julle huis? ..................................................

.............................................................................................

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| biologiese pa | stiefpa | ma se kêrel | oupa | ander man |

Indien ander, wie? ..........................................................................

Waar werk jou pa? ..........................................................................

Vertel my van jou pa? ......................................................................

.............................................................................................

Watter pas die beste by jou pa?

| | | | |
|---|---|---|---|
| vriendelik | help jou | sorg vir jou | vergewe maklik |
| altyd kwaad | geduldig | werk hard | vloek en skel |
| bakleierig | dronk | empatie | slaan maklik |
| omgee | dissipline | kla altyd | ongeduldig |

Hoe sorg Pappa vir julle? ..................................................................

.............................................................................................

Watter dinge doen hy wat vir jou lekker is? ..........................................

.............................................................................................

Watter dinge doen hy waarvan jy nie hou nie? ........................................



© University of Pretoria

..................................................................................................................

Straf Pappa jou as jy stout was?..........................

Wat is stout?.....................................................................................................

Hoe straf hy jou?.............................................................................................

..................................................................................................................

Gaan julle kerk toe? ............................

Lees Pappa / Mamma vir jou uit die Bybel of bid vir jou? ..........................

Ken jy vir God? ..............................

Wat dink jy van God?.......................................................................................

..................................................................................................................

Hoekom dink jy, het Jesus aan die kruis gesterf?...........................................

..................................................................................................................

Hoe lyk God?......................................................................................................

..................................................................................................................

Watter pas die beste by God?

| | | | |
|---|---|---|---|
| vriendelik | help jou | sorg vir jou | vergewe maklik |
| altyd kwaad | geduldig | Kwaai | vloek en skel |
| bakleierig | straf graag | empatie | ongeduldig |
| omgee | dissipline | wag vir verkeerde dade | hou nie van kinders nie |





© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Antwoord met 'n JA, ALTYD (1), SOMS (2), NEE, NOOIT (3).

| | |
|---|---|
| Ek is bang vir my pa. | |
| Ek is kwaad vir my pa. | |
| Ek hou nie van my pa nie. | |
| My pa maak my skaam. | |
| Ek kom goed oor die weg met my pa. | |
| My pa is my held. | |
| As ek eendag groot is, wil ek net soos my pa wees. | |
| My pa irriteer my. | |
| My pa verstaan my nie. | |
| Ek is skaam vir my pa. | |
| Ek is lief vir my pa. | |
| Ek wens my pa was anders. | |
| Ek hou daaran om by my pa te wees. | |
| My pa gee baie vir my om. | |
| My pa is goed vir my. | |
| My pa is baie geduldig met my en help my. | |
| | |
| My pa slaan my gereeld. | |
| My pa drink te veel. | |
| My pa slaan my ma. | |
| My pa gebruik dwelms. | |
| My pa steel soms ander mense se goed. | |
| My pa kom soms nie huis toe nie. | |
| My pa het ander vrouens. | |
| My pa vloek baie. | |
| My pa gaan nie kerk toe nie of lees ook nooit Bybel nie. | |
| | |
| Ek is bang vir God | |
| Ek is kwaad vir God. | |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Ek hou nie van God nie. | |
| God hou daarvan om my te straf. | |
| Ek kom goed oor die weg met God. | |
| God gee nie vir my om nie. | |
| God bestaan nie regtig nie. | |
| Geloof en Godspraatjies irriteer nie. | |
| God verstaan my nie. | |
| Dis nie cool om van God te hou nie. | |
| Ek is lief vir God. | |
| Ek wens God was anders. | |
| Ek hou daaran om oor God te praat. | |
| Ek kan God vertrou. | |
| Ek weet God kan my help. | |
| God is ver. | |
| God wil my nie help nie. | |
| God is dood. | |
| Dis alles net stories en bestaan nie regtig nie. | |
| God hou net van grootmense. | |
| God hou van kinders. | |
| God hou net van mooi mense. | |
| God hou daarvan as kinders seerkry. | |
| God wil hê ons met sukkel en swaarkry. | |
| [redacted] | |

Daar is agt emosies op die werkkaart: woedend, skuldig, bang, kwaad, seer gemaak, hartseer, bly en bekommerd.

Hoe voel jy oor Pappa? Hoe voel pappa oor jou?

Hoe voel jy oor God? Hoe voel God oor jou?





© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
|  woedend. |  skuldig. |
|  bang. |  kwaad. |
|  seer gemaak. |  hartseer. |
|  bly. |  bekommerd. |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is 'n klomp handpoppe: prins, heks, krokkodil, ou man, wolf, muis en eend.

Watter een is jy?

Watter een is God?

Watter een is jou pa?

Wat sê hulle vir mekaar?

Teken nou vir ons:

Jy en jou pa.



© University of Pretoria

Jy en God.

Dankie dat jy my gehelp het en al my vrae geantwoord het.





© University of Pretoria

*Addendum G: Onderhoudsskedule met opvoedkundige sielkundige*

## Godsbeeld van klein kinders met 'n gebrekkige manlike rolmodel: 'n Geloofontwikkeling benadering. Onderhoudskedule met mnr Okkie van Schalkwyk.

Agtergrond oor u:

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

Watter uitwerking het geweld op die ontwikkeling van kinders?

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

Aan watter tipes geweld word die kinders waarmee u te doen kry blootgestel?

.................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

Sou u sê dat daar 'n verband bestaan tussen aggressie by kinders en die blootstelling daaraan? Modellering van geweld?

.................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

...................................................................................................

Wat is 'n gebrekkige rolmodel?

.................................................................................................



© University of Pretoria

.....................................................................................................
.....................................................................................................
.....................................................................................................

Wat is volgens u die vader se plig tov die kind se emosionele welstand?

.....................................................................................................
.....................................................................................................
.....................................................................................................
.....................................................................................................

Sal kinders hul vader se gedrag navolg, selfs al besef hulle dis verkeerd?

.....................................................................................................
.....................................................................................................
.....................................................................................................

U sien uit die aard van die saak baie FAS-kinders. Kan u meer daaroor vertel?

.....................................................................................................

.....................................................................................................
.....................................................................................................

Toon kinders wat aan dwelms blootgestel was, dieselfde simptome as FAS kinders?

.....................................................................................................

.....................................................................................................
.....................................................................................................

Waarom dink u is die bruin kinders so verwaarloos, aggressief, ongemotiveerd?

.....................................................................................................

.....................................................................................................
.....................................................................................................
.....................................................................................................
.....................................................................................................

Dankie vir u tyd.



© University of Pretoria

*Addendum H: Onderhoudsskedule met leraar*

Godsbeeld van klein kinders met ‘n gebrekkige manlike rolmodel:
‘n Geloofontwikkeling benadering.
Onderhoudskedule met ds Arné Leuvennink.

Agtergrond oor u:

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

Watter uitwerking het geweld op die geestelike ontwikkeling van kinders?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

Aan watter tipes geweld word die kinders waarmee u te doen kry blootgestel?

.....................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

Sou u sê dat daar ‘n verband bestaan tussen aggressie by kinders en die blootstelling daaraan? Modellering van geweld?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

Hoe algemeen is gesins- en gemeenskapsgeweld?

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................



© University of Pretoria

..................................................................................................................
..................................................................................................................

Waarom laat vroue dit toe?

.................................................................................................................

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

Wat is 'n gebrekkige rolmodel?

................................................................................................................

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

Wat is volgens u die vader se plig tov die kind se geestelike lewe?

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

Sal kinders hul vader se gedrag navolg, selfs al besef hulle dis verkeerd?

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

U sien uit die aard van die saak baie drank- en dwelmmisbruik. Kan u meer daaroor vertel?

.................................................................................................................

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

Toon kinders wat aan dwelms blootgestel was, 'n groter geneigdheid om ook dwelms te gebruik?

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................



© University of Pretoria

Waarom dink u is die bruin kinders so verwaarloos, aggressief, ongemotiveerd?

.................................................................................................................

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................
.................................................................................................................

En die uitsigloosheid van die bruin kultuur?

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

Waarom word misdrywe teen kinders nie aangemeld nie?

................................................................................................................

..................................................................................................................
..................................................................................................................
..................................................................................................................

Dankie vir u tyd.



© University of Pretoria

*Addendum I: Poppe vir rollespel gebruik:*



Vreedsame of neutrale figure: eend en muis.



Geslagsidentifikasie: meisie en seun (prins).



© University of Pretoria



Mensfigure aan wie spesifieke eienskappe toegedig kan word: heks en ou man.



Diere figure wat wreed of kwaai kan voorkom: krokkodil en wolf.



© University of Pretoria